

1985 086 069

089/7



HERBODENKSTAMPEN MAG ONDER
GEEN OMSTANDEHEDE UIT DE
BIBLIOTEK VERLENEN WORDEN.

U.O.V.S. - BIBLIOTEK

198508606901220000019



'N LITERÊR-ESTETIESE ANALISE VAN DIE

AD DIOGNETUM

deur

LOUIS VICTOR LE ROUX

PROEFSKRIF

voorgelê ter vervulling van

die vereistes vir die graad

DOCTOR LITTERARUM

in die

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

in die

DEPARTEMENT GRIEKS

aan die

UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

Datum van inlewering: Junie 1986

Promotor: Prof. A.H. Snyman.

Unlversiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

23-12-1986

T 888.01 EPI

BIBLIOTEK

DANKBETUIGINGS.

My opregte dank aan:

My promotor, prof. A.H. Snyman, vir sy wetenskaplike leiding en entoetiesme;

Mev. C.B. Saayman, wat die tikwerk onderneem het;

My ouers vir hulle bystand en bemoediging in die verlede.

Opgedra aan my ouers.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK I

INLEIDING

| | | |
|--------|---|----|
| 1. | 'n Historiese oorsig oor die begrip <i>taalstyl</i> . | 1 |
| 1.1. | Die retoriese stylbegrip: styl as taalversiering. | 1 |
| 1.2. | Styl as kenmerk van die individu. | 5 |
| 1.3. | Die psigologiese stilistiek. | 8 |
| 1.4. | Styl as eenheidsfaktor in die vergestaltingsproses van kuns. | 10 |
| 1.5. | Styl as die afwyking van 'n norm. | 12 |
| 1.6. | Styl as tyds- en groepsgebonde taalaanwending. | 14 |
| 1.7. | Styl as die uitdrukkingswyse van 'n genre. | 14 |
| 1.8. | Styl as die somtotaal van alle kwantitatiewe gegewens. | 15 |
| 1.9. | Die funksionele stilistiek. | 17 |
| 1.10. | Die didaktiese stilistiek. | 19 |
| 1.11. | Styl as onderafdeling van die grammatika. | 20 |
| 1.12. | Styl as die keuse tussen verskillende taalkundige moontlikhede. | 22 |
| 2. | Die stylopvatting van die onderhawige ondersoek. | 27 |
| 3. | Die literatuurtype. | 30 |
| 4. | Stylmiddele. | 36 |
| 4.1. | Die begrip <i>stylmiddel</i> . | 36 |
| 4.2. | Stylmiddele op sinsvlak. | 37 |
| 4.2.1. | Sinslengte en sintipe. | 38 |
| 4.2.2. | Sintaksis en struktuur. | 40 |

| | | |
|--------|--|----|
| 4.3. | Stylmiddele op grammatikale vlak. | 43 |
| 4.4. | Stylmiddele op woordvlak. | 47 |
| 4.4.1. | Woordsoorte. | 47 |
| 4.4.2. | Woordeskat. | 48 |
| 4.4.3. | Woord en beeld. | 48 |
| 4.4.4. | Woordkombinasie. | 50 |
| 4.5. | Die meewerking van die stylmiddele in 'n teks. | 52 |
| 5. | Aanleiding tot 'n metode van ondersoek. | 56 |
| 5.1. | Aanleiding tot die ondersoek. | 56 |
| 5.2. | Metode van ondersoek. | 57 |

HOOFSUK II

'N BESPREKING VAN ELKE PERIKOOP

| | | | |
|-----|-------------|-------------------------|-----|
| 1. | Perikoop 1 | (Ad Diognetum I) | 70 |
| 2. | Perikoop 2 | (Ad Diognetum II:1) | 79 |
| 3. | Perikoop 3 | (Ad Diognetum II:2-3a) | 90 |
| 4. | Perikoop 4 | (Ad Diognetum II:3b-4a) | 101 |
| 5. | Perikoop 5 | (Ad Diognetum II:4b) | 109 |
| 6. | Perikoop 6 | (Ad Diognetum II:5) | 115 |
| 7. | Perikoop 7 | (Ad Diognetum II:6-10) | 119 |
| 8. | Perikoop 8 | (Ad Diognetum III:1-5) | 134 |
| 9. | Perikoop 9 | (Ad Diognetum IV:1-6) | 144 |
| 10. | Perikoop 10 | (Ad Diognetum V:1-17) | 157 |
| 11. | Perikoop 11 | (Ad Diognetum VI:1-10) | 173 |
| 12. | Perikoop 12 | (Ad Diognetum VII:1-2) | 189 |
| 13. | Perikoop 13 | (Ad Diognetum VII:3-6) | 203 |

| | | | |
|-----|-------------|--------------------------|-----|
| 14. | Perikoop 14 | (Ad Diognetum VII:7-9) | 212 |
| 15. | Perikoop 15 | (Ad Diognetum VIII:1-8) | 218 |
| 16. | Perikoop 16 | (Ad Diognetum VIII:9-11) | 227 |
| 17. | Perikoop 17 | (Ad Diognetum IX:1-5) | 232 |
| 18. | Perikoop 18 | (Ad Diognetum IX:6) | 246 |
| 19. | Perikoop 19 | (Ad Diognetum X:1-3) | 252 |
| 20. | Perikoop 20 | (Ad Diognetum X:4-6) | 256 |
| 21. | Perikoop 21 | (Ad Diognetum X:7-8) | 261 |

HOOFSTUK III

SLOT

| | | |
|------|---|-----|
| 1. | Die resultate van die detailanalise van die afsonderlike perikope. | 266 |
| 2. | Die gedagtegang van die <i>Ad Diognetum</i> en die samehang van die perikope. | 280 |
| 2.1. | Die gedagtegang. | 280 |
| 2.2. | Die samehang van die perikope. | 283 |
| 3. | 'n Saaklike evaluasie van die <i>Ad Diognetum</i> . | 285 |

| | |
|---------|-----|
| SUMMARY | 287 |
|---------|-----|

| | |
|---------------|-----|
| LITERATUURLYS | 290 |
|---------------|-----|

| | | |
|---------|--|-----|
| BYLAE I | : Die teks van die <i>Ad Diognetum</i> . | 295 |
|---------|--|-----|

| | | |
|----------|--------------|-----|
| BYLAE II | : Vertaling. | 307 |
|----------|--------------|-----|

| | | |
|-----------|-----------------------------|-----|
| BYLAE III | : Nukleêre eenhede en kola. | 320 |
|-----------|-----------------------------|-----|

HOOFSTUK I

INLEIDING

1. 'n Historiese oorsig oor die begrip taalstyl. ¹.

'n Geskiedkundige oorsig oor die beskouinge in verband met die taalstyl toon aan dat lang uiteensettings ten opsigte van die definisie hiervan nog nie tot eenstemmigheid gelei het nie.

Wat hier volg, is 'n baie kort historiese oorsig van die belangrikste beskouings oor die begrip taalstyl. Slegs die vernaamste punte van kritiek wat teen elke beskouing geopper is, word telkens vermeld.

1.1. Die retoriese stylbegrip: styl as taalversiering. ².

-
1. Skrywers wat getrag het om die verskillende beskouings in verband met styl in 'n historiese konteks te plaas, sluit in:
 - Guirand, P., La stylistique, Que sais-je? Paris, 1961.
 - Sowinski, B., Deutsche Stilistik, Frankfurt, 1973.
 Die volgende werk bevat 'n literatuuroorsig vanaf die vroegste eeue tot 1967:
 - Milic, L.T., Style and Stylistics, New York, 1967.
 2. Werke oor die retoriese stylbegrip sluit in:
 - Clark, D.K., Rhetoric in Greco-Roman Education, New York, 1967.
 - Corbett, E.P.J., Classical Rhetoric for the Modern Student, New York, 1965.
 - Eisenhut, W., Einführung in die antike Rhetorik und ihre Geschichte, Darmstadt, 1977.
 - Kennedy, G.A., Classical Rhetoric and its Christian and Secular Tradition from Ancient to Modern Times, North Carolina, 1980.
 - Lausberg, H., Handbuch der literarischen Rhetorik, München, 1973.
 - Lausberg, H., Elemente der literarischen Rhetorik, München, 1971.
 - Martin, J., Antike Rhetorik: Technik und Methodik, München, 1974.
 - Plett, H.F., Einführung in die Rhetorische Textanalyse, Hamburg, 1971.

Die beskouing dat styl as taalversiering geld, het reeds in die leer van die Griekse sofiste en redenaars van die vyfde eeu v.C. neerslag vind. Dit is later deur die Romeine verder uitgebou en gesistematiseer.

Styl is volgens die leer van die retoriek as "die durch eine bestimmte Art des rhetorischen Schmucks ausgezeichnete und darin von der gewöhnlichen 'Umgangssprache' unterschiedene Form der Sprachverwendung angesehen, die aus einer gewissen Technik des Gebrauchs von Stilmitteln zu bestimmten Redezwecken hervorgegangen war." ¹.

Die antieke toespraak het uit vyf dele bestaan, te wete die inventio, dispositio, elocutio, memoria en pronuntiatio, of in Grieks: εὔρησις, οἰκονομία, λέξις, μνήμη en ὑπόκρισις.² Onder hierdie vyf het die elocutio (λέξις) hom naas taalformulering ook met stylgewing besig gehou, dit wil sê met die versiering van gedagtes met behulp van bepaalde tropes, woord- en gedagtefigure wat as geskik vir die doel van aanwending beskou is.

Die aanwending van figure en tropes in die toespraak het tot die uitbouing van verskillende genera elocutiones ³. gelei. Die meeste skrywers het tussen drie stylsoorte onderskei, naamlik 'n eenvoudige styl (genus humile) met min versiering deur figure, 'n middelstyl (genus medium) waar die afwyking van die ornatus nie groot is nie en 'n verhewe styl (genus

Scaglione, A., The Classical Theory of Composition, Chapel Hill, 1972.

Volkman, R., Die Rhetorik der Griechen und Römer in systematischer übersicht, Stuttgart, 1885.

1. Sowinski, B., Deutsche Stilistik, Frankfurt, 1973, p.14.

2. Quintilianus, Inst., IV II 31.

3. Vir die genera elocutiones vergelyk Lausberg, 1971, parr. 465-469.

sublime) waarby die afwyking baie sterk na vore kom.^{1.}

In die Laat-Middeleeue en Renaissance het styl (elocutio) die hoof belangstelling van die redenaar geword. Clark wys daarop dat "no other aspect of rhetoric or poetry in antiquity received so much attention in surviving treatises"^{2.} en "by the late Middle Ages rhetoric had come to mean style alone"^{3.} Tot ongeveer die begin van die negentiende eeu het die konsep van styl as "the ornament and dress of thought"^{4.} in literatuurstudies gedomineer.

Die retoriese stylbegrip is om verskillende redes van betekenis:

- i. Dit het die aandag gevestig op die baie stylmiddele en -figure en hulle afwyking van die gewone vertel- en redeneertrant.
- ii. Dit het gewys op die onmiddellike doel waarvoor die stylfigure aangewend kan word.
- iii. Dit het daartoe gelei dat styl beskou is as die resultaat van bewuste taalvorming.
- iv. Dit het aangetoon dat daar 'n verband tussen die inhoud en die verskillende tipes styl is.

1. In die *περὶ ἑρμηνείας* (vir die datering vergelyk The Oxford Classical Dictionary, Oxford, 1961, p.327) word ook 'n vierde stylsoort (*χαρακτήρ δεινός*, kragtige styl) onderskei.

2. Clark, op. cit., p. 38.

3. Clark, D.K., Rhetoric and Poetry in the Renaissance, New York, 1922, p.47.

4. Puttenham, G., "Arte of English Poesie" in G. Gregory Smith, ed., Elizabethan Critical Essays, II (Oxford), 1937.

Op 'n geskrif soos die *Ad Diognetum* sou sekere aspekte in verband met die onderhawige stylbeskouing sekerlik toegepas kan word as gevolg van die sterk retoriese inslag daarvan. Daar hoef byvoorbeeld slegs gelet te word op die veelvuldige voorkoms van klassieke stylfigure in die geskrif. Tog het hierdie stylbeskouing ook belangrike beperkings veral as daar uitgegaan word van 'n geheelbenadering ten opsigte van styl.¹

- i. Daar word eintlik net aan retories- of poëties gevormde tekste stylkarakter toegeken, terwyl prosaïse tekste buite rekening gelaat word.
- ii. Die begrip stylmiddele word net op die buitengewone, afwykende figure en tropes van toepassing gemaak. Dit is volgens Zmijewski foutief, omdat "auch die gewöhnliche Alltagssprache eine Fülle kommunikativ wirksamer Ausdrucksformen aufweist"².
- iii. Nie slegs die doel van 'n geskrif beïnvloed die taalstyl nie, maar ook aspekte soos die individualiteit van die skrywer, die innerlike gemoedstemminge en uiterlike omstandighede, die konvensies van sy tyd, die invloed van die gekose genre,ensovoorts.
- iv. Daar is in geen van die klassieke retoriese werke 'n volledige sistematiese uiteensetting van die retoriese sisteem vir stylanalise nie.³ Verskillende retoriese werke

1. Vergelyk my beskrywing van styl, p. 28, hieronder.

2. Zmijewski, J., Der Stil der paulinischen "Narrenrede", Köln, 1978, p.42.

3. Hommel, H., Die Griechische Literatur, in Neues Handbuch der Literaturwissenschaft, ed. E. Vogt, Wiesbaden, 1981, pp. 367-369.

beklemtoon verskillende aspekte. Uit laasgenoemde, tesame met gegewens uit moderne stylteorieë, sou 'n skema ¹. saamgestel kon word waarvolgens 'n stylanalise gedoen kan word. Die retoriese stylbeskouing bied op sigself te min om 'n volledige stylanalise te doen veral waar dit gaan om werke anders as toesprake. Alles wat vir die toespraak geld, kan nie net so van toepassing gemaak word op ander literatuursoorte nie. Vir afsonderlike literatuurtipes sal afsonderlike skemas uitgewerk moet word.

1.2. Styl as kenmerk van die individu.

In die retoriek het die beskouing gedomineer dat taalstyl bewustelike vergestaltung behels en daarom aangeleer en nagevolg kan word. In die agtiende eeu ontstaan daar in Europa 'n nuwe opvatting, naamlik dat die taalstyl 'n individuele aangeleentheid is en gevolglik nie aangeleer kan word nie. Dit hang ten nouste saam met die opkoms van die burgerlike gevoelskultuur. Volgens hierdie beskouing geld die taal nie as kommunikatiewe instrument nie. Dit is die middel waarmee die gedagtes en gevoelens van die skrywer direk tot uiting gebring word. As bewys vir hierdie styloppvatting word die woorde wat aan George Louis Leclerc Buffon toegeskryf word, "le style, c'est l'homme même" ², gewoonlik aangevoer.

As moderne manifestasies van Buffon se siening kan die volgende opmerkings van Milic, Ohmann en Wellek as voorbeelde dien:

-
1. Vergelyk Tolmie, D.F., 'n Stylanalise van Paulus se Brief aan die Galasiërs (M.A.-verhandeling), Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1985, pp. 8-29 vir so 'n skema.
 2. Aangehaal deur Murry, J.M., The Problem of Style, London, 1967, p.3.

Milic skryf: "Personality, therefore, and one of its literary reflections, style, is the combination of drives to break away from the uniformity of the mass and to establish by expressing, one's particular indefinable uniqueness".^{1.}
 Ohmann stel dit so: "the study of style can lead to an insight into the writer's most conformed epistemic stances".^{2.}

Wellek skryf soos volg oor die digterlike persoonlikheid van Shakespeare: "We cannot dismiss this problem of personality in literature even where there is no biographical evidence of any kind. There is a quality which may be called "Shakespearian" or "Miltonic" or "Keatsian" in the works of these authors, to be determined on the basis of the works themselves, although it may not be ascertainable in their recorded lives. There are, no doubt, connecting links, parallelisms, oblique resemblances between life and art --- . Thus we can speak of "personal" style".^{3.}

Hierdie styloppvatting het ook sy beperkings:

- i. Dit het daartoe gelei dat navorsers nie *al* die taalkundige uitinge van 'n skrywer in hulle stilistiese relevansie ondersoek het nie, maar net gekonsentreer het op deurlopende *individuele* styleienaardighede.

-
1. Milic, L.T., "Unconscious Ordering in the Prose of Swift", in J. Leed (ed.), The Computer and Literary Style, Kent, Ohio, 1966, pp. 79-80.
 2. Ohmann, R., Shaw, the Style and the Man, Middletown, Conn., 1962, pp. xi-xiii.
 3. Wellek, R., "Closing Statement," in T. Sebeok (ed.), Style in Language, New York, 1960, pp. 414-415.

- ii. Dikwels is hierdie ondersoek suiwer kwantitatief-stilisties van aard terwyl daar nie rekening gehou word met die feit dat die blote opnoem van stylmiddele nie bydra tot die verstaan van 'n werk nie. Hough skryf hieroor: "On this basis it is hardly possible to distinguish mere mannerisms from important expressive qualities, or trivial and accidental habits from profoundly important imaginative means of expression".¹
- iii. 'n Bepaalde stylondersoeker selekteer dikwels arbitrêr en intuïtief slegs die stylmiddele wat vir hom (om toevallige en subjektiewe redes) opvallend is.
- iv. Meestal word daar gefokus op die persoon van die skrywer in plaas van op die teks self. Hough skryf: "Such studies may even become psychoanalytical, and they may very well end by taking us outside literature all together."²
- v. Die vraag kan ook gestel word of dit hoegenaamd moontlik is om die styl van 'n skrywer op grond van stilistiese besonderhede te verstaan, aangesien die styl van 'n skrywer in verskillende tekste verskillend te voorskyn mag kom. Daar behoort liever gevra te word na die styl van 'n bepaalde werk as na die styl van 'n skrywer.

1. Hough, G., Style and Stylistics, London, 1969, p.44.

2. Ibid, p.45.

1.3. Die psigologiese stilistiek.

Die opvatting dat die taalstyl 'n individuele aangeleentheid is, het aan die begin van die twintigste eeu neerslag gevind in die nieu-idealitiese filologie en is in bepaalde rigtings van die psigologie aangepas. Die vraag is veral gestel na die onderskeid tussen die digterlike en die algemene, nie-digterlike taalaanwending.

Aanhangers van die psigologiese stilistiek wou deurdring tot die wese van die literêre styl soos wat dit in die taal geaktualiseer word. Die gekose styl, so is geredeneer, reflekteer die psigologiese prosesse wat by die skrywer of digter aangetref word.

Die mees invloedryke eksponent van hierdie stylopvatting, Leo Spitzer, bemerk in die werk van Diderot 'n sekere ritmiese patroon: "a self-accentuating rhythm, suggesting that the 'speaker' is swept away by a wave of passion which tends to flood all limits".¹ Die sielkundige strekking is duidelik: Die ritme was die linguitiese uitdrukking van Diderot se senuagtige temperament wat "instead of being tempered by style, was allowed to energize style".²

Volgens sommige aanhangers van die psigologiese stilistiek het die styl van 'n skrywer of digter ook 'n bepaalde uitwerking op die leser. Seidler skryf in sy *Allgemeine Stilistik*: "Still ist die durch die Sprache erwirkte, bestimmt geartete Gemüthhaftigkeit eines Sprachwerks".³ Uitsprake

1. Spitzer, L., Linguistics and Literary History, Princeton, 1948, p. 135.

2. Ibid.

3. Seidler, H., Allgemeine Stilistik, Göttingen, 1953, p.61.

Vergelyk ook Winkler, E., Grundlegung der Stilistik, Bielefeld, 1929 waarin dieselfde standpunt verdedig word.

soos hierdie herinner aan die retoriese styloppvatting waar bepaalde stylfigure 'n bepaalde uitwerking op die aanhoorder van 'n toespraak het.

Sekere geleerdes het verskillende tipes styl op psigologiese gronde probeer vasstel. Die Spaanse kritikus Alonso ¹. beweer dat literêre styl drie essensiële bestandele bevat: rede, gevoel en verbeelding. 'n Nog meer gesofistikeerde sisteem is deur die Sweed Henri Morier ². daar-gestel. Hy onderskei agt tipes styl wat elk die gevolg is van 'n sekere soort temperament: swak, delikaat, gebalanseerd, positief, sterk, hibridies, subtiel en defektief. Elke klas het verskeie onderafdelings sodat 'n groot totaal van sewentig soorte styl onderskei word. Hierdie tipes styl is heeltemal te abstrak en te skematies om van veel nut te wees by 'n stylanalise. ³.

Onder die vernaamste besware wat teen die psigologiese stilistiek ingebring kan word, geld die volgende:

- i. Die psigologiese stilistiek is ontoereikend waar 'n teks weinig emosioneel en psigies van aard is, maar op rasionele oorweginge berus en waar estetiese oorwegings nie 'n groot rol speel nie. ⁴.

-
1. Alonso, D., Poesía española; ensayo de métodos y límites estilísticos, Madrid, 1950.
 2. Vermeld deur Ullman, S., Meaning and Style, Oxford, 1973, p.71.
 3. Vir 'n uitbreiding hierop vergelyk L.T. Milic, "Against the Typology of Styles" in Chatman, S en Levin, S.R., Essays on the Language of Literature, Boston, 1967, pp. 442-450.
 4. Vergelyk Burke, K., Counter-Statement, Los Aitos, California, 1953, pp. 166-167.

- ii. Starre vaslegging van bepaalde effekte van sekere teks-vorme is nie altyd moontlik nie. Die effek van 'n gekose taalstyl is nie in alle omstandighede dieselfde nie. Dit kan van persoon tot persoon en van tyd tot tyd verskil. Afleidings wat in hierdie verband gemaak word, is dikwels intuïtief en ontbreek aan enige linguistiese steun.
- iii. Vir 'n geheelbenadering van styl is hierdie beskouing ontoereikend. Slegs een aspek, naamlik die uitwerking of effek van styl geniet hier aandag.
- iv. Dit gaan hier om, soos vermeld, die *uitwerking en effek* van styl. Die beskouing sê nie wat styl *is* nie.
- v. Sekere stilistiese verskynsels behoef geen psigologiese agtergrond nie: "they are mere mannerisms or tics" ¹.

1.4. Styl as eenheidsfaktor in die vergestaltingsproses van kuns.

Dit gaan in hierdie styloppvatting om die ooreenkomste wat daar bestaan tussen die verskillende vormingsmiddele van 'n teks. Hierdie siening verskil dus skerp van die opvatting waarin styl gedefinieer word as die afwyking van 'n norm. ².

1. Ullmann, op.cit, p. 70

2. Vergelyk pp. 12-14 hieronder.

As stilisties relevant geld dit "worin ein vollkommenes Kunstwerk - oder das ganze Schaffen eines Künstlers oder auch einer Zeit - in allen Aspekten übereinstimmt".¹ Kayser stel dit so: "Wir können ... sagen: der Stil eines Werkes ist die einheitliche Perzeption, unter der eine dichterische Welt steht".²

Wat metodiek betref, word by hierdie styloppvatting uitgegaan van die individuele beskouing van die ondersoeker. Die stylmiddele word vasgestel en beskryf. Hulle verhouding tot mekaar en tot die inhoud van die teks word ondersoek.

Hierdie beskouing wyk af van die eensydighede van die voorgemelde styloppvattinge. Daar word in die beoordeling van styl gebruik gemaak van teksimmanente kriteria en die verband tussen taalkundige vormingsmiddele en die teksinhoud word grondig ondersoek. Nogtans het die beskouing belangrike beperkinge:

- i. Die gebruiksfêre is eng, want die opvatting is hoofsaaklik van toepassing op literêre, poëtiese tekste. Hier alleen is die mees waarskynlike ooreenstemming tussen die verskillende vormingselemente waarneembaar. Nie-literêre werk geld feitlik as stylloos.
- ii. Omdat die persoonlike indruk van die analis die uitgangspunt vorm, is dit nie altyd die teks wat spreek nie, maar

1. Staiger, E., Die Kunst der Interpretation, Zürich, 1967, p. 14.

2. Kayser, W., Das Sprachliche Kunstwerk, Bern, 1961, p. 290.

hierdie persoon se eie estetiese opvattinge en persoonlike kunsbegrip.

iii. Hoewel die harmonie tussen die taalstyl en die teksinhoud tereg beklemtoon word, word dit nie duidelik genoeg gestel nie dat die stilistiese vormgewing van 'n teks "im Dienst der sachlichen Aussage des Verfassers steht und von ihr entscheidend bestimmt wird." ¹.

1.5. Styl as die afwyking van 'n norm. ².

Die opvatting dat die taalstyl net tot uiting kom by die afwyking van 'n taalgebruiksnorm is baie oud. Dit lê reeds die antieke stylfigure wat as afwyking van normale taalgebruik beskou is ten grondslag. Dit geld ook 'n aantal verteenwoordigers van die psigologies-gefundeerde stilistiek wat net stylkarakter toeken aan dié taaluiting wat die gevolg is van die aktualisering van bepaalde gemoedstemminge. Ook tussen die individuele stylopvatting en die onderhawige beskouing bestaan daar geen grondige teenstrydigheid nie in soverre 'n mens hier aan die styl van skrywers dink wat hulle in hulle taalaanwending opvallend onderskei van die alledaagse kommunikatiewe taalgebruik. Ek volstaan met die enkele definisie van Wellander: "Style, in the linguistic sense, usually signifies every special usage clearly contrasted against the general. More closely, style could be defined as that way of presenting a subject which differs more or less

1. Zmijewski, op. cit., p. 46.

2. Vir 'n goeie bespreking van hierdie stylopvatting, vergelyk Anderegg, J., Literaturwissenschaftliche Stiltheorie, Göttingen, 1977, pp. 29-32.

from the average and which is motivated by the character of the subject, the purpose of the presentation, the reader's qualifications and the writer's personality." 1.

In 'n sekere sin kan digterlike taal beskou word as die afwyking van die verwagte norm. Die rym wat sommige gedigte kenmerk en die ongewone woordkombinasies van ander kan beskou word as afwykings van die verwagte norm. Die afwyking van die norm kan ook óf semanties óf sintakties van aard wees.

Soos die voorafgaande opvattinge het ook hierdie stylbeskouing sy beperkings:

- i. Stylkarakter word slegs toegeken aan literêre werk. Alledaagse kommunikatiewe uitdrukkingsvorme daarenteen word heeltemal buite rekening gelaat.
- ii. Nóg die begrip taalnorm, nóg die afwyking daarvan kan duidelik vasgelê word. Wat as buitengewoon geld, hang dikwels van subjektiewe oorwegings of die situasie af.
- iii. Vir 'n geheelbenadering tot styl is hierdie beskouing ontoereikend. Wellek skryf hieroor: "We are likely to accumulate isolated observations, specimens of the marked traits, and to forget that a work of art is a whole. We are likely to overstress 'originality', individuality, the merely idiosyncratic. Preferable is the attempt to describe

1. Aangehaal (en in Engels vertaal) deur Enkvist, N.E., in Enkvist, N.E., Spencer, J. en Gregory, M.J., Linguistics and Style, London, 1964, p.23.

a style completely and systematically, according to linguistic principles".¹

1.6. Styl as tyds- en groepsgebonde taalaanwending.²

In hierdie stylopvatting gaan dit om die feit dat daar besliste ooreenkomste bestaan tussen groepe skrywers van bepaalde literatuurtydperke.³ Naas die individuele kenmerke van 'n bepaalde skrywer se styl werk daar ook groepsinvloede deur wat die gevolg kan wees van gemeenskaplike taalopvattinge (van 'n bepaalde tydperk), wedersydse kritiek van skrywers op mekaar, generasieverskille, ensovoorts.

Hoewel die invloed van 'n tydperk of groep op die werk van 'n skrywer nie ontken kan word nie, strek hierdie stylopvatting nie ver genoeg om alle stilistiese vrae oor 'n bepaalde teks, of al die werke van 'n skrywer te beantwoord nie. Die vrae oor die besonderhede van tekste en stilistiese vormgewing en oor die onmiddellike verhouding tussen die styl, oogmerk en inhoud word nie voldoende beantwoord nie.

1.7. Styl as die uitdrukkingswyse van 'n genre.

Baie algemeen word aanvaar dat die genre waartoe 'n werk behoort die styl daarvan beïnvloed. Hoewel daar tussen twee of meer literatuurtypes sekere ooreenkomste mag voorkom, is dit juis die verskille (byvoorbeeld ten opsigte

1. Wellek, R. en Warren, A., Theory of Literature, New Haven, 1962. p.181.

2. Vergelyk Hendricks, W.O., Grammars of Style and Styles of Grammar, Amsterdam, 1976, pp. 101-171.

3. Vergelyk Hendricks, op cit, p. 108 vir die ooreenkomste en verskille tussen die begrippe *tydstyl* en *groepstyl*.

van sinsbou) wat daarvan verskillende genres maak.

’n Skrywer word gedeeltelik aan bande gelê deur die genre wat hy kies: "Any genre imposes certain constraints on the writer, and these are reflected in his language and the classical 'levels' of style (high, middle, low) partially reflect such constraints;"¹. Elke literatuurtipe het ’n "musterschaffende Wirkung"². in soverre elkeen sekere stylmiddele en -eienskappe besit. Hierdie dinge moet egter nie normatief as voorskrif verstaan word of as hoofkriterium by stilistiese ondersoeke geld nie. Sowinski stel dit so: "Eine derartige Auffassung würde .. gegen das Grundprinzip der stilistischen Gestaltung, die Freiheit in der Wahl der Ausdrucksmittel und -formen verstossen".³

Vir ’n stilistiese analise van *Ad Diognetum* sal ’n kennis van die genre waartoe dit behoort⁴. ’n vereiste wees. Tog is die genre net een aspek wat verreken moet word. Vir ’n omvattende stylbenadering sal alle stilistiese vrae in verband met die werk beantwoord moet word.

1.8. Styl as die somtotaal van alle kwantitatiewe gegewens.

Hierdie rigting trag om taalstyl te omskryf aan die hand van statistiese metodes. Daar word gelet op die gebruiksfrekwensie van bepaalde vormlike

1. Hendricks, op. cit., p. 107.

2. Sowinski, op. cit., p. 333.

3. Ibid.

4. Vergelyk p. 30 hieronder.

gegewens binne 'n teks en die wyse waarop hulle gekombineer word. Enkvist skryf: "The style of a text is a function of the aggregate of the ratios between die frequencies of its phonological, grammatical and lexical items, and the frequencies of the corresponding items in a contextually related norm." ¹. Hy stel dit nog bondiger: "The style of a text is the aggregate of the contextual probabilities of its linguistic items." ².

Dat op hierdie wyse nóg tot die stilistiese individualiteit van 'n skrywer, nóg tot die stilistiese vorming van sy geskryfte deurgedring kan word, behoef geen verdere verduideliking nie. Plath beweer die statistiese benadering se "chief drawback appears to lie in its sensitivity to variations from work to work in the style of a single author, which in some cases is nearly as great as its sensitivity to the variations among different authors." ³.

As kwantitatief-statistiese ondersoeke enigsins waarde het, is dit veral in soverre as wat daarop gewys word dat aan alle taalkundige uitinge aandag geskenk moet word. Sowinski stel dit soos volg: "Da sich derartige Untersuchungen grundsätzlich auf die zählbaren Gegebenheiten der verschiedensten Textorten stützen, bestätigen sie zugleich die Berechtigung des auf alle sprachlichen Äusserungen erweiterten Stilbegriffs." ⁴.

Statistiese metodes het, volgens Ullmann, ⁵ betekenis vir ondersoeke waarin

1. Enkvist, Spencer, Gregory, op. cit., p. 29.

2. Ibid.

3. Plath, W., "Mathematical Linguistics", in Mohrman, C. et al (eds.), Trends in European and American Linguistics : 1930-1960, Utrecht en Antwerpen, 1961, p. 28.

4. Sowinski, op. cit., p. 29.

5. Vergelyk Ullmann, op. cit., pp. 67 en 68.

dit nie gaan om styl as sodanig nie, maar om probleme in verband met die outeurskap en die datering van 'n teks. Selfs hier kan dié metodes geen absolute sekerheid bied nie, maar kan tog 'n indrukwekkende hoeveelheid getuienis daarstel.

1.9. Die funksionele stilistiek.

Die feit dat die doelstellinge van 'n skrywer sy keuse van 'n genre bepaal, het daartoe gelei dat Russiese en Tsjeggiese taalgeleerdes 'n taalmodel van verskeie funksionele style daargestel het. Die Russiese Germanis, E. Riesel, beweer dat in die funksionele stilistiek die volgende onder styl verstaan moet word: "ein System der Ausdrucksgestaltung, der Verwendungsweise der sprachlichen Möglichkeiten" ¹, of eenvoudiger gestel: "eine zweckmässig gestaltete Sprache" ².

Hendricks gee die volgende omskrywing van die funksionele stilistiek:

"Functional stylistics is the study of the linguistic features of utterances that correlate with the nonverbal context of speech activity. Context includes not only physical setting (e.g., a business office), but also the social relationship between the interlocutors (e.g., employer - employee). Functional styles do not so much manifest the negative goal of effacement of speaker idiosyncracies as the positive goal of the speaker's accomodation of his language to his interlocutors". ³.

1. Riesel, E., Der Stil der deutschen Alltagsrede, Leipzig, 1970, p. 53.

2. Riesel, E., Stilistik der deutschen Sprache, Moskou, 1959, p.11.

3. Hendricks, op cit, p. 103.

Riesel ¹. konstateer vyf soorte funksionele styl vir die Duitse taal:

- i. Die styl van die openbare verkeer. Hieronder word amptelike stukke, wette en ordonansies, protokolle, amptelike redevoerings en gesprekke ingesluit.
- ii. Die styl van die wetenskap, waaronder wetenskaplike en tegniese geskrifte, voorlesings en voordragte gereken kan word.
- iii. Die styl van die media, waaronder koerantberigte, rapporte en nuuskomentaar ingesluit kan word.
- iv. Die styl van die alledaagse verkeer wat aangetref word in nie-amptelike sfere soos in die private omgang tussen mense.
- v. Die styl van die skone literatuur wat werke van hoogstaande literêre waarde insluit.

Die teorie van die funksionele stilistiek het daartoe bygedra dat die begrip "taalstyl" iets van sy individueel-toevallige karakter verloor het. Dit het nader beweeg aan die sisteemnavorsing van die sinchroniese linguistiek.

Die funksionele stilistiek beklemtoon twee belangrike aspekte van die stilistiek wat tot dusver nog nie sterk na vore gekom het in styloppvattinge nie:

- i. die stylkarakter van alle taaluitinge, en
- ii. die opvatting dat styl funksioneel is in die taal.

1. Riesel, 1959, op. cit., pp. 421 e.v.

1.10. Die didaktiese stilistiek.

In die didaktiese stilistiek word reëls neergelê vir goeie styl. As voorbeeld kan die bekende werkie van Strunk en White, *The Elements of Style*,¹ genoem word. Hierin word 'n magdom van voorskrifte gegee oor hoe om stylvol te skryf. Die reëls word meestal neergelê sonder om te vermeld dat die oogmerk van 'n skrywer steeds in gedagte gehou moet word. Voorskrifte soos: "use the active voice"², of "put statements in positive form"³ word onsinnig as die doelwit van 'n skrywer dit anders vereis.

Die voorskrif word dikwels gegee om waar moontlik liewer werkwoorde te gebruik as selfstandige naamwoorde. Tog kan dit beswaarlik uitgevoer word by die formulering van wetenskaplike werk waar eksaktheid vereis word en 'n nominale styl gebruiklik is. Ook aan die dikwels oorbeklemtoonde eis dat waar moontlik 'n vloeiende, snel leesbare styl gebruik moet word, kan nie altyd voldoen word nie, byvoorbeeld by gedetailleerde beskrywinge.

Sowinski⁴ stel voor dat 'n doelmatige aanwending van die stylmiddele nagevors moet word deur van die funksionele stilistiek gebruik te maak. Hierby behoort 'n didaktiese stylleer gevoeg te word wat die samehang tussen die uitdrukkingsverwagting, -middele en -effek duidelik stel.

1. Strunk, W. en White, E.B., The Elements of Style, New York, 1959.

2. Ibid, p. 13.

3. Ibid, p. 14.

4. Sowinski, op. cit, p. 29.

1.11. Styl as onderafdeling van die grammatika.

In die hedendaagse taalnavorsing word die vrae dikwels gestel in hoeverre dit by stilistiese eenhede eintlik om grammatiese eenhede gaan, en in welke mate die stilistiek beskou moet word as 'n afdeling van die grammatika. ^{1.}

In die stilistiek, sowel as die grammatika, word twee hoofrigtings aangetref, die een waarvan die terrein beperk is tot die sin en die ander waarin die sinsgrens oorskrei word.

Turner wil die studie van styl beperk tot die sin: "the study of style works typically with short tracts of language studied closely." ^{2.}

Hendricks voeg hierby: "theorists of style have assumed that the locus of stylistic variation is the individual sentence". ^{3.} Hierteenoor is daar die standpunt van Hill: "stylistics concerns all those relations among linguistic entities which are storable, or may be storable, in terms of wider spans than those which fall within the limits of the sentence". ^{4.}

Die inhoudsgerigte grammatika ^{5.} het tot dusver min te sê gehad oor moontlike uitdrukkingskombinasies en het beperk gebly tot die konstatering en interpretasie van grammatikale vorms binne die sin. Hendricks haal James Harris aan wat twee eeue gelede reeds geskryf het: "the longest extension,

1. Sowinski, op. cit., p. 29.

2. Turner, G.W., Stylistics, Penguin Books, Harmondsworth, 1973, p. 104.

3. Hendricks, op. cit. p. 32.

4. Hill, A.A. Introduction to Linguistic Structures, New York, 1958, p.406.

5. Vir die term "Inhaltbezogenen Grammatik" sien Sowinski, op. cit., p. 29.

with which Grammar has to do, is the Extension here consider'd, that is to say, a Sentence. The great Extensions (such as Sullogisms, Paragraphs, Sections, and complete works) belong not to Grammar, but to Arts of higher order; not to mention that all of them are but Sentences repeated".¹

Hierteenoor is daar die opvatting wat aangetref word by verteenwoordigers van die tekslinguistiek², wat alle taalkombinasies, veral dié wat oor die sin heengryp, en wat reëlmatig binne teksverband voorkom, ondersoek en daarom 'n eie styloppvatting afwys.

Dat daar sulke reëlmatighede voorkom wat tot dusver nog net in die deskriptiewe en didaktiese stilistiek aangeraak is, kan nie ontken word nie.

Hier kan gedink word aan die vervanging van 'n selfstandige naamwoord deur 'n voornaamwoord om herhaling te voorkom. Daar sou geredeneer kon word of dit hier om grammatiese of stilistiese vervanging gaan. Daar is deurgaans gevalle waar die stilistiese reël in verband met die selfstandige naamwoord wat deur die voornaamwoord vervang kan word, opgehef word, byvoorbeeld deur in plaas van die voornaamwoord anafora of poluptota te gebruik.

'n Verbreding van die grammatika, ook van die teksgrammatika, sal slegs die moeite loon as sekere voorveronderstellinge, byvoorbeeld dié in verband met grammatiese reëlmatighede, opgeklar kan word. Dit sou lei tot 'n hernude besinning oor de Saussure se onderskeiding tussen *langue* en *parole* "da dann alle Strukturen des Bereichs der Sprachverwendung (parole)

1. Aangehaal deur Hendricks, op. cit., p. 31.

2. Vir 'n oorsig van die tekslinguistiese werk sien:

Dressler, W.U., Einführung in die Textlinguistik, Tübingen, 1973.

Dressler, W.U., Current Trends in Textlinguistics, New York, 1978.

als Strukturen des Sprachsystems (langue) begriffen werden müssten".¹
 Dit sal verder opgeklar moet word of daar naas die grammatiese sisteem van verpligte kombinasie moontlikhede nie ook 'n stilistiese sisteem van fakultatiewe moontlikhede van taalaanwending bestaan nie.

Allereers lyk 'n skeiding tussen die stilistiek en grammatika as eiesoortige taalwetenskaplike entiteite met eiesoortige metodes sinvol. Dat daar wel 'n noue verband tussen die grammatika en die stilistiek bestaan, kan nie ontken word nie. Daar bestaan immers sekere stylmiddele op grammatiese vlak² en by 'n geheelbenadering van styl sal daarmee rekening gehou moet word. By 'n omvattende stylbenadering sal alle taalkundige eenhede verreken moet word: dié binne die sin, die sin self en die eenhede groter as die sin.

1.12. Styl as die keuse tussen verskillende taalkundige moontlikhede.

Hierdie opvatting geniet wye steun onder verskeie verteenwoordigers van 'n uitsluitlike linguistiese stylleer. Styl word deur hulle in terme van die begrip "keuse" gedefinieer, soos uit die volgende aanhalings blyk:

"The pivot of the whole theory of expressiveness is the concept of choice. There can be no question of style unless the speaker or writer has the possibility of choosing between alternative forms of expression."³

1. Sowinski, op. cit., p. 30.

2. Vergelyk p. 43 hieronder.

3. Ullmann, S., Style in the French Novel, Cambridge, 1957, p.6.

Vergelyk ook sy Semantics: An Introduction to the Science of Meaning, Oxford, 1962, p. 151, en sy Language and Style, Oxford, 1964, pp. 100-102.

".... style in language is itself synonymous with linguistic choice...." ^{1.}

"That is what style is: the selection of particular units and the variation in their arrangements." ^{2.}

"two utterances in the same language which convey approximately the same information, but which are different in their linguistic structure, can said to be different in style". ^{3.}

Hierdie stylopvatting berus op die veronderstelling dat die meeste gegewens en feite taalkundig op verskeie maniere tot uiting gebring kan word en dat verskillende uitdrukkingsvariasies mekaar feitlik deurgaans in dieselfde konteks kan vervang. Gleason skryf: "there are usually several ways in which a sentence, a clause, a phrase, or even a single word can convey the required meaning and still be grammatical. The author is, therefore, presented at every point with options. He must choose, and the choice is one of the elements of style Style is..... the patterning of these choices over long stretches. " ^{4.}

Die variasies wat mekaar kan vervang, is volgens Sowinski ^{5.} nie net werklike sinonieme nie, maar alle linguistiese uitdrukkingsmoontlikhede waaruit

-
1. Sledd, J., A Short Introduction to English Grammar, Chicago, 1959. p. 264.
 2. Whatmough, J., Language: A Modern Synthesis, New York, 1956, p.88.
 3. Hockett, C., A Course in Modern Linguistics, New York, 1958, p.556.
 4. Gleason, H.A., What is English? CCC, XIII, October, 1962, pp.1-10.
 5. Vergelyk Sowinski, op. cit., p. 25.

'n skrywer kan kies. Hierdie keuse uit die grammaties-leksikaltiese inventaris van 'n taal, sê Sowinski, ¹. geskied nie noodwendig doelbewus nie. Dit kan afhang van die situasie, die doel, die persoonlikheid of die ervaringsveld van die skrywer en betrekking hê op sy gewone of ongewone taal-aanwendinge, op alles wat binne sy taalvermoë val.

Op grond van sy uiteensetting (soos weergegee in die onmiddelik voorafgaande paragraaf) poog Sowinski om die hoofmomente van die onderhawige stylbeskouing saam te vat. Styl word dan gedefinieer as "eine in sich verhältnismässig einheitliche, anderen Texten gegenüber jeweils unterschiedliche Form des wiederholten Gebrauchs bestimmter sprachlichen Variationsmöglichkeiten für bestimmte Ausdrucksabsichten." ².

Hierdie stylbegrip is die mees omvattende tot dusver, omdat dit vir alle tekste gebruik kan word. Nie alleen dit wat buitengewoon is van 'n teks se styl nie, maar ook dit wat kenmerkend is, word verreken.

Dit is nodig om te beklemtoon dat verteenwoordigers van hierdie stylopvatting die begrip "keuse" tot grammaties-leksikale aspekte beperk. Andersins, waarsku Anderegg, sou styl beskou kon word "als das Resultat von Willkür und Wollen". ³.

Dit is verder nodig om te beklemtoon dat by die grammaties-leksikale nie alle elemente as veranderlik of vervangbaar beskou moet word nie. Vryheid van linguistiese vorming word betrek op: "die primären Formmöglichkeiten

1. Sowinski, op. cit., p.25.

2. Ibid, p.27.

3. Anderegg, op. cit., p. 39.

der Enkodierung einer Information, also auf die Wahl der syntaktisch-grammatischen Einheiten, der Satzgliedstellung und Wortwahl, nicht aber auf die internen grammatischen Regularitäten der gewählten Möglichkeiten, z.B. morphologische Erfordernisse, Erfordernisse des Satztyps, der Wortbeziehungen usw. Nicht alle sprachlichen Einheiten sind daher stilistisch relevante Einheiten." ¹. Om hierdie rede moet by 'n stilistiese analise elke linguistiese eenheid in ag geneem word engetoets word of dit om 'n konstante of 'n vervangbare element (en daarom stilisties relevant) gaan.

Zmijewski ² opper die volgende punte van kritiek teen hierdie stylbeskouing en veral teen die aangehaalde definisie van Sowinski:

- i. Die moment van "herhaling" (van die selektiewe keuse) word van meet af aan te sterk geaksentueer in die definisie. Die gevaar bestaan dat uitdrukkingsvorme wat in die teks selde of selfs net een maal voorkom as styloos beskou kan word.
- ii. Die moment van "eenheid" moet nie oorbeklemtoon word nie. Sekerlik sal elke behoorlik gevormde teks deurgaans bepaalde styleienskappe vertoon. Daar moet egter steeds mee rekening gehou word dat die aanwending van 'n stylmiddel binne dieselfde teks verskillend kan wees. Dieselfde stylmiddel kan onder bepaalde omstandighede van sin tot sin en

1. Sowinski, op. cit., p. 26. Vergelyk ook C.E. Osgood in "Some Effects of Motivation on Style of Encoding" in T.A. Sebeok, ed., Style in Language, New York, 1960, p. 393 vir 'n soortgelyke uitspraak.

2. Zmijewski, op. cit., pp. 47 — 48.

van hoofstuk tot hoofstuk verskillende funksies besit.

- iii. Die beskouing, naamlik dat die styl van verskillende tekste telkens 'n ander vorm van taalaanwending toon (vergelyk Sowinski se definisie) geld nie konsekwent nie. By 'n soortgelyke teks van 'n ander skrywer kan soortgelyke stylvorming bestaan as dié van die ondersoekte teks al verskil dit ook ten opsigte van inhoud.
- iv. Tereg stel die definisie die doel van die skrywer as die maatstafgewende faktor by stilistiese vorming. Hierby moet egter ook rekening gehou word met die vormende invloed van die inhoud self. 'n Stilistiese analise moet nie net poog om die styl te beskryf nie, maar dit ook probeer interpreteer. Zmijewski skryf: "Der Stil muss in seinem Verhältnis zur inhaltlichen Seite des Textes beurteilt und also die Stiluntersuchung in die Gesamtinterpretation des Textes integriert werden".¹

By hierdie punte van kritiek kan ook die volgende gevoeg word:

Daar word nie genoegsaam rekening gehou met die feit dat dit by 'n stylanalise nie slegs gaan om keuse van stylmiddele nie, maar eweseer om die wyse waarop die skrywer hierdie dinge orden of rangskik. Daarby gaan dit in hierdie styloppvatting net om die keuse van *linguistiese vormingsmiddele*. Die keuse en rangskikking van *argumente* behoort ook verreken te word.

1. Zmijewski, op. cit., p. 48.

2. Die stylopvatting van die onderhawige ondersoek.

Soos die voorafgaande oorsig getoon het, is die fenomeen "styl" klaarblyklik te kompleks om in 'n enkele definisie saam te vat. 'n Uitspraak soos dié van Anderegg is dus heeltemal verstaanbaar: "dass es den Stil, dass es die Stildeskription nicht geben kann, dass vielmehr die Stildeskription unterschiedlich ausfallen muss, dass Unterschiedliches als Stil beschrieben wird, je nachdem, welches Interesse, welche Perspektive in der Untersuchung vorherrscht." ¹.

Die onderhawige studie bepaal hom primêr tot 'n sinchroniese stylondersoek (die diachroniese aspekte word nie uitgesluit nie) van 'n enkele geskrif, naamlik die *Ad Diognetum*. Daar word gepoog om die proses van stylgewing bloot te lê om sodoende insig te verkry oor hoe die semantiese inhoud en die gehalte van die teks daardeur geraak word.

J. Zmijewski verstaan onder styl: "die *gesamte sprachliche Gestaltung* eines Satzes bzw. Textes, die auf einer teils unbewussten, teils bewussten, durch die Persönlichkeit des Sprechers (Verfassers), die Aussagesituation und -intention u.a. Faktoren bestimmten *Auswahl* aus mehreren, grammatisch-lexikalisch gebotenen, gewöhnlichen oder aussergewöhnlichen Ausdrucksmöglichkeiten beruht und als solche wesentlich *auf die inhaltliche Aussage* hingebordnet ist." ².

1. Anderegg, op. cit., p. 40.

2. Zmijewski, op. cit., p. 48.

J.M. Ellis maak die volgende betekenisvolle opmerking oor styl: "We should not talk of the stylistic function of a linguistic item, but instead of its precise function; nor of the style of a piece of language, but instead of precisely what it means and says." ¹. Styl is dus vir Ellis 'n deel van betekenis, 'n aspek wat nie in die definisie van Zmijewski voorkom nie.

Die uitsprake van Zmijewski en Ellis bevat myns insiens die belangrikste elemente waaruit 'n styltipering saamgestel kan word. In hierdie studie sal van die volgende stylbeskouing uitgegaan word: "Onder styl word verstaan die keuse en ordening van al die gewone of buitengewone elemente van 'n werk, wat bewustelik of onbewustelik bepaal word deur uiteenlopende faktore rakende die skrywer in sy kommunikatiewe situasie, wat afgestem is op die inhoud van die werk, en wat 'n sekere effek het, met ander woorde 'n sekere betekenisnuanse na vore laat kom."

Uit hierdie kort tipering van die taalstyl is dit duidelik dat dit by 'n stylbeskrywing nie gaan om die uitlig van een of enkele dominante kenmerke van 'n teks, soos in die meeste beskrywings van die voorafgaande oorsig nie, maar om die totale linguistiese vorming daarvan. Die skrywer maak 'n keuse uit al die baie uitdrukkingsmoontlikhede wat die taal bied en beperk hom nie slegs tot die buitengewone nie. Dit wat ordinêr is vir die taalgebruiker (in soverre as wat dit moontlik is om dit vas te stel) is deel van die taalinventaris waaruit gekies word en behoort gevolglik tot die stylgewingsproses.

1. Ellis, J.M., The Theory of Literary Criticism: a logical analysis, Berkeley, 1974, p. 207.

Onder die "elemente" waaruit gekies word, word verstaan: klanke, woorde, sinne, paragrawe, stylfigure en argumente. Die keuse en ordening van al die elemente is die belangrikste momente by 'n stylbeskrywing. Dit is veral op grond hiervan dat die style van tekste verskille of ooreenkomste toon.

Die keuses wat gemaak word, kan bewustelik of onbewustelik geskied. Dit is nie slegs die tekste waar die strukturering van die vormelemente opsigtelik is (soos in poëtiese tekste) wat oor styl beskik nie, maar ook tekste waar dit nie so opvallend is nie. Ook vir die klaarblyklik "styllose" tekste moes die skrywer keuses maak uit die taalinventaris en dit tot 'n geheel orden.

Die verwysing na die skrywer in my styltipering verg verdere toeligting. In die lig van die beperkinge op hom geplaas deur die omstandighede van sy kommunikatiewe situasie kies hy uit die uitdrukkingsmoontlikhede van die taal. Dié omstandighede sluit in sy eie taalkennis en -voorkeure, sy persoonlike situasie, sowel as dié van sy leser(s), sy verhouding met die leser(s), die doel wat hy voor oë het en so meer. By 'n stylondersoek spreek faktore soos hierdie slegs mee in soverre as wat daar 'n antwoord verskaf word op die vraag waarom die teks sy bepaalde vorm het. In 'n stylondersoek is die vraag hoe die teks self daar uitsien verreweg die belangrikste. By etlike antieke tekste is die skrywer en die omstandighede van sy kommunikatiewe situasie swak of glad nie bekend nie. Die skrywer van die *Ad Diognetum* is onbekend en oor die identiteit van Diognetos word gegis. Tog is 'n stilistiese analise daarvan net so moontlik as van 'n teks waarvan die skrywer en sy leser(s) bekend is.

Ook die inhoud van 'n teks speel by die stylgewing daarvan 'n rol. Vir 'n verhewe onderwerp sal byvoorbeeld 'n plegtiger styl gebruik word as vir 'n alledaagse aangeleentheid. Die "soort" inhoud druk ook sy stempel af op die styl van 'n teks.

Ten slotte, die spesifieke stylmiddel wat deur die skrywer gekies is en die manier waarop hy dit aanwend en invoeg in die geheel, het 'n sekere effek tot gevolg. Dit bring 'n sekere betekenisnuanse na vore. Dit beteken dat 'n skrywer dit wat hy wil sê op 'n spesifieke manier sê sodat hy daardeur die betekenis effektief kan oordra.¹ 'n Aantal kort, kragtige sinne word byvoorbeeld dikwels gebruik vir 'n baie kragtige, emosiebelaaide boodskap.

3. Die literatuurtype.

Die genre waartoe 'n werk behoort, beïnvloed nie alleen die styl daarvan nie, maar bied ook belangrike leidrade om dit te verstaan. Nida et. al. skryf: "the type of text itself constitutes a sign, and readers readily recognize the significance of text types, even though it may be difficult to define precisely the significance of such literary forms."² Die literatuurtype funksioneer as 'n teken slegs in soverre as wat daar 'n sisteem van literatuurtypes bestaan. Die verskille en ooreenkomste tussen sulke literatuurtypes bied ook die basis vir die semiotiese funksie van die verskillende soorte tekste.

1. Vergelyk Tolmie, op. cit., p. 25.

2. Nida, E.A., Louw, J.P., Snyman, A.H. Cronjé, J.v.W., Style and Discourse, Cape Town, 1983, p. 56.

Ondanks die tradisionele titel, *Epistula ad Diognetum*, is geleerdes dit vandag eens dat dit hier nie om 'n gewone brief gaan nie. Marrou¹. bestempel die werk as 'n *traité*, Molland². praat van 'n *Epistel*, Schneider³. van 'n *christelichen Literaturbrief*, Meecham⁴. van 'n *tract in epistolary form* en Brändle⁵. van die *Schrift an Diognet*.

Die *Ad Diognetum* word gewoonlik geklassifiseer onder die werke van die christelike apologete van die tweede eeu.⁶ Benewens die apologetiese is daar egter ook aansporingsmotiewe in die geskrif⁷: eersgenoemde veral in hoofstukke II - IV en laasgenoemde grotendeels in hoofstukke V - X.

Die skeidslyn tussen die apologetiese literatuur en die protreptikos (aansporingsliteratuur) is vaag. In die *Ad Diognetum* het vers 2 van hoofstuk I en vers 1 van hoofstuk II reeds ten doel om aan te spoor. Omgekeerd is daar ook apologetiese trekke in hoofstukke V - X, soos die skrywer se skerp

-
1. Marrou, H.I., A Diognète, Paris, 1951, p. 92.
 2. Molland, E., Die literatur- und dogmengeschiedliche Stellung des Diognetbriefes, ZNW 33, 1934, pp. 289 - 312. Vergelyk ook Deissmann, A., Bible Studies, Edinburgh, 1901, pp. 3 - 59 vir die onderskeid tussen 'n gewone brief en 'n epistel.
 3. Schneider, C., Geistesgeschichte des antiken Christentums, München, 1954, II, p.20
 4. Meecham, H.G., The Epistle to Diognetus, Manchester, 1949, p.9.
 5. Brändle, R., Die Ethik der "Schrift an Diognet", Zürich, 1975.
 6. Vergelyk Sizoo, A., Geschiedenis der Oud-Christelike Griekse Letterkunde, Haarlem, 1952, pp. 32 - 66.
 7. Vergelyk Eltester, W., Das Mysterium des Christentums, Anmerkungen zum Diognetbrief, ZNW 61, 1970, p. 281, en Richardson, C.G., Early Christian Fathers, Vol. I, London, MCMLIII, p. 227 vir 'n beskrywing van die protreptikos, of aansporingsliteratuur.

kritiek op die filosofiese godsbegrip in hoofstuk VIII bewys. Brändle skryf: "Der Vf. bietet offensichtlich eine Kombination von Apologetik und Protreptik, so das seine Schrift wohl am besten als apologetisch-protreptische Abhandlung zu charakterisieren ist." ¹.

Hoewel daar ook aanspingsmotiewe agter die apologetiese geskrifte van die tweede eeu was, het apologetiese motiewe voorop gestaan. Die skrywer van die *Ad Diognetum* plaas die aksent egter anders. Brändle² wys tereg daarop dat hy in 'n oorgangsfase staan. As 'n apologete tree hy selfstandiger op as sy voorgangers en kan met Klemens van Alexandrië en Tertullianus vergelyk word. Hy handel die tradisionele temas van die apologetiek saaklik af en doen geen moeite om oorspronklike motiewe by te voeg nie. Sy belangstelling lê in die positiewe voorstelling van die Christelike geloof en die leefwyse wat vir die Christene bestem is om te voer. Hy staan daarmee op die voorpunt van die Christelike protreptikos. Sy groter selfstandigheid as dié van die ander vroeë apologete het twee redes: hy was 'n geleerde persoon wat 'n goeie Grieks kon besig en daarby 'n beduidende teologiese denker. Hy het beter as die ander apologete besef dat die ou heidense geloof, ten minste vir die geleerdes onder die heidene, lankal sy krag verloor het. ³.

1. Brändle, op. cit., p. 15.

2. Ibid.

3. Vergelyk Geffcken, J., Der Ausgang des griechisch-römischen Heidentums, Heidelberg, 1920.

Prümm, K., Der christliche Glaube und die altheidnische Welt, Leipzig, 1935.

Gigon, O., Die antike Kultur und das Christentums, Gütersloh, 1966.

Hy veronderstel dat die leser sy kritiek op die heidense beelddiens en op die bring van bloedige offerhandes deel en begerig is om meer van die godsdiens van die Christene te wete te kom. (Vergelyk *Ad Diognetum* I, 1-2; II, 1; IV, 6; X, 13.)

Die leser word in hoofstuk I as *κράτιστε Διόγνητε* aangespreek. Hy behoort sonder twyfel tot die heidene ¹. by wie teen die einde van die tweede eeu 'n ernstige verlangete na religieuse waarheid bestaan het. Diognetos se vrael raak die sentrale probleme aan wat deur die koms van die christelike geloof na vore gebring is: In watter God glo die Christene en hoe vereer hulle Hom? Hoe is dit dat hulle die wêreld versak en die dood minag, ensovoorts (vergeelyk Hoofstuk I, 1 van die *Ad Diognetum* vir die res van die vrael).

Dit is moeilik om vas te stel of daar direkte literêre ooreenkomste tussen die *Ad Diognetum* en ander vroeë Christelike geskrifte bestaan. Geffcken ². wys byvoorbeeld op saaklike ooreenkomste tussen Irenaeus (*haer.* IV, 37, 1) en *Ad Diognetum* VII, 4, asook tussen Klemens Alexandrinus (*Protrektikos* IX, 82,2) en *Ad Diognetum* IX, 2. Brändle ³. wys tereg daarop dat die ooreenkomste te algemeen is om beïnvloeding af te lei.

1. Vergelyk O'Nielle, J.G., The Epistle to Diognetus, IER, 1956, pp. 29-106.

Eltester, op. cit., p. 288.

2. Geffcken, J., Zwei griechische Apologeten, Leipzig-Berlin, 1907, p.349.

3. Brändle, op. cit. p. 18

Daar word ook soms gewys op die gedeeltelike ooreenkoms tussen die apologetiese motiewe van die *Ad Diognetum* enersyds en die apologie van Aristides¹ en die Kerugma Petri² andersyds. Daar moet egter in gedagte gehou word dat hierdie motiewe 'n lang geskiedenis het. Die Christelike apologetiek het voortgebou op die Joodse, veral op dié van Josephus en Philo.³ Daarby het die Christene in hulle bestryding van die heidendom ook argumente gebruik wat in die Griekse filosofie teen die Homeriese veelgodedom ontstaan het. Op 'n vroeë stadium het bepaalde motiewe vasgestaan. Ook die apologie se bouvorm was vroeg reeds geskematiseer. Reeds in die oudste Christelike apologie, die Kerugma Petri, was daar waarskynlik die volgende volgorde van die tipiese apologetiese τόποι:⁴

1. Die heidense godsdiens (Fragm. III).

2. Die Joodse godsdiens (Fragm. IV).

3. Die positiewe voorstelling van die Christelike geloof (Fragm. V-X).

Hierdie volgorde het ingeburger geraak in die Christelike apologetiek:⁵

-
1. Vergelyk Krüger, G., Aristides als Verfasser des Briefes an Diognet, ZWTh, 1894, pp. 206 - 223.
 2. Vergelyk Reagan, J.M., The Preaching of Peter: the Beginning of Christian Apologetic, Chicago, 1923, p. 38.
 3. Vergelyk Friedländer, M., Geschichte der jüdischen Apologetik als Vorgeschichte des Christentums, Zürich, 1903, en Krüger, P., Philo und Josephus als Apologeten des Judentums, Leipzig, 1906.
 4. Vergelyk Brändle, op. cit., p. 19.
 5. Vergelyk die volgorde in die apologie van Aristides en die werke van Justinus.

Ad Diognetum het 'n soortgelyke ordening:

| | | |
|-----------------|---|---|
| Diogn. I | : | Inleiding |
| Diogn. II | : | Die heidense godsdiens |
| Diogn. III - IV | : | Die Joodse godsdiens |
| Diogn. V - X | : | Die positiewe voorstelling van die christelike geloof. |

Harnack ^{1.} en Molland ^{2.} wys op 'n soortgelyke volgorde in Joh. 4: 21 e.v. Reeds hier begin die driedeling: Heidene (Samaritane) - Jode - Christene. Die heidene en die Jode vereer God nie werklik nie, die Jode ongeag hulle regte Godskennis. Alleen die Christene doen dit op die regte manier.

Indien die *Ad Diognetum* as 'n apologeties-protreptiese geskrif in sy doel wil slaag, naamlik om effektief te verdedig en aan te spoor, sal die teks aan die vereistes wat vir teksvorming gestel word, moet voldoen, byvoorbeeld duidelikheid, geloofwaardigheid, paslikheid, ensovoorts. Daarby sal die gekose stylmiddele moet meewerk om daardie stylkenmerke na vore te bring wat inpak en appél sal verseker. In hierdie studie sal gepoog word om die stylmiddele van die *Ad Diognetum* bloot te lê en vas te stel wat die funksies daarvan is.

1. Harnack, A., Mission und Ausbreitung des Christentums in den ersten drei Jahrhunderten, Leipzig, 1924, p. 263. (Bd. I).

2. Molland, op. cit., pp. 296 ev.

4. Stylmiddele. ¹.

Die taalstyl, as onderwerp van die stilistiek, word gekenmerk deur talle karakteristieke elemente bekend as stylmiddele. In 'n stilistiese analise sal die stylmiddele uitgelig moet word en die funksie en werking daarvan aangetoon moet word.

Voordat die metode van stylondersoek bespreek word, word die begrip "stylmiddele" nader omskryf en 'n kort oorsig van die moontlike gebruike daarvan gegee.

4.1. Die begrip stylmiddel. ¹.

Wat onder "stylmiddel" verstaan word, hang af van die begrip van styl wat as grondslag geneem word. Word daar van 'n stylopvatting uitgegaan wat prinsipieël alle taalkundige eenhede insluit, sal mens nie net die besondere of net die retories-belangrike taalelemente in berekening neem nie, maar "alle zur Erreichung bestimmter Stilwirkungen eingesetzten Ausdrucksmittel und -kombinationen." ².

Of 'n taalkundige element as 'n stylmiddel beskou moet word of nie sal daarvan afhang of dit 'n bepaalde stylwaarde of -werking het. Zmijewski ³. tref die volgende onderskeid tussen die twee begrippe:

Stylwaarde behels die uitwerking wat 'n taalkundige uitdrukkingsmiddel verkry

1. My bespreking van die stylmiddele steun hoofsaaklik op Zmijewski, op. cit., pp. 49-72, se behandeling daarvan.

2. Zmijewski, op. cit., pp. 49-50.

3. Ibid, p.50.

as dit in 'n teks gebruik word. *Stylwerking* daarenteen, is die bepaalde effek wat 'n stylmiddel op die hoorder of leser het. As verskillende stylmiddele enerses stylwaarde vertoon in 'n teks en as daar enerses bedoelinge mee gepaard gaan, dan vertoon die stylmiddele 'n bepaalde kenmerkende trek. Styl as 'n eenheidsfaktor¹ word eers werklik gerealiseer deur telkens voorkomende styltrekke.

Sou daar gevra word na waar die taalvormingsmoontlikhede aan die hand van stylmiddele in 'n teks kan voorkom, moet die antwoord wees dat daarmee rekening gehou moet word op alle vlakke van teksvorming. Dit geld dus nie net die groter vlakke van tekseenheid nie, maar ook die sins- en woordvlakke. Weliswaar is stilistiese gegewens oorwegend teksgegewens. Elke teks bestaan egter uit kleiner eenhede soos die sin waarop die meeste stilistiese gegewens betrekking het. Net so ook word woorde as die kleinste klank- en betekenis-eenhede as middele by taalvorming gebruik.

Die volgende oorsig van Zmijewski, geensins volledig nie, toon aan watter effek die stylmiddele op die verskillende vlakke (dié van die woord, sin en teks) kan hê.

4.2. Stylmiddele op sinsvlak.

Op sinsvlak is daar die volgende stilistiese vormingsmiddele:

1. Vergelyk p. 10 hierbo.

1. dié wat tuishoort op die vlak van die sinsbou, naamlik sinslengte en -tipe, struktuur en sintaksis, en
2. die grammatiese uitdrukkingsmiddele, dit wil sê veral die middele wat verkry is deur die variasie van die moontlikhede wat die grammatiese kategorieë bied.

4.2.1. Sinslengte en sinstipe.

Wat *sinslengte* betref, kan daar tussen drie soorte sinne onderskei word, naamlik die kort sin, die sin van middelmatige lengte en die lang sin.¹

Karakteristiek van die kort sin is dat dit meestal gebruik word om die essensie van die inligting oor te dra. Dit kan struktureel met gemak oorskou word en is gewoonlik maklik verstaanbaar. Dit kan die seggingskrag verhoog en ook aangewend word om die indruk van haas en beweging te skep.

Die sin van middelmatige lengte word in die meeste tale gebruik vir gewone kommunikasie, aangesien dit steeds met gemak oorskou kan word en omdat dit heelwat informasie binne 'n bevatlike afgeronde eenheid kan bied.

Die langer sin word gewoonlik nie gebruik om alledaagse inligting oor te dra nie, maar veral vir gedagte-inhoude en wetenskaplike betoë. Dit stel die skrywer in staat om sy informasie presies en omvattend daar te stel.

Stilisties kan die langer tipe sin byvoorbeeld die indruk van rustigheid en gelatenheid na vore roep.

1. Vergelyk Zmijewski, op. cit., p. 21 vir 'n nadere omskrywing van die verskillende sinslengtes.

Daar kan geen algemene reëls opgestel word vir die drie sinstipes nie. Die skrywer wat bewustelik en sorgvuldig vergestaltung gee aan sy taal, sal noukeurig moet ondersoek watter sinslengte om te gebruik en hoe hy dit as 'n stylmiddel in sy werk wil invoeg.

Wat die *sinstipe* betref, kan daar onderskei word tussen die sin waarmee 'n stelling of bewering gemaak word (wat beskou kan word as die grondtipe van die "sachlich-nüchterne Mitteilungssatz" ^{1.}), die sin waarmee 'n uitroep gemaak word, dié waarmee 'n bevel gegee word en tenslotte, die sin waarmee 'n vraag gestel word.

Ook die sinstipes het hulle besondere funksies.

Die sin waarmee 'n stelling of bewering gemaak word kan, hoewel glad nie altyd nie, die indruk skep van saaklikheid en rasionaliteit.

Die uitroepsin, waarvan emosionaliteit 'n kenmerk is en in kort sinne voorkom, kan die ekspressiwiteit van die taal bevorder en dui dikwels op 'n besondere gemoedsgesteldheid by die skrywer.

Die sin waarmee 'n bevel gegee word (waaronder ook smeekbede, eise, wense en versoeke gereken word) formuleer wilsuitinge (byvoorbeeld 'n versoek van die skrywer aan sy lesers).

'n Sin waarmee 'n vraag gestel word, dui die "Offenheit einer Situation an und fordert zur Klärung in einer Antwort oder zumindestens zur Suche danach auf." ^{2.}

1. Vergelyk Sowinski, op. cit., p. 105.

2. Ibid, p. 109.

Die vraagsin besit 'n verskeidenheid van funksies. Deur 'n vraag kan die leser byvoorbeeld self by die gebeure betrek word. Dit kan die lewendigheid van 'n vertelling verhoog, spanning skep, dramatiseer en so meer.

Wat sowel die sinslengte as sinstipe betref, kan die funksie(s) daarvan eers vasgestel word binne die raamwerk van die groter konteks. Die voorliefde vir bepaalde sinslengtes en sinstipes kan ook lig werp op die individualiteit van die skrywer.

4.2.2. Sintaksis en struktuur.

Die stylmiddele wat die sintaksis en struktuur van 'n sin dek, is talryk.

Van stilistiese betekenis is die gevalle waar die basiese vorme ^{1.} van die sin verander word. Daar kan vier soorte veranderinge onderskei word, naamlik reduksievorme, uitbreidings, onderbrekings en omvorminge van die sinsboutipe.

Onder reduksievorme word verstaan daardie sinne (of sinsdele) waarby ten minste een verpligte sinsdeel (byvoorbeeld die predikaat) ontbreek sodat die sin "onvolledig" is. Onder die bekendste en mees benutte stylmiddele van die antieke retoriek geld byvoorbeeld die elleipsis ^{2.}, aposiopêsis ^{3.} en zeugma. ^{4.}

-
1. Onder "basiese vorme" word verstaan die sintaktiese grondstrukture wat 'n sekere hoeveelheid verpligte sinsdele (byvoorbeeld subjek, predikaat, objek) bevat.
 2. Vergelyk Lausberg, Elemente, parr. 317-319.
 3. Ibid, parr. 319, 411.
 4. Ibid, parr. 320-326 (vergelyk sy drieledige onderskeiding by die zeugma).

Die funksies van die reduksievorme se stylmiddele is veelvuldig.

'n Elleipsis kan byvoorbeeld dui op 'n strewe na bondigheid of dien om 'n uitdrukking te versterk. 'n Aposiopêsis kan onder andere opwinding of huiwering, verleentheid of versigtigheid by die skrywer of spreker aandui. Dit kan verder 'n gevoel van afwagting by die leser skep. Dit kan die weggelate sinsdeel beklemtoon of die effek verhoog van die informasie wat volg. 'n Zeugma beklemtoon gewoonlik die weggelate sinsdeel. Dit kan egter ook die eenheid van die gebruikte sinsdele beklemtoon.¹

As teendeel van die reduksievorme geld die uitbreidings op die grondvorme. Die uitbreidings kan óf in die nominale óf in die verbale deel van die sin voorkom, óf in beide. In die nominale deel dien die lidwoord, adjektiewe en preposisionele frases as voorbeelde. In die verbale gedeelte van die sin kan óf substantiwiese óf nie-substantiwiese uitbreidings voorkom.

Soos dit by reduksie die geval is, behoort ook die verskillende vorme van uitbreiding afsonderlik, soos wat hulle in 'n bepaalde konteks voorkom, beoordeel te word. 'n Sinvolle gebruik van die uitbreidings kan die verstaanbaarheid, sowel as die kommunikatiewe krag van 'n sin verhoog. Wanneer die sin egter te swaar met uitbreidings belaaï word, kan dit die teenoorgestelde uitwerking hê.

1. Sien Zmijewski, op. cit., pp. 53 – 54 vir verdere funksies.

Onder die bekendste onderbrekings in 'n sin tel die prolêpsis ^{1.}, anakolouthon ^{2.} en parenthese. ^{3.} Vanweë die ongewone karakter daarvan is hulle gewoonlik baie kragtige stylmiddele. Die saak waarop by prolêpsis gesinspeel word, of die informasie wat volg, kry besondere klem. Anakolouthon is stilisties relevant as dit vanweë die ongewone aard daarvan die leser se aandag trek. 'n Parenthese kan byvoorbeeld gebruik word om 'n mededeling te laat uitstaan, te verduidelik of te korrigeer.

Vanselfsprekend is ook die sinsvorm wat gebruik word van stilistiese betekenis. Die enkelvoudige sin is byvoorbeeld effektief waar inligting saaklik en op die man af moet wees. Die saamgestelde sin met onderskikkende sinsverband gee gewoonlik die gedagtesamehang effektief weer en is steeds bevatlik vir die begripsvermoë. Periodiese sinsbou word meestal gebruik waar die skrywer trag om spanning te laat opbou tot 'n punt. ^{4.}

Dat die woordorde van 'n sin stilisties van betekenis is, behoef geen betoog nie. In Grieks staan die woord of woordgroepe aan die begin of einde van 'n sin gewoonlik in beklemtoonde posisies. Dit geld veral by stylmiddele wat gebruik word om herhaling mee aan te dui, soos anaphora ^{5.}, antistrophê ^{6.}, sumplokê ^{7.} en kuklos. ^{8.}

-
1. Vergelyk Lausberg, Elemente, op. cit., par. 316.
 2. Vergelyk Blass, F., Debrunner, A., Funk, R.W. A Greek Grammar of the New Testament, Chicago-London, 1975, parr. 466-470.
 3. Vergelyk Lausberg, Elemente, op. cit., par. 414.
 4. Vergelyk Zmijewski, op. cit., p. 56 vir voorbeelde van periodes en ander tipe sinne met 'n negatiewe styleffek.
 5. Vergelyk Lausberg, Elemente, op. cit., par. 265.
 6. Ibid, par. 268.
 7. Ibid, par. 271.
 8. Ibid, par. 261.

Tot die sintakties-strukturele vergestaltingsmiddele behoort verder stylfigure soos die parallelisme ^{1.}, chiasme ^{2.}, hyperbaton ^{3.}, anastrophê ^{4.} en hysteron proteron ^{5.} Die parallelisme en chiasme het gewoonlik duidelikheid, aanskoulikheid en teksbinding tot gevolg. Hyperbaton en anastrophê daarenteen versteur die orde. Hierdie stylfigure bemoeilik verstaanbaarheid en kan as verskynsels van *obscuritas* geld. Dit kan ook die leser se aandag op die semantiese inhoud van 'n gedeelte vestig.

4.3. Stylmiddele op grammatikale vlak.

Ook op die gebied van die grammatika bestaan daar moontlikhede vir uitdrukkingsvariasie. Dit gaan hier veral om vervoeging (of verbuiging), of die afwisselingsmoontlikheid met betrekking tot grammatiese kategorieë, soos die woordsoorte en tempus-, modus- en genera verbi-vorms by die werkwoord, sowel as getal en naamval by selfstandige naamwoorde.

As hoofwoordsoorte geld die werkwoord, naamwoord en adjektief. Hierbenewens bestaan daar nog 'n reeks ander woordsoorte soos bywoorde, lidwoorde, voornaamwoorde, voegwoorde, voorsetsels, telwoorde en interjeksies.

Stilisties is veral van belang die keusemoontlikhede op die gebied van die drie hoofwoordsoorte.

-
1. Norden, E., Agnostos Theos, Darmstadt, 1971, 260.355-366.
 2. Vergelyk Lausberg, Elemente, op. cit., par. 392, en Kühner, R. - Gerth, B. Ausführliche Grammatik der griechischen Sprache, Satzlehre I-II, Hannover, 1955, p. 603.
 3. Vergelyk Lausberg, Elemente, op. cit., par. 331.
 4. Ibid, par. 330.
 5. Ibid, par. 413.

Werkwoorde, sê Sowinski "erfassen die aussersprachliche Wirklichkeit als Geschehen oder Sein sowie unter den grammatischen Kategorien der Personalität, der Zeitlichkeit, der Wirklichkeit oder Möglichkeit, der Momentanität oder Dauer, Intensität und Wiederholung." ¹. Selfstandige naamwoorde "nennen und benennen Einzelheiten der Wirklichkeit als Gegenstände oder begriffliche Einheiten im Rahmen der Kategorien von Zahl und grammatischem Geschlecht sowie in der variablen Beziehung zu anderen Wortarten, besonders zum Verb. ². Adjektiewe "spiegeln die Stellungnahme eines Sprechers zu den Wesen oder Dingen (Substantiven), zum Sein oder Geschehen (Verben), zu Eigenschaften selbst (Adjektiven oder Partizipien) oder auch zu Umständen (Adverbien) in der Form von Urteilen, Charakterisierungen oder bloss registrierenden Kenntnismnahmen, in bestimmten Fällen auch unter der Kategorie der Steigerung bzw. des Vergleichs(Komparation)." ³.

Die moontlikheid bestaan om tussen hierdie drie woordsoorte te kies wanneer daar oor enerse sake geskryf word. Die keuse wat die skrywer uitoefen, sê Zmijewski, ⁴. verraaï sy perspektief op hierdie dinge. Verkies hy oorwegend die verbale uitdrukkingsvorm dan wil hy veral die gebeure of toestand rakende 'n persoon of saak beklemtoon. Kies hy oorwegend die nominale uitdrukkingsvorm dan wil hy die verskynsel self, die wese daarvan belig. Word die adjektiewiese uitdrukkingswyse gekies, wil die skrywer 'n sekere beoordeling in verband met 'n persoon of saak doen. Die veelvuldige

1. Sowinski, op. cit., p. 191.

2. Ibid.

3. Ibid.

4. Zmijewski, op. cit., p. 58.

of spaarsamige gebruik van een of meer van bogenoemde woordsoorte stel 'n analis in staat om 'n teks te tipeer, asook om die voorkeure van 'n skrywer aan te toon.

Stilistiese keusemoontlikhede word natuurlik ook deur die ander woordsoorte aan 'n skrywer gebied, byvoorbeeld die voorliefde by 'n skrywer om selfstandige naamwoorde met voornaamwoorde te vervang ten einde 'n herhaling van eersgenoemde te voorkom. Net so ook: as dieselfde preposisies of voegwoorde in 'n teks sintakties of semanties verskillend aangewend word, sal dit sonder twyfel stilisties relevant wees.

Nie alleen die afwisseling tussen woordsoorte self nie, maar ook dié tussen die grammatiese kategorieë geld as stylmiddel.

By die werkwoord kan daar tussen verskillende tempora gekies word.¹ Die voorkoms van verskillende temporele vorms binne dieselfde sin of paragraaf kan stilisties relevant wees. Die vraag kan byvoorbeeld gestel word waarom 'n skrywer soms plotseling in sy vertelling die aoristusvorms met 'n enkele perfektum, of 'n historiese praesens afwissel.

Hoewel daar by die gebruik van die modi in Grieks vaste reëls bestaan, kan die skrywer binne die raamwerk van hierdie beperkinge tog ten opsigte van die modi bepaalde keuses uitoefen. Hy kan vir sy mededeling die indikatief kies as hy 'n stelling wil maak, of die subjektief as die mededeling 'n hipotetiese karakter moet aanneem.

1. Vergelyk Weinrich, H., Tempus. Besprochene und Erzählte Welt, Stuttgart, 1971, vir die tempora met hulle betekenis.

Die genera verbi in Grieks (die aktief, passief en medium) het ook hulle bepaalde funksiemoontlikhede. 'n Voorliefde vir die aktief kan byvoorbeeld daarop dui dat 'n skrywer graag sy handelende persone op die voorgrond plaas, terwyl die passief hulle op die agtergrond stel. Daarenteen kan 'n gereelde afwisseling tussen die genera verbi in 'n sin voorkom, moontlik om "einen Aussagezusammenhang unter möglichst vielen Blickweisen darzustellen." ¹.

Ook ten opsigte van die getalsaspek en persoonsvorme van die werkwoord kan die spreker kies. Hy kan vir sy mededeling óf die enkelvouds- óf die meervoudsvorm gebruik. Verder staan dit hom vry om óf die vertroulike ek-vorm óf die onpersoonlike hy-vorm, of beide in sy teks te gebruik.

Die variasiemoontlikhede op die terrein van die naamwoord behels veral die naamvalsverbuiginge, asook die getals- en geslagsaspek daarvan.

In plaas daarvan om byvoorbeeld na 'n bepaalde werkwoord die akkusatief te laat volg, kan 'n skrywer 'n preposisie gebruik wat deur 'n ander naamval as die akkusatief gevolg word. Wat die getalsaspek van die naamwoord betref, kan die skrywer in plaas van die gebruikelike meervoud die kollektiewe enkelvoud gebruikter wille van afwisseling. Net so kan 'n skrywer onder bepaalde omstandighede in plaas van die manlike of vroulike, die onsydige vorm gebruik "wenn es nicht auf Individuen, sondern auf eine generelle Eigenschaft ankommt." ².

1. Vergelyk Zmijewski, op. cit., p. 60.

2. Vergelyk, Blass, Debrunner, Funk, op. cit., par. 138.1.

4.4. Stylmiddele op woordvlak.

Woorde geld veral vanweë hul semantiese funksies ook as stylmiddele.

Die stilistiese aanwending van woorde op semantiese vlak hang ten nouste saam met die aanwending daarvan op grammatikaal-sintaktiese vlak.

Die aanwending op semantiese vlak is egter groter vanweë die talryke woorde in 'n taal. Hier is meer moontlikhede en uitdrukkings af te wissel as by die getal sintaktiese strukture van 'n teks.

4.4.1. Woordsoorte.

Elke woordsoort kom vanweë sy besondere semantiese aard stylwaarde toe.

Die gebruiksmoontlikhede van die selfstandige naamwoord is veelvuldig.

Baie konkrete selfstandige naamwoorde in 'n teks lei tot verhoogde aanskoulikheid en duidelikheid. Baie verkleinwoorde verminder die kragtigheid waarmee 'n skrywer kommunikeer, ensovoorts.

'n Verbale styl is geskik om toestande, gebeurlikhede, omstandighede of ontwikkelinge onder woorde te bring. Adjektiewe kan gebruik word om te karakteriseer, te beoordeel of te verklaar en bywoorde om te beperk of te versterk, uit te brei, te differensieer, te determineer of te relativer. Die bepaalde lidwoord het 'n heenwysende of individualiseerde betekenis. By die persoonlike voornaamwoorde word die eerste persoon veral gebruik vir persoonlike belewenisse, die tweede persoon vir dialoog en die derde persoon vir verhalende tekste. Voegwoorde en preposisies het vir die semantiese struktuur besondere betekenis in soverre die samehang tussen die eenhede daardeur uitgewys word.

Hierdie is slegs enkele voorbeelde om aan te dui dat woordsoorte as styl-middele kan geld. Vanselfsprekend het elke woordsoort meer stilistiese funksiemoontlikhede as wat vermeld is. Die konteks waarin 'n woord voorkom, sal telkens bepaal watter funksie of funksies daarvan deur die skrywer tot uitdrukking gebring word.

4.4.2. Woordeskat.

Nie alleen die woordsoorte het bepaalde stilistiese funksies nie, maar ook die algemene of besondere woordeskat van 'n skrywer. Sy keuse en aanwending van woorde is van besondere stilistiese betekenis.

'n Skrywer kan woorde of uitdrukkings uit die alledaagse spreektaal benut waar dit gaan om ongedwongenheid of vertroulikheid. Die aanwending van krasse woorde en vulgêre uitdrukkings kan die gevoelstoestand van die gebruiker daarvan verrai. Vreemde woorde of leenwoorde uit 'n ander taal kan funksioneel wees waar die skrywer byvoorbeeld dit wat onbekend of vreemd is tot uitdrukking wil bring. Argaïsmes kan betekenisvol aangewend word waar daar oor die oudheid gehandel word. Verder kan 'n skrywer hom van spesiale vakterme bedien, byvoorbeeld van religieuse terminologie as hy oor 'n godsdienstige onderwerp skryf. Hy kan ook doelbewus kies uit die woordeskat van sy adressate ten einde kommunikasie te bevorder om sodoende hulle opvattinge te steun of te weerlê.

4.4.3. Woord en beeld.

Verskeie stylfigure werk mee om die styl van 'n skrywer beeldryk te maak. Die vernaamste is die periphrasis, sunekdochê, antonomasia, emphasis, litotes,

hiperbool, metonumia, metaphora en ironie.

Periphrasis, wat dikwels ter wille van duidelikheid gebruik word, geld daar waar met 'n omhaal van woorde iets gesê word wat met minder woorde gesê kan word.

Sunekdochê geld daar waar 'n gedeelte van 'n saak vir die geheel gebruik word of omgekeerd, die meervoud vir die enkelvoud gebruik word of omgekeerd, en so meer.

Antonomasia is die periphrasis van 'n eienaam. Die omskrywing is gewoonlik 'n tipiese eienskap van 'n betrokke persoon. Dit kan onder andere gebruik word om te tipeer of om 'n bepaalde eienskap te beklemtoon.

Deur emphasis sê die skrywer meer as bloot die letterlike betekenis van die woorde. Hierdeur wil hy die aandag op die eintlike betekenis van die woorde vestig.

Litotes stel 'n saak deur die negatief van die teenoorgestelde. Hierdeur kan 'n saak sterker of swakker gestel word as wat dit is, maar die betekenis bly dieselfde.

Die hiperbool is 'n oordrywing van die waarheid, hetsy deur te vergroot, hetsy deur te verklein.

By metonumia word die bedoelde woord vervang met een wat nou verwant is daaraan, byvoorbeeld iets groters word met iets kleineres vervang of omgekeerd. Die uitvinder kan met sy produk vervang word of omgekeerd, en so meer.

Die metafoor geld waar 'n woord wat een saak be-teken vir die be-tekening van iets anders gebruik word op grond van ooreenkoms tussen die twee sake. Afhangende van die verband kan die metafoor, en verwante figure soos die vergelyking, allegorie en simbool, gebruik word ter wille van duidelikheid, bondigheid, om te vergroot of te verklein, te versier of om 'n gedagte uit te druk wat om bepaalde redes nie letterlik gestel kan word nie.

Deur ironie word presies die teenoorgestelde gesê van wat bedoel word. Dit kan bloot dien om te relativeer, of om te parodieer, of dit kan vir satiriese doeleindes aangewend word.

4.4.4. Woordkombinasie.

Aangesien die taal nie slegs uit enkel-woorde bestaan nie, maar ook saam-gestel is uit baie kombineerbare morfologies-sintaktiese eenhede, geld ook sekere woordkombinasies as stylmiddele. Sodanige kombinasies word veral aangetref by 'n gedagte-paradoks, 'n figuur waarin die hoofwoorde mekaar eintlik uitsluit, maar in hulle samevoeging 'n diepere waarheid openbaar. Paradoks kan saam met verskeie woord- en gedagtefigure voorkom, naamlik by bepaalde vorms van antitese (byvoorbeeld oxymoron en zeugma) en woordspel.

Antitese bestaan uit die "Gegenüberstellung zweier ... Gedanken (res) beliebigen syntaktischen Umfangs." ¹. Die plasing van polêre sinne, woordgroepe en enkel-woorde teenoor mekaar is 'n gewilde uitdrukkingsvorm van spanningsbelaaide tekste of tekste met 'n weloorwoë gedagte-inhoud.

1. Vergelyk Lausberg, Elemente, op. cit., par. 386.

Dit kom in talryke variasies ^{1.} voor, soos by oxymoron. Hier word "zwischen den antithetischen Gliedern ein intellektuelles Paradox konstituiert" ^{2.} Agter die klaarblyklike teenstelling skuil dikwels 'n diepere waarheid. Ook die semanties-gekompliseerde zeugma ^{3.}, wat dien as verbinding van semanties-ongelyksoortige sinsdele, stel dikwels 'n (antitetiese) paradoks daar.

Hierdie feit geld ook vir talle gevalle van woordspel, dit wil sê vir "Figuren, bei denen vertraute Wörter und Wendungen so abgewandelt werden dass die Bedeutung sich verändert, aber eine Ähnlichkeitsbeziehung der Wortkörper erhalten bleibt."^{4.} Die eenvoudigste vorms van woordspel is die poluptoton ^{5.} en die figura etymologica ^{6.} waarby die veranderinge wat intree nie die betekenis wesentlik verander nie, maar hoofsaaklik "der Intensivierung der semantischen Kraft dient."^{7.}

As eintlike woordspel geld die verskillende vorms van paronomasia waar dit gaan om "ein die Wortbedeutung betreffendes Wortspiel das durch die Änderung eines Teils des Wortkörpers entsteht, wobei häufig einer nur geringfügigen Änderung des Wortkörpers eine überraschende ('verfremdende...'), paradoxe Änderung der Wortbedeutung entspricht". ^{8.} Woordspel word as stylmiddel dikwels in ironies-satiriese tekste aangetref. Ons vind dit

1. Lausberg, Elemente, op. cit., parr. 387-392.

2. Ibid, par. 389.3.

3. Ibid, par. 325.

4. Zmijewski, op. cit., p. 69.

5. Lausberg, Elemente, op. cit., par. 280.

6. Ibid, par. 281.

7. Zmijewski, op. cit., p. 69.

8. Lausberg, Elemente, op. cit., par. 277.

ook daar waar dit vir die skrywer of sy adressate gaan om belangrike sleutelwoorde wat deur hulle heropname in gevarieerde vorm besondere klem verkry.

4.5. Die meéwerking van die stylmiddele in die teks.

Hoewel die meeste stylmiddele betrekking het op die gebied van die woord of sin kan hul funksies eers werklik bepaal word uit hul aanwending en meewerking in die groter tekseenhede waarin hulle voorkom.

As die stylmiddele op die regte manier in die teks ingevoeg en gekombineer word, dra hulle daartoe by dat die teks beantwoord aan die vereistes wat vir teksvorming gestel word. Hierdie prinsipes sluit in: ¹.

1. Konsekwentheid, nie alleen wat die gedagtegang betref nie, maar ook waar dit die logiese verknoping van enkelsinne en woorde aangaan.
2. Duidelikheid, wat onder andere die ordening van die stof, die inkleding van die sinne, die balans tussen inhoud en taalvorm, en die woordeskat behels.
3. Aanskoulikheid, waar dit byvoorbeeld gaan om die differensiering en versterking van verbale uitdrukkingsvorme, beeldryke taalaanwending, vermyding van veralgemenings, invoeging van die nodige spannings- en dramatiseringsmiddele, en so meer.
4. Herhaling en variasie, wat daartoe lei dat nou herhalingsfigure gebruik word en dan weer 'n afwisseling van uitdrukkings en vorme voorkom.
5. Paslikheid of geskiktheid, wat daarin bestaan "dass das

1. Zmijewski, op. cit., pp. 70 - 71.

Verhältnis des Aussageinhalts (der Information) zu der Aussageform durch darstellerische und sprachliche Mittel adäquat wiedergegeben wird." ¹.

6. Behendigheid, wat 'n vloeiende styl, geskikte verspreiding van die stof, korrekte benutting van die linguistiese uitdrukkingsmiddele insluit.
7. Eenheid, waar dit gaan om die deurlopende eenheid van die stilistiese middele wat in die teks gebruik word, om die handhawing van die gekose stylvorm en -vlak en om die verwydering van elke stylbreuk wat vanweë nalatigheid voorkom en nie funksioneel is nie.
8. Geloofwaardigheid, dit wil sê wanneer die taal daarin slaag om te oortuig, met inagneming van die feit dat die taal ook stilistiese middele ken wat die een ding sê, maar die ander bedoel, soos ironie.

By al hierdie prinsipes gaan dit nie soseer oor funksioneel gerigte vormingsreëls nie, maar veral om "inwendige" eienskappe en vereistes wat die samestelling van 'n teks stempel om so sy eiesoortigheid en werking te bepaal.

In 'n teks wat volgens hierdie beginsels gevorm is, kom verskillende stylmiddele voor wat dieselfde of ongeveer dieselfde stylwaarde besit. In hul meewerking vertoon hulle bepaalde trekke wat vir die styl van die teks van belang is. Zmijewski ². noem die volgende belangrike stylkenmerke en die stylmiddele wat daarmee gepaard gaan:

1. Zmijewski, op. cit. p. 70.

2. Ibid, pp. 70 — 71.

1. Bondigheid. Dit gaan hier om die verwydering van oorbodige of nie ter saaklike gegewens, die gebruik van kort sinne, bondige mededelings, gedrongenheid en ekonomiese taalgebruik.
2. Omslagtigheid. Hier word van stylmiddele gebruik gemaak waardeur die taal uitgerek word, byvoorbeeld deur die invoeging van onbelangrike woorde en gedagtes, te lang en onoorsigtelike sinne, ensovoorts.
3. Ewewigtigheid. Dit gaan hier om die eweredige verspreiding van die informasie oor die uitdrukkingsmiddele. Die gelykmatige, rustige gang word nie deur besondere spanninge, op-eenhopings of inkortings versteur nie.
4. Haas. Hier handel dit oor die inhoudelike vorm van die teks wat deur kort sinne, elleipseis, aposiopeseis, temporele bywoorde en ander stylmiddele wat die snelle afloop van 'n gebeurtenis weerspieël, verduidelik en versterk word.
5. Saaklikheid. By hierdie stylkenmerk word sover moontlik geen emosionele of persoonlik gekleurde woorde of wendinge ingevoeg nie. In plaas daarvan word stylmiddele gekies wat 'n konsentrasie op wat wesentlik is moontlik maak (byvoorbeeld 'n objektiewe wyse van formulering, die hy-styl, ensovoorts).
6. Die rasidele. Dit gaan hier om noukeurigheid van gedagte en skerpheid van uitdrukking soos die dominasie van rasidele sinsvorme en uitdrukkingswyses (byvoorbeeld abstrakte selfstandige naamwoorde, nominalisering, kousale en doelaanwysende voegwoorde en voorsetsels).
7. Sentimentaliteit. Hierdie styltrek sluit middele in wat ge-

voelsuitinge verhoog, byvoorbeeld uitroepe, wense, emosie-belaaide werkwoorde,ensovoorts.

8. Plegtigheid. Dit gaan hier veral om die gebruik van religieuse terme en 'n himnologiese (lofprysende) styl.
9. Pathos. Hierdie stylkenmerk word verkry deur die invoeging van interjeksies, uitroepsinne, vergelykings, metafore en uitdrukkingsvorme wat persoonlike belewenisse versterk.
10. Gekunsteldheid. Hierdie styltrek raak die besondere, sowel as die buitengewone by die woordeskat van 'n teks. Hiertoë kan byvoorbeeld bepaalde archaïsmes en leenwoorde uit ander tale behoort.
11. Populariteit. Dié styltrek kom tot uiting by die gebruik van alledaagse woorde en vorms, bekende beelde, maniere waarop geredeneer word, spreekwoorde en so meer.
12. Ironie. By ironie geld dié stylmiddele met die hulp waarvan die geldigheid van konvensionele middele bevraagteken word sonder om die teendeel van wat gesê is, te stel. Die gebruiklike stylmiddele by ironie sluit in onder- of oorbeklemtonings, sinspelings, omskrywings, kontradiksionele kombinasies, metonumiaë en so meer.

Hierdie stylkenmerke, hoewel geensins volledig nie, is van beslissende betekenis vir die stilistiese vorming van 'n teks, aangesien hulle "auf die Komplexität aller sprachstilistischen Einzelheiten, insbesondere auf die Zusammenhänge von Stil, Darstellungsabsicht und Textsorte sowie auf die Beziehungen zwischen dem Sprachstil und dem individuellen Darstellungsstil" ¹.

1. Sowinski, op. cit., p. 71.

betrekking het.

Tenslotte moet vermeld word dat nie in elke geval waar daar 'n bepaalde stylkenmerk ter sprake kom, gedui word op 'n sekere teks- of stylvorm nie. Dit is nie sondermeer moontlik nie, omdat tipering van teksvorme nie op normatiewe geldigheid kan aanspraak maak nie. Daarby moet gevoeg word dat 'n teks nie net een dominante stylkenmerk het nie, maar juis deur die kombinasie van verskeie stylkenmerke gevorm is.

5. Aanleiding tot en metode van ondersoek.

5.1. Aanleiding tot die ondersoek.

Uitsprake oor die literêre gehalte van *Ad Diognetum*¹ is oor die algemeen gunstig. E. Norden skryf in verband daarmee: "Von den an einzelne Personen gerichteten apologetischen Schriften ist die des Theophilos an Autolykos nach Inhalt, Disposition, Stilistik und Sprache die schlechteste, während der Brief an Diognet nach allen diesen Gesichtspunkten zu dem Glänzensten gehört, was von Christen in griechischer Sprache geschrieben ist."² H.G. Meecham beoordeel dit soos volg: "The style throughout is elegant and graceful Fitting word and phrase, an abundance of striking contrast, an arrangement orderly and concise, and a tone instinct with vigour and life - all stamp the unknown author as a man of high literary skill."³ H.I. Marrou bestempel die inhoud as: "parcelles

-
1. Die verkorte Latynse vorm van die titel van die geskrif, soos aangetref in Codex Argenteratensis graec. 9., naamlik τοῦ αὐτοῦ πρὸς Διόγνητον.
 2. Norden, E., Die Antike Kunstprosa II, (5 Aufl.) Stuttgart, 1958, p.513.
 3. Meecham, op cit. p. 13.

d'or pur qui, à elles seules, justifieraient le travail minutieux dépensé à l'étude de notre texte....."¹.

Ongunstige beoordelings kom egter ook voor. J. Geffcken weier om enige oorspronklikheid aan die outeur toe te skryf en gaan sover om hom as 'n oppervlakkige joernalis ² te bestempel, of minder anachronisties as "in Wahrheit ein christlicher Sophist" ³.

Uitsprake soos hierdie word gedoen sonder dat daar omvattende studies oor die styl van die geskrif verskyn het. Die enigste uitvoerige studies, soos dié van Meecham en Marrou (waarna op p. 31 in die voetnote verwys is), tref vergelykings met ander vroeë christelike literatuur oor die inhoud en lewer teologiese kommentaar daaroor met bondige verwysings na die styl van die geskrif.

Die *Ad Diognetum* se inhoud bly aktueel en dit geniet steeds wye belangstelling. ⁴ 'n Uitvoerige stylanalise daarvan is dus geregverdig. Dan eers kan die literêre kwaliteit na behore beoordeel word.

5.2. Metode van ondersoek.

Die onderhawige studie maak nie daarop aanspraak om alle stilistiese gegewens van die geskrif te dek nie. Die belangrikste word geselekteer en

1. Marrou, op. cit., p. 90.

2. Geffcken, op. cit., p. XLI en p. 274.

3. Geffcken, J., Der Brief an Diognetos, Heidelberg, 1928, p. VI.

4. Vergelyk Brändle, op. cit., pp. 11 - 12.

die funksies daarvan word beskryf. Die funksies is baseer op sekere fundamentele relasies wat byvoorbeeld die verhouding van die teksdele tot mekaar insluit, asook dié van die teks tot die toneelskikking (soos die deelnemers aan die diskoers). Hierdie beklemtoning van die funksies van die stilistiese tegnieke is baie belangriker as 'n blote weergawe van vormlike gegewens, want "what is important is to know how the diverse rhetorical devices contribute to the effectiveness and acceptability of a text in terms of impact and appeal."¹

Die stilistiese gegewens wat blootgelê word in die ondersoek word in terme van vier fundamentele tipes, naamlik herhalings, weglatings, onverwagte wendinge en omvang (lengte) van eenhede geklassifiseer. Verreweg die meeste stylfigure resorteer hieronder. Die onderverdelings by elk van hierdie tipes word, vergesel van 'n voorbeeld by elkeen, gegee op pp. 174 - 187 van *Style and Discourse*, terwyl 'n nuttige sinopsis net daarna gegee word². wat vir die onderhawige studie van belang is:

I. HERHALING

A. Herhaling van dieselfde vorms en dieselfde betekenis

1. Met enkelwoorde

- a) Aaneengeskakel (Anadiplosis)
- b) Nie aaneengeskakel nie.

1. Nida, Louw, Snyman en Cronjé, op. cit., p. 23.

2. Ibid, pp. 188-190.

- (i) In struktureel belangrike posisies
 - i. Verwysing na die nie-linguistiese wêreld
 - Beginposisie (Epanaphora)
 - Slotposisie (Epiphora)
 - Begin- en slotposisies in opeenvolgende sinsdele (Symplokê)
 - Volgorde AB, BC, CD ensovoorts (Klimaks)
 - Slotposisie in die vorige, en beginposisie in die volgende sinsdeel (Anastrophê)
 - Beginposisie in die vorige en slotposisie in die volgende sinsdeel (Kuklos)
 - ii. Verwysing na die linguistiese wêreld
 - Identies verbuigde vorms met dieselfde betekenis in analoë posisies (Homoioteleuton, Alliterasie)
 - (ii) In nie-struktureel belangrike posisies
 - i. Verwysing na die nie-linguistiese wêreld (Anaphora)
 - ii. Verwysing na die linguistiese wêreld (Polusundetoon)
2. Met twee of meer woorde
- a) Struktureel belangrike posisie in dieselfde teks.
 - (i) Dieselfde leksikale eenhede
 - i. Parallel (Anaphora)
 - ii. Omgekeerde parallelisme (Chiasme)
 - iii. Gemeng

(ii) Verskillende leksikale eenhede

i. Parallel (Semantiese parallelisme, Sunonumia)

ii. Omgekeerd (Semantiese chiasme)

iii. Gemeng

b) Struktureel belangrike posisie in verskillende tekste
(Emphasis)

B. Soortgelyke of identiese vorms met verskillende betekenis

1. Soortgelyke vorms met verskillende betekenis (Paronomasia)

2. Identiese vorms met verskillende betekenis (Diaphora)

3. Dieselfde lengte in opeenvolgende sinsdele, met verskillende betekenis (Isokolon)

4. Dieselfde struktuur in opeenvolgende sinsdele, met verskillende betekenis (Parison)

5. Dieselfde lengte en struktuur in opeenvolgende sinne, met verskillende betekenis (Parhomiosis)

C. Verskillende vorms met dieselfde betekenis (Pleonasme)

D. Verskillende vorms met teenoorgestelde betekenis (Antithesis)

II. WEGLATING

A. Woorde van belang vir die referensiële konteks

1. Analoë posisie

a) Dieselfde woord (Zeugma)

b) Verskillende woorde (Sullepsis)

c) Doelbewuste weglating van konsekwensie (Aposiopesis)

2. Nie-analoë posisie (Brachulogia)

B. Woorde van belang vir die linguistiese konteks

(Elleipsis en Asundetón)

C. Dieptestruktuur-weglatings

Taboe-voërms

III. VORMS WAT 'N ONVERWAGTE WENDING BEHELS

A. Onverwagte wendinge ten opsigte van woordorde

1. Ongewone posisie in 'n sinsdeel (Hyperbaton)
2. Ongewone posisie buite die sinsdeel (Prolepsis)
3. Invoeging (Parenthesis, Dihorthosis)

B. Onverwagte wendinge ten opsigte van die sintaksis

(Anakolouthon, Sunekdoche)

C. Onverwagte wendinge by stellings

1. Oënskynlike kontradiksies (Oxymoron, Paradokson)
2. Kontradiksie wat betref inhoud en intensie
 - a) Om die teenoorgestelde te sê van wat bedoel word (Eironeia)
 - b) Die doelbewuste gebruik van onderbeklemtone om die uitwerking van dit wat bedoel word, te verhoog (Litotes)
 - c) Oordrywing (Hiperbool)
 - d) Om voort te gaan ongeag van wat gesê is (Paraleipsis)

D. Onverwagte wendinge met betrekking tot die kommunikatiewe funksie

1. Die retoriese vraag (Erotema)
2. Vraag en antwoord (Dialektikon)
3. Letterlike en figuurlike betekenis (Metaphora, Metonumia, Prosopopiiia)
 - Idiome, gelykenisse, allegorieë.

E. Onverwagte wendinge wat betekenis en referent betref
(Periphrasis, Antonomasia)

IV. OMVANG VAN EENHEDE ¹.
(Gnome, aphorisme)

Van hierdie vier fundamentele kategorieë kan die eerste drie, naamlik herhalings, weglatings en onverwagte wendinge in die meeste gevalle van toepassing gemaak word op al die stilistiese vormingsmiddele. Die laaste kategorie, naamlik die omvang van die eenhede, speel vanweë die sterk retoriese inslag van die geskrif ook 'n rol in die *Ad Diognetum*.

Die funksies van die stilistiese middele en die gepaardgaande belangrikheid daarvan kan die beste verstaan word in terme van 'n aantal relasies wat deur die middele aangedui word. Die belangrikste vyf is naamlik die relasies van:

1. die dele van 'n teks tot mekaar,
2. 'n teks tot die deelnemers in die kommunikasieproses,
3. die teks tot die toneelskikking in terme van tyd, plek en lesers,
4. die teks tot die werklike lewe, en
5. die teks tot ander soortgelyke tekste.

1. Hierdie beginsel het hoofsaaklik betrekking op poësie waar die beperking van die sinslengte 'n belangrike faktor is. Aspekte in verband met die relatiewe sinslengte is egter ook van belang by sekere stylfigure soos spreuke, raaisels en aphorismes. Bondigheid word hier nie verkry deur die weglating van sekere leksikale eenhede nie, maar deur die oorbring van die maksimum inligting deur 'n minimum van leksikale eenhede.

In die onderhawige studie sal die eerste vier relasies ter sprake kom. Die vyfde soort, naamlik die relasie van die teks tot soortgelyke tekste word buite rekening gelaat aangesien daar reeds navorsing in hierdie verband bestaan. ¹.

Die eerste soort relasie, naamlik dié van die teksdele tot mekaar, het basies met kohesie te make. Daar sal getrag word om aan te toon hoedat dit bewerkstellig word deur aspekte soos: die herhaling van leksikale eenhede of sintaktiese strukture, parallelismes, tegnieke om op die voor- of agtergrond te plaas, woordspel en die herhaling van sekere inhoudes.

Die tweede soort relasie, naamlik dié van die deelnemers in die kommunikasieproses het basies met intensie of oogmerk te doen. Die relasies wat hier geld, kan die beste beskryf word aan die hand van wat tradisioneel die funksies van kommunikasie genoem word: ekspressief, kognitief, egosentriek, informatief, imperatief, performatief, emotief en faties. ².

Die derde soort relasie is dié van die teks tot die toneelskikking. Dit berus op die vrae hoe gedetailleerd die taal ingeklee is, hoe goed ken die deelnemers mekaar, en hoe bekend of onbekend is hulle omstandighede. As die deelnemers mekaar goed ken, is dit immers nie nodig om die besonderhede uit te spel nie. Trouens, dan is weglatings gepas.

Ten opsigte van die relasie van die teks tot die werklike lewe geld daar

-
1. Vergelyk die kommentaargedeeltes en/of die voetnote in die aangehaalde werke van Meecham en Marrou, asook Klijn, A.F.J., Apostolische Vaders, Vol. 3., Baarn, 1967.
 2. Vergelyk Nida, et. al. op. cit., pp. 46-48 vir 'n beskrywing van hierdie terme.

drie belangrike dimensies: werklik/onwerklik, faktief/fiktief en waar/onwaar. Gaan dit in die *Ad Diognetum* oor die wêreld wat ons ken, of oor een wat die produk van die skrywer se verbeelding is? Hoe sterk figureer faktiewe en fiktiewe elemente in die werk? In hoeverre kan die geskrif aanspraak maak op die waarheid?

Die stilistiese analise van *Ad Diognetum* word gedoen aan die hand van 'n aantal kleinere konstituerende elemente. Ek beperk my tot woorde, nukleêre strukture, kola en perikope, aangesien die stylgewingsproses hier verreweg die grootste is.

Die kolon ¹ is 'n sin, 'n taaleenheid wat gebou is op die basiese TG-model $S = N + V$ met of sonder toevoegings in die nominale en/of verbale dele. Die kolon blyk 'n baie effektiewe taaleenheid te wees, veral by strukturele analises van diskursiewe materiaal. ² Tereg bestempel Louw die sin as "the most closely linked complete construction." ³ Dit is maklik om van die sinsvlak af te werk na kleiner eenhede soos die nukleêre strukture en woorde. Dit is ook moontlik om opwaarts te werk na die groter eenhede soos die perikope en hoofstuk. Deur die relasies tussen die kola te beskryf, toon die analise aan hoedat hy die algemene strekking van die teks begryp.

1. Literatuur oor die kolon sluit in:

Louw, J.P., Semantiek van Nuwe Testamentiese Grieks, Pretoria, 1976, pp.89-99.

Louw, J.P., A Semantic Discourse Analysis of Romans, Vol. 2, Pretoria, 1979, pp. 8-29.

Du Toit, H.C., "What is a colon?" in 'n addendum tot Neotestamentica II (1977): The Structure of Matthew 1 - 13.

2. Die feit word gesteun deur die werk wat gedoen word deur die Nuwe Testamentiese Werkgemeenskap van S.A. sedert ongeveer 1970.

3. Louw, Semantiek van Nuwe Testamentiese Grieks, op. cit., p. 123.

Die perikoop is 'n groter taaleenheid wat uit 'n aantal kola bestaan en gebou is rondom 'n tema. Kane en Peters stel dit soos volg: "The paragraph is a structure of sentences unified by their common relation to a general conception which we call the topic of the paragraph".¹ Hulle wys daarop dat dit ook die hoofstuk of die hele werk geld, maar die perikoop bly die mees praktiese eenheid vir analise: dit is nie te omvattend om as geheel te snap nie en ook nie te kort om té weinig strukturering te vertoon nie.² Benewens die tema³ kan die stylmiddele soos die herhaling van leksikale eenhede en sintaktiese strukture, parallelismes en ringskomposisies ook dien om die perikoop af te baken.⁴ In die langer tipe perikoop kom dikwels kleiner kolongroeperings voor waar kola saamgevoeg word rondom aspekte van die tema (=subtemas).

Waar die kolon en die kolongroeperings dien om groter strukture binne die perikoop bloot te lê, word nukleêre eenhede vir strukture binne die kolon gebruik. In hierdie eenheid kom daar telkens 'n kern voor wat gebeurde (of toestand) aandui, of 'n beskrywing van iemand of iets gee.⁵

-
1. Kane, T.S. and Peters, L.J., A Practical Rhetoric of Expository Prose, Oxford, 1966, p. 135.
 2. Vergelyk Jordan, J.E., Using Rhetoric, New York, 1965, p. 125 vir die tipiese modelle waarop 'n paragraaf gestruktureer word.
 3. Daar is telkens gepoog om waar moontlik die tema vas te stel aan die hand van sowel stellings of begrippe wat by herhaling voorkom as van stilistiese gegewens.
 4. Vir herhaling as 'n kategorie vir samehang en binding, vergelyk: Howard, A., Cohesion in New Testament Greek, Ongepubliseerde D. Litt.-Proefskrif, Pretoria, 1982.
Strauss, D.J., Kohesie in Romeine 5-8, Ongepubliseerde M.A. verhandeling, Universiteit van die Oranje Vrystaat, 1985.
Nida et.al., op. cit., p. 46.
 5. Vergelyk Nida et. al., op. cit., pp. 93 e.v. vir 'n beskrywing van nukleêre eenhede.

Deur van hierdie eenheid gebruik te maak, word die vorm van die kolon eerbiedig. Die posisie waarin die vormelemente binne die kolon geplaas word, is immers van stilistiese belang. Deur slegs die onmiddellike stukke, of die tradisionele bysinne en frases uit te haal, word die vormgewing (as gevolg van die "vrye" Griekse woordvolgorde) van die kolon geskaad. Hierdie is gevolglik minder geskikte eenhede om die styl van 'n teks mee te beskryf. Deur die relasies tussen die nukleêre eenhede te beskryf, toon die analis aan hoedat hy die teks tot in die fynste besonderhede verstaan. Die wyse waarop die nukleêre eenhede binne die kola gerangskik word, is verder ook van stilistiese belang. Gevolglik sal die analis by 'n stilistiese analyse 'n eenheid moet gebruik wat die orde waarin die skrywer gekies het om sy vormelemente te plaas, eerbiedig. Deur 'n teks op te breek in nukleêre eenhede bly die woordorde van die teks grootliks ongeskonde.

Die semantiese relasies wat tussen die nukleêre eenhede en kola van 'n teks voorkom en waarvan in hierdie studie gebruik gemaak is, is dié wat genoem word in *Style and Discourse*.¹ Daar is streng by hierdie relasies gehou. Slegs in enkele gevalle kom twee gebeurewoorde in 'n nukleêre eenheid voor, byvoorbeeld waar een van die twee liewer as 'n objek beskou moet word. Die semantiese relasies is die volgende:

I Gekoördineerd

A Additief of byvoegend

1. Ekwivalent: Jan is slim; hy is intelligent.
2. Verskillend: Jan lees en Marie doen naaldwerk.

1. Nida, Louw, Snyman en Cronjé, op. cit., pp. 102 - 103.

B Tweeledig („Dyadic“).

1. Alternatiewelik: Jan sal dit doen, of sterwe.
2. Kontrasterend: Hy het gekom, maar nie lank vertoef nie.
3. Vergelykend: Jan is intelligenter as Marie.

II Gesubordineerd

A Kwalifiserend

1. Substansie

- a) Inhoud: Jan het gesê dat hy sou kom.
- b) Generies-spesifiek: Jan het baie gereis: elke jaar gaan hy na die Ooste; die somer bring hy in Europa deur en tans is hy in Suid-Amerika.

2. Kensketsing

- a) Karakterisering: Om vir Jan te werk is verskriklik.
- b) Wyse of manier: Hy het ons te voet besoek.
- c) Toneelskikking („Setting“)
 - i. Tyd: Toe Jan gekom het, het Marie die vertrek verlaat.
 - ii. Plek: In die huis het Jan haar gevind.

B Logies

1. Oorsaak-effek: Jan se vertrek het Marie hartseer gemaak.
2. Rede-gevolg: Omdat Jan vertrek het, het hy nie vir Marie gesien nie.
3. Middel-gevolg: Jan het gekom met die gevolg dat hy vir Marie gesien het.

4. Middel-doel: Jan het gekom met die doel om vir Marie te sien.
5. Voorwaarde-gevolg: As Jan kom, sal hy vir Marie sien.
6. Toegewing-gevolg: Hoewel Jan gekom het, het hy nie vir Marie gesien nie.

Die onderhawige stilistiese analise behels 'n analise op twee hoofvlakke, naamlik die semantiese en die semiotiese. Op die semantiese inhoud van die teks (vergelyk die semantiese vlak) word gekose stylmiddele met bepaalde funksies afgestem (vergelyk die semiotiese vlak).¹

In hoofstuk II word die analise van elke perikoop soos volg aangebied:

1. Analise op semantiese vlak.
 - 1.1. Motivering vir die perikoopaafbakening.
 - 1.2. Die inhoud van die kola.²
 - 1.3. Die relasies tussen die kola.
 - 1.4. Die relasies tussen die nukleêre eenhede.
2. Analise op semiotiese vlak.
 - 2.1. Die stylmiddele.³
 - 2.2. Die funksies van die stylmiddele.

-
1. Vergelyk my beskrywing van styl op p. 28 hierbo.
 2. By die vasstelling van 'n perikoop se tema word sekere elemente wat by herhaling voorkom, uitgelig. By die formulering van 'n kolon se inhoud word gefokus op dit wat daarna "oorbly" in die kolon.
 3. Die stylmiddele word beskryf in terme van herhaling, weglating, onverwagte wendinge en die omvang van eenhede. Hierdie kategorieë word nie een vir een afgehandel nie, maar in die volgorde wat hulle in 'n perikoop voorkom.

In hoofstuk III word die resultate van die detailanalise van elke perikoop weergegee deur aan te toon hoedat die stylmiddele meewerk om sekere semantiese inhoude te belig en hoe die aanskoulikheid van die perikoop daardeur beïnvloed word. Daarna word 'n opsomming van die *Ad Diognetum* se gedagtegang gegee met inagneming van die stylmiddele waarmee bepaalde betekenisnuanseringe in die perikope na vore gebring word. Vervolgens word die samehang van die perikope beskryf. Ten slotte volg 'n kort evaluering van die *Ad Diognetum*.

Agter in hierdie studie verskyn drie bylaes:

- BYLAE I : Die teks van die *Ad Diognetum*.^{1.}
 BYLAE II : 'n Vertaling.
 BYLAE III : Die nukleêre eenhede en kola.^{2.}

-
1. Die Griekse teks is met toestemming van die uitgewers geneem uit Kirsopp Lake: The Apostolic Fathers, Vol. II, London MCMLXX (The Loeb Classical Library).
 2. Die Griekse teks, wat in nukleêre eenhede en kola opgebreek is, is dieselfde as die teksuitgawe wat in voetnoot 1 vermeld is. (Hoofstukke XI en XII, wat volgens verreweg die meeste geleerdes nie deel van die geskrif is nie, word nie by die analise ingesluit nie).

HOOFSTUK II

'N BESPREKING VAN ELKE PERIKOOP

PERIKOOP 1 (Ad Diognetum I) ¹.

1. Analise op semantiese vlak.

1.1. Motivering vir die perikoopaafbakening.

Die afbakening van perikoop 1 kan gemotiveer word op grond daarvan dat dit 'n "geykte" vorm ². het soos die beleefde aanspreekvorm (κράτιστε Διόγνητε) van, en lof vir die leser, die vermelding van die tema (die vrae wat in die res van die geskrif behandel word) en die voorkoms van 'n bede getuig. Kolon 1 het die vorm van 'n periodos, en kolon 2 is 'n gebalanseerde konstruksie-eenheid. Albei hierdie stylmiddele het 'n samebindende funksie.

1.2. Die inhoud van die kola.

Perikoop 1 bestaan uit slegs twee kola:

1. Diognetos se belangstelling in die Christene word verwelkom.
2. Die skrywer se bede.

1. Die verwysing in hakies by elke perikoop is na die tradisionele hoofstuk- en paragraafindeling van die geskrif.
2. Vergelyk byvoorbeeld die inleiding van geskrifte van hierdie aard, soos Theophilus se Ad Auto1. 1.2 en Irenaeus se Epideixis I.

1.3. Die relasie tussen die kola.

Kolon 1 is additief-verskillend van 2.

1.4. Die relasies tussen die nukleêre eenhede.

Items 1-12 gee die rede vir item 13: Aangesien die skrywer al die dinge bemerk het, verwelkom hy hierdie belangstelling by Diognetos (item 13).

Items 2-12 dui die inhoud aan van wat hy bemerk (item 1): Hy bemerk dat Diognetos baie gretig is, ensovoorts. Item 4 bevat ook 'n werkwoord van navraag doen (πυνθανόμενον): 'n oratio obliqua binne 'n oratio obliqua.

Gevolglik is items 5-12 ook die inhoud van πυνθανόμενον in 4: dit sê naamlik waaroor Diognetos navraag gedoen het.

Die relasies tussen items 1-12 kan in groter detail beskryf word: Item 3 is die doel van 2: Diognetos besorg homself groot moeite (vergelyk ὑπερσπουδακότα) om die godsdienst van die Christene te leer ken. Die volgende items word aan mekaar gevoeg, maar beteken nie dieselfde nie: 4 aan 3, 6 aan 5, 8 aan 7 en 10 aan 9. Hulle is gevolglik almal additief-verskillend gekoppel. Dieselfde geld vir items 11 en 12 wat eintlik twee afsonderlike vrae is en dus nie so direk aansluit by die vorige reeks nie: die vraag oor die onderlinge liefde tussen die Christene en die vraag na die rede waarom die Christelike godsdienst so laat in die wêreld ingekom het.

Die tweede kolon behels items 14-23. Item 15 is 'n karakterisering van Θεοῦ in 14: Hy is die God wat aan ons die vermoë verleen om te praat (16) en te luister (17). Items 16 en 17 is dus die inhoud van γορηγοῦντος in 15. Item 18 is die inhoud van wat die skrywer van God vra (14). Dit wat aan hulle gegee moet word, word in items 19-21 beskryf, naamlik die

vermoë om te spreek en te luister. Binne items 19 - 21 is 19 die middel vir 20, met 20 die gevolg van 19: die skrywer moet genade ontvang dat deur sy spreke die leser soveel moontlik kan baat vind. Laasgenoemde sal gebeur deurdat hy luister. Dus is item 21 ook 'n middel vir 20. Items 22 en 23 is 'n tweede inhoud wat volg op 18: dit moet aan die leser geskenk word (18) dat deur só te luister (22) hy wat gesprek het nie spyt sal wees nie (23). Item 22 is dus die middel van 23, met 23 die gevolg van 22.

2. Analise op semiotiese vlak.

2.1. Die stylmiddele.

Die inleidingsperikoop het twee kola met goed geordende nukleëre eenhede. Elk van die kola is relatief lank in vergelyking met dié in die res van die geskrif. Die perikoop is gekonstrueer in ooreenstemming met die gebruik in die klassieke stilistiek om besondere aandag aan die inleiding van 'n geskrif te bestee.

Die eerste kolon is in die vorm van 'n periodos gekonstrueer.

In hierdie kolon word dieselfde stelling, naamlik die leser se intense belangstelling in die Christene drie keer herhaal, hoewel nie in dieselfde vorm nie:

ὑπερεσπουδακότα σε τὴν θεοσέβειαν τῶν Χριστιανῶν μαθεῖν

(items 2 en 3),


καὶ πάνυ σαφῶς καὶ ἐπιμελῶς πυνθανόμενον περὶ αὐτῶν

(item 4),

ἀποδέχομαί γε τῆς προθυμίας σε ταύτης

(item 13).

Hierby word nog 'n verdere herhalingstegniek aangetref, naamlik 'n chiastiese woordordening wat aan die end van die eerste twee eenhede voorkom:



In dieselfde twee eenhede word ook 'n herhaling in sinslengte aangetref. Die eerste (items 2 en 3) het 21 lettergrepe en die tweede (item 4) 19.

Op verskeie plekke in die perikoop word die persone herhaal, byvoorbeeld in items 1, 13, 14, 17, 19 en 23 word na die skrywer verwys; in items 1, 2, 13, 17, 21 en 22 na die leser; in 5,6, 14 en 15 na God en in items 3-12 na die Christene.

Die talryke herhalings wat in die inleiding van *Ad Diognetum* voorkom, gaan dikwels gepaard met afwisselings (onverwagte wendinge).

Die drie vrae wat die skrywer gaan beantwoord in sy werk (items 5-12) word telkens ingelui deur die referensiële merker τίς, hoewel nie in dieselfde naamval nie, naamlik τίνι (item 5), τίνα (item 11) en τί (item 12).¹

Drie keer staan dit in die beklemtoonde aanvangsposisie van 'n eenheid.

1. Hierdie vorm van woordspel staan bekend as poluptoton.

Dieselfde stylmiddel, naamlik 'n parallelisme, word in die eerste vraag wat Diognetos stel drie keer herhaal:

τίνοι τε θεῶν πεποιθότες (5)

καὶ πῶς θρησκευόντες αὐτόν (6)

τόν τε κόσμον ὑπερορῶσι πάντες (7)

καὶ θανάτου καταφρονοῦσι (8)

καὶ οὔτε τοὺς νομιζομένους ὑπὸ τῶν Ἑλλήνων θεοὺς λογίζονται (9)

οὔτε τὴν Ἰουδαίων δεισιδαιμονίαν φυλάσσουσι (10)

Om 'n stereotype patroon te vermy, gebruik die skrywer 'n chiasiese woord-ordening aan die einde van die eerste:

| | | |
|------------------|---|----------------|
| θεῶν (5) | \ | πεποιθότες (5) |
| θρησκευόντες (6) | / | αὐτόν (6) |

Die verbindingsmeganismes waarvan die skrywer hom by die drie vrae bedien, wordewe-eens herhaal sodat τε ... καὶ twee keer voorkom in items 5-8, οὔτε in items 9-10 en καὶ in items 11 - 12. Afwisseling vind hier plaas deurdat οὔτε in item 9 voorafgegaan word deur καὶ.

Herhaling van ongeveer dieselfde sinslengtes word aangetref in die eerste twee parallelismes waarvan die eerste se bene uit nege en agt lettergrepe bestaan en dié van die tweede uit elf en nege. By die derde parallelisme is daar egter 'n aansienlike verskil in lengte. Hier het die eerste been een-en-twintig en die tweede sestien lettergrepe.

By die drie parallelismes (elk in sy geheel geneem) is daar 'n geleidelike groei in sinslengte waar te neem. Die eerste is die kortste met sewentien lettergrepe in totaal. Die tweede beskik oor twintig en die derde oor sewe-en-dertig.

Dieselfde grammatiese kategorie, die indikatief, word in die laaste twee parallelismes aangetref, naamlik ὑπερορῶσι en καταφρονοῦσι in die tweede, en λογίζονται en φυλάσσουσι in die derde. Daarenteen word die partisipium in die eerste gebruik, naamlik πεποιθότες en θρησκέοντες.


Op fonologiese vlak is sowel die woordspel (νομιζομένους λογίζονται) as die assonansie (τοὺς νομιζομένους ... θεοὺς) in item 9 herhalingstegnieke.

'n Onverwagte wending in item 9 is die versteuring van woordorde (hyperbaton) wat te weeg gebring word deur die invoeging van die preposisionele frase ὑπὸ τῶν Ἑλλήνων in die onmiddellike stuk τοὺς νομιζομένους θεοὺς.

In item 12 word dieselfde stylmiddel, waar 'n voegwoord twee woorde of woord-groepe saambind, herhaal, naamlik γένος ἢ ἐπιτήδευμα en νῦν καὶ οὐ πρότερον.¹ Daar word egter nie van dieselfde voegwoord gebruik gemaak nie (vergelyk ἢ en καί). 'n Sekere ritme word deur dié herhalingstegniek aan die eenheid gegee.

1. Die stylfiguur staan bekend as arsis en thesis waar dieselfde gedagte eers positief en dan negatief (soos in hierdie geval), of omgekeerd, herhaal word. Dit word meestal gebruik ter wille van klem en/of duidelikheid.

Die herhalingstegnieke van kolon 1 word in kolon 2 voortgesit. In laasgenoemde kolon staan αἰτοῦμαι δοθῆναι sentraal. Dieselfde hoeveelheid leksikale eenhede ¹ wat links daarvan gebruik word, naamlik vier, word aan die regterkant herhaal. Die eerste deel van die kolon brei uit op αἰτοῦμαι en die tweede deel op δοθῆναι, vergelyk:




Van hierdie leksikale eenhede is .1, .2, .5, .6 en .8 nagenoeg ewe lank. Dit geld ook .3 en .4. Daarby is die grammatiese struktuur van .3 gelyk aan dié van .4, dié van .6 gelyk aan dié van .8 en dié van .7 aan dié van .9, met .7 positief en .9 negatief.

In kolon 2 staan καὶ παρὰ τοῦ θεοῦ in 'n beklemtoonde posisie voorop in die sin.

1. Hierdie eenhede word uitgewys deur die gebalanseerde struktuur van die kolon en .1 beantwoord nie aan die beskrywing van 'n nukleêre eenheid nie.

In .6 - .9 (soos bo aangedui) kom daar uitgebreide chiastiese woordplasinge voor:



In kolom 2 kom ook drie gevalle van woordspel voor: εἶπεῖν - εἰπόντα, ἀκουσαντά - ἀκούσαι en σε - σοί.

2.2. Funksies van die stylmiddele

Van die drie kategorieë herhalings, weglatings en onverwagte wendinge maak die skrywer verreweg die meeste van herhaling gebruik. Ongeveer 'n derde van die herhalings wat genoem is, gaan met onverwagte wendinge (afwisselings) gepaard.

Die herhalings wat in hierdie perikoop aangetref word, is dié van stellings, sinstrukture (parallelismes, sommige waarvan met chiasiese woordordeninge), gelyke sinslengtes, persone, enkel-woorde, woordpare, woordposisies, grammatiese kategorieë, woordspel en gelykluidende klanke. Dié herhalings wat dwarsdeur die perikoop voorkom, versterk tekskohesie en dra by tot die duidelikheid van die perikoop. Die semantiese inhoud word belig. By 'n aantal van die stylmiddele wat herhaal word, is daar 'n doelbewuste poging om te versier. Dit blyk byvoorbeeld uit die parallele sinstrukture, sinne of sinsdele van gelyke lengte, woordspel, assonansie en ritme by die woordpare. Deur hierdie stylmiddele word die aanskoulikheid van die perikoop verhoog. Dit is dus moontlik om te konkludeer dat die belangrikste funksies van die herhalings dié van kohesieversterking, duidelikheid en aanskoulikheid is.

Die periodos waarmee die perikoop 'n aanvang neem, dui op 'n verhewe begin soos in die klassieke stilistiek vereis word by die behandeling van 'n verhewe onderwerp. Terselfdertyd word spanning en afwagting by die leser geskep. Die lang kolon is ook effektief om heelwat informasie (vergeelyk die vrae) in 'n afgeronde eenheid weer te gee. Die periodos versterk dus ook die kohesie. Daarbenewens het dit 'n estetiese funksie, want dit bied 'n mooi omlysting of raamwerk vir Diognetos se vrae.

Die verdere onverwagte wendinge wat voorkom by ongeveer een derde van die herhalings is dwarsdeur die perikoop versprei sodat hulle tekskohesie help versterk. Baie herhalings sonder afwisseling sou verveling tot gevolg gehad het.

Indien daar by elk van die herhalings in die perikoop variasies of onverwagte wendinge sou voorkom, sou dit dieselfde uitwerking gehad het. Die skrywer se sinvolle, nie te oordadige verspreiding van onverwagte wendinge nie, dien dus om eentonigheid teë te werk. Vanweë die onverwagse aard daarvan trek dit aandag en verkry prominensie. Sodoende word die semantiese inhoud belig.

Deur die sinvolle aanwending van die stylmiddele het die skrywer genoeg gedoen om die effektiwiteit van die inleiding tot die geskrif in terme van impak en appèl te verseker.

PERIKOOP 2 (Ad Diognetum II:1)

1. Analise op semantiese vlak.
- 1.1. Motivering vir die perikoopafbakening.

Die tema van die perikoop kan geformuleer word as: die leser word versoek om die afgodediens objektief te betrag.

Die belangrikste stylmiddele wat die afbakening van die perikoop bewerk, is: 'n ringskomposisie, wat op stilistiese en semantiese grond berus en die hele perikoop oorspan; imperatiewe ("Αγε en ἴδε) wat in die perikoop voorkom (en dit omraam) teenoor perikoop 1 wat nie imperatiewe het nie, en die antisiperende aard van perikoop 2. In perikoop 3 is al die kola retoriese vrae. In perikoop 2 ontbreek die retoriese vraag.

1.2. Die inhoud van die kola.

Perikoop 2 het twee kola:

1. Die leser moet die afgodsdienste objektief betrag.
2. Hy moet let op die afgode se materiaal en vorm.

1.3. Die relasie tussen die kola.

Kolon 1 is additief-verskillend van 2.

1.4. Die relasies tussen die nukleêre eenhede.

Item 1 ("Αγε δή) dien bloot om die leser se aandag te trek en is additief-verskillend van 2 wat 'n spesifieke vermaning bevat, naamlik dat die leser homself moet reinig van sy vooropgestelde beskouings. Item 3 is additief-verskillend van 2: by item 2 gaan dit om die reiniging van vooropgestelde beskouinge en by 3 om die wegneem van 'n misleidende gewoonte. Item 5 word met 4 vergelyk: die leser moet 'n nuwe mens word, net soos wanneer mens 'n nuwe verhaal gaan hoor. Item 6 word weer met 5 vergelyk: die leser sou 'n nuwe verhaal kon hoor, soos hy self erken het. Items 4-6 is additief-verskillend van 3: dat die leser 'n nuwe verhaal gaan hoor, verskil van die versoek om ontslae te raak van 'n misleidende gewoonte. Item 8 is kontrasterend met 7: die leser moet nie net met sy oë nie, maar ook met sy verstand die gode betrag. In item 9 is εἰδους die alternatief van ὑποστάσεως in 8. Items 10 en 11 kenskets 8 en 9: die afgode is diegene wat deur die leser as gode bestempel en beskou word. Items 10 en 11 is

additief-verskillend van mekaar: ἐρεῖτε en νομίζετε dui op verskillende gebeure.

2. Analise op semiotiese vlak.

2.1. Die stylmiddele.

Perikoop 2 dien as inleiding vir perikope 2-7. Die nukleêre eenhede groepeer saam tot slegs twee kola wat relatief lank is in vergelyking met die ander in die res van die perikope. Dit herinner aan die twee lang kola van perikoop 1 wat ook 'n inleidingsparagraaf is.

In kolon 1 maak die skrywer van subordinering gebruik waar inbedding met behulp van die partisipium geskied, vergelyk slegs καθάρως (item 2), ἀποσκευάσασμενος (item 3) en γενόμενος (item 4). In kolon 2 gebruik die skrywer koördinering en wend voegwoorde aan, naamlik μὴ μόνον ... ἀλλὰ καί (items 7 en 8), ἢ (item 9) en καί (item 11). Hiermee saam word die imperatief (item 7) en indikatiewe (items 9, 10 en 11) gebruik. Dit lei tot 'n verskil in relasies tussen die nukleêre eenhede.¹

Beide die kola begin met dieselfde modus, die imperatief, vergelyk Ἄγε (item 1) en Ἴδε (item 7). Die eerste, naamlik Ἄγε, is 'n stereotipe of "bevriesde" vorm waarvan die krag van 'n imperatief nie sterk geld nie. Dit word adverbiaal gebruik en word versterk deur die partikel δὴ. Daarenteen geld die volle krag van 'n imperatief by Ἴδε.

1. Vergelyk p. 80 hierbo.

Drie van die partisipia wat volg op ἄγε, naamlik καθάρας, ἀποσκευασάμενος en γενόμενος kan semanties beskou word as imperatiewe en word dan ook gewoonlik so vertaal. ¹.

In item 2 is die Attiese vorm καθάρας, in plaas van die gebruiklike Hellenistiese καθάρισας, opvallend.

Perikoop 2 vertoon 'n chiastiese patroon wat op sowel stilistiese as semantiese grond gemotiveer kan word: ².

| | |
|--|--|
| <p>ἄγε δὴ</p> <p>καθάρας σεαυτὸν ἀπὸ πάντων τῶν προκατεχόντων σου τὴν διάνοιαν</p> <p>λογισμῶν</p> <p>καὶ τὴν ἀπατῶσαν σε συνήθειαν ἀποσκευασάμενος</p> <p>καὶ γενόμενος ὥσπερ ἐξ ἀρχῆς καινὸς ἄνθρωπος, ὡς ἂν καὶ λόγου καινοῦ, καθάπερ καὶ αὐτὸς ὠμολόγησας, ἀκροατῆς ἐσόμενος</p> <p>Ἴδε μὴ μόνον τοῖς ὀφθαλμοῖς, ἀλλὰ καὶ τῇ φρονήσει τίνος ὑποστάσεως ἢ τίνος εἴδους τυγχάνουσιν, οὓς ἐρεῖτε καὶ νομίζετε θεοὺς</p> | <p>(item 1)</p> <p>(item 2)</p> <p>(item 3)</p> <p>(items 4-5)</p> <p>(items 7-11)</p> |
|--|--|

1. Vergelyk die vertalings van:

Meecham, op. cit., p. 75.

Kirsopp Lake, op. cit., pp. 350 en 352.

Klijn, op. cit., p. 100.

2. Vergelyk pp. 295 — 296 hieronder vir die gedrukte teks.

My dank aan Prof. F. Saayman (Universiteit van die Noorde) wat my aandag op die ringsvorm gevestig het.

Uit stilistiese oogpunt dien gelet te word op die imperatiewe ("Άγε in item 1 en Ἴδε in item 7) waarmee die perikoop begin en afgerond word. Beide staan aan die begin van hulle eenhede. Tussenin is die drie partisipia wat op semantiese vlak as imperatiewe vertaal word. Die buitenste twee, καθάρας (item 2) en γενόμενος (item 4), slegs deur καί vooraf gegaan, beklee die aanvangsposisie in hulle eenhede. Die derde, naamlik ἀποσκευασάμενος (item 3), word egter aan die einde van sy eenheid geplaas. Die chiasme kan gevolglik sowel op grond van grammatiese kategorieë (imperatief en partisipium) as woordplasing (begin en einde) geregverdig word.

Bostaande ringskomposisie word ook deur die semantiese inhoud gesteun. Die eerste eenheid (item 1) word baie algemeen geformuleer. Dit dien bloot om die leser se aandag te vra. Die laaste eenheid (items 7 - 11) is weer die mees spesifiek geformuleerde van die eenhede. Daar word gespesifiseer waarvoor die aandag gevra word, naamlik vir die εἶδος en die ὑπόστασις van die afgode. Die eenhede (item 2 en items 4 - 5) is semanties nou verwant. Die eerste vermeld reiniging (vergelyk καθάρας σεαυτὸν) en die tweede vernuwning (vergelyk γενόμενος ... καινὸς ἄνθρωπος). In die sentrale eenheid (item 3) word verwys na die bedrieglike gewoonte ¹ om afgode te dien (vergelyk τὴν ἀπατῶσαν σε συνήθειαν). Deurdad die partisipium ἀποσκευασάμενος aan die einde van 'n eenheid geplaas word, word die stelling, τὴν ἀπατῶσαν σε συνήθειαν, op die voorgrond geplaas en verkry prominensie. Sowel wat sy betekenis as woordplasing betref, staan hierdie eenheid (item 3) dus op sy eie.

1. Vergelyk Meecham, op. cit., p. 96, en Lawson, J., A Theological and Historical Introduction to the Apostolic Fathers, New York, 1961, p. 278.

Op fonologiese vlak verdien die herhaling van α (sewentien keer in items 1-3, die tweeklanke uitgesonder), $\omega\nu$ (vier keer in item 2) en $\text{ou}\varsigma$ (vier keer in items 9-11) vermelding.¹ In die laaste twee items, 10 en 11, is daar 'n parallelisme in klank met 'n chiastiese ordening van $\text{ou}\varsigma$ en te :


| | | |
|--|---------------------------|-----------|
| | <u>οὔς</u> | (item 10) |
| | ἔρε <u>τε</u> | (item 10) |
| | νομ <u>ί</u> ζε <u>τε</u> | (item 11) |
| | θε <u>ο</u> ς | (item 11) |

Onder die herhaling van leksikale eenhede is dit veral καί wat die aandag trek. Dit kom ses keer in die perikoop voor (in items 3, 4, 5, 6, 8 en 11), hoewel nie deurgaans met dieselfde betekenis nie. In kolon 1 word die eerste twee kopulatief (items 3 en 4) gebruik en die laaste twee adverbiaal (items 5 en 6). In kolon 2 is dit eers adverbiaal (item 8) en dan kopulatief (item 11). Drie keer beklee dit die aanvangsposisie in die eenheid (items 3, 4 en 11) en twee keer is dit die tweede woord van die eenheid (items 6 en 8). Een keer is dit die derde woord (item 5). 'n Verdere opvallende herhaling is dié van τέλος (in items 8 en 9).

In items 4 en 6 is daar 'n chiastiese ordening tussen die woordsoorte

1. Slegs die opeenhoping van bepaalde klanke in die perikoop word vermeld. Van die 29 kere waar α voorkom (tweeklanke uitgesonder) kom dit byvoorbeeld 17 keer in items 1-3 voor. Hoewel die o 25 keer voorkom, is dit gelykmatig deur die perikoop versprei en sou myns insiens nie aandag getrek het as die dokument moontlik hardop gelees is nie.

selfstandige naamwoord en byvoeglike naamwoord, en woordspel by καινός (item 4) en καινοῦ (item 5):



In items 5-6 word die stylfiguur, bondigheid as gevolg van weglating, ¹. aangetref. By ἐσόμενος (item 5) moet die apodosis van 'n potensiële voorwaardelike sin uit die verband voorsien word, terwyl die partisipium self in die plek staan van die protasis met die optatief. Die sin kan moontlik soos volg op 'n meer gebruiklike wyse gekonstrueer word:

καὶ γενόμενος ὡς περ ἐξ ἀρχῆς καινός ἄνθρωπος, ὡς ἂν γένοιτο εἰ λόγου καινοῦ, καθάπερ καὶ αὐτὸς ὠμολόγησας, ἀκροατῆς εἰς: "... as u, soos u self erken het, 'n hoorder sou word van 'n nuwe verhaal ". Die futurum partisipium (ἐσόμενος) met ἂν word hier moontlik gebruik om uitdrukking te gee aan die potensiële gedagte vervat in die optatief εἰς wat dit vervang. Versteuring van die woordorde ². word teweeggebring deur die parenthesis καθάπερ καὶ αὐτὸς ὠμολόγησας in item 6.

In items 7 en 8 kom 'n konstruksie voor waar die werkwoord ἴδε grammatikaal aan twee selfstandige naamwoorde gekoppel word, naamlik ὀρθαλμοῖς (item 7) en φρονήσει (item 8), maar semanties net by eersgenoemde pas. ³. Die leser word dus versoek om met sy verstand te "kyk". Dit is tegelykertyd 'n metafoor.

-
1. Die stylfiguur staan ook bekend as brachylogia met elleipsis. Vergelyk die gedrukte teks op p. 296 hieronder om die uiteensetting te volg.
 2. Die stylfiguur staan bekend as 'n hyperbaton. Vergelyk die gedrukte teks op p. 296 hieronder om die uiteensetting te volg.
 3. Die stylfiguur is 'n sullêpsis.

In items 7 en 8 kom 'n antitese voor (vergelyk μή μόνον ἀλλά καί).

Op semantiese vlak is daar 'n chiasme tussen items 7 - 8 en items 8 - 9:

| | |
|----------------------------------|------------------------------|
| ὀφθαλμοῖς - uiterlik (item 7) | φρονήσει - innerlik (item 8) |
| ὑποστάσεως - inhoudelik (item 8) | εἶδους - uiterlik (item 9) |

Daar is 'n opvallende afwisseling van relasies tussen items 7 en 8; 8 en 9 en 10 en 11. Items 7 en 8 is kontrasterend, 8 en 9 is alternatiewelik en 10 en 11 is additief-verskillend. Hierdie afwisseling van relasies, soos teweeggebring deur verskillende koppelingswoorde, μή μόνον ... ἀλλά καί (items 7 en 8), ἢ (items 8 en 9) en καί (items 10 en 11) verskaf ook 'n mate van ritme aan kolon 2.

Op grammatikaal-sintaktiese vlak is daar by items 8 en 9 een werkwoord (τυγχάνουσιν) en twee selfstandige naamwoorde (ὑποστάσεως en εἶδους), en by items 10 en 11 twee werkwoorde (ἐρεῖτε en νομίζετε) en een selfstandige naamwoord (θεός).

Items 8 en 9 het albei die genitief van die vraende voornaamwoord τίς, naamlik τίνος.

In die laaste item (11) is die plasing van θεός (wat na die heidense gode verwys) heel aan die einde opvallend. Dit is des te meer die geval as dit vergelyk word met die posisie van θεοῦ (die God van die Christene) in καί παρὰ τοῦ θεοῦ (item 14) aan die begin van die uitgebreide kolon 2 van perikoop 1.

Die ὑποστάσεως van item 8 en die εἶδους van 9 het betrekking slegs op die twee perikope (3 en 4) wat volg. In perikoop 3 word die ὑποστάσεις van die gode, en in perikoop 4, hulle εἶδος vermeld. Die stelling τὴν ἀπατώσαν σε συνήθειαν van item 3 ("die bedrieglike gewoonte") is heel waarskynlik van toepassing op die hele hoofstuk 2. Op hierdie wyse word die perikoop gekoppel met die perikope wat onmiddellik volg, sowel as die res.

Die leser word deurgaans met die tweede persoon enkelvoud aangespreek (vergelyk die imperatiewe en partisipia wat as imperatiewe vertaal word). In items 10 en 11 word die tweede persoon meervoud gebruik (vergelyk ἐρεῖτε en νομίζετε).

2.2. Funksies van die stylmiddele.

Beide perikope 1 en 2 is inleidingsparagrafe.¹ Daar is opvallende ooreenkomste tussen die twee perikope. Die meeste van die stylmiddele van 1 word ook in 2 aangetref, hoewel daar ook belangrike verskille is, soos die voorkoms van vergelykings en tegnieke om bondigheid te bewerkstellig.

Die herhalings in die perikoop behels dié van grammatiese kategorieë (die imperatiewe van items 1 en 7, en die partisipia in items 2, 3 en 4); dieselfde soort konstruksies met die partisipium (in items 2 en 3); klanke (items 1-3); vergelykings (items 4, 5 en 6); die ringskomposisie (wat die hele perikoop oorspan); ander chiastiese strukture (in items 2-3,

1. Perikoop 1 dien as inleiding vir die hele geskrif en perikoop 2 slegs vir perikope 2-7.

4-5 en 4,5 en 5); woordspel (in items 4 en 5); woordsoorte (καί in items 3, 4, 5, 6, 8 en 11, en τίνος in items 8 en 9) en antitetiese woordorde-ning (items 7 en 8).

By 'n aantal van die herhalings kom afwisseling voor: die imperatief word met die partisipium afgewissel (items 1 en 7, en items 2, 3 en 4); die vergelykings word telkens ingelei deur 'n ander voegwoord (items 4, 5 en 6) met 'n betekenisverskil by een (item 5); die woord καί word ses keer herhaal, maar met betekenisverskille (vergelyk items 3, 4 en 11 met items 5, 6 en 8) waar dit respektiewelik as voegwoord en bywoord funksioneer, en daar kom variasie van getalle by die kombinasie werkwoord/selfstandige naamwoord voor: een werkwoord met twee selfstandige naamwoorde (in items 8 en 9) en dan weer een selfstandige naamwoord met twee werkwoorde (in items 10 en 11).

Ander vorms van afwisseling behels die subordinering by kolon 1 en die koördinering by kolon 2; die Attiese καθάρως in plaas van die Hellenistiese vorm καθάρως¹ (item 2); die versteuring van woordorde deur die parenthesis (item 6); die metafoor (items 7 en 8); die afwisseling van semantiese relasies by items 7 en 8, 8 en 9, en 10 en 11, en die wisseling van persoons- vorme (van die tweede persoon enkelvoud tot die tweede persoon meervoud) in items 10 en 11.

Die herhalings versterk die tekstekoheisie en bevorder die duidelikheid van die perikoop. Sekere van die herhalings soos dié van enerse klanke verhoog die aanskoulikheid van die paragraaf.

1. Dit is opmerklik dat wanneer die skrywer oor die heidense Griekse godsdienst aan baie waarskynlik 'n geleerde heiden skryf, hy die "klassieke" woord gebruik liever as die alledaagse "Hellenistiese" vorm.

Die afwisselings wat dwarsdeur die perikoop voorkom, versterk ewe-eens die kohesie en verbreek moontlike eentonigheid. Vanweë die onverwagse aard daarvan trek dit die aandag en die semantiese inhoud daarvan word belangrik. Die plasing van ἀποσκευασάμενος aan die einde van item 3 laat die volle lig val op καὶ τὴν ἀπαῶσαν σε συνήθειαν. Die plasing van θεός aan die einde van die perikoop kan moontlik die funksie hê om die gode se onmag te beklemtoon, veral as dit vergelyk word met die posisie van θεοῦ voorop in kolon 2 van perikoop 1. Deur die tweede persoon enkelvoud te vervang met die meervoud wil die skrywer minder skerp wees teenoor sy lesers. Hy wil laasgenoemde nie ongunstig stem teenoor homself nie.

In perikoop 2 kom daar ook voorbeelde van weglating voor, naamlik die brachylogia met elleipsis (items 4-6) en sullêpsis (items 7-8). Die belangrikste funksie hiervan is om bondigheid te bewerkstellig.

PERIKOOP 3 (Ad Diognetum II:2-3a)

1. Analise op semantiese vlak.

1.1. Motivering vir die perikoopafbakening.

Die perikoop word gebou rondom die afdogsmateriaal wat as tema geld. Die voorkoms van μέν, ses keer gevolg deur δέ, die retoriese vraagvorm wat elke kolon kenmerk en ontbreek in perikoop 2, die reëlmatige vermelding van die materiale dwarsdeur die perikoop, die semantiese ringskomposisie op grond van 'n gemeenskaplike komponent (naamlik die waarde van die materiale) en die samevattende aard van kolon 7 is van die sterkste argumente vir die afbakening van perikoop 3 as eenheid.

1.2. Die inhoud van die kola.

Perikoop 3 het sewe kola:

1. Afgode van klip is soos dit waarop getrap word.
2. Afgode van koper is nie beter as werktuie wat vir menslike gebruik gesmee word nie.
3. Afgode uit hout is reeds verrot.
4. Afgode van silwer moet deur 'n mens opgepas word om nie gesteel te word nie.
5. Afgode van yster is reeds deur roes verniel.
6. Afgode van erts is nie beter as voorwerpe wat vir die nederigste taak voorberei is nie.
7. Die konklusie in verband met die afgodsmateriale is: hulle is almal verganklik.

1.3. Die relasies tussen die kola.

Die kola is additief-verskillend van mekaar: die materiale van die gode verskil van mekaar. Daarby is kolon 7 generies en die voorafgaande 6 spesifiek: Kolon 7 verwys samevattend na die gode. Die eerste ses vermeld afsonderlike materiale as gode.

1.4. Die relasies tussen die nukleêre eenhede.

Item 2 word met 1 vergelyk: 'n klip is soos 'n voorwerp waarop getrap word. Items 3-6 is additief-verskillend van 1 en 2, aangesien koper van klip verskil. Item 5 word met 3 en 4 vergelyk: die afgod van koper is nie beter

as werktuie wat gesmee word nie. Item 6 druk die doel van 5 uit: die werktuie word vir ons gebruik gesmee. Items 7-8 is additief-verskillend van 1-2 en 3-6: hout as afgodsmateriaal verskil van klip en koper. Item 8 is 'n karakterisering van 7: die hout is alreeds verrot. Items 9-12 is additief-verskillend van 1-2, 3-6 en 7-8: silwer verskil van die reeds vermelde materiale. Items 10-11 is 'n karakterisering van 9: afgode van silwer word daardeur gekenmerk dat hulle 'n mens as oppasser benodig. Item 11 is weer 'n kensketsing van 10: ¹ die persoon wat vir die silwer benodig word, word as oppasser verlang. Item 12 druk die doel van 10 en 11 uit: 'n mens word as oppasser benodig sodat die afgod van silwer nie gesteel word nie. Items 13-14 is additief-verskillend van 1-2, 3-6, 7-8 en 9-12: yster verskil van die reeds genoemde materiale. Item 14 is 'n karakterisering van 13: die afgod wat van yster gemaak is, is reeds deur die roes verniel. Items 15-18 is additief-verskillend van 1-2, 3-6, 7-8, 9-12 en 13-14: erts verskil van klip, koper, hout, silwer en yster. Item 17 word met 15 en 16 vergelyk: erts is niks beter as dit waarvoor voorbereidingswerk nodig was nie. Item 18 druk die doel van 15-17 uit: erts word voorberei vir die nederigste taak. Item 19 is die konklusie in verband met die voorafgaande items: al die materiale wat vermeld is, is verganklik. Item 19 is terselfdertyd generies, terwyl die voorafgaande items spesifiek van aard is: al die materiale (vergelyk ταῦτα πάντα) verwys na dié wat afsonderlik in items 1-18 vermeld word.

1. Die relasie tussen items 10 en 11 kan ook dié van doel wees: 'n mens word benodig om die gode op te pas.

2. Analise op semiotiese vlak.

2.1. Die stylmiddele.

Perikoop 3 bevat 7 kola waarvan 1, 3, 5 en 7 relatief kort is in vergelyking met 2, 4 en 6. Die skrywer maak dus om die beurt van kort en langer kola gebruik.

Die referensiële merker μέν (kolon 1) word in kola 2-6 gevolg deur die verwagte δέ. In kolon 7 ontbreek dit egter.

Slegs in kola 1 en 2 gebruik die skrywer ἐστί(v) en in die res word dit telkens veronderstel.

Op fonologiese vlak is die kort vokale, o en ε, waarmee elk van die kola begin (kolon 7 uitgesonder), opvallend: ó μέν in 1 en ó δέ in 2-6.

In kolon 2 kom die -ων uitgang vier keer voor in κρείσσω τῶν κεχαλκευμένων σκευῶν. Die lang vokaal η kom drie keer voor in elk van items 6, 8 en 18. In item 19 kom die uitgang -ης, sowel as -τα, elk twee keer direk na mekaar voor, naamlik φθαρτῆς ὕλης ταῦτα πάντα.

Een van die mees opvallende stilistiese kenmerke van die perikoop is die retoriese vraagvorm wat in al die kola gebruik word.¹ Kolon 7 is 'n samevattende vraag, sodat daar 'n generies-spesifieke verhouding tussen hierdie kolon en die voorafgaande 6 is, 'n feit wat reeds geblyk het by die beskrywing van die relasies tussen die nukleêre eenhede.² In die eerste 6

1. Dit is 'n kenmerk van die geskrif dat 'n gekose stylmiddel onmiddellik meer van die middele, gewoonlik direk na mekaar, uitlok. Nie alleen perikoop 3 nie, maar ook perikope 4, 5, 6 en 'n deel van 7 bestaan uit retoriese vrae.

2. Vergelyk pp. 91-92 hierbo.

kola word telkens 'n spesifieke materiaal genoem. In kolon 7 word samevattend daarna verwys met ταῦτα πάντα. Daarby kan gevoeg word dat die kommentaar wat die skrywer lewer by elke materiaalsoort geskied deur middel van onderskikking. By kolon 7 egter vind dit plaas met behulp van 'n omskrywende genitief, naamlik φθαρτῆς ὕλης. By die eerste ses kola word eers die materiaal vermeld en dan volg die beskrywing daarvan. Hulle is dus semantiese parallelismes. In kolon 7 staan die beskrywing voorop in die sin en dan volg die verwysing na die materiaal sodat hier 'n semantiese chiasme geld.

In sy kommentaar op elk van die materiale waaruit die gode bestaan, bedien die skrywer hom van sowel die vergelyking as van tipering deur middel van die partisipium. Vergelyking word aangedui deur ὁμοιος met die datief (kolon 1) en afgewissel met die genitief van vergelyking (kola 2 en 6). In kola 3-5 geskied die tipering van die afgodsmateriaal met behulp van partisipiële uitbreidings.

In kola 2,4 en 6 word 'n gekose genitief drie keer gevolg deur 'n konstruksie wat doel aandui. Die τῶν κεχαλκευμένων σκευῶν (item 5) word gevolg deur εἰς τὴν χρῆσιν ἡμῶν (item 6). In item 11 word die τοῦ φυλάξαντος gevolg deur ἵνα μὴ κλαπῆ in item 12. Die τοῦ κατασκευασμένου van item 17 word gevolg deur πρὸς τὴν ἀτιμοτάτην ὑπηρεσίαν in item 18. Die doelkonstruksie word dus telkens deur 'n ander woord ingelui, naamlik εἰς (item 6), ἵνα (item 12) en πρὸς (item 18). Die doelbewuste vormgewing en planmatigheid blyk verder uit die feit dat elkeen van kola 2, 4 en 6 uit 4 items bestaan, terwyl kola 1, 3 en 5 elk uit 2 items bestaan.

Kolon 7 verbreek ook hier die patroon in dié opsig dat dit slegs 1 item behels.

Minder opvallend as bostaande aspekte is die belangrike stilistiese feit van semantiese meerduidigheid wat die perikoop kenmerk. ¹.

Die ordening van die ses materiale ². (naamlik klip, brons, hout, silwer, yster en erts) is nie toevallig nie. Die skrywer rangskik dit in die vorm van 'n ringskomposisie op grond van 'n gemeenskaplike komponent, naamlik waarde. Kolon 7 val egter buite die ringskomposisie, aangesien dit nie na 'n spesifieke materiaal verwys nie, maar samevattend na al 6 die materiale.

Dit is duidelik dat klip (kolon 1) en erts (kolon 6) baie min werd is, terwyl brons (kolon 2) en yster (kolon 5) redelik waardevol is. In kola 3 en 4 word die basiese kategorieë, naamlik waardeloos (hout) en waardevol (silwer) bymekaar gebring in 'n kontrasterende middelpunt met hout wat die minste werd is en silwer wat die meeste werd is :

-
1. Saayman, F., "Twee voorbeelde van semantiese meerduidigheid in die Brief aan Diognetos en in Aiskhulos se Agamemnon", in COMMUNIQUE, Universiteit van die Noorde, Febr. 1978, pp. 41-47.
 2. Die ὑπόστασις van die gode wat in die voorafgaande perikoop vermeld word, is die tema van perikoop 3.

| | | |
|--------|---|-------------------|
| Klip | 1 | Baie min werd |
| Brons | 2 | Redelik waardevol |
| Hout | 3 | Baie min werd |
| Silwer | 4 | Baie werd |
| Yster | 5 | Redelik waardevol |
| Erts | 6 | Baie min werd |


Uit die kommentaar wat die skrywer op elke materiaalsoort lewer, kan verdere nowe-temas afgelei word. Voordat die ordening van die nowe-temas by die kola aangetoon word, is dit nodig om kortliks elkeen hiervan te motiveer.

Na ὁ μὲν τις λίθος ἐστὶν (item 1) is die kommentaar ὁμοίος τῷ πατουμένῳ: net soos dié waarop getrap word. Die bedoeling is duidelik: dit is 'n nederige gebruiksmateriaal wat ondergeskik is aan die mense en dus nie die mense se god kan wees nie. Na ὁ δ' ἐστὶ χαλκός (item 3) is die kommentaar οὐ κρείσσων τῶν εἰς τὴν χρῆσιν ἡμῶν κεχαλκευμένων σκευῶν (items 5 en 6). Die bedoeling is weereens dat dit 'n gebruiksartikel in diens van die mens is. Op die ὁ δὲ ξύλον (item 7) volg die woorde: ἤδη καὶ σεσηπός. Die hout is alreeds onderworpe aan 'n toestand van verganklikheid.¹ Op die ὁ δὲ ἄργυρος (item 9) volg χρήζων ἀνθρώπου τοῦ φυλαξάντος ἵνα μὴ κλαπῆ (items 10, 11 en 12). Hiermee wys die skrywer op die hulpeloosheid van die gode. Na ὁ δὲ σίδηρος (item 13) is die kommentaar ὑπὸ ἰοῦ διεφθαρμένος (item 14).

1. Vergelyk Saayman, op. cit., pp. 42-44 vir die woord σεσηπός se betekenis.

Hiermee wys die skrywer, soos in kola 3 en 4, op die verganklikheid van die gode. Op ó δὲ ὄστρακον (item 15) volg die kritiek οὐδὲν τοῦ κατεσκευασμένου πρὸς τὴν ἀτιμοτάτην ὑπηρεσίαν εὐπρεπέστερον (items 16-18). Hier is, soos by kola 1 en 2, weer 'n soort materiaal wat in diens van die mens is.

Hierdie newe-temas (diensbaarheid, verganklikheid en hulpeloosheid) kan soos volg by die hooftema (die ὑπόστασις van die gode) genoteer word.¹



Wat ookal die waarde van die materiaal waarvan die gode gemaak is, die skrywer toon deur sy kommentaar aan dat hulle

- i) diensbaar aan die mens (kola 1, 2 en 6)
- ii) verganklik (kola 3 en 5)².
- en iii) hulpeloos, is (kolon 4).

1. Saayman, op. cit., p. 42.

2. Hierby pas ook kolon 7 wat buite die ringspatroon val.

Logies is egter die feit dat die drie newe-temas van toepassing is op al ses die tipes materiaal en dat elk van die kola semanties meerduidig is. Nie slegs die klip, brons en yster is diensbaar aan die mens nie, maar ook die drie ander materiale. Net so is nie alleen hout en yster verganklik en silwer hulpeloos nie, maar ook die ander.

Indien die skrywer telkens al drie die newe-temas eksplisiet sou noem, sou dit 'n baie lang lys van herhalings afgegee het. Deur die gekose stylpatroon word dit vermy.¹ Die skrywer reduceer twee newe-temas by elke kolon sodat hy die eerste (diensbaarheid) slegs drie keer noem, die tweede (verganklikheid) slegs twee keer² en die derde (hulpeloosheid) net een keer in plaas daarvan om elkeen ses keer te vermeld. In die onderstaande tabel toon die openinge die aantal kere aan wat reduksie plaasgevind het:

| <u>Tema</u> | <u>Newe-temas</u> | | |
|-------------|-------------------|-----------------------|----------------------|
| | <u>Διενσβαρηδ</u> | <u>Verganklikheid</u> | <u>Hulpeloosheid</u> |
| 1. Klip | diensbaar | — | — |
| 2. Brons | diensbaar | — | — |
| 3. Hout | — | verganklik | — |
| 4. Silwer | — | — | hulpeloos |
| 5. Yster | — | verganklik | — |
| 6. Erts | diensbaar | — | — |

1. Sien by die funksies van die stylmiddele, p. 100 hieronder.

2. Binne die ringspatroon.

2.2. Funksies van die stylmiddele.

Die meeste vorms van herhaling wat in perikoop 3 aangetref word, gaan gepaard met afwisseling:

Die koppelwerkwoord ἐστί(ν) kom in kola 1 en 2 voor, maar word by die ander kola veronderstel.

Nog voorbeelde van afwisseling is die volgende:

Die woordjie δέ wat op μέν volg in kolon 1 kom in die res van die kola voor, met net kolon 7 as uitsondering. Kolon 7 verwys samevattend na die materiale wat in die voorafgaande kola pertinent vermeld word. In kola 1-6 geskied die skrywer se kommentaar by die materiale deur middel van onderskikking, maar by kolon 7 vind dit plaas deur middel van 'n omskrywende genitief. By die eerste 6 kola word eers die materiaal vermeld en dan volg die kommentaar daarop, maar by kolon 7 is dit andersom. Dit verbreek dus die parallelismes van die eerste ses kola.

Drie vergelykings kom voor in kola 1, 2 en 6, maar die skrywer gebruik ὁμοιος met die datief in 1, en die genitief van vergelyking in 2 en 6. In kola 3-5 maak die skrywer glad nie van vergelyking gebruik nie, maar die tipering van die afgodsmateriaal geskied deur middel van partisipiële uitbreidings.

In kola 2, 4 en 6 gebruik die skrywer drie doelkonstruksies. In kola 2 en 6 word dit deur twee verskillende preposisies naamlik εἰς en πρὸς ingelui en in kolon 4 deur ἵνα met die subjunktief.

Afwisseling geskied verder deur die drie langer kola (2, 4 en 6) met 4 items elk en vier korter kola (1, 3, 5 en 7) met 2 items elk.

Die herhalings dra by tot die duidelikheid van die perikoop en waar dit met afwisseling gepaard gaan, word eentonigheid verbreek.

Kohesie word versterk deur al die genoemde herhalings, maar veral deur μέν, ses keer gevolg deur δέ; deur die vraagvorm waarin elk van die kola geplaas is en deur die vermelding van die afgodsmateriale in elk van die perikoop se kola (met ὅλη as die samevatting hiervan in kolon 7).

Die klankeffekte (teweegebring deur die herhaling van die vokale ο, ε, η en die -ων uitgang) en veral die reëlmatige afwisseling van 4 en 2 items (wat doelbewuste strukturering aandui) verhoog die aanskoulikheid van die perikoop.

Die herhaling van die retoriese vraag (veral gesien in die lig van 'n menigte soortgelyke vrae wat in die res van hoofstuk 2 voorkom) is ongeag die skrywer se afwisselingstegnieke steeds hinderlik.

'n Uitstaande kenmerk van die perikoop is die semantiese geladenheid daarvan. Dit word verkry deur 'n ekonomies gestruktureerde perikoop waarin die skrywer die semiotaktiese verband van die een kolon oor die ander laat heen strek. Die perikoop is semanties meerduidelig, hoewel bondigheid die vorm kenmerk. Die vorm maak 'n lang lys van herhalings onnodig.

PERIKOOP 4 (Ad Diognetum II:3b-4a)

1. Analise op semantiese vlak.
- 1.1. Motivering vir die perikoopafbakening.

Die tema van die perikoop is die εἶδος van die gode wat reeds in perikoop 2, kolon 2 vermeld is.

Die herhaling van dieselfde soort stellings, ou klanke en die retoriese vraag dwarsdeur die perikoop, dui op die eenheid daarvan.

Die stylmiddele wat gekonsentreerd voorkom in bepaalde dele, naamlik ὁ μὲν, telkens gevolg deur ὁ δὲ in items 3-6 en die chiastiese woordplasing in items 11-16 (kola 4 en 5) dui op die samehang van die dele hiervan.

- 1.2. Die inhoud van die kola.

Perikoop 4 bestaan uit vyf kola:

1. Die nie-menslike vormgewers.
2. Die menslike vormgewers.
3. Die vorm van die gode kan te alle tye verander.
4. Werktuie kan in gode verander word.
5. Gode kan in werktuie verander word.

- 1.3. Die relasies tussen die kola.

Kolon 1 en 2 is additief-verskillend van mekaar: yster en vuur as vormgewers verskil van mense as vormgewers. Tussen kolon 3 en die eerste twee kola

is daar 'n generies-spesifieke relasie: in kola 1-2 word die vormgewers by name genoem. In kolon 3 word in die algemeen na hulle verwys met τούτων. Kola 4 en 5 is additief-verskillend van mekaar: werktuie kan gode word en gode kan werktuie word. Die relasie tussen kolon 3 en kola 4-5 is (soos met kolon 1 en 2) generies-spesifiek: die eerste vermeld heel in die algemeen die veranderlikheid van die gode. Die laaste twee kola gee voorbeelde om die veranderlikheid mee te staaf.

1.4. Die relasies tussen die nukleêre eenhede.

Items 1-2 en items 3-6 is additief-verskillend van mekaar. Die yster en vuur as vormgewers (moontlik gepersonifiseer) verskil van die vakmanne wat vermeld word. Tussen items 7-10 en die voorafgaande items is die relasie generies-spesifiek: in items 1-6 word die vormgewers spesifiek vermeld. In 7-10 word in die algemeen na hulle verwys. Item 8 staan in 'n tydsrelasie tot item 7: voordat die gode hulle besondere vorm verkry het, was hulle vatbaar vir enige ander vorm. Item 9 druk die doel van 8 uit: die gode is omvorm om 'n bepaalde gestalte te verkry. Item 10 staan in 'n tydsrelasie tot 7 en 8: die huidige gode wat tevore al veranderlik was, kan ook nou weer verander word. Tussen items 7-10 enersyds en items 11-13 en 14-16 andersyds is daar 'n generies-spesifieke relasie: In die algemeen word gestel dat die gode te alle tye veranderlik is (items 7-10). Spesifieke voorbeelde word vermeld om aan te toon wat met die huidige gebruik-artikels kan gebeur: hulle kan gode word (items 11-13). Dieselfde kan met die huidige gode gebeur: hulle kan gebruiksvorwerpe word (items 14-16).

Die relasies tussen die items van die twee bundelings (items 11-13 en 14-16) kan fyner omskryf word: Item 12 is 'n karakterisering van ὁμοια τοιούτοις in 11. Item 13 dui die voorwaarde van 11-12 aan: gebruiksartikels sou kon gode word as hulle dieselfde vakmanne sou hê. Anders gestel: om dieselfde vakmanne te hê, kan tot gevolg hê dat die huidige gebruiksvoorwerpe gode word. Tussen items 11-13 en 14-16 is die relasie additief-verskillend: in eersgenoemde items word die moontlike lot van die gebruiksartikels vermeld en in laasgenoemde dié van die huidige gode. Item 15 is 'n karakterisering van ταῦτα in 14. Item 11 word met 14-15 vergelyk: die huidige gode sou net soos die res gebruiksartikels kon word.

2. Analise op semiotiese vlak.

2.1. Die stylmiddele.

'n Aantal stellings wat die veranderlikheid van die gode aandui, kom dwarsdeur die perikoop voor, naamlik κεχαλκευμένα (item 2), ἔπλασεν (item 6), μεταμεμορφωμένον (item 7), γένοιτ' ἄν (item 11) en γενέσθαι (item 16). Die kola van dié perikoop stem inhoudelik nou met mekaar ooreen. Die skrywer herhaal sy gedagtes met slegs geringe toevoegings.¹ Kolon 3 is bloot 'n samevatting van kola 1 en 2 in algemene terme. Kola 4 en 5 brei weer met behulp van voorbeelde uit op kolon 3.

In kolon 1 (items 1 en 2) word die partisipium κεχαλκευμένα nie deur die verwagte ἐστίν gevolg nie.²

1. Die stylfiguur staan bekend as chreia.

2. Vergelyk ook perikoop 5, kola 6 en 7, waar dieselfde gebeur.

In dieselfde items word σιδήρου en πυρός heel waarskynlik gepersonifiseer. Dit word versterk deur die voorsetsel ὑπό met die genitief in plaas van die verwagte instrumentele datief.¹

Op fonologiese vlak geld die volgende: elk van die vyf kola begin met dieselfde tweeklank, naamlik οὐ (οὐχ by kola 1-2 en οὐ by 3-5). Items 4-6 begin met ὃ δέ.² Dit volg op die ὃ μὲν van item 3.³ In items 3-6 is die afwisseling tussen die slotklanke -ος en -εως opvallend by λιθοξόος, χαλκεύς en ἀργυροκόπος, κεραμεύς.

In item 7 word woordspel⁴ aangetref by ἕκαστον αὐτῶν ἑκάστῳ.

In items 8 en 9 is daar 'n spel met klanke in twee eenhede wat duidelik waargeneem kan word as dit hardop geles word:

ταῖς τέχναις τούτων

τὴν μορφήν τούτων

Beide die eenhede het 5 lettergrepe.

In items 12 en 13 word die klanke ης en ων elk drie keer aangetref in:

τῆς αὐτῆς ὕλης

τῶν αὐτῶν τεχνιτῶν

In kola 3-5 word die woordvolgorde verskeie kere versteur.⁵ Die οὐ

1. Dieselfde verskynsel word aangetref in perikoop 3 by ὑπό ἰοῦ (item 14). Die stylfiguur staan bekend as prosopoiia.
2. Die stylfiguur staan bekend as epanafora.
3. In perikoop 3 word μὲν en δέ voorafgegaan deur die lidwoord ὃ. In perikoop 4 egter, is dit die relatiewe voornaamwoord ὃ.
4. Die stylfiguur staan bekend as poluptoton.
5. Vergelyk p.296 hieronder vir die gedrukte teks.

waarmee kolon 3 begin, word deur items 8-9 geskei van die ἦν waarmee dit saamgaan. Daarbenewens word die woordorde ἦν ἕκαστον αὐτῶν ἐκάστῳ ... μεταμεμορφωμένον (item 7) versteur deur die invoeging van ἔτι καὶ νῦν (item 10). In kolon 4 word die woordorde versteur deur die posisie van item 13, εἰ τύχοι τῶν αὐτῶν τεχνιτῶν. In kolon 5 word dit veroorsaak deur die plasing van ὅμοια.

In item 7, sowel as in items 8 en 9, word dieselfde woord twee keer gebruik, maar elke keer met 'n ander betekenis.¹ In item 7 verwys ἕκαστον na die gode, terwyl ἐκάστῳ verwys na die bestemming wat die gode deur vormverandering mag bereik: hulle kan in enigiets verander word. In items 8 en 9 weer verwys τούτων eers na die vormgewers (item 8) en daarna na die gode (item 9).

Die optatief kom vir die eerste maal in die geskrif in hierdie perikoop voor. Dit word drie keer gebruik, naamlik in items 11, 13 en 14. In items 11 en 14 is dit die potensieële optatief met ἄν en in item 13 is dit die optatief in 'n geslote voorwaarde.

In items 11 en 16 kom ὅμοια met die datief voor om vergelyking aan te dui.

In die laaste twee kola van die perikoop kom 'n chiasme voor tussen die volgende leksikale items:²

1. Die stylfiguur is 'n antanaklasis.

2. Vergelyk p.296 hieronder vir die gedrukte teks.

| | |
|----------------------|-----------|
| σκέυη | (kolon 4) |
| τεχνιτῶν | (kolon 4) |
| τοιοῦτοις | (kolon 4) |
| τά ... προσκυνούμενα | (kolon 5) |
| ἀνθρώπων | (kolon 5) |
| σκέυη | (kolon 5) |

Kola 4 en 5 stem ooreen ten opsigte van hulle vorm. Albei begin en eindig met dieselfde klank, naamlik ou en -οις. In beide kom die lidwoord τὰ met νῶν voor, die potensiële optatief met ἄν, die woord σκέυη, asook die byvoeglike naamwoord ὁμοία met die datief.

Die skrywer rangskik die kola van die perikoop patroonmatig, naamlik twee - een - twee:

| | | |
|---------|---|--------------------------------|
| kolon 1 | □ | vormgewers |
| kolon 2 | □ | |
| kolon 3 | — | veranderlik te alle tye |
| kolon 4 | □ | voorbeelde van veranderlikheid |
| kolon 5 | □ | |

Die laaste twee kola, 4 en 5, het ongeveer dieselfde aantal lettergrepe, naamlik 31 en 33 respektiewelik.

Soos in perikoop 3 is elk van die 5 kola 'n retoriese vraag.

2.2. Funksies van die stylmiddele.

Soos in perikoop 3 gaan die meeste herhalings in perikoop 4 gepaard met afwisselings.

Die herhaling van sekere stellings in items 2, 6, 7, 11 en 16 versterk nie alleen die kohesie in die teks nie, maar beklemtoon ook die tema wat reeds in perikoop 2 aangedui is, naamlik die εἶδος van die gode. Die gebeurewoorde word egter afgewissel, byvoorbeeld ἔπλασεν, μεταμεμορφωμένον en γένουτ' ἄν. Hierdeur word eentonigheid voorkom.

Die personifikasie van σιδήρου en πυρός in items 1 en 2 is 'n onverwagte wending waarvan die skrywer gebruik maak, moontlik om die mag van die yster en vuur oor die gode te beklemtoon.

Die herhaling van die relatiewe voornaamwoord ὃ met δέ na ὃ μὲν in item 3 dien om kohesie te bewerk en om items 3-6 individueel te laat uitstaan. Die vervanging van die lidwoord ὁ in perikoop 3 (vergelyk items 1, 3, 7, 9, 13 en 15) met die relatiewe voornaamwoord ὃ in perikoop 4 dien om afwisseling te bewerkstellig.

Die herhaling van die uitgange -ος en -εως in dieselfde volgorde in items 3-6 verhoog die aanskoulikheid van die perikoop. In items 8-9 het die herhaling van die -αις en -ην uitgange saam met τούτων, wat in elk van die twee items voorkom, ritmiese effek. Aanskoulikheid is die gevolg van die eenhede met dieselfde lengte; items 8 en 9, die kleiner eenhede binne items 12 en 13 en die twee slotkola, naamlik 4 en 5. Die feit dat die verskynsel deur die hele perikoop voorkom, versterk tekskohesie. Die

-ης en -ων uitgange (wat elk drie keer herhaal word in items 12-13) kan saam met die reeds vermelde herhalings en afwisselings op fonologiese vlak slegs die aanskoulikheid van die perikoop verhoog. Daarby vestig dit die aandag op die semantiese inhoud wat te doen het met die vorm van die gode.

Die feit dat die retoriese vraag vyf keer voorkom in die perikoop versterk die kohesie. Dit doen myns insiens egter in 'n mate afbreuk aan die literêre kwaliteit van die hoofstuk, veral gesien in die lig van die feit dat die grootste deel van die hoofstuk uit retoriese vrae bestaan. Waar personifikasie saam met die retoriese vraag voorkom (vergelyk items 1 en 2) het dit 'n kragtige effek.

Die talle versteurings van die woordorde vestig die leser se aandag op die semantiese inhoud van die dele waarin dit voorkom. Dit beklemtoon die veranderlike, die nie-stabiele in die vormgewing van die gode. Dit staan ook in kontras met die voorafgaande perikoop waarin die kola 'n parallelle struktuur vertoon waarmee weer die eenvormige kenmerke van die gode beklemtoon word.

Die aanwending van 'n kort vergelyking, ingelui deur ὅμοια, versterk die duidelikheid van kola 4 en 5. Die vormveranderlikheid van die gode word met 'n voorbeeld beklemtoon.

In items 7 en 8-9 vestig die antanaklasis, wat die element van onverwagsheid bevat, die aandag op die vormgewers, die gode en veral op hulle veranderlike lot. Sowel ἕκαστον (item 7) as τούτων (item 9) verwys na die gode, terwyl ἐκάστῳ verwys na hulle veranderlikheid. In item 8 verwys

τούτων na die vormgewers, die vakmanne.

Die optatief wat voorkom in items 11, 13 en 14, en by uitstek die modus van onsekerheid is, word baie paslik gebruik in 'n passasie waarin dit juis gaan om die onsekere lot van die gode met betrekking tot hulle vorm.

Die chiastiese woordordening in kola 4 en 5, sowel as die ander ooreenkomste tussen die twee kola waarop gewys is ¹, versterk tekskohesie. Die doelbewuste strukturering wat agter die chiasme sit, dra by tot die aanskoulikheid van die perikoop. Die chiasme vestig ook die leser se aandag op die semantiese inhoud daarvan, naamlik die vormveranderlikheid van die gode. Dit is dus duidelik uit die bespreking van die funksies van die stylmiddele dat die meeste hiervan meewerk om hierdie feit te beklemtoon.

Die patroonmatige plasing van die kola, naamlik twee - een - twee, verhoog die aanskoulikheid van die perikoop. Dit het terselfdertyd 'n samebindende funksie in die perikoop as geheel.

PERIKOOP 5 (Ad Diognetum II:4b)

1. Analise op semantiese vlak.
 - 1.1. Motivering vir die perikoopafbakening.

Die tema van die perikoop kan geformuleer word as: Die algehele verdorwen-

1. Vergelyk p.106 hierbo.

heid van die gode (vergeelyk die toenemende negatiewe kritiek op die gode in die kola).

Dieselfde soort sintaktiese struktuur (parallelismes), dieselfde klanke aan die begin en einde van elke kolon (ou, -α), die fonologiese ringskomposisie (oû in kola 1-2, oûk in 3-5 en oû in 6-7), die opvallende poëtiese vorm, en die kort kola ¹ is myns insiens die belangrikste argumente vir die afbakening van die perikoop as 'n eenheid.

1.2. Die inhoud van die kola.

Anders as in die voorafgaande perikope stem die kola en die nukleêre eenhede presies ooreen. In die sewe kola van perikoop 5 word die kenmerke van die afgode gelys. Almal is:

1. Stom
2. Blind
3. Leweloos
4. Gevoelloos
5. Bewegingloos
6. Besig om te verrot
7. Besig om te vergaan

1.3. Die relasies tussen die kola.

Omdat die kola en nukleêre eenhede ooreenstem, is die relasies tussen die kola dieselfde as dié wat in 1.4 beskryf word.

1. Die kola van perikoop 5 is baie korter as dié van die voorafgaande perikope, met slegs kolon 1 van perikoop 2 as uitsondering.

1.4. Die relasies tussen die nukleêre eenhede.








Item 1 en 2 is additief-verskillend van mekaar: die gode is stom en blind. Die relasie tussen item 3 en items 4-5 is generies-spesifiek: In die algemeen word na die gode verwys as leweloos. Spesifiek word vermeld dat hulle sonder gevoel en beweging is. Item 4 (gevoelloos) en item 5 (bewegingloos) is additief-verskillend van mekaar. Items 6 en 7 is additief-ekwivalent: die gode is besig om tot niet te gaan.

2. Analise op semiotiese vlak.

2.1. Die stylmiddele.

Perikoop 5 bestaan uit 7 kort kola waarvan 1-2, 3-5 en 6-7 parallel is op verskillende vlakke. By elke kolon word ἐστίν veronderstel.

Die kola begin elk met die tweeklank ου. Die middelste drie kola verskil van die res slegs in dié opsig dat 'n -κ bygevoeg word en dat die tweede woord telkens met 'n α begin. 'n Fonologiese ringskomposisie is die gevolg:

1.  ου
2.  ου
3.  ουκ - α
4.  ουκ - α
5.  ουκ - α
6.  ου
7.  ου

In die eerste groep (kola 1-2) word die volgende klankooreenstemminge aangeref:

οὐ καρὰ πάντα

οὐ τυφλά

In die tweede groep (kola 3-5) stem die volgende klanke ooreen:

οὐκ ἄψυχα

οὐκ ἀναίσθητα

οὐκ ἀκίνητα

In groep drie (kola 6-7) is dit slegs die klanke van die werkwoordstamme wat verskil. Origens is die fonologiese ooreenstemming presies dieselfde:

οὐ πάντα σπόμενα

οὐ πάντα φθειρόμενα

In die perikoop begin en eindig elk van die kola op dieselfde klank, naamlik ου(κ) en-α respektiewelik. Hierdie twee klanke domineer in die perikoop.

Dit is opvallend dat die ooreenstemming tussen die klanke van groep 2 (kola 3-5) groter is as in groep 1 (kola 1-2) terwyl dié in groep 3 (kola 6-7) weer groter is as in groep 2.¹

1. Dit is 'n tipe van amplificatio op fonologiese vlak, bekend as incrementum.

Kola 3-5 is ongeveer ewe lank. Kolon 3 het een lettergreep minder as kola 4 en 5. Kola 6 en 7 is presies ewe lank: Albei bestaan uit 7 lettergrepe. In kola 1 en 2 is die kola egter ongelyk as gevolg van die plaasing van πάντα sodat die patroonmatigheid hier ietwat versteur word.

Globaal geneem, is daar 'n geleidelike toename in lengte by die drie kolongroeperinge en as daar op die inhoud gelet word, is dit duidelik dat die kritiek op die gode al skerper word. Die gode is nie slegs sonder sintuiglike waarneming nie (kola 1 en 2); hulle is ook sonder lewe (kola 3-5). Nog meer: hulle is inderwaarheid besig om tot niet te gaan (kola 6-7). Hierdie toenemende negatiewe karakterisering van die gode word kunstig deur die steeds langer wordende kola aangedui.

Uit bostaande feite kan dus gekonkludeer word dat daar 'n toename (‘n klimaktiese opbou) is op semantiese, fonologiese en sintaktiese (vergelyk die sinslengte) vlak.

Verdere stilistiese kenmerke van die perikoop sluit in: die retoriese vraagvorm van elke kolon, πάντα wat drie keer voorkom (kola 1, 6 en 7) en die litotes in kola 3-5. Die perikoop vertoon, met inagneming van die sinslengte en die begin- en endrym, 'n sekere poëtiese struktuur wat by die onmiddellik voorafgaande perikope ontbreek.

2.2. Funksies van die stylmiddele.

Die kort kola met die opeenhoping van bepaalde klanke (ou en α) daarin, en

die retoriese vraagvorm dui daarop dat die skrywer hier van 'n besonder kragtige styl gebruik maak.

Tekskoehesie word deur die volgende stilistiese tegnieke bewerk: die ooreenkomste tussen die drie kleiner groeperinge in die perikoop, die fonologiese ringskomposisie, die α en $\text{ou}(\kappa)$ klanke wat dwarsdeur die perikoop voorkom en die weglating van $\acute{\epsilon}\sigma\tau\acute{\iota}\nu$ wat by elke kolon veronderstel moet word. Al drie die kleiner bundelings binne die perikoop is hegte eenhede, maar die $\text{o}\acute{\upsilon}\kappa$ in plaas van $\text{o}\acute{\upsilon}$ en die litotes maak dit in die besonder waar van die middelste eenheid (kola 3-5).

Die voorkoms van parallelismes, die begin- en endrym, kortom die hele poëtiese struktuur van die paragraaf, verhoog die aanskoulikheid daarvan.

Bondigheid word bewerkstellig deur die weglating van $\acute{\epsilon}\sigma\tau\acute{\iota}\nu$ by al die kola en van $\acute{\pi}\acute{\alpha}\nu\tau\alpha$ by kola 2,3,4 en 5.

Deur die weglating van $\acute{\pi}\acute{\alpha}\nu\tau\alpha$, deur die vervanging van $\text{o}\acute{\upsilon}$ met $\text{o}\acute{\upsilon}\kappa$ in kola 3-5 en deur die bondiger sinne bewerk die skrywer afwisseling om eentonigheid te verbreek.

Die eenvormigheid van die gode se eienskappe word effektief beklemtoon deur die parallelismes. Dit staan in skerp kontras tot die hyperbata van die voorafgaande perikoop waardeur die skrywer weer die onstabieliteit van die gode wil beklemtoon.

Die algehele verdorwenheid van die gode word beklemtoon deur die klimaktiese opbou op die semantiese, fonologiese en sintaktiese vlakke. Soos die beskrywing van hulle negatiewe eienskappe toeneem op semantiese vlak so neem die lengte van die kola toe op sintaktiese vlak en die ooreenstemming op fonologiese vlak. Dit is 'n goeie illustrasie van die belangrikste styldeug van die Hellenistiese periode, τὸ πρέπον, of ooreenkoms tussen stof en styl.

PERIKOOP 6 (Ad Diognetum II: 5)

1. Analise op semantiese vlak.

1.1. Motivering vir die perikoopafbakening.

Die tema van die perikoop kan geformuleer word as: verering van die afgode lei tot vereenselwiging daarmee. Hierbenewens dien die middele - gevolg relasie tussen kola 1-3 en kolon 4 en die identiese begin- en endklanke (τ en -ε) as verdere bewyse vir die perikoop as 'n eenheid. Perikoop 6 staan ook los van 5 in dié opsig dat die leser(s) persoonlik by die kritiek betrek word deur middel van die gebruik van die tweede persoon meervoud.

1.2. Die inhoud van die kola.

Perikoop 6 het 4 kola wat, soos in die vorige perikoop, presies met die nukleêre eenhede ooreenstem:

1. Die afgode word as gode bestempel.

2. Die afgode word gedien.
3. Die afgode word aanbid.
4. Gevolglik word die aanbidders vereenselwig met die gode.

1.3. Die relasies tussen die kola.

Aangesien die kola en die nukleêre eenhede ooreenstem (soos in die vorige perikoop), is die relasies tussen die kola dieselfde as dié wat onder 1.4. beskryf word.

1.4. Die relasies tussen die nukleêre eenhede.

Die relasies tussen die items is soos volg: items 1-3 is additief-verskillend en al drie is die middele wat lei tot die gevolg in item 4: verering van die gode lei tot vereenselwiging daarmee.

2. Analise op semiotiese vlak.

2.1. Die stylmiddele.

Die vorm van perikoop 6 herinner sterk aan dié van 5. Soos in laasgenoemde perikoop begin elk van die kola met dieselfde klank (hier $\eta \tau$). Al vier die kola het ook dieselfde slotvokaal, naamlik ϵ . Kola 1-3 eindig egter op $-\tau\epsilon$ en kolon 4 op $-\theta\epsilon$. Net so is hierdie drie kola semanties nouer verwant aan mekaar as aan kolon 4, aangesien hulle (soos reeds aangedui) die middels is wat lei tot die gevolg in 4. Die eerste drie kola is parallel op verskillende vlakke: In al drie kom dieselfde sintaktiese struktuur voor, naamlik η aanwysende voornaamwoord plus die werkwoord.

Kolon 1 het slegs θεούς tussen ταῦτα en καλεῖτε. Verder is die drie kola ook ewe lank in onderskeiding van kolon 4. Hierdie feite dui op die noue relasie tussen die vorm en inhoud in die betrokke kola.

Soos by perikoop 5 is die kola korter as dié van perikope 1-4. Slegs twee van perikoop 6 se kola het die vorm van 'n retoriese vraag, naamlik 1 en 2.

Net soos in perikoop 5 is daar in 6 ook sprake van 'n semantiese klimaktiese opbou. Die beskuldiging dat die Grieke "hierdie dinge" (ταῦτα) gode noem, word gevolg deur die feller aanklagte, naamlik dat hulle die gode dien (δουλεύετε) en aanbid (προσκυνεῖτε). Hierdie beskuldigings kulmineer in die verwyt: "uiteindelik word julle net soos hulle!" Hierdie opbou word soos in perikoop 5 deur die gekose sinslengte beklemtoon. Kolon 4, waarmee die perikoop afgerond word, is merkbaar langer in die voorafgaande drie. Waar kolon 1 sewe lettergrepe het en kola 2-3 ses elk het, het kolon 4 tien.

Perikoop 6 is myns insiens die klimaks van paragrawe 2-7. Waar in die voorafgaande perikope hoofsaaklik die afgode gekritiseer word, gaan dit in perikoop 6 om die afgode sowel as hulle aanbidders. Die skrywer word meer persoonlik in sy kritiek en Diognetos word self daarby betrek. Vir sy kritiek gebruik die skrywer die tweede persoon meervoud.¹

1. Aan die einde van perikoop 2 (items 10 en 11) gebruik die skrywer ook die tweede persoon meervoud, nadat hy tevore net die tweede persoon enkelvoud gebruik het. Vergelyk p. 88 hierbo vir 'n bespreking hiervan.

2.2. Funksies van die stylmiddele.

Kohesie word binne die perikoop versterk deurdat die begin- en slotklanke (τ en ε) dwarsdeur die eenheid dieselfde is, asook deur die kola wat korter is as dié van al die vorige perikope (perikoop 5 uitgesonder) van hoofstuk I en II. Die parallelisme tussen kola 1-3 versterk die verband tussen die drie eenhede, terwyl al die ooreenkomste tussen perikope 6 en 5 waarop gewys is kohesie tussen hierdie twee eenhede help versterk. Deurdat perikoop 6 beskou kan word as die semantiese klimaks van paragrawe 2-7, help dit om die gedeelte as 'n eenheid saam te bind.

Die klimaktiese opbou van perikoop 6 (op semantiese en sintaktiese vlak) beklemtoon die dwaasheid van die gode se aanbidders: hulle word uiteindelik net soos die gode. Die prominente posisie van perikoop 6 laat hierdie gedagte dus uitstaan, naamlik dat die afgodsdienste inderdaad 'n ἀπατώσαν συνήθειαν is (vergelyk perikoop 2, item 3).

Die doelbewuste strukturering in die perikoop verhoog die aanskoulikheid daarvan.

Afwisseling word verkry deurdat nie al die kola ewe lank is en dieselfde sintaktiese struktuur vertoon nie (vergelyk byvoorbeeld kolom 4 wat in hierdie opsigte van die res verskil). Die retoriese vraagvorm wat in net twee van die vier kola voorkom, is 'n verdere afwisselingstegniek.

Deur oor te slaan na die tweede persoon meervoud word die leser persoonlik by die betoog betrek. Die aanspreek van die leser(s) was 'n baie effektiewe retoriese middel in die Hellenistiese tyd. Die trefkrag van die

tegniek word verder verhoog deur die stelling in kolon 4 dat die gode en hulle aanbidders uiteindelik identies sal wees. Die kort kola is ook 'n teken van kragtige styl. Tog wil die skrywer nie vir Diognetos aanstoot gee nie en dit is moontlik die rede waarom hy die "sagter" meervoudsvorm gebruik liewer as die "skerp" enkelvoudsvorm.

PERIKOOP 7 (Ad Diognetum II: 6-10)

1. Analise op semantiese vlak.

1.2. Motivering vir die perikoopafbakening.

Perikoop 7 word gebou rondom die tema: Eerbewyse aan die afgode dui op minagting van hulle aanbidders en hulle word deur die Christene verwerp. Waar die twee voorafgaande perikope slegs kort kola bevat, is daar 'n afwisseling tussen kort en lang kola in perikoop 7. In perikope 5 en 6 stem die kola en die nukleêre strukture ooreen. In perikoop 7 is hulle soms identies, soms nie. Perikope 3-6 bestaan grootliks uit retoriese vrae. In perikoop 7 is daar 'n afname hiervan. Die belangrikste rede egter waarom die onderhawige perikoop as 'n eenheid geld, is myns insiens die ringsvorm waarin dit gekonstrueer is (vergelyk p.124 hieronder). Hierby kan ook die ander chiastiese strukture gevoeg word wat dwarsdeur die perikoop voorkom.

1.2. Die inhoud van die kola.

In perikoop 7 groepeer die nukleêre eenhede saam tot 15 kola:

1. Christene word gehaat, omdat hulle nie die afgode as gode erken nie.
2. Die vermeende lof vir die gode getuig van minagting.
3. Die gode word bespot.
4. Verskil in behandeling kom neer op die belediging van die gode.
5. Die vermeende eerbewyse is 'n straf vir gode met waarnemingsvermoë.
6. Aangesien die gode sonder waarneming is, vereer die heidene hulle deur hulle met bloed en vet tot skande te maak.
7. Niemand sal dié behandeling verduur nie.
8. Niemand sal verdra dat dit met homself gebeur nie.
9. Geen mens sal die behandeling vrywillig uitstaan nie.
10. Die mens het rede en verstand.
11. Die klip verduur dit.
12. Die klip beskik nie oor sintuiglikheid nie.
13. Die klip se sintuiglikheid word tot skande gemaak.
14. Baie sou gesê kon word oor die feit dat die Christene nie die gode dien nie.
15. Die skrywer beskou dit as oorbodig om meer te sê, selfs al blyk sy argumente onvoldoende te wees.

1.3. Die relasies tussen die kola.

Kolon 2 gee die rede aan vir 1: die vermeende lof vir die gode is die rede waarom die Christene, wat nie die afgode erken nie, gehaat word.

Kola 3-4 is additief-verskillend: die afgode word bespot (3) en beledig (4) deur die verskillende soorte behandeling wat hulle ontvang. Kolon 5

staan in kontras tot 6: die sogenaamde eerbewyse straf die gode met sintuiglikheid (5), maar gode sonder sintuiglikheid word aanbid deur hulle met bloed en vet tot skande te maak (6). Sowel kola 7 en 8 stel dit dat niemand die behandeling sal verduur nie en is dus additief-ekwivalent. Kolon 9 staan in kontras tot 7 en 8: teenoor die uitdaging om die behandeling te verduur (7 en 8), staan die besliste versekering dat geen mens dit sal verduur nie (9). Kolon 10 gee die rede vir 9: geen mens sal die straf verduur nie (9), want hy het rede en verstand (10). Kolon 11 staan in kontras tot 9: anders as met die mens (9) verduur die klip die straf (11). Kolon 12 gee die rede vir 11: die klip verduur dit (11), want hy het nie waarnemingsvermoë nie (12). Kolon 13 is die gevolgtrekking van 11-12: die klip hou uit (11), want hy beskik nie oor waarnemingsvermoë nie (12); gevolglik word juis hierdie gebrek aan die kaak gestel (13). Kola 14-15 is die konsekwensie van 1-13: as al die argumente waarom die Christene nie die gode dien nie (1-13) onvoldoende is, beskou die skrywer verdere redenasie as oorbodig (14-15). Kolon 15 is kontrastief tot 14: die skrywer kan nog baie argumente aanvoer (14), maar beskou dit as oorbodig (15).

1.4. Die relasies tussen die nukleêre eenhede.

Item 1 vermeld die gevolg van 2 wat weer die rede is van 1: omdat die Christene nie die gode ag nie (2), word hulle deur die heidene gehaat (1). Items 3-6 gee die rede van 1-2 aan wat weer die gevolg is van 3-6: die vermeende lof vir die gode (3-6) is die rede waarom die Christene wat nie die gode ag nie, gehaat word (1-2). Anders gestel: die haat vir die Christene, wat nie rekening hou met die gode nie (1-2), is die gevolg van

die foutiewe veronderstelling by die heidene dat hulle die gode prys (3-6). Items 3-4 is additief-ekwivalent aan mekaar, met item 5 (αἰνεῖν) die inhoud van hierdie twee items. Items 3-5 staan in 'n tydsrelasie tot 6: terwyl die heidene dink (3) en reken (4) dat hulle die gode prys (5), minag hulle hulle (6). Items 6-8 is additief-verskillend van mekaar: die gode word geminag (6), bespot (7) en beledig (8). Items 9-11 staan in 'n tydsrelasie (of 'n relasie van voorwaarde) tot 7-8: terwyl (of indien) verskillende soorte gode verskillend behandel word ten opsigte van bewaking (9-11) dui dit op bespotting en belediging (7-8). Item 10 is kontrastief tot 9 in terme van die soorte gode: gode van klip en erts word sonder wagte vereer (9), maar dié van silwer en goud word snags opgesluit (10). Item 11 kontrasteer met 10 in terme van tyd: snags word hulle opgesluit, maar bedags word wagte vir hulle aangestel (11). Item 12 druk die doel van 10 en 11 uit: die doel van die opsluiting (10) en die aanstelling van wagte (11) is om te voorkom dat die gode gesteel word (12). Anders gestel: items 10-11 is die middel vir 12: deurdadig die waardevolle gode opgesluit word (10) en wagte vir hulle aangestel word (11), word hulle nie gesteel nie (12). Item 14 is die inhoud van δοκεῖτε in 13. Saam is items 13 en 14 die middel vir 16 met 16 die gevolg van die twee items: deur die vermeende eerbewyse (13-14) word die gode eintlik gestraf (16). Die straf (16) is dus die gevolg van die eerbewyse (13-14). Item 15 is die voorwaarde vir 16: die gode word eintlik gestraf (16) as hulle kan waarneem (15). Item 16 is dan die gevolg van 15. Tussen 15 en 17 is daar 'n kontras: die vermoë om te kan waarneem (15) staan teenoor die onvermoë om te kan waarneem (17). Item 17 is die rede vir 18-19 en laasgenoemdes die gevolg van 17: aangesien die gode nie kan waarneem nie (17) word hulle eintlik tot skande gemaak deur die offerhandes van bloed en vet (18-19).

Item 18 is die middel vir 19 met 19 die gevolg van 18: die heidene ver-
 eer die gode deur hulle met bloed en vet tot skande te maak. Items 20-
 21 en 22 is additief-ekwivalent aan mekaar: niemand sal die behandeling
 verduur (20), of verdra dat dit met homself gebeur nie (21-22). Item 22
 is die inhoud van 21: niemand sal toelaat dat hierdie dinge met homself
 gebeur nie. Item 23 is in kontras met 20-22: die besliste versekering
 dat geen mens die behandeling wat die gode kry, sal verduur nie, staan in
 kontras met die uitdagings 20-22 om dit wel te verduur. Item 24 is die
 rede vir 23: geen mens verduur die behandeling nie (23), want hy het waar-
 nemingsvermoë en verstand (24). Item 25 staan in kontras met 23:
 die mens sal nie die behandeling verduur nie (23), maar die klip verduur
 dit (25). Item 26 is die rede vir 25 met 26 die gevolg van 25: die klip
 verduur dit (25), want hy kan nie waarneem nie (26). Anders gestel: die
 klip kan nie waarneem nie (26), gevolglik verduur hy dit (25). Item 27
 is die gevolg van 25-26: die klip hou uit (25), want hy kan die waarneem
 nie (26), gevolglik word sy waarnemingsvermoë aan die kaak gestel (27).
 Item 28 is die inhoud van 29: die skrywer sou nog kon praat (29) oor die
 feit dat die Christene nie sulke gode dien nie (28). Item 30 is die
 voorwaarde van 31, met 31 die gevolg van 30: As die skrywer se argumente
 nie voldoende is nie (31), beskou hy dit as oorbodig om verder te praat
 (31-32).

Tussen 28-29 en 30-32 bestaan daar 'n kontras: die skrywer sou nog veel meer
 kon sê oor die feit dat die Christene nie die gode dien nie (28-29), maar
 selfs as iemand sy argumente as onvoldoende ag (30), beskou hy dit as oor-
 bodig om meer te sê (31-32). Item 32 karakteriseer περισσόv in 31.

Items 28-32 is die konsekwensie van die hele betoog in items 1-27: as al

sy argumente waarom die Christene nie die gode aanbid nie (1-27) onvoldoende is, beskou die skrywer verdere redenasie as oorbodig (28-32).

2. Analise op semiotiese vlak.

2.1. Die stylmiddele.

Perikoop 7 is relatief lank in vergelyking met die twee voorafgaande paragrawe. Dit is in die vorm van 'n semantiese ring gekonstrueer, aangesien dit met dieselfde gedagte afgerond word as waarmee dit begin: die Christene hou nie rekening met (kolon 1), en is nie dienaars van die afgode nie (kolon 14).

In perikope 5 en 6 is die kola uitermate kort en is daar algehele ooreenstemming tussen die nukleêre eenhede en die kola. In perikoop 7 bestaan daar afwisseling tussen langer en korter kola, terwyl die nukleêre strukture en die kola soms identies is en soms nie. In die perikoop is daar ook 'n afname in die gebruik van retoriese vrae.

Dieselfde betoogtrant wat in items 3-12 aangetref word, kom in items 13-24 voor, naamlik:

- i) 'n foutiewe veronderstelling
- ii) 'n regstelling, en
- iii) 'n voorbeeld ter staving van die argument.

In items 3-5 veronderstel die aanbidders verkeerdelik dat hulle die gode prys. Dit is egter nie die geval nie: die gode word in der waarheid ver-

ag en bespot (items 6-8). Die verskil in behandeling wat gode van klip en silwer kry, dien as voorbeelde (items 9-12).

In items 13-19 word betoog dat die veronderstelde eerbewyse (items 13-14 en 19) inderdaad bestraffings is (items 15-19, wat die gode se gebrek aan waarneming aantoon.) Ter staving van die argument word in items 20-24 as voorbeeld aangevoer dat geen mens die soort behandeling wat die gode kry, sal kan verduur nie.

Die skrywer bedien hom in die onderhawige perikoop van sekere fokustegnieke wat daartoe lei dat die logiese gedagtegang versteur word. Die hoofgedagte word telkens teruggehou. In items 1-2 word gevolg voor oorsaak geplaas, naamlik διὰ τοῦτο μισεῖτε Χριστιανούς (gevolg) ὅτι τούτους οὐκ ἠγοῦνται θεούς; (oorzaak). In items 3-6 word die hoofwerkwoord καταφρονεῖτε (item 6) in 'n beklemtoonde posisie aan die einde geplaas. In items 13-16 staan die relatiewe bysin (items 13 en 14) aan die begin. Die betreklike voornaamwoord αἷς gaan die antesedent τιμαῖς vooraf en word ook daarvan geskei deur δοκεῖτε. Dieselfde word gevind in item 28 waar περὶ μὲν ... θεοῖς die hoofsin πολλὰ μὲν ... ἔχοιμι (item 29) voorafgaan. Soos by items 3-6 word die hoofwerkwoord ἔχοιμι hier ook in 'n beklemtoonde posisie aan die einde geplaas.

Perikoop 7 vertoon die vorm van 'n uitgebreide chiasme. In items 1-2 en 28-29 word vermeld dat die Christene nie die afgode dien nie. Items 3-12 en 13-27 is onderafdelings waarin bewyse hiervoor gegee word:

| | |
|---------|--|
| 1 - 2 | Die Christene beskou die afgode nie as gode nie. |
| 3 - 12 | Bewaking as bewys. |
| 13 - 27 | Offerhandes as bewys. |
| 28 - 29 | Die Christene dien nie die afgode nie |

In elkeen van die vier bundelings (1-2, 3-6, 13-16 en 28-29) word van die tegniek van terughouding gebruik gemaak. Die hoofgedagte wat deur die terughouding beklemtoon word, het telkens betrekking op die swak behandeling wat die gode van hulle vereerders ontvang, vergelyk:

| | |
|---|-----------|
| τούτους οὐχ ἡγοῦνται θεούς. | (item 2) |
| αὐτῶν καταφρονεῖτε | (item 6) |
| κολάζετε μᾶλλον αὐτούς | (item 16) |
| πολλά ... ἄλλα εἰπεῖν ἔχοιμι ¹ . | (item 29) |

Dwarsdeur die perikoop kom sekere sleutelbegrippe voor. Die minagting wat die aanbidders vir hulle gode het, word aangedui deur woorde soos καταφρονεῖτε (item 6) χλευάζετε (item 7) en ὑβρίζετε (item 8). Bestrafing van die gode word aangedui deur κολάζετε (item 16), ἐλέγχοντες (item 18), κολάσεως (item 23) en ἐλέγχετε (item 27). Telkens word na die waarnemingsvermoë van die gode verwys: αἰσθάνονται (item 15), ἀναισθητοῦσιν (item 17), αἰσθησιν (item 24), ἀναισθητεῖ (item 26) en weereens αἰσθησιν (item 27). Na die uithouvermoë van mense en gode word verwys met ἀνασχέσθω (item 21), ἀνεξέται (item 23) en ἀνέχεται (item 25), met woordspel tussen laasgenoemde twee.

1. Die implikasie van πολλά ἄλλα is verdere bewyse van die swak behandeling van die gode.

Uit hierdie sleutelbegrippe kan afgelei word dat daar in die eerste onderafdeling (items 3-12) gefokus word op die minagting van die aanbidders vir hulle gode deur die wyse waarop hulle bewaak word. In die tweede onderafdeling (items 13-27) beklemtoon die sleutelbegrippe die feit dat die gode geen waarneming het nie.

In die perikoop kom 'n aantal woorde met gelykluidende klanke voor, asook enkele sinne met dieselfde lengte en strukture.

In items 1 en 2 domineer die ou klank, beide eindig op -ους en is nagenoeg ewe lank. Item 1 het 11 en item 2 het 10 lettergrepe:

διὰ τοῦτο μισεῖτε Χριστιανούς (item 1)

ὅτι τούτους οὐχ ἠγοῦνται θεούς (item 2)

In items 6 en 7 is die eerste twee woorde identies, asook die slotklanke van die laaste woorde. Klankooreenstemming kom ook tussenin voor:

οὐ πολύ πλέον αὐτῶν καταφρονεῖτε (item 6)

οὐ πολύ μᾶλλον αὐτούς χλευάζετε (item 7)

Item 6 het 12 en item 7 het 11 lettergrepe. Albei het ook presies dieselfde sinstruktuur.

Soos in items 1 en 2 domineer die ou klank in items 9 en 10. Albei begin met dieselfde woord en is nagenoeg ewe lank (item 9 het 17 en item 10 het

16 lettergrepe). ¹ Elk van die items vertoon ook dieselfde sinstruktuur, naamlik direkte voorwerpe, 'n partisipium en 'n bepaling:

τούς μὲν λιθίνους καὶ ὄστρακίνους σέβοντες ἀφυλάκτους
τούς δὲ ἀργυρέους καὶ χρυσοῦς ἐγκλείοντες ταῖς νυξί . ²

In item 10 gebruik die skrywer 'n nie-saamgetrekte sowel as 'n saamgetrekte adjektief: ἀργυρέους en χρυσοῦς.

In items 9-12 bedien die skrywer hom van sarkasme as hy sê dat die waarde-lose gode onbewaak vereer word, maar dat die waardevolles bedags bewaak en snags toegesluit word. Sarkasme kom ook moontlik in die voorgestelde vertaling van items 17-19 voor: die gode word vereer deur hulle tot skande te maak.

In die eerste onderafdeling (items 3-12) van die perikoop kom 'n aantal woordpare, wat elk 'n semantiese komponent deel, voor:

νομίζοντες καὶ οἰόμενοι (intellektuele aktiwiteit, items 3 en 4).
χλευάζετε καὶ ὑβρίζετε (intermenslike kommunikasie, items 7 en 8).
λιθίνους καὶ ὄστρακίνους (waardeloos, item 9).
ἀργυρέους καὶ χρυσοῦς (waardevol, item 10).
νυξί καὶ ἡμέραις (tyd, items 10 en 11).

-
1. Die keuse van 'n nie-saamgetrekte en 'n saamgetrekte adjektief (ἀργυρέους en χρυσοῦς) is moontlik om presies dieselfde sinslengte te vermy.
 2. Sowel ἀφυλάκτους (item 9) as ταῖς νυξί (item 10) is bepalings.

In aansluiting hierby kan twee moontlike voorbeelde van hendiadys vermeld word: αἰσθησιν γὰρ ἔχει καὶ λογισμὸν (item 24); redelike waarneming? of sintuiglike rede? (ἔχει verdeel die item in twee presies gelyke dele wat elk vier lettergrepe het), en πολλὰ μὲν ἂν καὶ ἄλλα (item 29); baie ander dinge?

Daar is reeds aangetoon dat perikoop 7 in die vorm van 'n ringskomposisie gekonstrueer is. Verdere ringspatrone kom voor:

In items 3-11 word partisipia in die buitenste ring geplaas met indikatiewe tussenin, vergelyk:


| | | |
|--------------------------------------|-----------------------|------------|
| νομίζοντες/οιόμενοι | (sinoniem aan mekaar) | items 3-4 |
| καταφρονεῖτε | | item 6 |
| χλευάζετε/ὕβρίζετε | (sinoniem aan mekaar) | items 7-8 |
| σέβοντες/ἐγκλείοντες/παρακαθιστάντες | | items 9-11 |

Verdere voorbeelde van chiasmies word aangetref in:


Items 10 en 11 :

| | | |
|-------------|---|-----------------|
| ἐγκλείοντες | | νυξί |
| | X | |
| ἡμέραις | | παρακαθιστάντες |


Items 20 - 21:

| | | |
|-----------|---|------------|
| τις |  | ὕπομεινάτω |
| ἀνασχέσθω | | τις |

Items 23-26:

| | | |
|------------------------------|---|-----------------------|
| οὐδὲ ... ἀνέξεται (negatief) |  | αἰσθησιν (positief) |
| ἀνέχεται (positief) | | ἀναισθητεῖ (negatief) |

Items 1-2 en 28 (nou gesteun deur die ring tussen items 1-2 en 28-29):

| | | |
|-------------|---|-------------|
| Χριστιανούς |  | ἡγοῦνται |
| δεδουλώσθαι | | Χριστιανούς |

In items 9 en 10, 15 en 17, 23 en 25, 29 en 30 maak die skrywer gebruik van die merkers μέν en δέ om kontras te skep. In items 9 en 10 is daar kontras tussen die waardelose (klip en erts) en waardevolle (silwer en goud) gode en die wyses waarop hulle bewaak word, en in items 10 en 11 is daar kontras tussen die behandeling van waardevolle gode in die dag en in die nag. In items 15 en 17 bestaan die kontras tussen αἰσθάνονται en ἀναισθητοῦσιν. In items 23 en 25 is daar kontras tussen ἄνθρωπος en λίθος. Tussen items 28-29 en 30-32 bestaan daar 'n kontras tussen dit wat nog oor die afgode gesê kan word en dit wat alreeds gesê is.

Items 20 en 21 begin met dieselfde woorde, naamlik ταῦθ' en ταῦτα.

In item 25 word slegs een stof waarvan die gode gemaak word, vermeld, naamlik klip, terwyl daar in items 9 en 10 vier genoem word en in perikoop 3 ses stowwe.

In item 27 lui οὖν die konklusie in van items 13-26: uit die offerhandes van die Grieke kan afgelei word dat hulle die sintuiglikheid van die gode aan die kaak stel. Direk hierna in item 28 volg weer 'n οὖν wat hierdie keer die gevolgtrekking inlui van die hele perikoop: alles wat gesê is oor die eerbewyse aan die gode dien as rede waarom die Christene nie sulke gode aanbid nie.

In items 30 en 31 word twee woorde naas mekaar geplaas wat mekaar oënskynlik weerspreek, naamlik ἱκανά en περισσόν.

2.2. Funksies van die stylmiddele.

Die stylmiddel wat die meeste in die perikoop gebruik word, is dié van herhaling.

Die semantiese ringskomposisie waarin die perikoop gekonstrueer is, dien (soos reeds vermeld) om dit as 'n eenheid af te baken en om tekstkoesie te versterk. Die herhaling van sekere stellings, naamlik dat die Christene nie die afgode dien nie (items 2 en 28), stellings in verband met die minagting vir die gode (items 3-12) en hulle gebrek aan waarneming (13-27) bewerk ook alles tekssamehang.

Deur van dieselfde betoogtrant gebruik te maak (in items 3-12 en 13-23) word tekskohesie ewe-eens versterk.

Vier keer word gebruik gemaak van die tegnieke van terughouding van die hoofgedagte (in items 1-2, 3-6, 13-16 en 28-29.) Hierdeur slaag die skrywer daarin om spanning op te bou, sowel as om die semantiese inhoud van die teruggehoue gedeeltes te beklemtoon. Laasgenoemde is telkens dieselfde, naamlik die swak behandeling wat die gode van hulle vereerders ontvang.

Die herhaling van sekere sleutelbegrippe laat bepaalde gegewens sterk uitstaan, naamlik die minagting wat die aanbidders vir die gode het en die gode se gebrek aan sintuiglikheid. Hierdie sleutelbegrippe lei ook daartoe dat die twee onderafdelings van die perikoop duidelik omlin word.

In items 3-12 gaan dit om die minagting vir die gode en in items 13-27 om hulle gebrek aan waarnemingsvermoë. Uithouvermoë word beklemtoon deur die herhaling van verwante werkwoordsvorme ἀνασχέςθω (item 21), ἀνεξέται (item 23) en ἀνέχεται (item 25).

Herhaling van dieselfde klanke, gelyke sinslengtes en -strukture verhoog die perikoop se aanskoulikheid, het 'n samebindende funksie en vestig die aandag op die inhoud. Die oorsaak-gevolg relasie tussen items 2 en 1, die additief-verskillende relasie tussen items 6 en 7, en die kontrasrelasie tussen 9 en 10 word deur hierdie stylmiddele versterk.

Deur die herhaling van woordpare wat 'n semantiese komponent deel, word dié betrokke komponent belig, byvoorbeeld in item 9 beklemtoon die woordpaar λιθίνους καὶ ὀστρακίνους die waardeloosheid van die gode.

Die eerste onderafdeling van die perikoop, items 3-12 waarin hierdie woordpare voorkom, word hierdeur as 'n kleiner eenheid binne die perikoop afgebaken. Die chiasme (partisipium - indikatief - indikatief - partisipium) soos beskryf op p. 129 het dieselfde funksie.

Die twee gevalle van hendiadys wil deur 'n oormaat woorde telkens een begrip beklemtoon, naamlik "waarneming met die verstand" (αἴσθησιν νὰρ ἔχει καὶ λογισμὸν, item 24) en "baie ander dinge" (πολλὰ μὲν ἄν καὶ ἄλλα, item 29).

Die kontraste soos, aangedui deur die merkers μὲν en δὲ (in items 9 en 10, 15 en 17, 23 en 25, en 29 en 30), dien tot beklemtoning van die semantiese inhoud waar dit voorkom. Dit het ook 'n samebindende funksie.

Die voorkoms van οὖν in twee opeenvolgende items (27 en 28) laat die klem swaar op die betrokke eenhede val. Die gevolgtrekking (item 27) waarmee items 13-26 afgesluit word, is dat die offerhandes vir die gode hulle gebrek aan waarnemingsvermoë openbaar. Die tweede οὖν (voorafgegaan deur μὲν) in item 28 dra swaarder klem, want dit lui die konklusie van die hele perikoop in: wat oor die sogenaamde eerbewyse van die gode gesê is, dien as oorsaak waarom die Christene nie sulke gode vereer nie.

Die botsing tussen ἱκανά (item 30) en περισσόν (item 31) is 'n tegniek om aandag te trek: die feit dat die skrywer genoeg gesê het en dat 'n verdere betoeg nie sal help nie, word beklemtoon.

In die perikoop maak die skrywer gebruik van verskillende afwisselings-tegnieke om eentonigheid mee te verbreek, byvoorbeeld sy sarkasme in

items 9-12 en 17-19; die afwisseling van lang en kort kola; die afwisseling van 'n saamgetrekte adjektief (χρυσοῦς) met 'n nie-saamgetrekte (ἀργυρέους) in item 10, en die verskil in sinslengte wat deur laasgenoemde tegniek veroorsaak word.

By die afbakening van die perikoop is reeds gewys op die verskille tussen perikoop 7 en die voorafgaande perikope. Dit bring afwisseling op 'n breër vlak te weeg:

Deur die vermelding van slegs een stof, naamlik klip (item 25) waarvan die gode gemaak is, word die effek van bondigheid verkry. In items 9 en 10 word immers vier stowwe vermeld en in perikoop 3 ses.

PERIKOOP 8 (Ad Diognetum III:1-5)

1. Analise op semantiese vlak.

1.1. Motivering vir die perikoopafbakening.

Die tema van perikoop 8 kan geformuleer word as: die Jode fouteer deur hulle offerdiens.

Die perikoop bestaan uit 'n stelling wat gemaak word (items 1-4) en 'n rede wat verskaf word vir die stelling (items 5-33). Perikoop 8 word ingelui deur die semantiese merker ἐξῆς en afgesluit deur twee eenhede met nagenoeg dieselfde lengte (items 30-31 en 32-33). Die begin van perikoop 9 word ook duidelik aangedui met die semantiese merker ἀλλὰ μὴν. Die inhoud van perikoop 8 het net betrekking op die Joodse offerdiens. In perikoop 9 gaan dit om ander uiteenlopende gebruike waarna daar in die eerste

kolon van hierdie perikoop verwys word.

1.2. Die inhoud van die kola.

Perikoop 8 bestaan uit sewe kola:

1. Die leser wil weet waarom die Christene nie hulle godsdiens soos die Jode beoefen nie.
2. Die monoteïsme van die Jode is reg.
3. Die Joodse offerdiens is verkeerd.
4. Die Grieke stel 'n dom voorbeeld deur offers te bring aan dowe en gevoellose gode.
5. Die Jode tree dwaas op deur hul offerandes aan God te bring net asof Hy behoefte het daaraan.
6. God benodig nie die dinge wat Hy self voorsien nie.
7. Die Jode se offers verskil nie van die Grieke s'n nie.

1.3. Die relasies tussen die kola.

Kola 2-3 gee die rede vir 1: die offerdiens word as rede aangevoer waarom die Christene anders as die Jode godsdiens beoefen. Kolon 3 staan in kontras tot 2: die offerdiens wat verkeerd is, staan teenoor die monoteïsme wat reg is. Kolon 4 is die rede vir 3: die Jode fouteer as hulle offerdiens soos dié van die Grieke is, aangesien die Grieke 'n dom voorbeeld stel deur aan dowe en gevoellose gode te offer. Kolon 5 word met 4 vergelyk: netsoos die Grieke 'n dom voorbeeld stel deur aan dowe en gevoellose gode te offer, net so handel die Jode dwaas om aan God wat niks nodig het nie te offer. Kolon 6 is die rede vir 5: God het niks nodig nie, omdat Hy

self alles skep en gee. Kolon 7 is die gevolgtrekking van 3-6: uit alles wat oor die offers gesê is, kan die gevolgtrekking gemaak word: die Joodse offerdiens verskil nie van die Grieke s'n nie.

1.4. Die relasies tussen die nukleêre eenhede.

Item 3 is die inhoud van item 2 (= οἶμαι). Item 4 is weer die inhoud van ποθεῖν in 3. Item 1 is die inhoud van item 4: dit wat Diognetos wil verneem, is die feit dat die Christene nie soos die Jode aanbid nie. In items 5-33 word die rede gegee vir 1-4: die dwaasheid van die offerandes is die rede waarom die Christene nie soos die Jode aanbid nie. Item 6 is die gevolg van 5, met 5 weer die middel vir 6: deurdat die Jode hulle van die heidense godsdiens weerhou, volg dit dat hulle slegs een God aanbid. Items 6 en 7 is die inhoud van item 8 (= ἀξιοῦσι). Item 7 is additief-verskillend van 6: om slegs een God te erken en om Hom as opperheer te beskou, is twee verskillende aansprake. Items 9 - 11 staan in kontras tot 5-8: teenoor die monoteïsme van die Jode wat reg is, staan hulle offerdiens wat verkeerd is. Item 10 word met 9 vergelyk: die Joodse offerdiens is soos dié van die Grieke. Item 11 is die gevolg van 9-10 met 9-10 die voorwaarde vir 11: as die Jode soos die Grieke offer, lei dit daartoe dat hulle fouteer. Items 12-18 gee die rede vir 11: die Jode fouteer, omdat hulle soos die Grieke optree. Item 14 word met 12-13 vergelyk: die voorbeeld wat die Grieke stel, is dom; netso is die Jode se beskouinge dwaasheid. Item 15 staan in kontras tot 14: dwaasheid word met vroomheid gekontrasteer. Items 16-18 is die voorwaarde vir 14-15, met 14-15 die gevolg van 16-18: as die Jode offers aan God voorhou asof Hy behoefte het daaraan, volg dit dat hulle dit as dwaas-

heid, nie vroomheid nie, sou kon beskou. Item 17 is die inhoud van λογιζόμενοι in 16. Item 18 word met 16 en 17 vergelyk: offers word aan God voorgehou so asof Hy behoefte daaraan het. Item 19 gee die rede vir 18: God het niks nodig nie, omdat Hy alles gemaak het. Item 20 is additief-verskillend van 19: verskillende handeling van God ("maak" en "gee") word genoem. Item 21 gee die inhoud van 20: wat God gee, is die dinge wat ons benodig. Item 22 gee die gevolg van 19-21: God het geskep en voorsien in ons behoeftes; gevolglik het Hy self nie behoefte aan iets nie. Item 23 is 'n omskrywing van τούτων in 22. Item 24 is die inhoud van 23: (God gee aan) diegene wat dink dat hulle gee. Item 25 en verder is additief-verskillend van 19-24: eers word die optrede van die Jode wat dink dat God offers benodig, vermeld en dan (verskillend daarvan) dié van die Grieke wat aan dowe gode offers bring. Items 26-27 is die inhoud van 25: die Jode dink dat hulle offers aan Hom bring.... Item 27 is additief-ekwivalent aan 26: die eerbewyse van item 27 is dieselfde as die offers waarna in 26 verwys is. Item 28 is generies met 25-27 spesifiek: die "hulle" van 28 word in items 25-27 nader gespesifiseer. Item 29 word met 28 vergelyk (en by implikasie ook met 25-27): die Jode na wie in item 28 verwys is, verskil glad nie van diegene wat respek betoon aan dowe gode nie. Items 30-31 staan in kontras tot 32-33: die gode van die Grieke staan teenoor die God van die Jode. Item 33 is die inhoud van 32.

2. Analise op semiotiese vlak.

2.1. Die stylmiddele.

In die eerste elf items van perikoop 8 kom daar 3 periodes voor, naamlik items 1-4, 5-8 en 9-11.

Die wyse waarop die skrywer sy gedagtes in die perikoop orden, is van stilistiese belang. Die tema kom heel aan die begin voor (kolon 1). Dit word gevolg deur semanties-positiewe informasie (kolon 2) en dan deur semanties-negatiewe inligting (kola 3-7). Die kontras word aangedui deur μέν in item 5 en δέ in item 9. Die sin waarin die tema voorkom (kolon 1), bevat die opmerking dat die leser geïntereseerd is in die vraag waarom die Christene nie soos die Jode aanbid nie. Ten gunste van die Jode word gesê dat hulle monoteïsme reg is (kolon 2). Daarenteen is hulle offerdiens verkeerd (kola 3-7). Hierdie laaste stelling word langsaam uitgewerk en die argumentasietrants is, anders as in die deel oor die heidene (perikope 2-7) waar feite mekaar snel opvolg, stadiger. Dit kom stilisties daarin tot uiting dat die kola heelwat langer en meer gekompliseerd is as dié van die voorafgaande perikope (perikoop 1 uitgesonder). In kolon 3 maak die skrywer gebruik van 'n omhaal van woorde waar 'n enkele woord voldoende sou gewees het, vergelyk τὴν θρησκείαν προσάγουσιν ... ταύτην in plaas van θρησκεύουσιν. Hierbenewens word die woordorde van item 9 versteur deur die posisie van ταύτην weg van θρησκείαν aan die einde van die item. Hierdie stilistiese verskynsel is opvallend juis omdat die skrywer hom deurgaans hou by die beginsel van bondigheid.

In die kola wat volg (4-7) word uitgebrei op die dwaling van die Jode ten opsigte van hulle offerandes. Die onsekerheid wat daar by hulle bestaan, word deur die gekose styl beklemtoon.

Kola 4 en 5 is nie alleen vir die moderne leser ¹. moeilik verstaanbaar nie, maar moes ook onseker gewees het vir die antieke leser van die teks.

Die skrywer maak gebruik van veral twee stilistiese tegnieke om hierdie onsekerheid by die leser teweeg te bring:

Die eerste is die posisie van die woord παρέχειν (item 17). Gaan dit saam met λογιζόμενοι (item 16) of volg dit op ἡγοῦντ' ἅν (item 14)? Is die konstruksie met ander woorde λογιζόμενοι παρέχειν ταῦθ' τῷ θεῷ: omdat hulle reken dat hulle hierdie dinge aan God aanbied? Of is dit: ἡγοῦντ' ἅν παρέχειν μωρίαν οὐ θεοσέβειαν: hulle behoort te reken dat hulle kranksinnigheid, nie vroomheid nie, vertoon? Die betekenis van παρέχειν (aanbied of vertoon), ². word bepaal deur die konstruksie wat gekies word. Albei

1. Meecham (op. cit., p. 102) gee die twee moontlike vertalings:

(a) These (the Jews) ought rather to consider it folly maybe, not piety, thinking that they are offering these things to God as though He were in need of them. (b) These (the Jews) ought rather to consider that they are showing folly maybe, not piety, by crediting these things to God as though He were in need of them.

Ander vertalings is onder andere dié van Lightfoot, J.B., The Apostolic Fathers, London, 1926, p. 504:..... the Jews considering that they are presenting them (= these things) to God, as if He were in need of them, ought in all reason to count it folly and not religious worship (= (a) hierbo), en dié van Kirsopp Lake (op. cit., p. 357): ... so the Jews ought rather to consider that they are showing foolishness, to reverence, by regarding God as in need of these things (= (b) hierbo). Uit hierdie voorbeelde blyk dit dat vertalings tussen (a) en (b) skipper sonder dat eenstemmigheid bereik word.

2. Vergelyk Liddel, H.G., Scott, R. en Jones, H.J., A Greek-English Lexicon, Oxford, 1953, p. 1338 vir hierdie betekenis moontlikhede van παρέχειν.

die vertalings is moontlik en 'n woord wat so gebruik word, staan bekend as diaphora.

Die tweede tegniek wat onsekerheid skep, is die uiteenplasing van woorde wat bymekaar hoort.¹ Enkele voorbeelde hiervan is: Die woord οὔτοι (item 14) as onderwerp is ver verwyder van sy werkwoord ἠγοῖντ' ἄν en staan na die voorwerp ταῦθ' (item 16). Die posisie van καθάπερ (item 14) is ewe-eens ongewoon. Die normale plek daarvan sou voor οὔτοι gewees het. Die frase καθάπερ προσδεομένων τῷ θεῷ (items 14, 16 en 18) word ingevoeg tussen οὔτοι en λογιζόμενοι. Die woord μωρίαν (item 14) word geskei van die teenoorgestelde θεοσεβείαν deur die woordgroep εἰκόσ μαλλον ἠγοῖντ' ἄν.²

In item 12 word na die gode verwys met slegs twee woorde naamlik ἀναίσθητοις en κωροῖς. Die skrywer reduceer dus die sewe eienskappe wat in perikoop 5 genoem is tot twee, hoewel hy sekerlik ook die ander bedoel.

Woordspel kom voor in items 23 en 25, naamlik οἰομένους en οἰόμενοι.

Litotes word aangetref in οὐδέν μοι δοκοῦσι διαφέρειν τῶν-ἐνδεικνυμένων φιλοτιμίαν (items 28-29).

Items 29, 30 en 32 begin telkens met dieselfde woord, naamlik τῶν.

1. Vergelyk die gedrukte teks op p. 296 hieronder.

2. Die herhaaldelike gebruik van hyperbata staan bekend as sunchusis of mixtura verborum.

Die sinsdeel τῶν μὲν μὴ δυναμένοις τῆς τιμῆς μεταλαμβάνειν (items 30-31) is nie voltooi nie, maar word gevolg deur die teenstellende τῶν δὲ δοκούντων παρέχειν τῷ μηδενὸς προσδεομένῳ (items 32-33). Dit is duidelik dat tussen τῶν μὲν en μὴ δυναμένοις τῆς τιμῆς μεταλαμβάνειν in eersgenoemde sinsdeel die woorde δοκούντων παρέχειν van die laaste sinsdeel ingevoeg moet word (soos die hakies by items 30 en 31 aandui). Die woord παρέχειν vervul sintakties en semanties presies dieselfde funksie in albei die sinsdele en die verskynsel staan tegnies bekend as zeugma. Indien hierdie stylfiguur verreken word, kan die laaste twee sinsdele soos volg gerekonstrueer word: τῶν μὲν (δοκούντων παρέχειν) μὴ δυναμένοις τῆς τιμῆς μεταλαμβάνειν, τῶν δὲ δοκούντων παρέχειν τῷ μηδενὸς προσδεομένῳ.

Die weglating van die woorde δοκούντων παρέχειν by items 30-31 bring mee items 30-31 en 32-33 ongeveer ewe lank is.

τῶν μὲν μὴ δυναμένοις τῆς τιμῆς μεταλαμβάνειν, en
τῶν δὲ δοκούντων παρέχειν τῷ μηδενὸς προσδεομένῳ.

Verder het die twee reëls dieselfde grammatikale elemente:

- die genitiewe τῶν μὲν, τῶν δὲ
- die datief-partisipia van die bevoorreedes: δυναμένοις en τῷ προσδεομένῳ.
- die genitiewe van dit waarmee hulle bevoordeel word: τῆς τιμῆς en μηδένοσ.
- die infinitiewe μεταλαμβάνειν en παρέχειν.

Kontras word (soos tussen items 5 en 9) aangedui met μὲν (item 30) en δὲ (item 32).

2.2. Funksies van die stylmiddele.

Die periodes in items 1-4, 5-8 en 9-11 dra by tot tekskoehsie. Deurdad die hoofgedagte telkens teruggehou word tot op die end word 'n gevoel van spanning en afwagting by die leser gewek.

Kontras word twee keer aangetref. Tussen kolon 2 en kola 3-7 word die onderskeid tussen dit wat reg is in verband met die Joodse godsdiens (hulle monoteïsme) en dit wat verkeerd is (hulle offerdiens) aangedui. In die laaste vier items van kolon 7 is die kontras tussen diegene wat offer vir gode wat nie kan deel in offers nie, en diegene wat offer vir Hom wat niks benodig nie.

Deur die langsame redenasietrant en die omhaal van woorde word die fynere besonderhede van die semantiese inhoud belig. Die omhaal van woorde (byvoorbeeld in items 9, 14-15, 19 en 26-27) intensiveer die inhoud meer as wat 'n enkele woord sou doen. Deur hierdie tegnieke word die duidelikheid van die perikoop verhoog.

In items 14-18 maak die skrywer van verskillende tegnieke gebruik om onsekerheid by die leser te skep. By die aanduiding van die stylmiddele is daar gewys op die twee moontlike konstruksies met, en die betekenis van παρέχειν. Daarbenewens is bemark dat woorde wat bymekaar hoort telkens van mekaar geskei word deur ander woordreekse. Hierdie tegnieke skep by die leser onsekerheid as hy gewoonweg lees en dit lei weer tot 'n verhoogde konsentrasie.

Die skrywer gebruik verder die vorm (die sintaksis) om by die inhoud (die offerdiens van die Jode) te pas. Die skrywer vind geen basiese

verskil tussen die godsdienste van die Grieke en die Jode nie. Die Grieke bewys hulle dwaasheid deur offerandes te bring aan gode wat gevoelloos en doof is. Die Jode weer offer aan God asof Hy behoefte aan offers het. Tog is dit nie die geval nie. Die Jode dink dat die Grieke kranksinnig is en nie vroom nie, aangesien hulle aan gevoellose en dowe gode offer. Intussen is hulle (die Jode) besig om aan God dieselfde offers te bring onder die waan dat Hy dit nodig het. Hulle oordeel en godsdiens is inderdaad deurmekaar en verwarrend.¹

Bondigheid word verkry deur in item 12 na slegs twee eienskappe en in item 29 na slegs een eienskap van die gode te verwys. Dit word verder bewerkstellig deur die weglating van δοκούντων παρέχειν uit item 30. As die skrywer die sin volledig sou skryf, sou hy die indruk van lompheid geskep het. Om 'n stylvolle sin te skryf, het hy dus van die stylfiguur zeugma gebruik gemaak.

Sowel die woordspel in items 23 en 25 (οἰομένους en οἰόμενοι), as die litotes in item 28 (οὐδέν ... διαφέρειν) dien om te beklemtoon. In eersgenoemde geval word die vergissing by die Grieke en die Jode ten opsigte van hulle offerandes beklemtoon. By die litotes wil die skrywer beklemtoon dat daar geen verskil is tussen die Joodse en Griekse offerdiens nie.

Die perikoop sluit af met twee sinsdele (items 30-31 en 32-33) wat ewe lank

1. Snyman, A.H., Propriety (τὸ πρέπον) and its application in Ad Diognetum III, 3 & 5, in ΕΚΚΛΗΣΙΑΣΤΙΚΟΣ ΦΑΡΟΣ, Vol. 66-67, 1984-1985, p. 77.

is en dieselfde grammatikale elemente bevat. Hierdie balans tussen die twee sinsdele verhoog nie slegs die aanskoulikheid van die gedeelte nie, maar kan moontlik ook suggereer dat al twee godsdienste waaroor dit gaan gelyk is in waarde. Vanuit die standpunt van 'n Christen is dit net so sinloos om aan dowe gode te offer wat nie in die eerbewys kan deel nie (= die Grieke), as wat dit is om aan God te offer asof Hy behoefte aan iets het (= die Jode). Dit wat semanties na dieselfde saak verwys, word visueel afgebeeld deur twee sinsdele wat vormlik ooreenkom. Items 14-18 en 30-33 is goeie voorbeelde van die toepassing van die styl-deug van gepastheid of ooreenkoms tussen stof en vorm.

PERIKOOP 9 (Ad Diognetum IV:1-6)

1. Analise op semantiese vlak.

1.1. Motivering vir die perikoopafbakening.

In perikoop 8 kritiseer die skrywer die offerdiens van die Jode. Perikoop 9 se tema kom voor in kolon 1 en kan geformuleer word as: die skrywer kritiseer die voedsel, sabbatsviering, besnydenis en kalenderverdeling van die Jode. Die feit dat daar op hierdie vier sake uitgebrei word in kola 2-5, die ooreenkomste tussen kola 1 en 6 (waarop gewys sal word), die ooreenkomste tussen kola 6 en 7 en tussen 1 en 7 (waarop gewys sal word), die periodiese styl van kola 2 - 5 en die retoriese vraagvorm van hierdie vier kola is enkele dinge wat help om perikoop 9 as 'n eenheid af te baken.

1.2. Die inhoud van die kola.

Die perikoop bestaan uit 7 kola:

1. Kritiek op die voedsel, sabbat, besnydenis en kalenderverdeling van die Jode.
2. Kritiek op die voedsel van die Jode.
3. Kritiek op die sabbatsviering van die Jode.
4. Kritiek op die besnydenis van die Jode.
5. Kritiek op die kalenderverdeling van die Jode.
6. Die Christene se weerhouding van die Joodse gebruike.
7. Die misterie van die Christelike godsdiens kan nie van 'n mens geleer word nie.

1.3. Die relasies tussen die kola.

Die relasie tussen kolon 1 en kola 2-5 is additief-ekwivalent: die eerste vier items van kolon 1 word in dieselfde volgorde herhaal in kola 2,3,4 en 5. Op sigself is kola 2-5 additief-verskillend van mekaar, aangesien elkeen oor 'n afsonderlike Joodse gewoonte handel. Kolon 6 is die gevolg van 1-5, terwyl 1-5 weer die oorsake is van 6: omdat die Joodse gebruike belaglik is, weerhou die Christene hulle daarvan. Kolon 7 staan in kontras met 6: die algemene onverstandigheid (ensovoorts) van die Joodse gebruike staan teenoor die misterie van die Christelike godsdiens.

1.4. Die relasies tussen die nukleêre eenhede.

Items 1-4 is die inhoud van μαθεῖν in 9 en is additief-verskillend van

mekaar: wat Diognetos nie hoef te verneem nie, is die Jode se houding ten opsigte van verskillende sake, naamlik voedsel, sabbatsviering, besnydenis en kalenderverdeling. Items 5 en 6 karakteriseer 1-4 en is additief-verskillend van mekaar: genoemde vier sake is belaglik en geen kommentaar werd nie. Items 8 en 9 is die inhoud van νομίζω in 7. Items 10-16, 17-20, 21-25 en 26-32 dien respektiewelik as uitbreidings op items 1, 2, 3 en 4: op die sake wat in hierdie vier items genoem word, word kommentaar gelewer in die groeperinge. Items 13 en 15 kontrasteer en is albei karakteriserings van τῶν κτισθέντων in item 11: van die dinge wat God geskape het, is sommige goed, ander waardeloos en oorbodig. Net so kontrasteer items 10 en 14 se werkwoorde παραδέχεσθαι en παραιτεῖσθαι, en albei items word gekarakteriseer deur ἀθέμιστον (ἐστίν) in item 16. Item 12 is die doel van die nukleus κτισθέντων in 11: God het dinge geskape sodat die mens dit kan gebruik. Item 17 word gekarakteriseer deur ἀσεβές (ἐστίν) in item 20. Items 18 en 19 gee die veronderstelde rede vir καταψεύδεσθαι in 17: God word valslik beskuldig as sou Hy verhinder dat mense op die Sabbat iets goeds doen. Item 19 is die inhoud van κωλύοντος in item 18. Item 25 (vergelyk χλεύης ἄξιον) karakteriseer items 21-24; die gespog oor die besnydenis is bespotlik. Item 22 is die inhoud van 21: dit sê naamlik waaroor die gespog gaan. Item 23 is 'n karakterisering van 22: die besnydenis word beskryf as 'n bewys van uitverkiesing. Item 24 is die veronderstelde rede vir 21-23, met 21-23 die gevolg van 24: die besnydenis word beskou as 'n bewys van uitverkiesing as sou die Jode hierdeur spesiaal geliefd by God wees. Items 26 en 28 is die inhoud van ἠγήσατο in item 32: wie sou dit nie beskou as 'n voorbeeld van dwaasheid om waarnemings te maak (ποιεῖσθαι


in item 26) en te verdeel (καταδιαιρεῖν in item 28) nie. Item 27 is die middel vir 26, met 26 die gevolg van 27: deur aandag te skenk aan die sterre en die maan maak die Jode die waarneming van maande en dae. Tussen items 28 en 29 is daar 'n relasie van wyse: die verdeling van God se beskikkinge en die seisoenswisseling geskied volgens die Jode se drifte. Items 30 en 31 wat kontrastief teenoor mekaar staan, is uitbreidings op ὁρμῶς in 29: sommige drifte word verdeel in feeste, ander vir roubeklagings. Items 33-37 is die inhoud van μεμαθηκέναι in 38, met 33-36 additief-verskillend. Item 37 is weer op sy beurt die inhoud van νομίζω in 39: ek reken dat u genoeg geleer het Items 33-39 kontrasteer met 40-42 (μὲν ... δέ). Item 42 is die inhoud van προσδοκῆς in 41: moenie verwag om in staat te wees om te leer Item 40 is die inhoud van μαθεῖν in 42: dit wat die leser nie moet verwag om van 'n mens te leer nie is die misterie van die Christene se godsdiens.

2. Analise op semiotiese vlak.

2.1. Die stylmiddele.

Perikoop 9 bestaan uit 7 kola. Die eerste vermeld vier sake waarop daar in die volgende vier kola (2-5) uitgebrei word, naamlik die angsvalligheid van die Jode in verband met hulle voedsel (kolon 2), hulle bygelowigheid rakende die Sabbat (kolon 3), hulle gespog oor die besnydenis (kolon 4) en hulle geveins oor die verdeling van die kalender (kolon 5). Die vorm

van die eerste vyf kola kan skematies soos volg aangedui word:



Drie van die eerste vier items het enersluidende klanke aan die begin en die einde:

καὶ τὴν περὶ τὰ σάββατα δεισιδαιμονίαν (item 2)

καὶ τὴν τῆς περιτομῆς ἀλαζονείαν (item 3)

καὶ τὴν τῆς νηστείας καὶ νομηνίας εἰρωνείαν (item 4)

In items 3 en 4 is die eerste drie woorde dieselfde, naamlik καὶ τὴν τῆς. Item 2 het net καὶ τὴν. In items 3 en 4 is die slotklanke ook eners, naamlik -εἰαν. Item 2 het -ίαν. In item 1 ontbreek hierdie ooreenkomste.

Stander ¹. wys op die ordelike rangskikking van die items in kolon 1.

1. Stander, H.F., "A Stylistic Analysis of Chapter 4 of the Epistle to Diognetus", in Acta Classica, Vol. XXVII, Pretoria, 1984, pp. 131-132.

Elk van die temas waarop later uitgebrei word, kom in die middel van 'n item voor en word omsluit deur 'n lidwoord en 'n selfstandige naamwoord waarmee die skrywer sy weersin te kenne gee. Die komplementêre frases, gekoppel met die selfstandige naamwoorde, word egter verskillende gekonstrueer. In die eerste twee items word περί met die akkusatief gebruik en in die volgende twee items word slegs die genitief gebruik. In die eerste ses kola, wat 'n eenheid vorm, is die hoofsin aan die end van die sin. Terwyl kola 2, 3, 4 en 5 in die vorm van retoriese vrae is, is kola 1 en 6 stellings, sodat daar 'n balans is tussen kolon 1 en 6. Hierdie balans tussen die twee kola blyk ook uit ander tegnieke: ¹.

Kolon 1 is die inleiding en kolon 6 is die afsluiting. In kolon 1 sê die skrywer: "ek reken nie dat u van my hoef te verneem dat" Hierdie is 'n bekende stilistiese tegniek waar die skrywer sê dat sy leser nie nodig het om iets van hom te verneem nie, terwyl hy dan tog daarvoor skryf.

Die eerste vier items van kolon 1 bevat elkeen 'n woord met 'n negatiewe betekenis-inhoud om die skrywer se afkeer weer te gee, naamlik ψοδοδεές (1), δεισιδαιμονίαν (2), ἀλαζονείαν (3) en εἰρωνείαν (4). Kolon 6, wat net soos kolon 1 in die vorm van 'n periodos gekonstrueer is, het 'n identiese patroon en is soortgelyk in betekenis. In kolon 1 is, soos aangedui, die eerste twee items op dieselfde wyse gekonstrueer met περί en die akkusatief, en die laaste twee items met slegs die genitief. In kolon 6 het die eerste en die derde items dieselfde soort konstruksie, naamlik 'n selfstandige naamwoord en 'n beskrywing (in items 33 en 35), terwyl die tweede en vierde items slegs naamwoorde is (items 34 en 36). Dit is dus duidelik dat daar 'n balans tussen die twee kola bestaan.

1. Vergelyk Stander, op. cit., pp. 131-132.

In kola 1 en 6 kom die volgende chiasme voor:

νομίζω (item 7) - μαθεῖν (item 9) - μεμαθηκέναι (item 38) -
νομίζω (item 39).

Die eerste 6 kola vorm 'n eenheid. Kolon 1 dien as inleiding wat 4 temas vermeld en wat opeenvolgend bespreek word in kola 2-5. Kolon 6 is die samevatting .

Kola 2-5 eindig elk met 'n retoriese vraag. Dit word in drie van die vier gevalle ingelui met πῶς: items 16, 20 en 25. In item 32 word dit ingelui deur τίς. Kola 2-5 begin op dieselfde manier; óf met τό τε (kolon 2), óf met τὸ δὲ (kola 3-5). In hierdie kola kom 'n aantal items voor waar ὡς met 'n partisipium 'n saak noem wat net in die verbeeldingswêreld van die Jode bestaan (vergelyk items 13, 15, 18 en 24). ¹.

Die volgende twee eenhede in kolon 2 toon verskeie ooreenkomste, maar is teenoorgesteldes wat betekenis betref (Kontras word aangedui deur μὲν en δὲ). ².

ὃ μὲν ὡς καλῶς κτισθέντα παραδέχεσθαι.

ὃ δ' ὡς ἄχρηστα καὶ περισσὰ παραιτεῖσθαι

Elkeen van die twee eenhede het dertien lettergrepe, dieselfde begin- en eindklanke en dieselfde sinskonstruksies.

1. By item 15 word die partisipium κτισθέντα veronderstel.

2. Vergelyk die gedrukte teks op p. 298 hieronder.

Dieselfde soort ooreenkomste kom voor in items 30 en 31 van kolon 5
(Kontras word ook met μὲν en δὲ aangedui):

ὡς μὲν εἰς ἑορτάς

ὡς δὲ εἰς πένθη

Die tweede item het een lettergreep minder as die eerste. Die sins-
konstrukties is dieselfde en daar is klankooreenkomste in die eerste drie
woorde.

Chiasmies word aangetref:

a b b a

ἄστροις καὶ σελήνῃ ... μηνῶν καὶ τῶν ἡμερῶν (items 26-27)

akk gen gen akk

οἰκονομίας θεοῦ .. καιρῶν ἀλλαγᾶς (item 28)

Die volgende litotes kom voor:

οὐκ ἀθέμιστον (item 16)

οὐκ ἀσεβές (item 20)

οὐ χλεύης ἄξιον (item 25)

οὐκ ἀφροσύνης (item 32)

Soos kola 1 en 6 is ook 2-5 in die vorm van periodes gekonstrueer. In
kola 2-5 word die vier sake wat in kolon 1 vermeld word eers genoem en die
kritiek daarop (telkens 'n retoriese vraag) word tot aan die einde terugge-
hou.

In item 22 word na περιτομῆς (item 3) verwys met 'n omhaal van woorde, naamlik τὴν μείωσιν τῆς σαρκός.

In perikoop 9 bedien die skrywer hom van verskillende afwisselingstegnieke:

In die eerste vier items (wat 'n eenheid vorm) begin 2-4 met dieselfde woorde, naamlik καὶ τὴν en eindig op dieselfde klank, naamlik -αν. Die begin sowel as einde van item 1 verskil egter van items 2-4. Daarby is die buitenste twee items (1 en 4) ietwat langer as die binneste twee (2 en 3).

Kola 3-5 word telkens ingelui deur τὸ δὲ, maar by kolon 2 deur τὸ τε.

Die retoriese vrae aan die einde van kola 2-4 word elke keer deur πῶς ingelui. In kolon 5 word dit afgewissel met τίς. Daarbenewens is die retoriese vrae van kola 2-4 kort en dié van kolon 5 is ongeveer twee keer langer. As verdere aanduiding van afwisseling geld die afstand tussen die lidwoord τό en die infinitief; dit verskil telkens by kola 2-5.

In items 37-38 word twee konstruksies vir die indirekte stelling gebruik.

In item 37 word ὡς gevolg deur die indikatief en nominatief: ὡς ... ἀπέχονται Χριστιανοί. In item 38 word die akkusatief en infinitief gebruik: σε μεμαθηκέναι.

Kolon 7 staan in kontras met twee ander kola. Die eerste kontras is met kolon 6 en word aangedui met μέν (item 33) en δέ (item 40). Die tweede is die kontras tussen kola 1 en 7:

Ek reken nie dat u nodig het *om van my te leer* (item 9: παρ' ἐμοῦ μαθεῖν) dat die Joodse gebruike belaglik is nie

Moenie verwag om van *ἡ mens te leer* (item 42: *παρὰ ἀνθρώπου μαθεῖν*) die misterie van die Christelike godsdiens nie.

Wat die struktuur van kola 1 en 7 betref, geld die volgende ooreenkomste: Items 1-6 in kolon 1 is die inhoud van *μαθεῖν* in item 9. Item 40 in kolon 7 is weer die inhoud van *μαθεῖν* in item 42.

In kolon 1 word *οὐ νομίζω* (item 7) gevolg deur *ἡ* akkusatief met *ἡ* infinitief (*σε χρῆζειν*) in item 8 en *ἡ* preposisionele frase (*παρ' ἐμοῦ μαθεῖν*) in item 9. In kolon 7 word *μὴ προσδοκῆσης* (item 41) gevolg deur *ἡ* infinitief (*δύνασθαι*) in item 42 en *ἡ* preposisionele frase (*παρὰ ἀνθρώπου μαθεῖν*) ook in item 42.

Albei die kola eindig dus op dieselfde wyse:

μαρ' ἐμοῦ μαθεῖν (item 9)

παρὰ ἀνθρώπου μαθεῖν (item 42)

Uit die redenasie bo is dit duidelik dat kolon 7 sonder twyfel by perikoop 9 tuishoort. Nogtans is daar ook *ἡ* verband tussen hierdie kolon en die eerste kolon van perikoop 8. In albei word daar na die Christene se godsdiens verwys met stamverwante woorde, vergelyk *θεοσεβεῖν* in item 1 van perikoop 8, en *θεοσεβείας* in item 40 van perikoop 9.

Net so is daar ook *ἡ* noue verband tussen kolon 7 van perikoop 9 en kolon 1 van perikoop 10 (vergeelyk die *γάρ* waarmee perikoop 10 begin). In perikoop 9 (kolon 7) word na die misterie (*μυστήριον*) van die Christene se godsdiens verwys. In perikoop 10 (kolon 1 en verder) word die rede gegee

waarom dit 'n misterie is.

2.2. Funksies van die stylmiddele.

Die verband tussen kolon 7 van perikoop 9 en die eerste kola van perikope 8 en 10 bewerk tekskoehsie op 'n breë vlak. Die verband tussen perikoop 9 se kolon 7 en perikoop 8 se kolon 1 rond die gedeelte waarin dit oor die Jode en hulle godsdiens gaan (perikope 8 en 9) duidelik af as 'n groot eenheid binne die geskrif.

Tekskoehsie word op verskillende maniere binne perikoop 9 bewerk. Die volgende stylmiddele het betrekking op relatief groot gedeeltes van die perikoop: die herhaling van die vier sake (voedsel, sabbatsviering, besnydenis en kalenderverdeling) van kolon 1 in kola 2-5; die periodiese styl van die eerste ses kola; die herhaling van τὸ δὲ/τε aan die begin van kola 2-5; die retoriese vrae waarmee die vier kola eindig; die ooreenkomste tussen kolon 1, wat as inleiding dien, en kolon 6 wat die samevatting is; die chiasme in kola 1 en 6 (vergelyk p. 150 hierbo); die kontraste tussen kola 6 en 7, en ten slotte die kontraste, sowel as strukturele ooreenkomste tussen kola 1 en 7.

Op kleiner skaal, dit wil sê in kleiner eenhede van die perikoop word tekskoehsie bewerkstellig deur die herhaling van enersluidende klanke (vergelyk pp. 148-150 hierbo), enerses sinslengtes (vergelyk p. 150 hierbo) en -konstruksies (vergelyk pp. 150-151 hierbo), asook deur die chiasmes in items 26-27 en items 29-30.

Deur die herhaling van en uitbreiding op die vier sake (voedsel, sabbat, besnydenis en kalenderverdeling) in kolon 1 (items 1-4) in die volgende vier

kola, word duidelikheid bevorder.

Die herhaling van enerse klanke, sinne met dieselfde lengte en konstruksies (wat dui op doelbewuste .strukturering) vestig die leser se aandag op die semantiese inhoud van die dele waar dit voorkom. Hierdie doelbewuste vormgewing kan ook 'n estetiese uitwerking hê op die leser of hoorder.

Die doelbewuste ooreenkomste tussen kola 1 en 6 werp ook lig op die vraag waarna die κοινῆς εἰκαίότητος καὶ ἀπάτης van kolon 6 verwys; na die Griekse godsdiens, of soos πολυπραγμοσύνης en ἀλαζονείας slegs na die Jode? ¹. Tereg konkludeer Stander ². op grond van die ooreenkomste tussen hierdie twee kola: "Since colon 6 counterbalances colon 1 and is nothing but a résumé of the previous cola it, like cola 1 to 5, refers only to the Jews."

Die chiasme in kola 1-6 versterk die verband tussen hierdie twee kola.

Die ordelike rangskikking van die temas in die middel van items 1-4 laat die lig daarop val en verhoog die aanskoulikheid van die items.

Benewens die periodes se funksie om tekstkoheisie te bewerkstellig, skep dit ook afwagting en spanning by die leser. Die gedagte wat meestal teruggehou word, behels skerp kritiek op die Joodse gebruike, vergelyk die terme ἀθέμιστον (item 16), ἀσεβές (item 20), χλεύης ἄξιον (item 25) en ἀπροσύνης (item 32).

1. Vergelyk Stander, op. cit., p. 132 vir die standpunte van verskeie skrywers.

2. Ibid, p. 132.

Die retoriese vrae waarmee kola 2-5 eindig, versterk die kritiek op die Joodse gewoontes.

Vier keer word ὡς met die partisipium gebruik om vermeende oorsaak aan te dui (items 13 en 15, 18 en 24). Hierdeur word die baie vergissinge wat daar by die Jode bestaan oor aspekte in verband met hulle godsdiens beklemtoon.

Ook die vier litotes in items 16, 20, 25 en 32 dien om die kritiek op die Joodse gebruike te verskerp.

Die omhaal van woorde, τὴν μείωσιν τῆς σαρκός (item 22) vir περιτομῆς (item 3), beklemtoon die betekenisinhoud van die saak waarom dit gaan, naamlik die besnydenis.

Die afwisselingstegnieke wat bespreek is, dien veral om eentonigheid te verbreek. Vanweë die onverwagse aard daarvan sal dit ook die oplettende leser se aandag daarop vestig.

Die paraleipsis waarmee die skrywer die teenoorgestelde doen as wat hy sê (kolon 1) is 'n effektiewe stylmiddel om juis die aandag van die leser te verkry vir dit wat gaan volg.

Ten slotte: die kontras tussen kola 6 en 7 beklemtoon die algemene onverstandigheid van die Joodse godsdiens as dit gestel word teenoor die misterie van die Christelike godsdiens. Die kontras tussen kola 1 en 7 weer beklemtoon die geweldige verskil tussen die Joodse en Christelike godsdienste: die Joodse gebruike is só belaglik dat dit nie eers nodig is om dit van

die skrywer te verneem nie. Dit spreek vanself. Daarteenoor is die eiesoortige godsdiens van die Christene só 'n misterie dat die leser dit nie eers moet verwag om dit van 'n mens te verneem nie. Die misterie is te groot vir 'n mens.

PERIKOOP 10 (Ad Diognetum V:1-17)

1. Analise op semantiese vlak.

1.1. Motivering vir die perikoopafbakening.

In perikoop 9 is enkele Joodse gebruike gekritiseer. In perikoop 10 kom die Christene onder die soeklig. Die tema van hierdie perikoop kan geformuleer word as: die paradoksale leefwyse van die Christene. Die periodiese styl van perikoop 9 word in 10 grootliks laat vaar. In laasgenoemde perikoop word 'n aantal kontraste verskillend uitgewerk. Die kola van perikoop 9 is oor die algemeen heelwat langer as dié van perikoop 10. Hulle word ook telkens met voegwoorde gekoppel, terwyl voegwoorde grootliks ontbreek tussen die kontraste wat in perikoop 10 vermeld word. Die asundetiese styl van perikoop 10 en die staccato-effek daarvan ontbreek grootliks in 9. Die grootste deel van perikoop 9 bestaan uit retoriese vrae. By perikoop 10 ontbreek dit geheel en al.

1.2. Die inhoud van die kola.

Die nukleêre eenhede van perikoop 10 groepeer saam tot 47 kola. In baie gevalle stem die kola met die nukleêre eenhede ooreen.

1. Christene verskil nie van ander mense ten opsigte van hulle landstreek, taal en gewoontes nie.
2. Christene bewoon nêrens eie stede nie.
3. Christene gebruik nie 'n afwykende taal nie.
4. Christene beoefen nie 'n besondere leefwyse nie.
5. Die christelike leer is nie deur mense ontdek nie.
6. Christene staan nie 'n menslike dogma voor nie.
7. Hoewel Christene alle soorte stede bewoon en plaaslike gewoontes navolg, het hulle burgerskap 'n eie aard.
8. Christene bewoon hulle eie vaderlande.
9. Christene bewoon dit soos bywoners.
10. Christene neem aan alles deel soos burgers.
11. Christene verdra alles soos vreemdelinge.
12. Elke vaderland is hulle s'n.
13. Elke vaderland is vir hulle vreemd.
14. Christene trou soos almal.
15. Christene verwek kinders.
16. Christene verwerp nie hulle kinders nie.
17. Christene deel hulle tafel.
18. Christene deel nie hulle bed nie.
19. Christene verkeer toevallig in die vlees.
20. Christene leef nie volgens die vlees nie.
21. Christene vertoef op aarde.
22. Christene het burgerskap in die hemel.
23. Christene gehoorsaam die vasgestelde wette.
24. Christene oorwin deur hulle lewens die wette.
25. Christene het almal lief.

26. Christene word deur almal vervolg.
27. Christene is onbekend.
28. Christene word veroordeel.
29. Christene word gedood.
30. Christene word lewend gemaak.
31. Christene is arm.
32. Christene maak baie mense ryk.
33. Christene het gebrek aan alles.
34. Christene het alles in oorvloed.
35. Christene word oneer aangedoen.
36. Christene word deur die beledigings verheerlik.
37. Christene word belaster.
38. Christene word regverdig.
39. Christene word gesmaad.
40. Christene seën (betuig lof)
41. Christene word beledig.
42. Christene bewys eer.
43. Terwyl die Christene goed doen, word hulle soos booswigte gestraf.
44. Terwyl die Christene gestraf word, is hulle bly asof hulle lewend gemaak word.
45. Christene word deur die Jode bestry asof hulle vreemdelinge is.
46. Christene word deur die Grieke vervolg.
47. Die haters kan die oorsaak van die haat nie noem nie.

1.3. Die relasies tussen die kola.

Die relasie tussen kolon 1 en 2-4 is generies-spesifiek. In laasgenoemde drie kola word daar uitgebrei op die $\gamma\eta$, $\phi\omega\nu\eta$ en $\xi\theta\epsilon\sigma\iota$ van 1. Kola 2-4 is additief-verskillend van mekaar. Kolon 5 en 6 weer is additief-ekwivalent: beide stel dit dat die Christelike leer nie vanuit die mens te verklaar is nie. Kolon 7 is additief-verskillend van 5-6: in eersgenoemde kolon gaan dit om die eie aard van die Christen se burgerskap terwyl laasgenoemde twee dit het oor die andersheid van die Christelike leer. Soos by die items is daar kontraste tussen die volgende kola: 8-9, 10-11, 12-13, 14 en 15-16, 17-18, 19-20, 21-22, 23-24, 25-26, 27-28, 29-30, 31-32, 33-34, 35-36, 37-38, 39-40, 41-42, 43-44, 45 en 46-47.

1.4. Die relasies tussen die nukleêre eenhede.

Die relasie tussen item 1 en items 2-4 is generies-spesifiek: in items 2-4 word uitgebrei op die $\gamma\eta$, $\phi\omega\nu\eta$ en $\xi\theta\epsilon\sigma\iota$ van item 1. Verder is items 2-4 ook additief-verskillend van mekaar, aangesien dit om drie verskillende sake gaan, naamlik $\pi\acute{o}\lambda\epsilon\iota\varsigma$, $\delta\iota\alpha\lambda\acute{\epsilon}\kappa\tau\omega$ en $\beta\acute{\iota}\omicron\nu\ \pi\alpha\rho\acute{\alpha}\sigma\eta\mu\omicron\nu$. Items 5 en 6 is additief-ekwivalent aan mekaar: die Christelike leer is nie te danke aan die $\acute{\epsilon}\pi\nu\omicron\iota\acute{\alpha}$ (item 5) of $\phi\rho\omicron\nu\nu\acute{\iota}\delta\iota$ (item 6) van mense nie. Items 5 en 6 is ook die middel van item 7, terwyl item 7 weer die gevolg is van items 5 en 6. Die $\xi\nu\iota\omicron\iota$ van item 9 word met die optrede van die Christene in 8 vergelyk. Inhoudelik is items 8-9 additief-ekwivalent aan 5-7: in beide word gestel wat die Christelike leer nie vanuit die mens te verklaar is nie. Item 11 word met 10 vergelyk: die Christene bewoon verskillende stede net soos elkeen sy deel toegewys is. Die relasie tussen item 12 en

13 is generies-spesifiek: die plaaslike gewoontes (vergelyk ἐγχωρίους ἔθεσιν) word nader gespesifiseer as ἔσθητι, διαίτη en βίω. Item 14 karakteriseer die κατάσταση in item 15. Items 10-13 is 'n toewyng¹ vir 14-15: hoewel sekere stede bewoon en sekere gebruike gevolg word, is die Christen se soort πολιτεία uniek. Items 14-15 is generies en 16-59 is spesifiek. In eersgenoemde twee items word vermeld dat die Christen se πολιτεία wonderbaarlik en erkend sonderling is. In items 16-59 word verder daarop ingegaan by wyse van voorbeelde. Tussen die items wat volg op 15 is daar talle kontraste. Item 17 is kontrastief tot 16, 19 tot 18, 21 tot 20, 24 tot 22-23, 26 tot 25, 28 tot 27, 30 tot 29, 32 tot 31, 34 tot 33, 36 tot 35, 38 tot 37, 40 tot 39, 42 tot 41, 44 tot 43, 46 tot 45, 48 tot 47, 50 tot 49, 52 tot 51, 54-55 tot 53, 58-59 tot 56-57. Al hierdie kontraste is additief-verskillend van mekaar.

2. Analise op semiotiese vlak.


2.1. Die stylmiddele.

Die inleiding (kola 1-7) en slot (kola 43-47) van perikoop 10 het langer kola as die gedeelte in die middel (kola 8-42). Die eerste vier kola van die perikoop vertoon dieselfde patroon as die eerste vyf van perikoop 9, naamlik 'n temasin aan die begin waarop daar dan in die kola wat volg, uitgebrei word. Dit is in ooreenstemming met die skrywer se gewoonte om dieselfde stylmiddele te herhaal; hier aan die begin van opeenvolgende perikope.

In kolon 1 word drie sake vermeld waarop daar in kola 2-4 uitgebrei word,

1. Hierdie kan ook 'n tydrelasie wees: "Terwyl sekere stede bewoon en sekere gebruike gevolg word....."

naamlik γῆ, φωνῆ en ἔθεσι. Die vorm van die eerste vier kola kan skemas soos volg aangedui word:



Kola 2-4 loop parallel aan mekaar in dié opsig dat die volgende elemente in dieselfde volgorde in al drie die kola aangetref word:

οὔτε + s.nw. + b.nw. + ww. (indikatief)

Hoewel kolon 3 basies dieselfde vorm het as kola 2 en 4, word die volgende afwisseling hier aangetref: Waar die selfstandige naamwoord van kola 2 en 4 in die akkusatief is, is dit by kolon 3 in die datief. By kola 2 en 4 word 'n gewone byvoeglike naamwoord by die selfstandige naamwoord gevind. By kolon 3 is dit 'n partisipium ('n verbale byvoeglike naamwoord). Kola 2 en 4 eindig met die indikatief aktief, en dus met dieselfde klanke: κατοικοῦσιν ... ἀσκοῦσιν. By kolon 3 is dit die indikatief medium. Kolon 3 is ook ietwat langer as 2 en 4.

In sowel kolon 1 as 5 kom 'n perifrastiese perfektum voor: διακεκριμένοι ... εἰσιν (kolon 1, item 1) en ἐστὶν εὔρημένον (kolon 5, item 7). Die twee kola word verder gekenmerk deur die volgende uitgebreide chiasme:

| | |
|---------------|----------|
| διακεκριμένοι | (item 1) |
| εἶσιν | (item 1) |
| ἀνθρώπων | (item 1) |
| ἀνθρώπων | (item 6) |
| ἐστίν | (item 7) |
| εὐρημένον | (item 7) |

In kola 6 en 7 word elk 'n kort vergelyking aangetref, respektiewelik ingelui deur ὡπερ (item 9) en ὡς (item 11).

Die getal drie figureer sterk in kola 1-7. In die eerste kolon (item 1) word drie sake vermeld, naamlik γῆ, φωνῆ en ἔθεσι. Op hierdie dinge word daar in drie kola, naamlik 2-4 (items 2-4) uitgebrei. Οὔτε kom drie keer in kolon 1 voor en word drie keer herhaal aan die begin van kola 2, 3 en 4. In kolon 7 (item 13) word soos in kolon 1 drie sake vermeld, naamlik ἐσθῆτι, διάλιτη en βίω.

Die getal twee figureer ewe-eens sterk in die gedeelte, vergelyk ἐπινοία (item 5) en φροντίδι (item 6), ἑλληνίδας (item 10) en βαρβάρους (item 10), θαυμαστήν (item 14) en ὁμολογουμένως (item 14). So ook kom die partisi-pium (bywoordelik gebruik) twee keer voor in items 10 en 12 (κατοικοῦντες en ἀκολουθοῦντες).

Die inleidende gedeelte van die perikoop (kola 1-7) is in die vorm van 'n semantiese chiasme gegiet:

| | | |
|-------------|---|--|
| items 1 - 4 | } | die Christene verskil ten opsigte van sekere dinge nie van ander mense nie |
| items 5 - 7 | | menslike vernuf het nie die Christelike leer ontdek nie |
| items 8 - 9 | | 'n menslike dogma word nie deur die Christene voorge- staan nie |
| items 10-11 | | die Christene verskil ten opsigte van sekere dinge nie van ander mense nie. |

Die teenstelling, naamlik dat die Christene in sommige opsigte soos ander mense is, maar in ander opsigte van hulle verskil, kom twee keer voor in die eerste deel van perikoop 10 (kola 1-7). Die teenstellings word stilisties nie op dieselfde manier weergegee nie:


Die eerste teenstelling tussen kola 1-4 en kola 5 en 6 word negatief geformuleer, soos blyk uit die voorkoms van οὔτε in kola 1-4, οὐ in kolon 5 en οὐδέ in kolon 6. Vir hierdie teenstelling gebruik die skrywer die parataktiese styl. Neweskikking geskied grootliks deur die indikatief. Die tweede teenstelling wat voorkom in kolon 7 tussen items 10-13 en items 14 en 15 word positief geformuleer. Die skrywer gebruik hier die periodesiese styl met inbedding deur die partisipium.

Kola 8 - 42 is, soos reeds aangedui, korter as kola 1-7 en 43-47. In hierdie deel is die styl asundeties van aard, omdat daar geen voegwoorde tussen die kontraste waaroor dit hier gaan, voorkom nie.

Die talle kontraste en die wyse waarop elkeen uitgewerk word, is 'n uitstaande stilistiese kenmerk van hierdie perikoop:


In items 16-17 bestaan die kontras in die voegwoord ἄλλά, gevolg deur 'n kort vergelyking ingelui deur ὡς, naamlik ὡς πάροικου.

In items 18-19 word kontras verkry deur die gebruikmaking van 'n adversatiewe καί. Kontras kom voor tussen μετέχουσιν (18) en ὑπομένουσιν (19), asook tussen die kort vergelykings ὡς πολῖται (18) en ὡς ξένοι (19). Binne die kontras kom 'n chiasiese woordordening voor, naamlik:



Items 18 en 19 is ewe lank met 10 lettergrepe elk.

In items 20-21 is dit weer 'n adversatiewe καί wat gebruik word vir kontras, terwyl daar (soos by die vorige twee items) ook 'n chiasiese woordordening is:



In items 22-23 en 24 word ἄλλά vir kontras gebruik. 'n Kort vergelyking word ingelui deur ὡς, naamlik ὡς πάντες (item 22). Daar is reeds gewys op die gebrek aan voegwoorde tussen die kontraste sodat die styl asundeties is. In hierdie eenheid is items 22 en 23 ook asundeties, naamlik γαμοῦσιν ὡς πάντες (item 22), τεκνογονοῦσιν (item 23). Die woorde

ὡς πάντες (item 22) kan óf geles word met γαμοῦσιν (item 22) óf met τεκνογονοῦσιν (item 23) óf met beide. ¹.

Items 25-26 se kontras word deur ἀλλά bewerkstellig. Daar is woordspel tussen κοινήν en κοιτήν en die eerste medium (παρατίθενται) word gebruik na 'n reeks aktiewe werkwoordsvorme.

Die kontras van items 27-28 word weer deur ἀλλά bewerkstellig. Woordspel kom voor tussen ἐν σαρκί en κατὰ σάρκα. Die woord σάρξ kom twee keer voor, maar met verskillende betekenisse. In item 27 verwys dit na die liggaam en in item 28 na seksuele begeerte. Verskillende preposisies (ἐν en κατὰ) word ook deur verskillende naamvalle (datief en akkusatief) gevolg.

In items 29-30 waar kontras ook deur ἀλλά bewerk word, word weer twee verskillende voorsetsels gebruik, naamlik ἐπί (γῆς) en ἐν (οὐρανῷ). Die woord πολιτεύονται is soos παρατίθενται 'n mediumvorm.

Items 31-32 se kontras word deur die adversatiewe καί aangedui. Dit is die geval tot en met item 50 en ἀλλά word nie weer gebruik nie. 'n Derde medium, naamlik πείθονται, kom voor in item 31. Sowel τοῖς ὀρισμένοις νόμοις as τοῖς ἰδίοις βίοις is in die datief. Die eerste, naamlik νόμοις, is datief na πείθονται en die tweede, naamlik βίοις, is 'n instrumentele datief. Dus: dieselfde naamval, maar met verskillende funksies.

1. Indien ὡς πάντες met beide geles word, is dit 'n zeugma.

By νόμοις en νόμους weer is die betekenis dieselfde, maar die naamvalle verskil. Daar is verder 'n chiastiese woordordening tussen:

| | |
|----------------------------|-------------------------|
| πειθονται (indikatief, 31) | νόμοις (datief, 31) |
| βίολις (datief, 32) | νικῶσι (indikatief, 32) |

Die twee woorde νόμοις en νόμους staan aan die einde van hulle items.

In items 33-34 kom die eerste passief (διώκονται) voor en wel saam met 'n aktief (ἀγαπῶσι). Die passief is die wyse wat van hier af domineer. Daar is ook 'n chiastiese woordordening tussen:

| | |
|---------------|----------------|
| ἀγαπῶσιν (33) | πάντας (33) |
| πάντων (34) | διώκονται (34) |

In items 35-36 is albei die gebeurewoorde in die passief (ἀγνοοῦνται en κατακρίνονται). Die slotklanke -νται is in albei gevalle dieselfde.

Soos by die vorige twee items is die gebeurewoorde van items 37-38 ook in die passief (θανατοῦνται en ζωοποιοῦνται) met die slotklanke -ουνται weereens dieselfde.

Die voorafgaande twee kontraste stem feitlik in alle opsigte ooreen.

Soos item 35 is 37 'n indikatief passief met vier lettergrepe en 'n slotklank -νται. Soos item 36 word 38 ingelui deur 'n adversatiewe καί, is dit 'n indikatief passief met ses lettergrepe en eindig dit met -νται.

In items 39-40 is die twee gebeurewoorde in die aktief (πτωχεύουσι en πλουτίζουσι) na vyf items met gebeurewoorde in die passief.

In items 41-42 word 'n passief (ὕστεροῦνται) en 'n aktief (περὶσσεύουσιν) gebruik.

In items 43-44 is beide die gebeurewoorde weer in die passief (ἀτιμοῦνται en δοξάζονται). Oxymoron word aangetref by ἀτιμίαις en δοξάζονται in item 44. Die twee items eindig met dieselfde slotklank, naamlik -νται.

Items 45-46 het dieselfde soortsinstruktuur en het ongeveer dieselfde hoeveelheid lettergrepe elk. Albei die gebeurewoorde is in die passief (βλασφημοῦνται en δικαιοῦνται). In elke geval is die slotklank -ουνται.


Items 47-48 het ook dieselfde sinstruktuur, is ewe lank, maar die gebeurewoorde is in die passief en aktief (λοιδοροῦνται en εὐλογοῦσιν).

Items 49-50 het soos die vorige twee kontraste dieselfde soort sinstruktuur, is presies ewe lank en die gebeurewoorde is ook in die passief en aktief (ὑβρίζονται en τιμῶσιν).

In items 51-52 ontbreek die adwersatiewe καί van die voorafgaande items en kontras kom voor tussen 'n partisipium (ἀγαθοποιοῦντες) en 'n indikatief passief (κολάζονται). Die kontras bestaan in die teenoorgestelde betekenisse van ἀγαθοποιοῦντες en κολάζονται. Κολάζονται is uitgebrei met die vergelyking ὡς κακοί.

In items 53-55 is daar 'n kontras tussen die partisipium (κολαζόμενοι) en die indikatief aktief (χαίρουσιν). Op laasgenoemde volg 'n kort vergelyking uitgedruk deur ὡς met 'n partisipium (ὡς ζωοποιούμενοι). Oxymoron kom voor by κολαζόμενοι (item 53) en χαίρουσιν (item 54).

In die twee vorige kontraste (items 51-52 en 53-55) kom daar 'n semantiese chiasme voor:



In items 56-57 is beide die gebeurewoorde in die passief indikatief (πολεμοῦνται en διώκονται) met die uitgang -νται aan die einde van die twee items. Op πολεμοῦνται volg die kort vergelyking ὡς ἄλλόφυλοι. Die καί waarmee item 57 begin, is nie soos die ander adversatief nie, maar word kopulatief gebruik.

In item 58 word καί weer adversatief gebruik.

In kola 8-47 is die laaste een van die twee items meestal die langer een. Slegs by items 16-17, 20-21, 25-26 en 56-57 is die eerste item die langere van die twee. By items 22-24 en by 53-55 is daar eers 'n langer, dan 'n korter en dan weereens 'n langer item.

Indien gelet word op die gebruik van die aktief, medium en passief indikatief, dan blyk dit dat in items 8-32 die aktief feitlik deurgaans gebruik word. Die medium kom net drie keer voor in 25, 30 en 31. Die passief kom glad nie in hierdie deel voor nie.

In items 33-59 is dit egter die passief wat die meeste gebruik word. Dit kom vir die eerste keer in item 34 voor en word daarna feitlik twee keer

soveel as die aktief aangetref. Die medium kom hier glad nie voor nie.

Bogenoemde verskil in die gebruik van die werkwoordsvorme dui dus op 'n breuk tussen items 32 en 33. Die breuk word versterk deur die volgende oorwegings:

In items 16-32 word bloot voorbeelde gegee van die Christene se eiesoortige leefwyse sonder om te wys op die effek daarvan op ander mense of op die reaksie wat dit by ander ontlok. In items 33-59 word daarop gewys dat die Christen se leefwyse 'n negatiewe reaksie by die nie-Christen uitlok. Hoewel die Christen goed doen, of onskadelik is, word daar vyandig teenoor hom opgetree.

By items 31-34, vind daar sekere stilistiese veranderings plaas.

Eerstens is daar die chiastiese woordordenings in items 31-32 en items 33-34 (vergelyk p. 167 hierbo). Verder is daar 'n skielike verskil in sinslengte tussen item 32 wat lank is en item 33 wat kort is. Dertens word ἄλλά, wat in die vorige vier kontraste (items 24, 26, 28 en 30) voorkom, in item 32 met καί vervang. Hierna kom ἄλλά nie weer voor nie. In item 34 word vir die eerste keer 'n indikatief passief aangetref.

Die kola van perikoop 10 se slotgedeelte (43-47) is langer as dié van die voorafgaande gedeelte (kola 8-42). Die laaste kolon (47) is die langste. In items 51-52 en 53-55 is daar 'n semantiese chiasme (vergelyk p.169 hierbo).

2.2. Funksies van die stylmiddele.

Die ooreenkoms tussen perikope 10 en 9¹. (die temasin waarop daar uitgebrei word), dien tot samebinding van die twee eenhede.

1. Vergelyk p.161 hierbo.

Die sinslengtes wat wissel by die inleiding (kola 1-7), die middelste gedeelte (kola 8-42) en die slot van die perikoop (kola 43-47) help nie alleen om drie eenhede binne die perikoop af te baken nie, maar dien ook tot afwisseling. Dit verbreek eentonigheid. Groter variasie van styl-middele in die inleiding en slot het dieselfde effek.

Die temasin (kolon 1) waarop daar in kola 2-5 uitgebrei word, asook die voorkoms van οὔτε aan die begin van elkeen van die eerste vyf kola dien om tekstkoesie te versterk.

Kola 2-5 is parallelismes wat nie slegs die vier kola as 'n eenheid saambind nie, maar vanweë die doelbewuste gestruktureerdheid daarvan ook die aanskoulikheid van die perikoop verhoog. Afwisseling word verkry deur die afwykings in kolon 3 waarop gewys is.¹

Die belangrikste funksie van die chiasmes van die perikoop is om eenhede binne die perikoop saam te bind. Die chiasmes in items 1-11, 18-19, 20-21, 31-32 en 51-55 dien ook tot versterking van die kontraste waarin dit voorkom. Die kontraste het telkens betrekking op die onderskeid tussen die Christen en die nie-Christen.

Die kort vergelykings, meestal ingelui deur ὡς, dien ewe-eens om die kontraste waarbinne hulle voorkom te versterk. Afwisseling geskied deurdat die eerste kort vergelyking ingelui word deur ὡπερ (item 9).

1. Vergelyk p.162 hierbo.

Die getalle twee en drie wat sterk figureer in kola 1-7 versterk tekskohesie. Die herhaling van die stelling dat Christene in sommige opsigte soos ander is en in ander weer nie, versterk ook die samehang tussen kola 1-6 en kolon 7. Om afwisseling te verkry en sodoende eentonigheid te verbreek, word die eerste teenstelling semanties negatief geformuleer in parataktiese styl en die tweede positief in periodiese styl.

In die middelste gedeelte (kola 8-42) is die kontraste asundeties. Dit het 'n staccato-effek. Die talle kontraste in hierdie deel het die funksie om die andersheid van die Christene te beklemtoon. Om eentonigheid te verbreek, word dit, soos aangedui, telkens verskillend uitgewerk.

Die feit dat die indikatief aktief feitlik deurgaans gebruik word in items 8-32 bewerk tekskohesie in hierdie deel en beklemtoon ook die aktiewe rol wat die Christene in die wêreld speel. Die medium kom ter wille van afwisseling drie keer voor. In items 33-59 waar die passief domineer en tekskohesie help bewerkstellig, is dit veral die ervaring van die Christen in die wêreld wat beklemtoon word. Dit gaan om wat die Christene aangedoen word.

Die gelyke sinstrukture en sinslengtes wat enkele kere in die perikoop voorkom, verhoog die aanskoulikheid daarvan en dien om die semantiese relasies tussen die betrokke items te versterk.

Die voorbeelde van woordspel, afwisseling tussen voorsetsels en naamvalle, $\sigma\acute{\alpha}\rho\chi$ met verskillende betekenisgebruik, $\kappa\alpha\acute{\iota}$ wat adversatief en kopulatief gebruik word, items 31-32 waarin woorde tegelyk chiasties en parallel georden word; al hierdie stylmiddele bewerk afwisseling en verhoog die

literêr-estetiese gehalte van die perikoop.

PERIKOOP 11 (Ad Diognetum VI:1-10)

1. Analise op semantiese vlak.

1.1. Motivering vir die perikoopafbakening.

Die tema van perikoop 11 word in die eerste kolon gestel: wat die siel in die liggaam is, dit is die Christene in die wêreld. Op hierdie algemene stelling word daar in kola 2-25 uitgebrei. Laasgenoemde groep vorm 'n hegte eenheid omdat dit in die vorm van 'n semantiese ringskomposisie geplaas is. Kolon 26 is slegs die gevolgtrekking van die voorafgaande kola van die perikoop.

In perikoop 10 is daar met 'n groot aantal tegnieke gewerk om die kontraste saam te bind. In perikoop 11 word dit hoofsaaklik deur chiãsmes en parallelismes op sintaktiese, maar veral semantiese vlak gedoen.

1.2. Die inhoud van die kola.

1. Wat die siel in die liggaam is, is die Christene in die wêreld.
2. Die siel is deur die lede van die liggaam versprei.
3. Die Christene is deur die stede van die wêreld versprei.
4. Die siel woon in die liggaam.
5. Die siel is nie van die liggaam nie.
6. Die Christene woon in die wêreld.
7. Die Christene is nie van die wêreld nie.
8. Die siel is onsigbaar.

9. Die siel word in 'n sigbare liggaam bewaar.
10. Die Christene word geken terwyl hulle in die wêreld is.
11. Die Christene se godsdiens bly onsigbaar.
12. Die vlees (= liggaam) haat die siel.
13. Die vlees, hoewel nie veronreg nie, beveg die siel,
omdat dit verhinder dat die liggaam toegee aan genotsug.
14. Die wêreld, hoewel nie veronreg nie, haat die Christene,
omdat hulle hulself teen die genotsug verset.
15. Die siel het die liggaam en sy lede, wat dit haat, lief.
16. Die Christene het hulle haters lief.
17. Die siel is ingesluit in die liggaam.
18. Die siel hou self die liggaam in stand.
19. Die Christene word vasgehou in die wêreld, soos in 'n tronk.
20. Die Christene self hou die wêreld in stand.
21. Die siel is onsterflik.
22. Die siel woon tydelik in 'n verganklike woning.
23. Die Christene woon tydelik onder verganklike dinge,
terwyl hulle op onverganklikheid wag.
24. Die siel word sterker al kry dit swaar wat voedsel en drank
betref.
25. Die Christene neem daaglik toe hoewel hulle elke dag
gestraf word.
26. Die hoë posisie waarin God die Christene geplaas het, durf
hulle nie verwerp nie.

1.3. Die relasies tussen die kola.

Kolon 1 is generies met die res spesifiek: in kola 2 - 25 word daar uitgebrei op die stelling: wat die siel in die liggaam is, dit is die Christene in die wêreld. Kolon 26 is die gevolgtrekking van die inhoud van 1-25: God het die Christene in so 'n hoë posisie geplaas wat nie geoorloof is om te verwerp nie. 'n Relasie van vergelyking bestaan tussen kola 2 en 3, 4-5 en 6-7, 8-9 en 10-11, 12-13 en 14, 15 en 16, 17-18 en 19-20, 21-22 en 23, 24 en 25. Die verskillende groepe vergelykings, naamlik kola 2-3, 4-7, 8-11, 12-14, 15-16, 17-20, 21-23, 24-25 is additief-verskillend van mekaar. Die volgende kola staan kontrastief tot mekaar: 4-5, 6-7, 10-11, 17-18 en 19-20. Kola 12 en 13 is additief-verskillend.

1.4. Die relasies tussen die nukleêre eenhede.

Items 2 en 3 is die inhoud van 1: dit wat die skrywer eenvoudig stel, is naamlik: Wat die siel in die liggaam is (item 2), dit is die Christene in die wêreld (item 3). Item 3 word dus met 2 vergelyk. Item 5 is additief-verskillend van 4 en word terselfdertyd daarmee vergelyk: die Christene (wat van die siel verskil) is deur die stede van die wêreld versprei net soos die siel deur die ledemate van die liggaam. Item 7 staan in kontras tot 6 net soos item 9 kontrasteer met 8. Items 8-9 is additief-verskillend van 6-7 en word ook daarmee vergelyk: die siel is nie dieselfde as die Christene nie; soos die siel egter *in* maar nie *van* die liggaam is nie, so is die Christene *in*, maar nie *van* die wêreld nie.

Item 11 karakteriseer item 10: in verband met die siel word gesê dat dit in 'n sigbare liggaam gevange gehou word. Tussen items 12 en 13 is daar 'n tydsrelasie, want dit is terwyl hulle in die wêreld is dat Christene herken word. Item 14 is kontrastief tot 12 en 13: die Christene self word herken terwyl hulle in die wêreld is (items 12-13), maar hulle godsdienst bly onsigbaar (item 14). Items 12-14 word vergelyk met 10-11: die onsigbare siel, gevang in 'n sigbare liggaam, is soos die Christene wat herken word met hul godsdienst wat onsigbaar bly. In item 15 is $\mu\sigma\epsilon\iota$ additief-verskillend van $\pi\omicron\lambda\epsilon\mu\epsilon\iota$ in item 16. Item 17 is die toegewing van 15 en 16, met 15 en 16 die gevolg van 17: die liggaam ($\sigma\acute{\alpha}\rho\kappa\iota\varsigma$) haat en beveg die siel, hoewel dit nie veronreg word nie. Items 18 en 19 gee die rede aan vir 15 en 16, met 15 en 16 weer die gevolg van 18 en 19: die rede waarom die liggaam die siel haat en beveg, is omdat laasgenoemde die liggaam verhinder om toe te gee aan genietinge. Item 19 is die inhoud van 18. Item 21 is die toegewing van 20 met 20 die gevolg van 21: die wêreld haat die Christene, hoewel dit nie veronreg word nie. Item 22 gee die rede vir 20 aan met 20 die gevolg van 22: die rede waarom die wêreld die Christene haat, is omdat hulle hulle self teen die genietinge verset. In die geheel word 20-22 weer vergelyk met 15-19: die liggaam se ongemotiveerde haat vir die siel word met die ongemotiveerde haat van die wêreld vir die Christen vergelyk. Item 24 is additief-verskillend van 23 en word daarmee vergelyk: die Christen is nie dieselfde as die siel nie, maar net soos die siel die liggaam, wat dit haat, lief het, net so het die Christene ook hulle haters lief. Item 26 staan in kontras tot 25: die siel word in die liggaam gevange gehou, maar self hou dit die liggaam in stand. Item 28 staan in kontras tot 27: die Christene word gevange gehou in die wêreld,

maar hou self die wêreld in stand. Saam is items 27-28 additief-verskillend van 25-26 en word ook daarmee vergelyk. Die siel wat gevange gehou word, verskil van die Christene wat gevange gehou word, maar hulle word met mekaar vergelyk: soos die siel die liggaam in stand hou, so hou die Christene die wêreld in stand. In item 29 kontrasteer ἀθάνατος met ἐν θνητῶ in item 30. Net so kontrasteer ἐν φθορτοῖς in item 31 met τῆν ... ἀφθορίαν in item 32. Die relasie tussen items 32 en 31 kan ook beskryf word as 'n tydsrelasie: terwyl hulle wag op onsterflikheid in die hemel, vertoef die Christene tydelik onder sterflike dinge. Items 31-32 word vergelyk met 29-30: die siel se inwoning in 'n verganklike woning is tydelik net soos die Christene se verblyf onder sterflike dinge. Item 33 staan in 'n tydsrelasie ¹ tot 34 en 34 is weer die gevolg van 33: terwyl dit sleg gaan met betrekking tot voedsel en drank word die siel sterker. Item 35 staan in 'n tydsrelasie ² tot 36: terwyl die Christene gestraf word, neem hulle toe. Saam word items 35-36 vergelyk met 33-34: soos dit goed gaan met die siel onder moeilike omstandighede, so neem die Christene toe al word hulle gemartel. Items 38-39 is 'n karakterisering van τῶν in 37: die posisie waarin God die Christene geplaas het, durf nie van die hand gewys word nie. Item 38 karakteriseer weer op sy beurt vir παραιτήσασθαι (item 39). Saam is items 37-39 die gevolgtrekking van die voorafgaande items. Al die verskillende groepe vergelykings in items 4-36 is additief-verskillend van mekaar.

2. Analise op semiotiese vlak.

2.1. Die stylmiddele.

1. Item 33 kan ook beskou word as 'n toegewing van 34: "Hoewel dit sleg gaan..."


2. Item 35 kan ook beskou word as 'n toegewing van 36: "Hoewel die Christene gestraf word...."

Soos in perikoop 10 is daar in 11 'n aantal kontraste wat deur die skrywer saamgebind word met bepaalde stilistiese tegnieke. Anders as by perikoop 10 verskil die tegnieke nie veel van kontras tot kontras nie.


Semanties word die siel gelyk gestel aan die Christene en die liggaam aan die wêreld (of ekwivalente vorme). Die wyse waarop hierdie terme georden word in die verskillende kolongroeperings waarin hulle vergelyk word, is nie slegs chiasmes en parallelismes op sintaktiese vlak nie, maar ook en veral op semantiese vlak. Die treffende in hierdie perikoop is trouens die wyse waarop die skrywer op semantiese vlak struktureer.

Die eerste kolongroep het 'n chiastiese woordordening:

Groep 1 (kola 2 en 3):




Op sintaktiese vlak is die volgende chiasme aan te merk:




Die preposisie κατά word gebruik in kolon 2 en 3. In kolon 2 word dit gevolg deur die genitief en in kolon 3 deur die akkusatief.

Die woordplasing in die tweede kolongroep is ook chiasities:


Groep 2 (kola 4 - 7):



Op sintaktiese vlak kan die volgende chiasme uitgewys word waar kolon 4 met 6 koppel:



Kola 5 en 7 het 'n parallele sinstruktuur:



In die kolongroepe wat volg (groep 8 uitgesonder) word die begrippe parallelities georden.

Groep 3 (kola 8 - 11):

| | | |
|------------|--------|-------|
| ψυχή | σώματι | (8,9) |
| | | |
| Χριστιανοί | κόσμῳ | (10) |

Groep 4 (kola 12 - 14):

| | | |
|-------------|--------|------|
| ψυχὴν | σὰρξ | (12) |
| | | |
| Χριστιανούς | κόσμος | (14) |

Kolon 12 is ook syntakties parallel aan 14:


| | | | |
|-------------|--------------------|-----------------|------|
| μισεῖ (ww.) | τὴν ψυχὴν (objek) | σὰρξ (subjek) | (12) |
| | | | |
| μισεῖ (ww.) | Χριστιανούς(objek) | κόσμος (subjek) | (14) |

Die eerste deel van die kontras (dit is items 15-19) is ook parallel in struktuur aan die tweede deel (dit is items 20-22):


| | | |
|-----------------------|---------------------|--------------------|
| hoofsin (items 15-16) | toegewing (item 17) | rede (items 18-19) |
| | | |
| hoofsin (item 20) | toegewing (item 21) | rede (item 22) |

In kolon 13 word rede ingelui deur διότι en in 14 deur ὅτι.

Groep 5 (kola 15-16):




Op syntaktiese vlak geld die volgende chiasme:



In hierdie groep word twee keer van oxymoron gebruik gemaak:



Groep 6 (kola 17-20):



Op syntaktiese vlak is die volgende chiasmes aan te merk:

ἐγκέκλεισται (ww.) ψυχή (subjek) (17)

Χριστιανοί (subjek) κατέχονται (ww.) (19)

συνέχει (ww.) αὐτή (subjek) (18)

αὐτοί (subjek) συνέχουσι (ww.) (20)

Groep 7 (kola 21-23):

ψυχή σκηνώματι (21,22)

Χριστιανοί φθαρτοῖς (23)

Op syntaktiese vlak geld die volgende chiasme:

ἐν θνητῷ σκηνώματι (prep. frase) κατοικεῖ (ww.) (22)

παροικοῦσιν (ww.) ἐν φθαρτοῖς (prep. frase) (23)

Groep 8 (kola 24-25):

κακουργουμένη (item 33) ψυχή (item 34) βελτιοῦται (item 34)

Χριστιανοί (item 35) κολαζόμενοι (item 35) πλεονάζουσι (item 36)

In kolon 25 moet καθ' ἡμέραν waarskynlik saam met κολαζόμενοι en πλεονάζουσι gelees word.¹

Perikoop 11 bestaan uit 'n temasin (kolon 1) en 'n slot (kolon 26) met 'n semantiese ringskomposisie tussenin (kola 2-25). In die ringskomposisie word uitgebrei op die stelling in kolon 1: wat die siel in die liggaam is, dit is die Christene in die wêreld. Die semantiese ringe word soos volg gestruktureer:

Kola 2 en 3 groepeer as 'n eenheid saam om die tema: die Christene is versprei dwarsdeur die wêreld. Die ἔσπαρται van kolon 2 word ook in 3 veronderstel. As gevolg van sy posisie aan die begin van 'n kolon, dra ἔσπαρται besondere klem. Dit geld ook die sleutelbegrippe ψυχή (aan die end van 'n kolon), Χριστιανοί (aan die begin) en τοῦ κόσμου πόλεις (aan die einde). Saam met kola 2 en 3 vorm 24 en 25 die buitenste deel van die ringskomposisie. Laasgenoemde twee kola het as tema: die daaglikse vermeerdering van die Christene, vergelyk καθ' ἡμέραν πλεονάζουσι μᾶλλον wat semanties dieselfde wil sê as ἔσπαρται in kolon 2. Die toename van die Christene word beklemtoon deur βελτιοῦται (item 34) en πλεονάζουσι μᾶλλον (item 36) aan die einde van hul onderskeie kola te plaas. Hierbenewens versterk die toevoeging van μᾶλλον by πλεονάζουσι, wat reeds die toename van die Christene aandui, dit nog meer. Dit geskied ondanks die mishandeling wat hulle daaglik moet verduur en wat beklemtoon word deur κακουργουμένη aan die begin van kolon 24.

1. Die stylfiguur is 'n zeugma.

Kola 4-7 groepeer semanties saam rondom die tema: die Christene woon in die wêreld, maar is nie van die wêreld nie, vergelyk οἰκεῖ (kolon 4) en οἰκοῦσιν (kolon 6).¹ Hierdie twee woorde dra klem vanweë hulle plasing respektiewelik aan die begin en end van 'n kolon. Die kontras tussen die feit dat die siel weliswaar in die liggaam woon, maar nie van die liggaam is nie, word na vore gebring deur die aanwending van μέν en δέ na οἰκεῖ (kolon 4) en ἔστι (kolon 5).

Daar is ook 'n kontras tussen kola 6 en 7: die Christene woon *in* die wêreld, maar is nie *van* die wêreld nie. Anders as in die kontras tussen kola 4 en 5 kom μέν nie in die kontras tussen kola 6 en 7 voor nie. Die kontraste in kola 4-5 en 6-7 word verder beklemtoon deur die klankveranderinge wat deur die naamvalsuitgange en preposisies te weeg gebring word in die volgende preposisionele frases:

ἐν τῷ σώματι (kolon 4)

ἐκ τοῦ σώματος (kolon 5)

ἐν κόσμῳ (kolon 6)

ἐκ τοῦ κόσμου (kolon 7)

Verdere afwisseling word hier verkry deur die weglating van die lidwoord voor κόσμῳ in kolon 6.

Die eenheid wat met kola 4-7 ooreenstem, bestaan uit kola 21-23. Die tema hiervan kan geformuleer word as: die Christene is bywoners onder sterflikes. Die woorde κατοικεῖ (kolon 22) en παροικοῦσιν (kolon 23) korrespondeer met οἰκεῖ en οἰκοῦσιν in kolon 4 en 6 onderskeidelik.

1. Die Christene word met die siel vergelyk.

Sowel κατοικεῖν as παροικεῖν het betrekking op die tydelikheid van die Christene se inwoning in hierdie wêreld. Die kontras tussen die aardse verganklikheid en die onverganklikheid in die hemel word beklemtoon deur die woordspel tussen φθαρτοῖς en ἀφθαρσίαν (albei in kolon 23). Die onsterflikheid van die siel kry weer klem deur die woordspel tussen ἀθάνατος en ἐν θνητῷ in kola 21 en 22, albei aan die begin van die twee kola.

Kola 8-11 word saamgevoeg op grond van die tema: die Christen word vasgehou in die wêreld (vergelyk φρουρεῖται in kolon 9). Vanweë die posisie van ἀόρατος aan die begin van kola 8 en 11 word die onsigbaarheid van die siel en van die Christelike godsdiens beklemtoon.

Kola 17-20 stem semanties ooreen met kola 8-11. As tema kan geld: die Christene is ingesluit in die wêreld, vergelyk ἐγκέκλεισται (kolon 17), συνέχει (kolon 18), κατέχονται μὲν ὡς ἐν φρουρᾷ (kolon 19) en συνέχουσιν (kolon 20). Hierdie begrippe wil dieselfde sê as φρουρεῖται in kolon 9.

In kola 17 en 18 word die paradoksale gedagte, naamlik dat die siel wat in die liggaam opgesluit is tog die liggaam in stand hou, beklemtoon deur die kontras merkers μὲν en δέ en deur die posisies van ἐγκέκλεισται en συνέχει aan die begin van genoemde twee kola.

Die middelste deel van die ringskomposisie bestaan uit kolongroeperinge 12-14 en 15 en 16. Die tema van groep 12-14 kan geformuleer word as: die wêreld haat die Christene sonder rede, en dié van 15 en 16 as: die Christene het hulle haters lief.

In die eerste groep (kola 12-14) word die haat van die wêreld jeens die Christene sterk beklemtoon deur die plasing van $\mu\sigma\epsilon\iota$ aan die begin van kola 12 en 14. Dat die haat ongemotiveerd is, word beklemtoon deur die herhaling van dieselfde stellings, naamlik $\mu\eta\delta\acute{\epsilon}\nu \acute{\alpha}\delta\iota\kappa\omicron\upsilon\mu\acute{\epsilon}\nu\eta$ (kolon 13) en $\mu\eta\delta\acute{\epsilon}\nu \acute{\alpha}\delta\iota\kappa\omicron\upsilon\mu\epsilon\omicron\varsigma$ (kolon 14). In die tweede groep (kola 15 en 16) word die liefde van die Christene geaksentueer deur $\acute{\alpha}\gamma\alpha\pi\acute{\alpha}$ in kolon 15 en $\acute{\alpha}\gamma\alpha\pi\acute{\omega}\sigma\iota\nu$ in 16 onmiddellik langs $\mu\iota\sigma\omicron\upsilon\sigma\alpha\nu$ in kolon 15 en $\mu\iota\sigma\omicron\upsilon\acute{\nu}\tau\alpha\varsigma$ in 16 te plaas.

Bostaande analise kan soos volg geskematiseer word:¹.

| | | | Kolongroep. |
|---------------------------------|--|--|-------------|
| Verspreiding deur die wêreld | $\acute{\sigma}\acute{\omega}\mu\alpha\tau\omicron\varsigma$ | $\psi\upsilon\chi\acute{\eta}$ | 2 - 3 |
| | $\chi\rho\iota\sigma\tau\iota\alpha\nu\acute{\omicron}\iota$ | $\kappa\acute{\omicron}\sigma\mu\omicron\upsilon$ | |
| Woon in die wêreld | $\acute{\sigma}\acute{\omega}\mu\alpha\tau\iota$ | $\psi\upsilon\chi\acute{\eta}$ | 4 - 7 |
| | $\chi\rho\iota\sigma\tau\iota\alpha\nu\acute{\omicron}\iota$ | $\kappa\acute{\omicron}\sigma\mu\omega$ | |
| Ingesluit in die wêreld | $\psi\upsilon\chi\acute{\eta}$ | $\acute{\sigma}\acute{\omega}\mu\alpha\tau\iota$ | 8 - 11 |
| | $\chi\rho\iota\sigma\tau\iota\alpha\nu\acute{\omicron}\iota$ | $\kappa\acute{\omicron}\sigma\mu\omega$ | |
| Haat | $\psi\upsilon\chi\acute{\eta}\nu$ | $\sigma\acute{\alpha}\rho\acute{x}$ | 12 - 14 |
| | $\chi\rho\iota\sigma\tau\iota\alpha\nu\acute{\omicron}\varsigma$ | $\kappa\acute{\omicron}\sigma\mu\omicron\varsigma$ | |
| Liefde | $\psi\upsilon\chi\acute{\eta}$ | $\sigma\acute{\alpha}\rho\kappa\alpha$ | 15 - 16 |
| | $\chi\rho\iota\sigma\tau\iota\alpha\nu\acute{\omicron}\iota$ | $\mu\iota\sigma\omicron\upsilon\acute{\nu}\tau\alpha\varsigma$ | |
| Ingesluit in die wêreld | $\psi\upsilon\chi\acute{\eta}$ | $\acute{\sigma}\acute{\omega}\mu\alpha\tau\iota$ | 17 - 20 |
| | $\chi\rho\iota\sigma\tau\iota\alpha\nu\acute{\omicron}\iota$ | $\kappa\acute{\omicron}\sigma\mu\omega$ | |
| Bywoners | $\psi\upsilon\chi\acute{\eta}$ | $\sigma\kappa\eta\nu\acute{\omega}\mu\alpha\tau\iota$ | 21 - 23 |
| | $\chi\rho\iota\sigma\tau\iota\alpha\nu\acute{\omicron}\iota$ | $\phi\theta\alpha\rho\tau\omicron\iota\varsigma$ | |
| Vermeerder deur die wêreld | $\kappa\alpha\kappa\omicron\upsilon\rho\gamma\omicron\upsilon\mu\acute{\epsilon}\nu\eta$ | $\psi\upsilon\chi\acute{\eta}$ | 24-25 |
| | $\chi\rho\iota\sigma\tau\iota\alpha\nu\acute{\omicron}\iota$ | $\kappa\omicron\lambda\alpha\acute{\zeta}\omicron\mu\epsilon\nu\omicron\iota$ | |
| | | $\beta\epsilon\lambda\tau\iota\omicron\upsilon\tau\alpha\iota$ | |
| | | $\pi\lambda\epsilon\omicron\nu\acute{\alpha}\acute{\zeta}\omicron\upsilon\sigma\iota\nu$ | |

1. Met erkenning aan prof. F. Saayman (Universiteit van die Noorde).

In die derde groep (dit is kola 8-11) gaan die chiasmes oor in parallelismes. Hierdie verandering lei tot 'n effense opstapeling van parallelismes wat in die slotgroepering teëgewerk word deur 'n kombinasie van chiasme en parallelisme.

In die vierde en vyfde groepe (kola 12-14 en 15-16) word $\sigma\tilde{\omega}\mu\alpha$ vervang met $\sigma\acute{\alpha}\rho\tilde{\xi}$ (kolon 12) en in die sewende (kola 21-23) word dit vervang met $\sigma\kappa\acute{\eta}\nu\omega\mu\alpha$ (kolon 22). In die vyfde groep (kola 15 en 16), sewende groep (kola 21-23) en agste groep (kola 24-25) is dit $\kappa\acute{\omicron}\sigma\mu\omicron\varsigma$ wat weggelaat word.

Samevattend: Perikoop 11, 'n uitgebreide vergelyking, het die vorm van 'n semantiese ringskomposisie. Die rol wat die Christen in die wêreld vervul, word vergelyk met dié van die siel in die liggaam. In die gedeelte staan die nie-Christen se haat en die Christen se liefde sentraal as die prinsipes waarop die Christen se goeie invloed in die wêreld en die vervolging deur die nie-Christene berus. Die ringskomposisie brei uit op kolon 1, die temasin. Kolon 26 is weer 'n kort gevolgtrekking op die inhoud van die ringskomposisie: die besondere posisie waarin God die Christene gestel het, durf hulle nie van die hand wys nie.

2.2. Funksies van die stylmiddele.

Woorde wat met reëlmaat in die perikoop voorkom (byvoorbeeld $\chi\rho\rho\iota\sigma\tau\iota\alpha\nu\acute{\omicron}\iota$, $\psi\upsilon\chi\acute{\eta}$, $\sigma\tilde{\omega}\mu\alpha$ en $\kappa\acute{\omicron}\sigma\mu\omicron\varsigma$), dien nie slegs om die tema van die gedeelte duidelik vas te stel nie, maar help ook om die perikoop as 'n eenheid aan te dui. In die kleiner kolongroeperinge binne die perikoop het die enersluidende woorde, of woorde wat na dieselfde saak verwys, dieselfde funksie.

Woordplasing (aan die begin of einde van 'n kolon) het die belangrike funksie om sleutelbegrippe uit te wys, byvoorbeeld $\mu\sigma\epsilon\acute{\iota}$ aan die begin van kola 12 en 14 om die haat van die vlees (liggaam) en die wêreld te beklemtoon. Woordspel het dieselfde funksie, naamlik beklemtoning.

Die ringskomposisie waarin die perikoop gegiet is, dien nie slegs om die gedeelte as 'n eenheid af te baken nie, maar toon ook die simmetriese samehang tussen die dele aan. Die simmetriese strukturering van die perikoop verhoog die aanskoulikheid daarvan. Die chiasmes en parallelismes (semanties sowel as sintakties) vervul dieselfde funksies in die kleiner kolongroeperinge: hulle bind saam en verhoog die estetiese waarde van die gedeelte.

Verandering van chiasmes na parallelismes help om eentonigheid te verbreek, terwyl die vervanging van die een woord met 'n ander (byvoorbeeld $\sigma\acute{\omega}\mu\alpha$ met $\sigma\acute{\alpha}\rho\kappa\acute{\iota}\varsigma$) ook hierdie effek het.

Die twee gevalle van oxymoron kom voor in die middelste deel van die semantiese ringskomposisie. Die terme wat bots, is $\mu\iota\sigma\sigma\upsilon\sigma\alpha\nu \acute{\alpha}\gamma\alpha\pi\acute{\iota}\alpha$ in kolon 15 en $\mu\iota\sigma\sigma\upsilon\nu\nu\tau\alpha\varsigma \acute{\alpha}\gamma\alpha\pi\acute{\iota}\omega\sigma\iota\nu$ in kolon 16. Haat (12-14) en liefde (kola 15 en 16) is ook die twee kernmomente in die middel van die semantiese ringskomposisie. Die funksie van die woordplasing (oxymoron) én die semantiese ringskomposisie is dus om die motiewe van liefde en haat te beklemtoon (in reliëf te plaas).

In perikoop 11 word die talle kontraste hoofsaaklik op twee maniere saamgebind, naamlik deur parallelismes en chiasmes. (Die kontrasmerkers $\mu\acute{\epsilon}\nu$ en $\delta\acute{\epsilon}$ kom net twee keer voor, naamlik in kola 4-5 en 17-18).

PERIKOOP 12 (Ad Diognetum VII:1-2)

1. Analise op semantiese vlak.

1.1. Motivering vir die perikoopafbakening.

Die tema van perikoop 12 kan omskryf word as: God bewerk die besondere posisie van die Christene deur middel van sy Gesant deur wie Hy alles geskep het, en aan wie alles onderworpe is.

Perikoop 11, waarin daar glad nie na God se Gesant verwys word nie, is 'n duidelike afgebakende eenheid, 'n uitgebreide vergelyking in die vorm van 'n ringskomposisie gekonstrueer. Perikoop 12 weer bestaan uit twee duidelike groot kontraste (items 1-7 en 8-9 enersyds en items 10-15 en 16-31 andersyds). Die woorde $\omega\varsigma \xi\sigma\tau\eta\nu$ (item 3) dui ook op 'n afsonderlike eenheid.

1.2. Die inhoud van die kola.

Perikoop 12 het 6 kola:

1. Die Christene se posisie is nie 'n aardse uitvindsel nie.
2. Die Christene bewaar nie 'n verganklike idee nie.
3. Die Christene is nie met die beheer van menslike misteries toevertrou nie.
4. God self het die waarheid en sy woord gevestig.
5. Hy het dit in die harte van die Christene bevestig.
6. God het dit gedoen deur die Ontwerper en Skepper van die heelal te stuur.

1.3. Die relasies tussen die kola.

Kola 1-3 is additief-verskillend van mekaar: verskillende dinge word genoem waaruit die Christene se posisie nie te verklaar is nie. Kola 1-3 is kontrastief tot kola 4-5: die Christene se posisie is nie vanuit die menslike ervaringsveld te verklaar nie, maar God is die outeur daaragter. Kola 1-5 is additief-verskillend van kolon 6. Dit gaan hier om twee verskillende kontraste.

1.4. Die relasies tussen die nukleêre eenhede.

Item 2 karakteriseer τοῦτ' in item 1. Item 3 bind items 1 en 2 aan die vorige perikope (vergelyk veral μυστήριον in item 40 van perikoop 9 en τοσαύτην ... τόξιν in item 37 van perikoop 11). Items 4 en 5 is additief-verskillend van items 1 en 2 en items 6 en 7 is weer additief-verskillend van 4 en 5. In hierdie drie groepe word verskillende dinge genoem waaruit die Christen se posisie nie te verklaar is nie. Item 5 is die inhoud van οὐδε ... ἀξιούσιν in item 4 en item 7 is die inhoud van οὐδέ ... πεπίστευνται (item 6). Items 8 - 9 is kontrastief tot 1 - 7: die christelike verskynsel is nie vanuit die menslike ervaringsveld te verklaar nie (items 1 - 7), maar God is die outeur daaragter (items 8-9). Item 9 is additief-verskillend van item 8 (vergelyk veral ἐνίδρυσε in 8 en ἐγκατεστήριξε in 9). Item 10 is 'n veronderstelde moontlikheid vir items 11-15: 'n mens kon verwag Items 11-15 wat met ἡ gekoppel word, is alternatiewe van mekaar. Items 16-31 is kontrastief tot 10-15: God het nie een van laasgenoemde groep items se persone gestuur nie, maar die τεχνίτην

en δημιουργόν τῶν ὅλων (items 16 en 17) oor wie 'n hele reeks spesifikasies gegee word (vergelyk items 18-30), asook 'n reeks spesifikasies op alles (πάντα in item 28, naamlik 30.1-30.9) wat deur Hom georden, vasgestel en onderwerp is (διατέτακται, διώρισταί en ὑποτέτακται in items 28-30).

Item 16 met τεχνίτην en item 17 met δημιουργόν is additief-verskillend van mekaar. Saam is hulle generies met 18-30 spesifiek. Hulle is naamlik spesifikasies van τεχνίτην en δημιουργόν en saam is hulle additief-verskillend van mekaar. Item 22 gee die doel vir 21: die son het die μέτρα ...

δρόμων ontvang om dit te bewaar. Item 25 is in 'n tydsrelasie (of 'n relasie van voorwaarde) tot 23: die maan gehoorsaam wanneer Hy beveel (of: as Hy beveel). Item 24 is die inhoud van κελεύοντι in 25.

Tussen ἀκολουθοῦντα in item 27 en πειθαρχεῖ in item 26 is daar 'n instrumentele relasie. Items 28, 29 en 30 is additief-verskillend van mekaar, aangesien verskillende gebeure opgenoem word. Saam is hulle generies met 30.1 - 30.9 spesifiek, aangesien hulle spesifikasies is van πάντα in item 28 wat ook by 29 en 30 veronderstel word. Afsonderlik geneem, is 30.1 - 30.3, 30.4 - 30.6 en 30.7 - 30.9 additief-verskillend van mekaar. Net so is hierdie eenhede, as drie groepe geneem, additief-verskillend van mekaar. In item 31 is τοῦτον die samevatting van al die items waarin daar na die Gesant van God verwys word.

2. Analise op semiotiese vlak.

2.1. Die stylmiddele.

Perikoop 12 bestaan uit 6 kola waarvan die laaste een as gevolg van 'n aantal grammatikale inbeddinge heelwat langer is as die voorafgaandes.

Herhaling en groepering van eenhede (veral in getalle van twee en drie) en afwisselingstegnieke is die vernaamste stilistiese kenmerke van die perikoop.

In perikoop 12 kom twee sterk kontraste voor wat albei aangedui word met οὐ(δὲ) ... ἀλλ', naamlik items 1-7 en 8-9 enersyds en items 10-15 en 16-31 andersyds.

Die kontras in items 1-9 word paratakties gestel. In al vyf die kola is die hoofwerkwoord in die indikatief. Vir die tweede kontras in items 10-31 gebruik die skrywer vir afwisseling die periodiese styl deur die negatiewe deel van die kontras (items 10-15) met πέμψας partisipiële in te bed by die hoofwerkwoord ἀπέστειλεν (item 31) in die positiewe deel (items 16-31).

Perikoop 12 herinner gevolglik aan die eerste deel van perikoop 10 (kola 1-7) waar die skrywer op dieselfde wyse te werk gaan om kontras mee uit te druk.

In kolon 6 (items 16-31) volg daar twee lang uitbreidings, eers op τεχνίτην en δημιουργόν (items 16 en 17) en dan op πάντα (item 28). Eersgenoemde geskied deur middel van betreklike bysinne (items 18-30).

Laasgenoemde vind plaas deur apposisionele byvoegings by πάντα (item 28), naamlik items 30.1-30.9 . In nie een van die twee uitbreidings word voegwoorde gebruik om die eenhede te koppel nie.

Die eerste drie kola van perikoop 12 wat saambind met οὐ (kolon 1), οὐδέ (kolon 2) en weer οὐδέ (kolon 3) loop ongeveer parallel met mekaar in dié opsig dat die negatief οὐ(δέ) gevolg word deur 'n byvoeglike naamwoord, 'n selfstandige naamwoord en 'n werkwoord in die indikatief.¹ Die sleutelbegrippe, wat almal dui op die "nie-menslike" oorsprong van die Christen se posisie, naamlik ἐπίγειον ... εὐρημα (item 2), θνητὴν ἐπίνοιαν (item 5) en ἀνθρωπίνων ... μυστηρίων (item 7) staan elk voor die selfstandige naamwoord waarmee dit saamgaan. Daarby staan hierdie begrippe ook voorop in elk van die kola waarin hulle voorkom (telkens slegs vooraf gegaan deur οὐ/δέ). In al drie die eenhede is dit die "menslike" aspek, naamlik ἐπίγειον, θνητὴν en ἀνθρωπίνων wat voorop staan. Al drie is adjektiewe.

Genoemde drie kola is egter nie absoluut parallel met mekaar nie. In kola 1 en 3 is daar 'n doelbewuste versteuring van die woordorde by die sleutelbegrippe. Ἐπίγειον word van εὐρημα geskei deur ὡς ἔφην (vergelyk kolon 1), terwyl ἀνθρωπίνων van μυστηρίων geskei word deur οἰκονομίαν (kolon 3). Afwisseling word verkry deurdat die skrywer nie van dieselfde versteuring gebruik maak in kolon 2 nie: θνητὴν word onmiddellik gevolg deur ἐπίνοιαν. Kolon 2 verskil ook nog in ander opsigte van die

1. Om hierdie feit te kontroleer, sien die gedrukte teks op p. 302 hieronder.

ander twee. Kola 1 en 3 het elk 19 lettergrepe. Kolon 2 is ietwat langer met 21 lettergrepe. In kola 1 en 3 word die indikatief passief vir die hoofwerkwoord gebruik (vergelyk παρεδόθη en πεπίστευνται). In kolon 2 is dit die indikatief aktief (vergelyk ἀξιολῶσιν).

Kolon 3 verskil weer in een belangrike opsig van kola 1 en 2. By laasgenoemde twee geskied die uitbreiding op die selfstandige naamwoord met adjektiewe in dieselfde naamval as die selfstandige naamwoorde, naamlik die akkusatief (vergelyk ἐπίγειον ... εὔρημα en θνητὴν ἐπίνοιαν). By kolon 3 geskied die uitbreiding op οἰκονομίαν deur middel van 'n adjektief en 'n selfstandige naamwoord in die genitief, naamlik ἀνθρωπίων ... μυστηρίων.

In item 8 (vergelyk kolon 4) word die beklemtoonde voornaamwoord αὐτός twee maal gebruik in verband met God. In dieselfde item word God met drie terme beskryf. Hy is παντοκράτωρ, παντοκτίστης en ἀόρατος θεός. Hy skenk twee gawes, naamlik ἀλήθειαν en λόγον. Laasgenoemde word weer met twee terme omskryf, naamlik ἅγιον en ἀπερινόητον. Vir die handeling van God word ook twee terme gebruik: ἐνίδρυσε en ἐγκατεστήριξε (items 8 en 9).

Na μέμψας (item 11) word die groepering in getalle van twee en drie voortgesit:

ἡ ἄγγελον ... (item 12)

ἡ ἄρχοντα ... (item 13)

ἡ τινα τῶν ... (item 14)

ἡ τινα τῶν ... (item 15)

(In items 12-15 word die voegwoord ἡ vier keer herhaal).

Vir die Gesant van God word twee benamings gebruik: τεχνίτην (item 16) en δημιουργόν (item 17). Die relatiewe voornaamwoord wat uitbrei op laasgenoemde terme is twee keer in die datief; ᾧ/ᾧ (items 18 en 19), twee keer in die genitief; οὐ/παρ' οὐ (items 20-21), dan weer drie keer in die datief; ᾧ/ᾧ/ᾧ (items 23, 26, 28), twee keer gevolg deur πειθαρχεῖ (items 23 en 26) en in die derde geval deur πάντα (item 28). Laasgenoemde uitbreiding, naamlik ᾧ πάντα word gevolg deur drie gebeurewoorde διατέτακται, δώρισται en ὑποτέτακται (items 28, 29 en 30). Drie groepe bestaande uit drie eenhede elk dien as uitbreiding van πάντα:

οὐρανοὶ καὶ τὰ ἐν οὐρανοῖς (30.1)

γῆ καὶ τὰ ἐν τῇ γῆ (30.2)

θάλασσα καὶ τὰ ἐν τῇ θαλάσῃ (30.3)

πῦρ (30.4)

ἄήρ (30.5)

ἄβυσσος (30.6)

τὰ ἐν ὕψεσι (30.7)

τὰ ἐν βάθεσι (30.8)

τὰ ἐν τῷ μεταξύ (30.9)

Die herhaling van baie enersluidende klanke in die perikoop val dadelik op: Die eerste drie kola begin elk met dieselfde tweeklank, naamlik ού. In kola 2 en 3 eindig die eerste vier woorde op dieselfde klank (vergelyk die onderstreepte letters):

οὐδέ θνητῆν ἐπίνοιαν φυλάσσειν ... (kolon 2)

οὐδέ ἀνθρωπίνων οίκονομίαν μυστηρίων ... (kolon 3)

In kolon 4 val die baie ο klanke op, vergelyk:

αὐτός .. ὁ παντοκράτωρ ... παντοκτίστης ... ἀόρατος θεός

αὐτός .. τὸν λόγον τὸν ἁγίον καί ἀπερινόητον.

Vergelyk ook die ε in ἐνίδρυσεν καί ἐγκατεστήριξεν (laasgenoemde in kolon 5).

In kola 4 en 5 word die kopulatiewe καί vyf keer herhaal.

In kolon 6 is daar die volgende klanke wat herhaal word:

ἡ ἁγγελον ... (item 12)

ἡ ἁρχοντα ... (item 13)

ἡ τινα τῶν διεποντων ... (item 14)

ἡ τινα τῶν πεπιστευμενων ... (item 15)

ᾠς .. ἐκτισεν (item 18)

ᾠς .. ἐνέκλεισεν (item 19)

| | |
|--|-----------|
| <u>οὐ</u> τὰ μυστήρια .. | (item 20) |
| παρ' <u>οὐ</u> τὰ μέτρα .. | (item 21) |
| <u>ᾧ</u> πειθαρχεῖ .. | (item 23) |
| <u>ᾧ</u> πειθαρχεῖ .. | (item 26) |
| <u>ᾧ</u> πάντα .. | (item 28) |
| <u>διατέτακται</u> .. | (item 28) |
| <u>διώρισται</u> .. | (item 29) |
| <u>ὑποτέτακται</u> .. | (item 30) |
| <u>οὐρανοί</u> καὶ τὰ <u>ἐν οὐρανοῖς</u> | (30.1) |
| <u>γῆ</u> καὶ τὰ <u>ἐν τῇ γῆ</u> | (30.2) |
| <u>θαλασσα</u> καὶ τὰ <u>ἐν τῇ θαλάσση</u> | (30.3) |
| <u>πῦρ</u> | (30.4) |
| <u>ἄήρ</u> | (30.5) |
| <u>ἄβυσσος</u> | (30.6) |
| <u>τὰ ἐν ὕψει</u> | (30.7) |
| <u>τὰ ἐν βάθει</u> | (30.8) |
| <u>τὰ ἐν τῷ μεταξύ</u> | (30.9) |

In twee van die groepe (30.1-30.3 en 30.7 - 30.9) het die items dieselfde soort sinstruktuur. In 30.1-30.3 kom eers 'n selfstandige naamwoord voor, tweedens 'n koppelwoord, derdens 'n lidwoord en vierdens 'n preposisionele frase. In 30.7 - 30.9 is dit eers 'n lidwoord en dan 'n preposisionele frase.

Afwisseling by die reëlmaat van enersluidende klanke, en by die verskillende groeperinge word teweeggebring deur verskillende tegnieke.

Eerstens, wat die eerste reeks spesifikasies betref, naamlik items 18-30:

Die betreklike voornaamwoord $\bar{\phi}$ het wisselende semantiese funksies, al is die vorm dieselfde: deur wie (item 18), deur wie (item 19), vir wie (item 23), vir wie (item 26), deur wie (item 28).

Die werkwoord in items 18-30 word verskillend uitgebrei: In items 18, 19 en 20 word die indikatief sonder uitbreidings gebruik. In items 21-22 word die indikatief met die infinitief uitgebrei. In items 23-25 volg die partisipium en infinitief op die indikatief. In items 26-27 word die indikatief uitgebrei met die partisipium. In items 28, 29 en 30 is daar nie uitbreidings by die indikatief nie. Die volgende chiasme rakende die indikatief met sy uitbreidings kan dus gestel word: ¹.

| | | |
|-------------|--|---|
| Items 18-20 | | indikatief, drie maal aangetref met geen uitbreidings nie. |
| Items 21-22 | | indikatief, een maal aangetref met een uitbreiding: die infinitief. |
| Items 23-25 | | - indikatief, een maal aangetref, met twee uitbreidings: die partisipium en infinitief. |
| Items 26-27 | | indikatief, een maal aangetref met een uitbreiding: die partisipium. |
| Items 28-30 | | indikatief, drie maal aangetref met geen uitbreidings nie. |

Afwisseling kom in twee ooreenstemmende groepe (items 21-22 en 26-27) voor. Hoewel die indikatief hier telkens een uitbreiding het, is dit in eersgenoemde groep 'n infinitief en in die tweede groep 'n partisipium.

Al die betreklike voornaamwoorde in items 18-28 staan voorop in hul onder-

1. Met erkenning aan prof. A.H. Snyman (Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat).

skeie items. Slegs by item 20 word dit voorafgegaan deur 'n voorsetsel (παρ' οὐ).

Die partisipium in item 25 (κελεύοντι) brei uit op die relatief ϕ in 23, terwyl die partisipium in item 27 (ἀκολουθοῦντα) uitbrei op die naamwoord ἄστρα in item 26. In items 23 en 26 word die betreklike voornaamwoord ϕ gevolg deur πειθαρχεῖ. In item 28 is dit deur πάντα.

In items 28-29 word die werkwoorde saamgestel met die preposisie διὰ, vergelyk διατέτακται en δώρισται. In item 30 egter, is dit met ὑπό, vergelyk ὑποτέτακται. Die preposisie buite rekening gelaat, is die vorms van διατέτακται en ὑποτέτακται weer dieselfde. In die eenhede wat volg, doen hierdie verskynsel hom in elk van die drie groepe voor (30.1 - 30.3, 30.4 - 30.6 en 30.7 - 30.9): twee eenhede stem telkens ooreen en daar is afwisseling by een.

Wat die tweede reeks spesifikasies (30.1 - 30.3, 30.4 - 30.6 en 30.7 - 30.9) betref, die volgende:

In die eerste groep (30.1 - 30.3) kom die lidwoord voor by ἐν τῇ γῆ en ἐν τῇ θαλάσῃ in 30.2 en 30.3 en die uitgange by γῆ en θαλάσῃ, is dieselfde. By 30.1 egter ontbreek die lidwoord by οὐρανοῖς en οὐρανοῖς se uitgang verskil van eersgenoemde twee woorde s'n.

Die volgende groep (30.4 - 30.6) bestaan slegs uit drie woorde. Dieselfde verskynsel as in die eerste groep doen hom ook hier voor. Πῦρ (30.4) en ἀήρ (30.5) eindig albei op-ρ. In 30.6 eindig ἄβυσσος op -ος. Indien daar op die aanvangsletters gelet word, is dit weer

ὄψις en ἄβυσσος wat met α begin terwyl πῶς met ἡ π begin.

Dieselfde verskynsel word in die laaste groep (30.7 - 30.9) aangetref. By 30.7 - 30.8 ontbreek die lidwoord by ὑψεῖς en βάθει. Dit kom wel in 30.9 voor by μεταξύ. Items 30.7 en 30.8 eindig albei op -εῖς, maar 30.9 eindig met -υ. In 30.7 en 30.8 volg ἡ selfstandige naamwoord op die preposisie. In 30.9 is dit ἡ bywoord, hoewel die bywoord hier met die lidwoord soos ἡ selfstandige naamwoord gebruik word.

Indien daar slegs gekonsentreer word op die aanvangsletters by die reekse spesifikasies, blyk dit dat die groepe van mekaar verskil. In die eerste reeks (30.1 - 30.3) begin elke woord met ἡ ander letter (ο, γ en θ). In die tweede reeks (30.4 - 30.6) is twee letters dieselfde met een wat verskil (π, α en α). In die derde reeks spesifikasies (30.7 - 30.9) is al die aanvangsletters dieselfde (telkens ἡ τ). Dit geld in hierdie reeks ook die eerste twee woorde van elke spesifikasie (telkens τὰ ἐν).

In hierdie tweede reeks spesifikasies (30.1 - 30.3, 30.4 - 30.6 en 30.7 - 30.9) is dit opvallend dat die laaste een telkens die langste is soos die laaste kolon ook die langste onder die kola is.

In items 30.1 - 30.3 en 30.7 - 30.9 word die woorde verskillend georden, naamlik:

hoogte (30.1)
 middel (30.2)
 diepte (30.3)

en

hoogte (30.7)
 diepte (30.8)
 middel (30.9)

Die volgende stilistiese tegnieke verdien nog aandag:

In kolon 6 word kontras geskep deur te wys op 'n moontlike vergissing¹ wat sou kon bestaan oor die identiteit van die Gesant van God, vergelyk οὐ καθάπερ ὄν τις εικάσειεν ... πέμψας (items 10 en 11). Die skrywer vermeld ook nie die eienaam van die Gesant nie. In plaas daarvan word slegs 'n aantal eienskappe en skeppingswerke van die Gesant opgestapel.

Die posisie van αὐτόν (item 16) aan die begin van die positiewe deel van die tweede teenstelling (items 10-31) en die resumptiewe gebruik van τοῦτον (item 31) aan die end verleen aan kolon 6 'n soort ringsvorm.

2.2. Funksies van die stylmiddele.

Die kontraste wat aangedui is, bind twee duidelike eenhede in die perikoop saam, naamlik items 1-9 en 10-31. Deur die eerste kontras word die niemense oorsprong van die christelike misterie beklemtoon. Die tweede kontras beklemtoon die mag van God se Gesant, sowel as God se belangstelling in die mens: Hy stuur nie 'n wese met beperkte mag na die mense toe nie, maar een wat oor alle mag beskik. Die feit dat die eerste kontras paratakties gestel word en die tweede hupotakties verbreek eentonigheid. Dit versterk ook tekskohesie in wyer verband, aangesien die skrywer in perikoop 10 op dieselfde wyse te werk gaan om kontras uit te druk.

Die twee uitvoerige uitbreidings in kolon 6 beklemtoon ook die gedugtheid van die Gestuurde van God. Deur 'n aantal groot skeppingswerke op te noem wat

1. Die stylfiguur staan bekend as prokatalipsis.

deur Hom tot stand gekom het, word sy mag beklemtoon. Die feit dat die twee uitbreidings nie op dieselfde wyse geskied nie, verbreek eentonigheid. Deurdat voegwoorde tussen al die spesifikasies ontbreek, word 'n sekere staccato-effek aan die uitbreidings gegee.

Die versteuring van die woordorde en woordplasings in prominente posisies in kola 1-3 trek die aandag van die leser. Omdat hierdie dinge telkens plaasvind by die item waar die nie-menslike oorsprong van die christen se lewe ter sprake is, word hierdie feit ook hier beklemtoon. Die talle afwisselings by kolon 2, soos trouens al die afwisselingstegnieke in die perikoop, dien om verveling teë te werk.

Die herhaling van dieselfde klanke en woorde het 'n samebindingsfunksie in die kleiner eenhede binne die perikoop. Dit vestig ook die aandag op die semantiese inhoud van die dele waarin dit voorkom (vergelyk pp. 196-197 hierbo). Die kunstige handtering van die begin- en slotgedeeltes van die drie reekse spesifikasies (vergelyk pp. 199-200 hierbo) het dieselfde funksie.

Groepering van eenhede in getalle van twee of drie het veral die funksie om aan te dui watter dele bymekaar hoort.

Gelyke sinslengtes en dieselfde sinstrukture dui tekstkohesie aan. Vanweë die doelbewuste gestruktureerdheid hiervan word die aanskoulikheid van die perikoop verhoog.

Die chiasme rakende die indikatief met sy uitbreidings bind items 18-30 saam, terwyl die ringsvorm (soos aangedui tussen αὐτόν en τοῦτον) items 16-31 saambind.

PERIKOOP 13 (Ad Diognetum VII:3-6)

1. Analise op semantiese vlak.

1.1. Motivering vir die perikoopafbakening.

Waar dit in perikoop 12 gegaan het om 'n beskrywing van die Gesant van God, gaan dit in 13 om die welwillende wyse waarop God Hom na die wêreld stuur. Die perikoop vertoon die vorm van 'n afgeronde eenheid: 'n vraag word gestel, 'n antwoord word verskaf en daar word op die antwoord uitgebrei. Die poëtiese vorm van items 8-25 en die ringsvorm wat die perikoop in sy geheel vertoon, dra ook daartoe by om dit as 'n eenheid af te baken.

1.2. Die inhoud van die kola.

1. 'n Mens sou kon redeneer dat God sy Gesant met kwaadwillige bedoelings gestuur het.
2. Dit het nie gebeur nie.
3. God het dit sag en nederig gedoen soos 'n koning wat sy seun as koning stuur.
4. God het Hom as God gestuur.
5. God het Hom as 'n mens na mense gestuur.
6. God het Hom gestuur om te red.
7. God het Hom gestuur om te oorreed.
8. God het Hom nie tot geweld gestuur nie.
9. Geweld is nie eie aan God nie.
10. God het gestuur om te roep, nie te vervolg nie.

11. God het gestuur om lief te hê, nie om te oordeel nie.
12. God sal die Gesant stuur om te oordeel.
13. Die vraag is wie sy koms sal verduur.

1.3. Die relasies tussen die kola.

Kolon 2 is kontrastief tot 1, aangesien dit die teendeel is van die moontlike vergissing in 1. Kola 3-11 is 'n uitbreiding op die kontras in kolon 2: God het sy Gesant nie met kwade bedoelings gestuur nie, maar welwillend. Kola 3-5 is additief-verskillend van mekaar: drie verskillende hoedanighede waarin die Gesant gestuur is, word genoem. So is kola 6, 7 en 8 additief-verskillend van mekaar: drie verskillende doelstellings vir sy sending word genoem. Kolon 9 gee die rede vir 8: dit sê waarom die Gesant nie tot geweld gestuur is nie. Kola 10 en 11 wat verskillende handelingte vermeld, is ook additief-verskillend van mekaar. Kolon 12 gee die rede vir 11: God het nie gestuur om te veroordeel nie, want Hy sal dit nog doen. Kolon 13 is die gevolgtrekking van 12: die geïmpliseerde gevolg van die wederkoms sal wees dat min mense dit sal kan verduur.

1.4. Die relasies tussen die nukleêre eenhede.

In items 2-4 druk ἐπί met die datief telkens die doel van item 1 uit. Eersgenoemde drie items is additief-verskillend van mekaar. Item 5 wat 'n sterk ontkenning is, staan kontrastief tot die moontlike vergissing in items 1-4. Items 6-22 brei uit op die kontrastiewe ontkenning in item 5 deur te verklaar dat God se sending nie kwaadwillig was nie, maar welwillend. Items 6, 7 en 8 wat additief-verskillend van mekaar is,

druk weer die wyse van ἔπεμψεν (item 9) uit. Die ὡς θεὸν van item 10 is additief-verskillend van die ὡς ἀνθρώπων in item 11. Items 12 en 14 druk die doel van ἔπεμψεν in 13 uit. Items 14 en 15 kontrasteer. Item 16 is die rede vir 15. Item 18 is die doel van ἔπεμψεν in 17 en items 18 en 19 kontrasteer. Item 21 druk die doel van ἔπεμψεν in item 20 uit en items 21 en 22 kontrasteer. Item 23 is die rede vir 22 en item 24 die doel van 23. Item 25, wat 'n negatiewe antwoord verwag, is die gevolgtrekking van items 23-24.

2. Analise op semiotiese vlak.

2.1. Die stylmiddele.

Die eerste kolon (items 1-4) van perikoop 13 kom voor in die vorm van 'n vraag. In item 5 volg 'n bondige antwoord. Die items wat op 5 volg, is globaal geneem, ook bondig geformuleer en brei uit op die antwoord in item 5.

Items 1-4 behels 'n veronderstelde vergissing by die leser (prokatalipsis) met τις ἄν plus die optatief net soos in kolon 6 (items 10-31) van die vorige perikoop. Omdat die laaste kolon van perikoop 12 en die eerste van perikoop 13 dieselfde stylfiguur bevat en onmiddellik op mekaar volg, is die volgende verskille of afwisselingstegnieke rakende die prokatalipsis opvallend: In kolon 1 (perikoop 13) word die bywoord ὡς vir die eerste keer gebruik en wel om 'n veronderstelling in te lui. In kolon 6 (perikoop 12) is dit καθάπερ wat die veronderstelling inlui. In kolon 1 (perikoop 13) word daar met ἀνθρώπων (item 1) op die onbepaalde voornaam-

woord τις uitgebrei. Daar is egter geen uitbreidings by τις in kolon 6 (perikoop 12) nie. In kolon 1 (perikoop 13) word λογίσαιτο (item 1) gebruik om die vergissing mee uit te druk. In kolon 6 (perikoop 12) is dit die sinoniem εικάσειεν (item 10). Die vergissing word in kolon 1 (perikoop 13) as 'n vraag geformuleer. In kolon 6 (perikoop 12) is dit 'n stelling.

In items 2-4 word drie naamwoorde gebruik om gebeure mee uit te druk, naamlik τυραννίδι, φοβῶ en καταπλήξει. Al drie is in die datief na die preposisie ἐπί wat doel uitdruk.

Die hoofwerkwoord wat by items 1-4 veronderstel word, maar nie geskryf word nie, is ἔπεμψεν.

Item 5 is 'n saaklike regstelling op die veronderstelde vergissing by die leser in items 1-4. Die woordkeuse οὐ μὲν οὖν dui 'n baie sterk ontkenning aan. Die antwoord wat in item 5 volg op die vraag in items 1-4 is ook die enigste keer in die geskrif wat 'n vraag deur die skrywer self beantwoord word.

In items 6 en 7 word twee naamwoorde as abstrakte gebruik (vergelyk items 2-4, waar naamwoorde gebruik word om gebeure mee uit te druk). Hulle is ἐπιεικεία en πρᾶύτητι. Soos in items 2-4 is hulle in die datief, maar nou na die preposisie ἐν.

In item 8 kom ὡς weer voor en word gebruik om manier of wyse in te lui. Dit word ook voor βασιλέα in item 9 veronderstel. In items 10 en 11 het ὡς dieselfde funksie. In item 8 word ὡς gevolg deur 'n self-

standige naamwoord in die nominatief, βασιλεύς, waarmee die skrywer na God verwys. In items 10 en 11 word dit gevolg deur selfstandige naamwoorde in die akkusatief, θεόν en ἄνθρωπον, wat op die Gesant van God betrekking het.

Die posisie van πέμπων (item 8) en ἔπεμψεν (items 10 en 11) is telkens na ὡς met 'n selfstandige naamwoord. Ter wille van afwisseling ontbreek ὡς voor βασιλέα (item 9), maar word semanties daarby veronderstel. Ἐπεμψεν staan in item 13 na ὡς met die partisipium in item 12. Vanaf item 17 is dit daarvoor.

In items 8, 9 en 11 kom die volgende gevalle van woordspel voor:

| | | | |
|----------|---|-----------|----------------|
| βασιλεύς | - | βασιλέα | (items 8 en 9) |
| πέμπων | - | ἔπεμψεν | (items 8 en 9) |
| ἄνθρωπον | - | ἄνθρώπους | (item 11) |

Die voorkoms van ὡς en ἔπεμψεν in items 8-9, 10, 11 en 12-13 het begin- en endrym en dié eenhede tot gevolg.

Die bywoord ὡς met die praesens partisipium lui doel in in items 12, 14, 18 en 21. In item 15 word dit by βιαζόμενος veronderstel. Laasgenoemde partisipium is die enigste medium wat gebruik word om doel uit te druk. Die res van die partisipia wat vir die doel gebruik word, is almal in die aktief. In item 15 word die werkwoord ἔπεμψεν veronderstel.

Items 17-19 en 20-22 bevat dieselfde sinstruktuur en het presies eweveel lettergrepe:

ἔπεμψεν ὡς καλῶν οὐ δίωκων (17-19)

ἔπεμψεν ὡς ἀγαπῶν οὐ κρίνων (20-22)

Albei die eenhede het 10 lettergrepe en die onderstreepte dele dui klank-ooreenstemmings aan. Tussen die twee groepe is daar geen voegwoord nie. Die voegwoord ontbreek dikwels in items 9-22 sodat hierdie deel se styl grootliks asundeties is.

In item 23 word die futurum van πέμπω gebruik nadat die aoristus tevore deurgaans gebruik is.

In item 24 word die partisipium vir die eerste en enigste keer in die akkusatief aangetref om doel uit te druk. Die akkusatief het betrekking op die Gesant van God waar die nominatief partisipium tevore in die perikoop na God self verwys het. In item 24 word dit sonder ὡς gebruik.

Sommige van die stylmiddele ¹. wat voorkom in items 8-25 verleen aan hierdie deel van die perikoop 'n poëtiese vorm. Leclercq ². gee die gedeelte soos volg weer om die poëtiese vorm daarvan aan te toon:

-
1. Vergelyk die woordspel, klankooreenstemmings, begin- en endrym, dieselfde sinstrukture en -lengtes, en die asundetiese styl.
 2. Leclercq, H., "Hymnes", in: Dictionnaire d'archéologie chrétienne et de liturgie, IV, ed. par. F. Cabrol et H. Leclercq, Paris, 1925, p.2826.

Ὡς βασιλεὺς πέμπων υἱὸν βασιλέα ἔπεμψεν .

ὥς θεὸν ἔπεμψεν ,

ὥς πρὸς ἀνθρώπους ἔπεμψεν ,

ὥς σώζων ἔπεμψεν ,

ὥς πείθων , οὐ βιαζόμενος

.....

Ἐπεμψεν ὥς καλῶν , οὐ διώκων

ἔπεμψεν ὥς ἀγαπῶν , οὐ κρίνων

πέμπει γὰρ αὐτὸν κρίνοντα

καὶ τίς αὐτοῦ τὴν παρουσίαν ὑποστήσεται

In die hele perikoop word die werkwoord πέμπω agt keer aangetref en (soos vermeld) etlike kere veronderstel. Die weglating van πέμπω bring afwisseling te weeg.

Kolon 13 (item 25) is soos kolon 1 (items 1-4) in die vorm van 'n vraag. Beide die vrae veronderstel 'n negatiewe antwoord. Die aksent in hierdie twee kola is ook meer op die Gesant van God as op God self om wie dit in die meeste van die ander kola gaan. Hierdie ooreenkomste tussen kola 1 en 13 verleen aan die perikoop 'n soort ringsvorm.

2.2. Funksies van die stylmiddele.

Teksbinding word deur verskillende stylmiddele in perikoop 13 bewerkstellig. Die ringsvorm wat uitgewys is (vergelyk die ooreenkomste tussen kola 1 en 13) bind die perikoop as 'n eenheid saam. Die herhaling van ὥς, bepaalde vorms van πέμπειν dwarsdeur die perikoop en die poëtiese vorm van items

8-25 het dieselfde effek.

Die wyse waarop samebinding van kleiner eenhede binne die perikoop plaasvind, kan ook duidelik waargeneem word. Items 1-4 word saamgebind deur die vraagvorm waarin hulle geplaas is. Die preposisie ἐπί met die datief bind weer items 2-4 binne hierdie groep heg saam. Die kontras, aangedui deur οὐ ... ἀλλ', voeg items 5-25 saam. Ἐν gevolg deur twee datiewe bind 6-7 saam. Die bywoord ὡς met 'n selfstandige naamwoord voeg items 8-11 saam. Die partisipium (meestal vergesel van ὡς) voeg weer items 12-24 as 'n kleiner eenheid saam. Binne laasgenoemde groep is items 17-22 'n hegte eenheid as gevolg van items 17-19 en 20-22 se gelyke sinslengtes, sinstrukture en enersluidende klanke.

Die herhaaldelike voorkoms van vorms van πέμπειν, waarvan God die subjek is, lê klem op die feit dat God die Een is wat stuur. Die herhaling van die bywoord ὡς, die prokatalipsis en die kontras, aangedui deur οὐ ... ἀλλ', beklemtoon weer die welwillende wyse waarop God sy Gesant na die wêreld gestuur het.

Op breëre vlak word eentonigheid teëgewerk deur die verskille wat daar tussen perikope 12 en 13 is. Laasgenoemde perikoop begin byvoorbeeld, anders as by 12, met 'n vraag waarop daar onmiddellik 'n antwoord gegee word. Daar is ook gewys op vier verskille tussen die prokatalipsis¹ van die twee perikope.

In perikoop 13 self het die bywoord ὡς verskillende funksies. In item 1 word dit deur die optatief (λογίσαιτο) gevolg om 'n veronderstelling uit te

1. Vergelyk pp. 205 - 206

druk. Dit word in items 8, 10 en 11 gevolg deur 'n selfstandige naamwoord om wyse of manier uit te druk. Dit word in items 12, 14, 18 en 21 weer saam met die partisipium gebruik om doel aan te dui.

In items 12-13 volg die werkwoord ἔπεμψεν op ὡς met die partisipium. In items 17-18 en 20-21 gaan dit ὡς en die partisipium vooraf.

Die feit dat ὡς en ἔπεμψεν nie altyd geskryf word nie, maar soms veronderstel word, dra verder tot afwisseling by.

Afwisseling word ook bewerk deurdat doel op verskillende maniere in die perikoop uitgedruk word, naamlik deur ἐπί met die datief (items 2-4), ὡς met die partisipium (items 12, 14, 18 en 21) en deur die partisipium alleen (item 24).

Naamwoorde in die datief word eers vir gebeure gebruik (vergelyk items 2-4) en dan weer vir abstrakta (vergelyk items 6-7) na verskillende preposisies.

Die aanskoulikheid van die perikoop word verhoog deur die poëtiese vorm van items 8-25 (vergelyk die woordspel, klankooreenstemmings, begin- en endrym, dieselfde sinstrukture en -lengtes en die asundetiese styl).

Die dikwels ontbrekende voegwoord in hierdie gedeelte verleen ook 'n staccato-effek daaraan.

Perikoop 13 is as eenheid besonder kort. Die meeste van die 13 kola is bondig geformuleer. Die bondigheid word onder andere te weeg gebring deurdat veral ἔπεμψεν telkens veronderstel moet word (vergelyk byvoorbeeld kola 1, 7 en 8). Hierdie bondigheid waarmee die skrywer sy stellings formuleer, verhoog die impak van die perikoop.

PERIKOOP 14 (Ad Diognetum VII:7-9)

1. Analise op semantiese vlak.
- 1.1. Motivering vir die perikoopafbakening.

In perikoop 14 gaan dit om die ervarings van die Christen-martelaars as getuienis van God se bemoeienis. Die feit dat elke kolon met dieselfde woord(e) begin (1-2 met οὐχ ὁρᾶς en 3-5 met ταῦτα) en op dieselfde klank eindig (1 en 2 met -ους, 3 en 5 met -α, en 4 met -ου) dien verder om die perikoop as eenheid af te baken. Dit is nie die geval by die omringende perikope nie.

- 1.2. Die inhoud van die kola.

1. Christene word vir wilde diere gegooi om die Here te verloën, maar word nie oorwin nie.
2. Namate meer Christene gefolter word, groei ander aan in getal.
3. Dit blyk nie die daede van 'n mens te wees nie.
4. Dit is die krag van God.
5. Dit is die bewyse van sy teenwoordigheid.

- 1.3. Die relasies tussen die kola.

Kola 1-2 is additief-verskillend van mekaar, soos ook 3-5. Kola 4-5 is kontrastief tot 3. Laasgenoemde kolon sê wat die ταῦτα nie is nie en eersgenoemde twee sê wat dit is.

1.4. Die relasies tussen die nukleêre eenhede.

Items 2-4 is die inhoud van ὁρᾶς in 1. Item 3 vermeld die doel waarom die Christene vir wilde diere gegooi word (item 2). Items 6-7 is die inhoud van ὁρᾶς in 5. Item 7 (vgl. τοσοῦτω) word met 6 (vgl. ὅσῳ) vergelyk. Items 8-10 (vgl. ἔργα, δυνάμις en δείγματα) is additief-verskillend van mekaar. Item 8 is kontrastief tot 9-10: eersgenoemde sê wat die ταῦτα nie is nie, laasgenoemde twee wat dit is.

2. Analise op semiotiese vlak.

2.1. Die stylmiddele.

Perikoop 14 bestaan uit twee kolongroeperings, naamlik 1-2 en 3-5. Kola 1-2 is beide retoriese vrae, terwyl 3-5 stellings is. Laasgenoemde kan weer onderverdeel word in een negatiewe (kolon 3) en twee positiewe stellings (kola 4-5). Kola 1 en 2 is elkeen heelwat langer as kola 3, 4 en 5.

Die styl van die perikoop is asundeties. Tussen nie een van die vyf kola kom 'n voegwoord voor nie.

In perikoop 14 kom heelwat herhalings voor. Leksikale eenhede wat herhaal word, is οὐχ ὁρᾶς (aan die begin van kola 1 en 2) en ταῦτα (aan die begin van kola 3, 4 en 5).

Die grammatikale konstruksie waar 'n werkwoord van waarneming gevolg word deur 'n partisipium kom voor in kola 1 en 2.

Items met dieselfde lengte kom dikwels voor, vergelyk:

| | |
|------------------------------------|-----------|
| (οὐχ ὀρῶς) | (item 1) |
| οὐχ ὀρῶς | (item 5) |
| παραβαλλομένους θηρίοις | (item 2) |
| ἵνα ἄρνήσωνται τὸν κύριον | (item 3) |
| ὅσῳ πλείονες κολάζονται | (item 6) |
| τοσοῦτῳ πλεονάζοντας ἄλλους | (item 7) |
| ταῦτα ἀνθρώπου οὐ δοκεῖ τὰ ἔργα | (item 8) |
| ταῦτα τῆς παρουσίας αὐτοῦ δείγματα | (item 10) |

In die eerste groep is die items presies ewe lank. In die tweede, derde en vierde groepe is die laaste item telkens net een lettergreep langer as die eerste.

Items 8 en 10 se sinstruktuur is gedeeltelik dieselfde. In beide word die volgende elemente in dieselfde volgorde aangetref: 'n aanwysende voor-naamwoord (ταῦτα) plus 'n selfstandige naamwoord in die genitief plus 'n selfstandige naamwoord in die nominatief. Die woorde οὐ δοκεῖ in item 8 versteur die parallelisme in 'n mate.

Begin- en endrym kenmerk die meeste van die kola, vergelyk:

| | |
|-----------------------------------|-----------|
| <u>οὐχ</u> ... νικω <u>μένους</u> | (kolon 1) |
| <u>οὐχ</u> ... ἄλλ <u>ους</u> | (kolon 2) |

ταῦτα ... ἔργα (kolon 3)

ταῦτα ... δείγματα (kolon 5)

Woordspel kom in kolon 2 voor, vergelyk:

ὄσα ... τοσοῦτῳ (items 6 en 7)

πλείονες ... πλεονάζοντας (items 6 en 7)

Die klankooreenstemming van die onderstreepte dele in κολάζονται en πλεονάζοντας is ook 'n vorm van woordspel.

In items 6-7 en 8-10 word sowel parallelle woordordening as 'n chiasiese woordordening aangetref, vergelyk:

| | | | |
|---------|--------------|------------|----------|
| ὄσα | πλείονες | κολάζονται | (item 6) |
| | | | |
| τοσοῦτῳ | πλεονάζοντας | ἄλλους | (item 7) |

| | | |
|-------|------------------------------|-----------|
| ταῦτα | ἀνθρώπου οὐ δοκεῖ τὰ ἔργα | (item 8) |
| | | |
| ταῦτα | δύναμις ἐστὶ θεοῦ | (item 9) |
| | | |
| ταῦτα | τῆς παρουσίας αὐτοῦ δείγματα | (item 10) |

In item 6 word "meer" (πλείονες) gebruik vir die geaffekteerdes. In 7 is "meer" (πλεονάζοντας) die gebeure. In item 6 is πλείονες, die geaffekteerdes, in die nominatief. In 7 is ἄλλους, die daders, in die akkusatief.

In items 8-10 (kola 3-5) verskil item 9 in sommige opsigte van die ander twee. Al drie die items het beginrym, maar slegs 8 en 10 eindig met dieselfde klanke, naamlik α . Item 9 eindig met ou .

In items 8 en 10 kom die onderwerp en komplement aan die begin en einde van die eenhede voor. In item 9 word die onderwerp onmiddellik gevolg deur die komplement. Item 9 is ook ietwat korter as die ander twee.

In een opsig verskil item 10 weer van 8 en 9. Die werkwoord moet veronderstel word waar dit in items 8 en 9 wel geskryf word.

Soos in die voorafgaande twee perikope kom daar ook in perikoop 14 kontras voor. In perikope 12 en 13 is dit met $\text{ou} \dots \alpha\lambda\lambda'$ aangedui.

In die onderhawige perikoop kom ou in item 8 voor, maar die voegwoord ontbreek in 9.

Soos die slotitem van perikoop 13 (item 25) bevat die laaste item van perikoop 14 ook die woord $\text{\textit{\alpha}\textit{\rho}\textit{\omicron}\textit{\upsilon}\textit{\sigma}\textit{\iota}\textit{\alpha}}$. Hierdie woord kan óf "koms" óf "teenwoordigheid" beteken. In perikoop 13, waar dit betrekking het op die Gesant van God, beteken dit sonder twyfel "koms". In perikoop 14 verwys dit egter heel waarskynlik na God (vergelyk $\text{\textit{\theta}\textit{\epsilon}\textit{\omicron}\textit{\upsilon}}$ in item 9) in welke geval dit eerder "teenwoordigheid" moet beteken en nie "koms" nie. Opsetlike dubbelsinnigheid, naamlik dat $\text{\textit{\alpha}\textit{\rho}\textit{\omicron}\textit{\upsilon}\textit{\sigma}\textit{\iota}\textit{\alpha}}$ albei betekenisse in item 9 het, is egter nie uitgesluit nie.

2.2. Funksies van die stylmiddele.

Die begin- en endrym wat met die uitsondering van een, al die kola kenmerk; die asundetiese styl en die items met gelyke lengte help om teks-

kohesie in die perikoop as geheel te bewerk. Samebinding van kleiner eenhede binne die perikoop word verkry deur

- woordherhalings (vergelyk οὐχ ὁρῶς wat kola 1 en 2 bind, en ταῦτα wat 3-5 bind);
- herhaling van dieselfde grammatiese konstruksie, naamlik 'n werkwoord van waarneming plus die partisipium (kola 1 en 2);
- herhaling van retoriese vrae (kola 1 en 2) en stellings (kola 3-5);
- die items met parallele en chiastiese woordordening gemeng (6-7 en 8-10);
- woordspel (in items 6 en 7), en die herhaling van die παρουσία van perikoop 13 (item 25) in perikoop 14 (item 10), maar met 'n ander of 'n dubbelsinnige betekenis.

Afwisselingstegnieke, waardeur eentonigheid verbreek word, sluit in: retoriese vrae (kola 1-2) wat met stellings (kola 3-5) vervang word en die verskil in sinslengte en -struktuur tussen die groepe, kola 1-2 en 3-5.

Onverwags is ook die wending in items 6 en 7 waar πλείονες in die nominatief vir die geaffekteerdes gebruik word, en ἄλλους in die akkusatief vir die daders.

Dit is ook onverwags waar πλείονες ("meer") vir die geaffekteerdes gebruik word en πλεονάζοντας ("meer") vir die gebeure.

Verdere afwisselingstegnieke is die verskille tussen items 9 en 8-10 waarop gewys is (vergelyk p.216 hierbo) en die weglating van 'n werkwoord in item 10.

Die kontras tussen items 8 en 9 beklemtoon die semantiese inhoud, naamlik dat die onoorwonne en steeds groeiende getal Christene ondanks vervolging, nie vanuit die mens verklaar moet word nie, maar vanuit die krag van God.

PERIKOOP 15 (Ad Diognetum VIII:1-8)

1. Analise op semantiese vlak.

1.1. Motivering vir die perikoopafbakening.

Dit gaan in perikoop 15 om die vraag wat God eintlik is (vergelyk item 2). In items 1-3 word 'n vraag gestel wat eers in die laaste items van die perikoop, naamlik 25-33, beantwoord word. In hierdie opsig word die perikoop (as eenheid) deur 'n semantiese ring omsluit.

1.2. Die inhoud van die kola.

1. Kennis van God het nie bestaan voordat Hy gekom het nie.
2. 'n Vraag aan die leser of hy die filosowe se opvattinge oor God aanvaarbaar vind.
3. Indien dié argumente aanvaar word, kan enige geskape voorwerp as God aanvaar word.
4. Dié argumente is feëverhale en dwalings.
5. Geen mens het God ooit gesien nie.
6. Geen mens het God geken nie.
7. Hy het Homself geopenbaar.

8. Deur geloof alleen kan mens God sien.
9. God wat alles gemaak en georden het, was welwillend.
10. Hy was ook lankmoedig.
11. Hy was altyd so.
12. Hy is altyd so.
13. Hy sal altyd so wees.
14. Hy is goed, sonder toorn, waaragtig en alleen goed.

1.3. Die relasies tussen die kola.

Kolon 2 is die alternatief vir 1. Kolon 3 is die gevolgtrekking van 2. Kolon 4 is kontrastief tot 3 (vergelyk *ἀλλά* in item 17). Kolon 6 is additief-verskillend van 5. Kolon 7 kontrasteer met 5-6 (vergelyk *δέ* in item 20). Kolon 8 is additief-verskillend van 7. Kola 9-14 is additief-verskillend van mekaar. Nadere relasies in hierdie groep is: kontras tussen 9 en 10, tussen 11 en 12, en tussen 13 en 11-12.

1.4. Die relasies tussen die nukleêre eenhede.

Item 2 is die inhoud van *ἥπίστατο* in 1. Tussen items 3 (vergelyk *πρίν*) en items 1-2 is daar 'n tydsrelasie. Item 4 (vergelyk *ἢ*) stel die alternatief vir 1-3. Item 5 is 'n karakterisering van *φιλοσόφων* in 4. Item 6 gee die inhoud van *ἔφρασαν* in 5. Item 7 kwalifiseer *πῦρ* in 6 en is tegelyk die inhoud van *καλοῦσι* in item 8. Items 9 en 10, waarin God water genoem word, is kontrastief tot 5-8 waarin Hy vuur genoem word. Item 10 is die inhoud van die veronderstelde *ἔφρασαν* in item 9. Item 12, waarin God *ἄλλο τι τῶν στοιχείων* genoem word, is kontrastief tot 5-8 en 9-10. Item 12 is ook die inhoud van 'n veronderstelde *ἔφρασαν* in 11,

en item 13 karakteriseer στοιχείων in 12. Item 14 is die voorwaarde van 15 en 16 met laasgenoemde twee items die gevolg van 14. Item 17 staan kontrastief (vergelyk ἀλλά) tot 14 - 16. Item 19 (vergelyk ἐγνώρισεν) is additief-verskillend van 18 (vergelyk εἶδεν). Item 20 (vergelyk δέ) staan in kontras tot 18 en 19. Item 21 is additief-ekwivalent aan 20 (vergelyk ἐπέδειξεν wat in beide voorkom). Item 22 is ook die instrument (vergelyk δία met die genitief) van 21. Item 24 is die inhoud van συγκεχώρηται in 23. Item 25 gee die rede (vergelyk γάρ) van 20-24. Items 26-33 karakteriseer θεός in 25. Items 26-33 is almal additief-verskillend van mekaar. Daar is egter soms nadere relasies aan te dui tussen die bepaalde items, byvoorbeeld item 29 wat in kontras staan met 28 (vergelyk οὐ μόνον ... ἀλλὰ καί). So is item 31 ook kontrastief tot 30 en item 32 (vergelyk ἔσται) tot 30 en 31 (vergelyk ἦν en ἔστι).

2. Analise op semiotiese vlak.

2.1. Die stylmiddele.

Items 1-3 behels 'n vraag waarop die antwoord eers verskaf word in items 25 - 33.

Twee kleinere eenhede kom in die perikoop voor, naamlik items 4-17 en 18-24. In 4-17 word eers die dwalinge van die ἀξιόπιστοι φιλοσόφοι in verband met God vermeld (items 4-13). Daarna volg die skrywer se kritiek op die dwalinge van die filosowe (items 14-17). Items 18-19 en 20-24 is die negatiewe en positiewe dele van 'n kontras: mense het God nóg gesien, nóg geken, maar Hy het Homself geopenbaar.

In terme van die mense se kennis van God kan die volgende groeperinge binne die perikoop gedoen word:

Items 1 - 3

Items 1 - 2 : nie ken nie (vroeër)

Item 3 : ken (nou)

Items 4 - 17: nie ken nie

Items 18 - 24

Items 18 - 19: nie ken nie

Items 20 - 24: ken

Items 25 - 33: ken

Aangesien die perikoop met 'n vraag begin (items 1-3) wat met 'n aantal stellings beantwoord word (items 25-33), vertoon dit die vorm van 'n ring.

Die twee kleiner eenhede binne die perikoop vertoon elk dieselfde semantiese ringspatroon:

In die eerste klein eenheid (items 4-17) stem die volgende dele semanties ooreen:

ἢ τοὺς κενοὺς καὶ ληρώδεις ἐκείνων λόγους ἀποδέχη

τῶν ἀξιολίστων φιλοσόφων

(item 4)

ἀλλὰ ταῦτα μὲν τερατεία καὶ πλάνη τῶν γοήτων ἐστίν (item 17)

In hierdie klein eenheid waarvan die semantiese inhoud van item 4 aan dié van item 17 herinner (soos bo aangetoon), is die redeneertrant soos volg: die filosofe se dwalinge word vermeld (items 4-13), beredeneer (items 14 - 16) en afgewys (item 17).

In die tweede klein eenheid (items 18-24) stem εἶδεν (item 18) ooreen met ἴδεν (item 24) en vorm so 'n ring:

| | | |
|--|---------------------------------------|---------------|
| | ἀνθρώπων δὲ οὐδείς οὔτε <u>εἶδεν</u> | (item 18) |
| | ἢ μόνη θεὸν <u>ἴδεῖν</u> συγκεχώρηται | (items 23-24) |

Die laaste deel van die perikoop (items 26-33 en veral item 33) dui die oorgang tot 'n nuwe deel aan. Die laat intrede van die Christendom in die wêreld word in die volgende perikope toegeskryf aan God se goedheid en sy lankmoedigheid, begrippe wat by herhaling in perikoop 15 voorkom.

Gedeeltes met enersluidende klanke kom dwarsdeur die perikoop voor.

In items 4-5 en 12-13 kom ων by herhaling voor:

ἐκείνων ... τῶν ἀξιοπίστων φιλοσόφων (4)

τῶν στοιχείων τῶν ἐκτισμένων (12-13)

In items 18-19 is dit die ου wat opval:

οὔδεις οὔτε ... οὔτε

Hierdie twee items (18 en 19) eindig albei op -εν:

εἶδεν (18)

ἐγνώρισεν (19)

Die volgende items begin met dieselfde klanke:

ὁ γάρ ... (25)

ὁ ποιήσας ... (26)

ἀλλὰ καὶ ... (29)

ἀλλ' οὗτος ... (30)

καὶ ἔστι (31)

καὶ ἔσται (32)

In item 33 word καὶ vier keer herhaal waar η aantal eienskappe van God gelys word:

χρηστὸς καὶ ἀγαθὸς καὶ ἀόργητος καὶ ἀληθής καὶ
μόνος ἀγαθὸς ἔστιν

In dieselfde item begin vier van die byvoeglike naamwoorde met α:

ἀγαθός, ἀόργητος, ἀληθής, ἀγαθός

Vyf woorde eindig in hierdie item met -ος:

χρηστός, ἀγαθός, ἀόργητος, μόνος ἀγαθός

Ten opsigte van die beginklanke dien χρηστὸς en μόνος vir afwisseling.

Wat die slotklanke betref, is dit ἀληθής.

Die volgende items het dieselfde of ongeveer dieselfde aantal lettergrepe:

| | |
|-------------------|-----------|
| τί ποτ' ἐστὶ θεός | (item 2) |
| πρὶν αὐτὸν ἐλθεῖν | (item 3) |
| καὶ ἔστι | (item 31) |
| καὶ ἔσται | (item 32) |

Die woordorde in item 4 word ietwat versteur deur die uiteenplasing van ἐκείνων ... ἀξιόπιστων φιλοσόφων.

Items 7 en 8 is 'n parentese by πῦρ in item 6. Die inhoud van die twee items is sarkasties van aard.


In items 17, 29 en 30 word ἀλλά met verskillende betekenis gebruik, naamlik vir ontkenning ("nee") in 17, vir kontras in die vaste uitdrukking οὐ μόνον ... ἀλλά καὶ in items 28-29 en vir klem ("inderdaad", "ja") in item 30.

In item 18 word 'n dubbele negatief οὐδεὶς οὔτε gebruik en weer gevolg deur οὔτε in item 19. Hierdeur word sterk uitsluiting aangedui van enige mens wat God óf gesien het óf geken het. In item 23 dui ἢ μόνη ook uitsluiting aan: alles behalwe geloof word uitgesluit as 'n middel om God te sien.

In sowel items 20-21 as 21-23 is daar sprake van 'n klimaktiese opbou. Die woord ἐπέδειξε(ν) word aan die einde van 20 aangetref en aan die

begin van 21 herhaal. Tussen items 21-22 en 23 word die instrument aan die einde (διὰ πίστεως) en begin (ἡ μόνη) herhaal. Hier is 'n afwisseling van die instrument: διὰ met die genitief (item 22) en die instrumentele datief (item 23).

Tussen die volgende items is daar 'n chiasme:



Reduksie van ἀεὶ τοιοῦτος kom voor in items 31-32.

2.2. Funksies van die stylmiddele.

Die ringspatroon wat vir die perikoop uitgewys is, dien om dit as 'n eenheid af te baken. Die kleinere ringspatrone weer dui die strukture binne die perikoop aan.

Enersluidende klanke en items met dieselfde lengte bind kleinere eenhede saam en verhoog die aanskoulikheid van die perikoop.

Die versteuring van die woordorde in item 4 deur die uiteenplasing van ἐκείνων ... ἀξιοπίστων φιλοσόφων suggereer die verwarde opvattinge van die filosowe oor God.

Die parentese (items 7-8) is 'n afwisselingstegniek wat vanweë die onverwagte aard daarvan aandag vestig op die semantiese inhoud. Die sarkasme

waarvan die skrywer hom hier bedien, lê verdere klem op die inhoud (die lot wat op die filosowe wag).

Die gebruik van ἄλλά in verskillende betekenis (items 17, 29 en 30) is 'n afwisselingstegniek waarmee eentonigheid teëgewerk word.

Die herhaling van οὔτε (items 18 en 19) met δέ wat kontras aandui (item 20), beklemtoon baie sterk dat mense God nie gesien of geken het nie, maar dat Hy Homself geopenbaar het. Laasgenoemde feit word verder geaksentueer deur die twee voornaamwoorde wat gebruik word: die beklemtoonde voornaamwoord αὐτός (item 20) en die refleksiewe voornaamwoord ἑαυτόν (ook in 20). Verdere beklemtoning hiervan vind plaas deur die klimaktiese opbou waar ἐπέδειξε(v) aan die einde van item 20 en die begin van item 21 gebruik word. Dat die openbaring deur die geloof geskied, word beklemtoon deurdat die instrument twee keer herhaal word: διὰ πίστεως en ἡ μόνη. Die twee gevalle van klimatiese opbou (vergelyk items 20-21 en 22-23) het ook die funksie om die eenhede waarin hulle voorkom, te bind. Wat die aanduiding van die instrument betref, word afwisseling verkry deur dit eers deur διὰ met die genitief en dan met die instrumentele datief uit te druk.

Die chiasme (vergelyk pp. 221-222 hierbo) versterk tekstkoheisie.

Die herhaaldelike voorkoms van καί met byvoeglike naamwoorde in item 33 beklemtoon die oorvloedige positiewe eienskappe van God.

Die herhaling van εἰμί in verskillende tydsforme (items 30-32) beklemtoon dat God te alle tye lankmoedig en goed is.

Reduksie van ἀεὶ τοιοῦτος in items 31- 32 het bondigheid tot gevolg.

PERIKOOP 16 (Ad Diognetum VIII:9-11)

1. Analise op semantiese vlak.

1.1. Motivering vir die perikoopafbakening.

Die inhoud van die perikoop kan soos volg omskryf word: na sy skynbare onverskilligheid openbaar God deur middel van sy Kind sy weldade en skenk Hy aan ons insig.

Die hupotaktiese styl van al drie die kola, herhaling van betekenis- en vormverwante woorde en gelyke sinslengtes, wat met reëlmaat deur die perikoop voorkom, help om dit as 'n eenheid af te baken.

1.2. Die inhoud van die kola.

Perikoop 16 het drie kola:

1. Nadat God sy plan bedink het, het Hy dit aan sy Kind bekend gemaak.
2. Terwyl God sy plan geheim gehou het, het dit gelyk asof Hy onverskillig is.
3. Nadat God sy plan aan sy Kind bekend gemaak het, het Hy sy weldade geopenbaar en insig geskenk.

1.3. Die relasies tussen die kola.

Die relasie tussen kola 1 en 2-3 is additief-verskillend. Kola 2 en 3 kontrasteer.

1.4. Die relasies tussen die nukleêre eenhede.

Item 2 is die inhoud van ἐννοήσας in 1. Tussen items 1-2 en item 3 is daar 'n tydsrelasie: Nadat Hy die plan bedink het, het Hy dit meegedeel.

Item 5 se διετήρει is additief-ekwivalent aan κατεῖχεν ἐν μυστηρίῳ in 4.

Tussen items 4-5 en 6-8 is daar 'n tydsrelasie. Item 7 se ἀμελεῖν is additief-ekwivalent aan ἀφροντιστεῖν in item 6. Items 6 en 7 is albei die inhoud van ἐδόκει (item 8). In items 9-18 dui δέ kontras aan met items

4-8. Tussen items 9 en 10 (vergelyk διὰ) is daar 'n instrumentele relasie. Item 11 se ἐφανέρωσε is additief-ekwivalent aan 9 se ἀπεκάλυψε.

Item 12 is die inhoud van ἐφανέρωσε in 11. Tussen item 13 en items 9-12 (vergelyk ἐπεὶ in 9) is daar 'n tydsrelasie. Items 14-17 is die doel van

13. Item 16 is additief-verskillend van 14 en item 17 van 14 en 16, aangesien die infinitiewe verskillende gebeure aandui. Item 18 is die inhoud van die infinitiewe in 16 en 17.

2. Analise op semiotiese vlak.

2.1. Die stylmiddele.

Die styl van kola 1, 2 en 3 is hupotakties. Inbedding geskied in kolon 1 deur middel van die partisipium ἐννοήσας (item 1). In kolon 2 vind dit plaas met behulp van 'n preposisionele frase ἐν ᾧ met die indikatief

(items 4 en 5). In kolon 3 word die voegwoord ἐπεὶ gevolg deur die indikatief in items 9 en 11.

In kola 2 en 3 waar bywoordelike bysinne van tyd gebruik word, geld die volgende afwisselings ten opsigte van die ondergeskikte en die hoofsinne: In die eerste ondergeskikte sin, wat deur die preposisionele frase ἐν ᾧα ingelui word (items 4-5), is daar twee indikatiewe met een objek in item 5. In die tweede ondergeskikte sin, wat deur die voegwoord ἐπεὶ ingelui word (items 9-12), is daar ook twee indikatiewe, die een gevolg deur 'n instrument (item 10) en die ander deur 'n objek (item 12).

In die eerste hoofsin (items 6-8) is daar eers twee infinitiewe (items 6 - 7) en dan 'n hoofwerkwoord (item 8). In die tweede hoofsin (items 13 - 18) is daar eers die hoofwerkwoord (item 13) en dan drie infinitiewe (items 14, 16 en 17). Op die eerste infinitief (item 14) word daar met die genitief uitgebrei (item 15). Op die ander (items 16 en 17) volg 'n byvoeglike bysin (item 18).

In items 1 en 2 is daar woordspel tussen ἐννοήσας en ἔννοιαν. Albei die woorde is in beklemtoonde posisies: ἐννοήσας aan die begin van item 1 en ἔννοιαν aan die einde van 2.

Opvallend in die perikoop is die herhaling van woorde wat semanties nou verwant is, of wat vormlike ooreenkomste toon:

| | | | |
|----------------------|-----|----------|-------------|
| ἐννοήσας | ... | ἔννοιαν | (items 1-2) |
| μεγάλην | ... | ἄφραστον | (item 2) |
| κατεῖχεν ἐν μυστηρίῳ | ... | διετήρει | (items 4-5) |

| | | |
|-----------|------------------|-----------------|
| ἀμελεῖν | ... ἀφροντιστεῖν | (items 6-7) |
| ἀπεκάλυψε | ... ἐφανερώσε | (items 9 en 11) |
| ἰδεῖν | ... νοῆσαι | (items 16-17) |

In die perikoop kom ook 'n aantal items met gelyke lengtes (in terme van lettergrepe) voor, naamlik:

| | |
|------------------------------|-----------|
| μεγάλην καὶ ἄφραστον ἔννοιαν | (item 2) |
| ἀνεκοινώσατο μόνῳ τῷ παιδί | (item 3) |
| ἀμελεῖν ἡμῶν | (item 6) |
| καὶ ἀφροντιστεῖν | (item 7) |
| ἐπεὶ δὲ ἀπεκάλυψε | (item 9) |
| διὰ τοῦ ἀγαπητοῦ παιδός | (item 10) |
| τὰ ἐξ ἀρχῆς ἠτοιμασμένα | (item 12) |
| πανθ' ὅμα παρέσχεν ἡμῖν | (item 13) |
| καὶ ἰδεῖν | (item 16) |
| καὶ νοῆσαι | (item 17) |

In die perikoop word kontras uitgedruk deur μέν en δέ (vergelyk items 4 en 9). In die onmiddelik voorafgaande perikope is dit (soos aangedui) op ander maniere gedoen.

In perikope 16, 17 en 18 ¹ figureer die voegwoord οὖν in die kontraste

1. Vergelyk pp. 235 en 248 hieronder.

wat aangedui word met μέν en δέ. Dit word egter verskillend aangewend ter wille van afwisseling. In perikoop 16 volg οὖν op μέν as deel van die eenheid μέν οὖν in item 4. In item 9 volg die verwagte δέ.

In item 4 maak die skrywer gebruik van 'n omhaal van woorde waar 'n enkele woord voldoende sou wees, vergelyk κατεῖχεν ἐν μυστηρίῳ.

In item 18 is daar 'n retoriese vraag waarin die skrywer τίς ἔν met die indikatief gebruik, anders as tevore waar dit met die optatief voorkom. Daar word met die retoriese vraag gesinspeel op die weldade van God. Aan die einde van perikope 17 en 18 word spesifieke weldade vermeld.

2.2. Funksies van die stylmiddele.

Die herhaling van betekenis- en vormverwante woorde (dwarsdeur die perikoop) en die herhaaldelike voorkoms van items met dieselfde lengte (dwarsdeur die perikoop) het 'n samebindingsfunksie. Die ooreenkoms tussen perikope 16, 17 en 18 waarop daar gewys is (die weldade van God waarna daar aan die einde van elk verwys word) het dieselfde funksie op 'n breëre vlak.

Die woordspel (vergelyk ἐννοήσας en ἔννοιαν in items 1 en 2) en gelyke sinslengtes verhoog die perikoop se aanskoulikheid.

Die kontras, soos aangedui deur die merkers μέν en δέ (vergelyk items 4 en 9) beklemtoon die onderskeid tussen die tyd van geheimhouding en dié van openbaarmaking. Die retoriese vraag waarmee die perikoop eindig, fokus op die weldade van God.

Die herhaling van betekenisverwante woorde (vergelyk pp. 229-230) en omhaal

van woorde in item 4 verhoog die duidelikheid van die perikoop.

Afwisselingstegnieke, soos die verskillende vorms van inbedding in kola 1-3 en die verskille tussen die hoof- en bysin van kola 2 en 3, dra by om een-tonigheid teë te werk.

PERIKOOP 17 (Ad Diognetum IX:1-5)

1. Analise op semantiese vlak.

1.1. Motivering vir die perikoopafbakening.

Die inhoud van die perikoop kan soos volg saamgevat word: God wag lankmoedig totdat ons ons onvermoë om self die koninkryk te verwerf, beseef; daarna openbaar Hy sy weldade.

Die redeneertrant van perikoop 17 is baie dieselfde as dié van perikoop 16. Aan die begin van albei word God se optrede saam met sy Kind vermeld en aan die einde sy weldade.

Net soos by perikope 16 en 18 staan μέν en οὐν naby aan die begin van perikoop 17 en help om dit as 'n nuwe eenheid aan te wys.

Kontraste en items met dieselfde lengte wat dwarsdeur die perikoop voorkom, dien as verdere motivering om dit as 'n eenheid af te baken.

1.2. Die inhoud van die kola.

1. God wag lankmoedig, totdat insig oor ons eie onvermoë gekom het.
2. Toe insig kom, het God nie gehaat nie.
3. God het nie verwerp nie.
4. God het nie aan die kwaad gedink nie.
5. God was lankmoedig.

6. God het verdra.
7. God het uit medelye ons sondes op Hom geneem.
8. God het sy Seun gegee as losprys.
9. Die geregtigheid van sy Seun alleen kon ons sondes bedek.
10. Deur God se Seun alleen kon ons gered word.
11. Die bedekking van baie se wetteloosheid deur een regverdige is lofwaardig.

1.3. Die relasies tussen die kola.

Tussen kola 1 en 2 is daar 'n tydsrelasie (vergelyk πρόσθεν χρόνου in kolon 1 met ἐπεὶ δὲ in kolon 2). Alle ander kola is additief-verskillend van mekaar, met slegs een uitsondering, naamlik kola 5 en 6 wat additief-ekwivalent aan mekaar is (vergelyk ἐμακροθύμησεν met ἠνέσχετο).

1.4. Die relasies tussen die nukleêre eenhede.

Tussen item 1 en 2 is daar 'n tydsrelasie. Item 3 (vergelyk ὡς) word met 2 vergelyk, terwyl daar 'n instrumentele relasie tussen item 4 en 5 is: die wegvoering geskied naamlik deur onbeheerste drifte. Item 5 is die inhoud van εἶλασεν in 2. Item 6 is die instrument vir 7: die meesleuring vind plaas deur luste en begeertes. Item 9 is die oorsaak van οὐ ... ἐρηδόμενος in 8, met 8 die gevolg van 9. Item 10 (vergelyk ἀλλ') is kontrastief tot 8 en 9. Item 11 is additief-verskillend van 8-10. Item 12 (vergelyk ἀλλά) staan in kontras tot 11. Item 13 (vergelyk ἵνα) druk die eerste doel van 12 uit. Tussen items 13 en 14 is daar 'n tydsrelasie en item 15 (vergelyk ἐκ) is die instrument van 14. Item 16 is die rede vir 14: ons is aangekla, omdat ons die lewe onwaardig was. Item 17 (vergelyk ὑπό) is die instrument vir 13.

Item 18 staan in 'n tydsrelasie tot 22. Item 19 is die inhoud van φανερώσαντες in 18. Item 19 karakteriseer item 20. Item 21 is die instrument (vergelyk die datief) van 20. Item 22 is die tweede doel van item 12. Items 23 en verder vorm 'n kontras (vergelyk δέ) met 2-22. Item 24 is additief-verskillend van 23. Item 25 is die inhoud van πεφανέρωτο in 24. Items 26 en 27 karakteriseer albei vir μισθός in 25. Item 28 is additief-verskillend van 23-27 en item 29 is 'n karakterisering van καιρός in 28. Item 30 (vergelyk die infinitief φανερώσαι) druk die doel van 29 uit en item 31 is die inhoud van φανερώσαι in 30. Item 32 is additief-verskillend van 31 en ook die inhoud van φανερώσαι in 30. Items 33-34 is 'n interpolasie wat moeilik met die ander items bind en twee eienskappe van Godbesing. Items 23-34 staan in 'n tydsrelasie tot 35. Item 36 is additief-verskillend van 35 en item 37 is additief-verskillend van 36, aangesien verskillende handelingte vermeld word. Item 38 (vergelyk ἀλλά) is kontrastief tot 35-37. Item 39 is additief-ekwivalent aan 38. Item 40 gee die rede vir 41 en 42 aan. Item 42 is additief-verskillend van 41 en items 42.1 - 42.6 is almal karakteriserings van υἱόν in 42. Item 43 (vergelyk γάρ) is die rede vir 42 - 42.6 en item 44 is 'n alternatief van 43. Items 45-49 is additief-verskillend van 43-44. Item 46 word gekarakteriseer deur 45. Items 47-48 is karakteriserings van ἡμᾶς in 46. Item 49 (vergelyk ἢ) stel die alternatief op ἐν τίνι in item 45. Items 50-52 is interpolasies wat moeilik binne die konteks bind en betrekking het op die voorafgaande items. Items 53-54 (vergelyk ἵνα) druk die doel van 50-52 uit.

2. Analise op semiotiese vlak.

2.1. Die stylmiddele.

Perikoop 17 begin soos perikope 16 en 18 met die bywoordelike gebruik van die partisipium, vergelyk οἰκονομηκώς (item 1). Hierbenewens herinner

die eerste kolon van perikoop 17 semanties sterk aan die eerste kolon van perikoop 16: Albei vermeld God se beplanning in samewerking met sy Kind. Soos perikope 16 en 18 sluit ook perikoop 17 met 'n verwysing na die weldade van God.

Die πάντ' wat na die inhoud van God se plan verwys, beklee in item 1 die aanvangsposisie.

In dieselfde item kom twee preposisionele frases direk langs mekaar voor om die noue verband tussen God en sy Kind te beklemtoon, naamlik παρ' ἑαυτῶ en σὺν τῷ παιδί.

In perikoop 16 is reeds daarop gewys ¹ dat die skrywer οὖν gebruik in kontraste wat voorkom in drie perikope, naamlik 16, 17 en 18 en aangedui word met μέν en δέ. Waar μέν οὖν as 'n eenheid voorkom in item 4 van perikoop 16, kom eers οὖν voor in item 1 en dan μέν in item 2 van perikoop 17, met δέ wat volg in item 23.

Die grootste deel van perikoop 17 (items 2-35) behels 'n kontras met talle grammatikale uitbreidings in elke deel (items 2-22 en 23-35). Die kontras word aangedui deur μέν (item 2) en δέ (item 23).

Dwarsdeur die perikoop kom items met dieselfde of ongeveer dieselfde lengte (in terme van lettergrepe) voor, naamlik:

1. Vergelyk p.231 hierbo.

| | |
|-------------------------------|-------------|
| ὡς ἐβουλόμεθα | (item 3) |
| ἀτάκτοις φοραῖς | (item 4) |
| οὐ πάντως ἐρηδόμενος | (item 8) |
| τοῖς ἀμαρτήμασιν ἡμῶν | (item 9) |
| ἐκ τῶν ἰδίων ἔργων | (item 15) |
| ἀνάξιλοι ζωῆς | (item 16) |
| τῇ δυνάμει τοῦ θεοῦ | (item 21) |
| δυνατοὶ γενηθῶμεν | (item 22) |
| ἦλθε δὲ ὁ καιρὸς | (item 28) |
| ὃν θεὸς προέθετο | (item 29) |
| λοιπὸν φανερωσάι | (item 30) |
| καὶ ἀγάπης τοῦ θεοῦ | (item 34) |
| οὐκ ἐμίσησεν ἡμᾶς | (item 35) |
| οὐδὲ ἐμνησικάκησεν | (item 37) |
| ἀλλὰ ἐμακροθύμησεν | (item 38) |
| τὸν ἅγιον ὑπὲρ ἀνόμων | (item 42.2) |
| τὸν ἄκακον ὑπὲρ τῶν κακῶν | (item 42.3) |
| τὸν δίκαιον ὑπὲρ τῶν ἀδίκων | (item 42.4) |
| τὸν ἄφθαρτον ὑπὲρ τῶν φθαρτῶν | (item 42.5) |
| τὸν ἀθάνατον ὑπὲρ τῶν θνητῶν | (item 42.6) |

| | |
|---------------------------------|-----------|
| τούς άνόμους | (item 47) |
| καί άσεβεῖς | (item 48) |
| ὡ τῆς άνεξιχνιάστου δημιουργίας | (item 51) |
| ὡ τῆς άπροσδοκῆτων εὐεργεσιῶν | (item 52) |

In bostaande items het die volgende ook dieselfde sinstruktuur:
items 37 en 38, items 42.2 - 42.6 en items 50-52.

Woordspel ¹ kom op verskeie plekke in die perikoop voor, naamlik:

| | |
|------------------------------------|--------------------|
| φοραῖς ... φέρεσθαι | (items 4 en 5) |
| ἀξιωθῶμεν ... ἀνάξιλοι | (items 13 en 16) |
| ἀδύνατον ... δυνάμει ... δυνατοῖ | (items 19, 21, 22) |
| ἐνὶ ... ἐνός | (items 53 en 54) |
| δικαίῳ ... δικαιοσύνη ... δικαίωση | (items 53 en 54) |

Daar is reeds op die kontras tussen items 2-22 en 23-35 gewys. ²

Verskeie kleinere kontraste kom ook in die perikoop voor:

1. Vergelyk die woordspel in die chiasiese woordpatroon op pp.240-241 hieronder.

2. Vergelyk p. 235 hierbo.

| | |
|---------------------------|-----------|
| οὐ πάντως ... | (item 8) |
| ἀλλ' ἀνεχόμενος | (item 10) |
| οὐδὲ τῷ ... | (item 11) |
| ἀλλὰ τὸν ... | (item 12) |
| ἐπεὶ δὲ πεπλήρωτο μὲν ... | (item 23) |
| ἦλθε δὲ ὁ καιρὸς ... | (item 28) |
| οὐδὲ ἐμνησικακήσεν | (item 37) |
| ἀλλὰ ἐμακροθύμησεν | (item 38) |
| ἵνα ἀνομία μὲν πολλῶν ... | (item 53) |
| δικαιοσύνη δὲ ἑνὸς | (item 54) |

Die volgende items is chiesties georden:

| | |
|--|-----------|
| οὐδε <u>τῷ τότε</u> τῆς ἀδικίας <u>καιρῷ</u> συνευδοκῶν. | (item 11) |
| ἀλλὰ <u>τὸν νῦν</u> τῆς δικαιοσύνης δημιουργῶν | (item 12) |
| ἵνα ... <u>νῦν</u> ... ἀξιωθῶμεν | (item 13) |
| ἐν <u>τῷ τότε χρόνῳ</u> ἐλεγχθέντες | (item 14) |

Variasie kom voor in die eenhede waarmee tyd weergegee word (vergeelyk die onderstreepte woorde). In item 11 word τῷ τότε van καιρῷ geskei deur

τῆς ἀδικίας. In item 14 vorm dit 'n eenheid. In item 12 ontbreek καιρόν, maar moet veronderstel word. In item 13 word slegs die bywoord, νῦν, gebruik.

Items 11 en 12 loop sintakties parallel met mekaar:

οὐδὲ τῷ τότε τῆς ἀδικίας καιρῷ συνευδοκῶν
ἀλλὰ τὸν νῦν τῆς δικαιοσύνης δημιουργῶν

In die volgende items kom parallelle, sowel as chiasiese woordordening voor:

τί γὰρ ἄλλο τὰς ἀμαρτίας ἡμῶν ἠδυνήθη καλύψαι
ἢ ἐκείνου δικαιοσύνη (items 43-44)

ἐν τίνι δικαιοθῆναι δυνατὸν τοὺς ἀνόμους ἡμᾶς
καὶ ἀσεβεῖς ἢ ἐν μόνῳ τῷ υἱῷ τοῦ θεοῦ (items 45-49)

en ἵνα ἀνομία μὲν πολλῶν ἐν δικαίῳ ἐνὶ κρυβῆ (item 53)


δικαιοσύνη δὲ ἐνὸς πολλοῦς ἀνόμους δικαίωσι (item 54)

In die eerste groep (items 43-44 en 45-49) is τί (item 43) parallel aan τίνι (item 45) en ἢ (item 44) parallel aan ἢ (item 49). In hierdie groep kom ook die volgende chiasiese woordordening voor:


| | |
|-------------|-----------|
| ἠδυνήθη | (item 43) |
| καλύψαι | (item 43) |
| δικαιοθῆναι | (item 46) |
| δυνατὸν | (item 45) |

In die tweede groep (items 53 en 54) loop die twee onderwerpe *ἀνομία* (item 53) en *δικαιοσύνη* (item 54) parallel met mekaar, asook die twee subjunktiewe *κρυβῆ* (item 53) en *δικαίωση* (item 54).

Die volgende semantiese chiasme sluit die perikoop af (items 53-54):



Indien slegs gelet word op vormlike woordooreenkomste kom daar die volgende woordpatroon (wat bostaande semantiese chiasme versterk), met woordspel tussen die ooreenstemmende dele, in items 53-54 voor:



In hierdie patroon is daar ook nog woordspel tussen δικαίω ἐνὶ (item 53) en δικαιοσύνη ἐνὸς (item 54).

Die volgende begrippe wat semanties nou verwant is, figureer sterk in bostaande twee groepe (items 43-44 en items 45 - 49 en items 53 en 54): δικαιοσύνη (item 44), δικαιοθῆναι (item 46), δικαίω (item 53), δικαιοσύνη (item 54) en δικαίωση (item 54).

In perikoop 17 kom talle woorde met enersluidende klanke voor, vergelyk:

τῆς ... συνευδοκῶν (item 11)

τῆς ... δημιουργῶν (item 12)

πεπλήρωτο (item 23)

πεφρονέρωτο (item 24)

προσεδοκάτο (item 25)

οὐκ ἐμίσησεν (item 35)

οὐδε ἀπώσατο (item 36)

οὐδε ἐμνησικακήσεν (item 37)

| | |
|---|-----------------|
| <u>τὸν ἴδιον</u> ... <u>ὑπὲρ ὑμῶν</u> | (items 42-42.1) |
| <u>τὸν ἄγιον</u> <u>ὑπὲρ ἀνόμων</u> | (item 42.2) |
| <u>τὸν ἄκακον</u> <u>ὑπὲρ τῶν κακῶν</u> | (item 42.3) |
| <u>τὸν δίκαιον</u> <u>ὑπὲρ τῶν ἀδίκων</u> | (item 42.4) |
| <u>τὸν ἄφθαρτον</u> <u>ὑπὲρ τῶν φθαρτῶν</u> | (item 42.5) |
| <u>τὸν ἀθάνατον</u> <u>ὑπὲρ τῶν θνητῶν</u> | (item 42.6) |

(die lidwoord τῶν ontbreek in item 42.2).

| | |
|------------------|-----------|
| <u>ὡ τῆς</u> ... | (item 50) |
| <u>ὡ τῆς</u> ... | (item 51) |
| <u>ὡ τῶν</u> ... | (item 52) |

Op twee plekke kom variasie in woordkeuse voor. Die καιρῶ van item 11 word in 14 met χρόνῳ vervang en die ἐκ van item 15 met ὑπο in 17. In aansluiting by laasgenoemde twee items: Instrument word op drie maniere in die perikoop uitgedruk naamlik met ἐκ (item 15), ὑπο (item 17) en die datief τῇ δυνάμει (item 21).

Om die poëtiese vorm van items 35-42.6 aan te dui, gee Leclercq¹ die gedeelte soos volg weer:

Οὐκ ἐμίσησεν ἡμᾶς, οὐδὲ ἀπόσατο
οὐδὲ ἐμνησικακήσεν, ἀλλὰ ἐμακροθύμησεν ἠνέσχετο
ἐλεῶν αὐτὸς τὰς ἡμετέρας ἀμαρτίας ἀνεδέξατο
αὐτὸς τὸν ἴδιον υἷον ἀπέδοτο

1. Leclercq, op. cit., p. 2840.

λύτρον ὑπὲρ ἡμῶν
 τὸν ἅγιον ὑπὲρ ἀνόμων
 τὸν ἄκακον ὑπὲρ τῶν κακῶν
 τὸν δίκαιον ὑπὲρ τῶν ἀδίκων
 τὸν ἄφθαρτον ὑπὲρ τῶν φθαρτῶν
 τὸν ἀθάνατον ὑπὲρ τῶν θνητῶν

Aan die einde van perikoop 16 word na die weldade van God verwys met 'n retoriese vraag. Aan die einde van perikoop 18 word die weldade gelys. In perikoop 17 word die weldade van God in die helfte van die eenheid, sowel as aan die einde vermeld in die vorm van uitroep:

| | |
|----------------------------------|-----------|
| ὡ τῆς ὑπερβαλλούσης φιλανθρωπίας | (item 33) |
| καὶ ἀγάπης τοῦ θεοῦ | (item 34) |
| ὡ τῆς γλυκείας ἀνταλλαγῆς | (item 50) |
| ὡ τῆς ἀνεξιχνιάστου δημιουργίας | (item 51) |
| ὡ τῶν ἀπροσδοκῆτων εὐεργεσιῶν | (item 52) |

Die volgende stilistiese verskynsels in die perikoop verdien nog vermelding:

Items 23-35 is in die vorm van 'n periodos gekonstrueer.

Voegwoorde ontbreek tussen items 42.2 - 42.6.

Items 43 en 45-49 is twee retoriese vrae.

As die laaste woord in die perikoop dra δικαίωση baie klem.

2.2. Funksies van die stylmiddele.

Die stylmiddele wat vir beklemtoning gebruik word, is die volgende: die plasing van πάντ' voorop in item 1 en die twee aangrensende preposisionele frases in dieselfde item waarmee gefokus word op die volledige plan van God in samewerking met sy Kind; die kontraste tussen items 2-22 en 23-35 wat die andersheid tussen twee tydsbepalinge belig; die asundetiese deel (items 42.2 - 42.6) wat fokus op die Seun van God; die herhaling van semanties nou verwante begrippe in items 43-44, 45-49, 53 en 54, asook die slotposisie van δικαίωση en die retoriese vrae in items 43-44 en 45-49 wat die geregtigheid van die Seun beklemtoon.

Die volgende stylmiddele het 'n samebindingsfunksie:

die ooreenkomste tussen die begin en einde van perikope 16, 17 en 18; die gelyke sinslengtes en -strukture dwarsdeur die perikoop; die chiasmes en parallelismes (soos op talle plekke in die perikoop); die poëtiese gedeelte (items 35-42.6); die herhaling van woorde met enersluidende klanke naby mekaar (byvoorbeeld in items 42-42.6); die uitroepe (in items 33-34 en 50-52); die retoriese vrae (in items 43-49), en die periodos in items 23-35.

Verskille by die gebruik van μέν en οὖν aan die begin van perikope 16, 17 en 18 en die verskillende maniere waarop daar na die weldade van God verwys word in die drie perikope bring afwisseling oor 'n breë vlak tot stand.

Die variasie in woordkeuse (byvoorbeeld καρός in item 11 en χρόνος in item 14) en die verskillende maniere waarop relasies uitgedruk word in items 15, 17 en 21 sorg ook vir afwisseling om eentonigheid binne die perikoop te verbreek.

Gelyke sinslengtes en -strukture dwarsdeur die perikoop; die poëtiese deel (items 35-42.6); die herhaling van woorde met enersluidende klanke wat in die grootste deel van die perikoop voorkom, en die voorbeelde van woordspel (byvoorbeeld in items 53-54) verhoog die aanskoulikheid van die perikoop.

Die uitroepe in die perikoop (items 33-34 en 50-52) druk die gemoedsgesteldheid, die oorstelptheid van die skrywer uit as hy die goedheid en weldade van God besing.

Die periodos (items 23-35) het nie net 'n samebindingsfunksie nie, maar skep ook afwagting by die leser en dra by tot verhoogde spanning.

PERIKOOP 18 (Ad Diognetum IX:6)

1. Analise op semantiese vlak.

1.1. Motivering vir die perikoopaafbakening.

Die inhoud van die perikoop kan soos volg saamgevat word: Nadat God kennis van onmag geskenk het en die Verlosser aangewys het, verlang Hy om vertrou te word.

Soos in perikope 16 en 17 figureer μέν en οὖν aan die begin van 18 om dit as 'n nuwe eenheid te help aanwys. Net soos genoemde twee perikope begin 18 ook met 'n partisipiële inbedding (vergelyk ἐλέγξας in item 1). Soos perikope 16 en 17 eindig dit semanties ook met die opnoem van God se gawes of weldade.

Die beste stilistiese bewys vir die eenheid van perikoop 18 is die sentrale posisie van ἐξ ἀμφοτέρων (item 6) met 'n gelyke aantal uitbreidings aan weerskante daarvan waarmee die hele perikoop omspan word. In albei hierdie twee stelle uitbreidings (items 1-5 en 7-11) is daar, soos aange-
toon sal word, stylmiddele wat die eenheid van elk bevestig.

1.2. Die inhoud van die kolon.

Perikoop 18 behels slegs een kolon waarvan item 6 die kern is en die res uitbreidings. Die inhoud hiervan is dus dieselfde as dié wat by 1.1 hierbo vermeld is.

1. Nadat God kennis van onmag geskenk het en die Verlosser aangewys het, verlang Hy om vertrou te word.

1.3. Die relasies tussen die kola.

Geen, aangesien daar net een kolon is.

1.4. Die relasies tussen die nukleêre eenhede.

Item 2 is die inhoud van ἐλέγξας in 1. Item 3 druk die doel (verge-lyk εἰς τό met die infinitief) van 2 uit. Item 4 staan kontrastief tot 1 (vergelyk μέν ... δέ en τῷ πρόσθεν χρόνῳ ... νῦν). Item 5 karakteriseer αὐτῆρα in 4. Tussen item 6 en die voorafgaande vyf items in die geheel is daar 'n tydsrelasie: Nadat Hy aan die lig gebring het..... wou Hy hê Items 7, 9 en 11 is die inhoud van ἐβουλήθη in 6. Net so is item 8 die inhoud van πιστεύειν in 7, terwyl item 10 vir αὐτόν in item 9 spesifiseer.

2. Analise op semiotiese vlak.

2.1. Die stylmiddele.


Items 1-3 (wat handel oor ons onvermoë om die lewe te verwerf in die vorige bedeling) en items 4-5 (wat die Verlosser wat in die huidige bedeling in-staat is om te red, vermeld) skakel semanties nou met items 11-22 en items 42-54 van perikoop 17. Items 1-3 en 4-5 van perikoop 18 is as't ware 'n opsomming van die inhoud van genoemde items in perikoop 17.

Soos perikope 16 en 17 begin perikoop 18 met 'n partisipium. Waar by eersgenoemde perikope net een partisipium voorkom, is daar twee by perikoop 18, naamlik ἐλέγξας (item 1) en δείξας (item 4).

Net soos by perikope 16 en 17 figureer μέν en οὖν ook aan die begin van 18. In perikoop 16 kom μέν οὖν voor in item 4. In perikoop 17 is οὖν in item 1 en μέν in 2. In perikoop 18 kom οὖν en μέν in item 1 voor en word deur 'n woord, naamlik ἐν, van mekaar geskei.

Die posisie van μέν in item 1 is ongewoon. Ons verwag dit ná πρόσθεν of χρόνῳ (vergelyk die δέ agter νῦν in item 4). As gevolg van die posisie daarvan word item 1 in presies gelyke dele (wat elk uit drie woorde of vyf lettergrepe bestaan) verdeel. Hierdie balans in item 1 kenmerk die hele perikoop, 'n aspek waarop daar teruggekeer sal word.

In items 1 en 4 van perikoop 18, beklee die twee partisipia die aanvangs- (vergelyk ἐλέγξας) en slotposisie (vergelyk δείξας). Die woorde waarmee tyd weergegee word, word in item 1 laaste (vergelyk πρόσθεν χρόνῳ) en in item 4 eerste (vergelyk νῦν) geplaas. Dit gee die volgende chiasme:



Afwisseling word verkry deurdat die een bywoord, naamlik πρόσθεν (item 1) vergesel word van τῷ χρόνῳ, maar by die ander, naamlik νῦν (item 4) ontbreek dit.

Indien die kontrasmerkers μέν en δέ in berekening gebring word, kom (vanweë die ongewone posisie van μέν) die volgende uitgebreide chiastiese woordordening voor:

| | | |
|---------|-----|------------------|
| a | b | c |
| ἐλέγξας | μέν | πρόσθεν (item 1) |
| c | b | a (item 4) |
| νῦν | δέ | δείξας |

Woorde wat semanties nou verwant is, naamlik ἀδύνατον, δυνατόν en ἀδύνατα kom in items 2 en 5 voor. In item 5 is δυνατόν en ἀδύνατα 'n vorm van woordspel.

Item 6 beklee die sentrale posisie in die perikoop. Vyf items gaan dit vooraf en vyf brei daarop uit. Items 1-5 gee die redes aan waarop ἐξ ἀμφοτέρων (wat voorop in item 6 staan) betrekking het. Items 7-11 is uitbreidings op ἐβουλήθη (waarmee item 6 eindig). Item 6 is dus 'n soort semantiese skarnier in die perikoop. Die sentrale posisie van hierdie item, met 'n gelyke hoeveelheid items aan weerskante, verleen balans aan die perikoop (vergeelyk ook die balans in item 1).

Indien daar op die inhoud van die dele wat deur item 6 geskei word, getet word, dan blyk dit dat die eerste 5 handel oor dit wat God vir ons doen. In items 7-11 gaan dit oor dit wat Hy van ons vra.


Afwisseling word verkry deurdat die werkwoordsvorme weerskante van item 6 verskil. In items 1-5 figureer die partisipium en in items 7-11 is dit die infinitief.

Die drie uitbreidings met die infinitief wat op ἐβουλήθη (item 6) volg, is sonder voegwoorde en die styl is dus asundeties.

In item 7 beklee die infinitief die aanvangsposisie, maar in items 9 en 11

is dit in die slotposisie.

Daar is 'n chiasme tussen infinitiewe en voornaamwoorde in items 7 en 9:



2.2. Funknies van die stylmiddele.

Die ooreenkomste tussen perikoop 18 en perikope 16 en 17, waarop gewys is, versterk tekskohesie op 'n breë vlak.

In perikoop 18 word items 1-4 saamgebind deur die chiasme wat hier aangedui is. Die herhaling van aanverwante woorde (ἀδύνατον, δυνατόν en ἀδύνατα) bind item 2 aan item 5. Die herhaling van hierdie woorde en die woordspel daarin beklemtoon ook die semantiese inhoud, naamlik die onmag van die mens en die mag van die Verlosser.

Items 1-5 word saamgebind deur die kontras wat aangedui word deur μέν (item 1) en δέ (item 4). Deur die kontras word die verskil tussen die vorige en die huidige bedelings beklemtoon.

Items 7-11 van die perikoop word ook gebind deur die herhaling van die infinitief in items 7, 9 en 11. Die chiasme tussen infinitiewe en voornaamwoorde het dieselfde funksie in items 7-9.

Die sentrale posisie van item 6 met 'n gelyke aantal uitbreidings voor en agter dien om die perikoop as 'n eenheid saam te bind. Dit verleen ook

simmetrie en balans aan die perikoop wat verder versterk word deur die chiasmes wat in elkeen van die twee stelle uitbreidings voorkom. Hierdie noukeurige strukturering verhoog die aanskoulikheid van die perikoop.

Afwisseling word verkry deur die partisipia verskillend te plaas; ἐλέγξας voorop in item 1 en δείξας aan die einde van item 4. Net so beklee die woorde wat tyd weergee, naamlik πρόσθεν χρόνῳ in item 1 en νῦν in item 4 die slot- en aanvangsposisie. Op dieselfde wyse wissel ook die plasing van die infinitief in items 7, 9 en 11.

Afwisseling word ook verkry deur partisipiële konstruksies *voor*, en voorwerp-sinne met die infinitief *na* die sentraal geplaasde item 6 te gebruik. Die gebrek aan voegwoorde tussen die voorwerpsinne verleen aan die laaste deel van die perikoop 'n staccato-effek wat in die eerste deel ontbreek.

In item 10 word dit wat God vir die mens moet wees eers uitgedruk deur beskrywende woorde vir mense, en dan word Hy beskryf in terme van 'n aantal sake of dinge. Die feit dat daar ook geen voegwoorde tussen hierdie beskrywings geplaas word nie, verhoog die staccato-effek in die laaste deel van die perikoop. Deur dié gekose stylvorm word die lesers se aandag gevestig op die semantiese inhoud, naamlik die groot verskeidenheid van God se weldade vir die mens.

PERIKOOP 19 (Ad Diognetum X:1-3)

1. Analise op semantiese vlak.

1.1. Motivering vir die perikoopafbakening.

Die inhoud van perikoop 19 kan soos volg saamgevat word: kennis van die liefdevolle Vader lei tot blydskap en wederliefde.

Belangrike semantiese merkers wat in die perikoop voorkom en help om dit as eenheid aan te dui en die tema vas te stel, is die verskillende vorms van ἐπιγνώσκω (items 2 en 14) en ἀγαπᾶν (items 3, 13 en 17).

Die perikoop is grootliks in die vorm van 'n periodos gekonstrueer wat sy afloop in items 15-17 het.

1.2. Die inhoud van die kola.

Perikoop 19 het twee kola. Die inhoud is:

1. Kennis van die liefdevolle Vader lei tot vreugde.
2. Dit lei ook tot wederliefde.

1.3. Die relasies tussen die kola.

Kolon 2 is die alternatief van 1: kennis van God lei tot vreugde of wederliefde.

1.4. Die relasies tussen die nukleêre eenhede.

Items 1-2 is additief-verskillend van mekaar. Item 3 (vergelyk γάρ) gee die rede vir item 2. Items 4-13 karakteriseer άνθρωπος in item 3 en is almal additief-verskillend van mekaar. Tussen items 2 en 14 is daar 'n kontras (vergelyk μέν en δέ) tussen dit wat die leser eers wil verkry en dan daarna sal ervaar. Item 8 is die inhoud van 9. Item 15 is die inhoud van 16. Item 17 is alternatiewelik (vergelyk ἢ) tot 15 en 16.

2. Analise op semiotiese vlak.

2.1. Die stylmiddele.

In item 1 van perikoop 19 bring die ongewone posisie van καὶ οὐ net na ταύτην hyperbaton te weeg. Hierdeur word ταύτην, wat die aanvangsposisie in die perikoop bekleed, losgemaak van τὴν πίστιν waarmee dit saamgaan.

Perikoop 19 is in die vorm van 'n periodos gekonstrueer wat sy afloop het in items 15-16.

In die perikoop word kontras teweeggebring deur μέν en δέ. Die kontras is tussen "eers" (vergelyk πρῶτον μέν in item 2) en "daarna" (vergelyk die aoristus partisipium ἐπλγνούς met δέ in item 14): eers die wil om kennis van die Vader te verkry en daarna die verkryging van die kennis.

Die belangrikste stellings wat in die perikoop herhaal word, is ἐπλγνωσιν (item 2), ἐπλγνούς (item 14), ἠγάπησε (item 3), ἀγαπήσασιν (item 13), en ἀγαπήσεις en προαγαπήσαντα (item 17).

Items 3-13 kom myns insiens as parentese ¹ voor by ἐπίγνωσιν πατρός in item 2. Die skrywer onderbreek hom as't ware om eers hierdie woorde toe te lig en dan sy sin in items 14-16 te hervat.

Items 5, 6, 7, 8 en 12 neem telkens 'n aanvang met die datief van die relatiewe voornaamwoord, naamlik οἷς. In items 4, 10 en 11 word die akkusatief οὓς gebruik. In items 4 en 11 volg dit op die preposisies διὰ en πρός. In item 10 word dit sonder 'n preposisie gebruik.

Woordspel kom voor in item 17, vergelyk ἀγαπήσεις en προαγαπήσαντά.

Items 15-17 behels twee retoriese vrae.

1. Dit is onnodig om die teks van die manuskrip te verander, omdat die apodosis skynbaar ontbreek. As daar gelet word op die teenstelling πρῶτον μὲν (item 2) ... ἐπιγνούς δέ (item 14), dan is dit moontlik om die sin τίνος οἷει πληρωθήσεσθαι χαρᾶς (items 15 en 16) as apodosis te neem, terwyl ἐπιγνούς eweneens 'n voorwaardelike protasis verteenwoordig soos ... ἐάν ποθήσης καὶ λάβης ... (items 1 en 2).

Die eerste paragraaf van die gedrukte teks wat in die boeke van Blakeney en Thierry verskyn (waarvan die besonderhede voorkom in die literatuurlys op pp. 290 en 294 hieronder) word hier weergegee om aan te toon hoedat hulle verskil van die MS. (Vergelyk die gedrukte teks op p. 305 hieronder.)

Ταύτην καὶ σὺ τὴν πίστιν ἐάν ποθήσης κατάλαβε πρῶτον μὲν ἐπίγνωσιν πατρός (Blakeney, p. 28).

Ταύτην καὶ σὺ τὴν πίστιν ἐάν ποθήσης καὶ λάβης, πρῶτον μὲν ἐπιγνώσῃ πατέρα (Thierry, p. 20).

2.2. Funksies van die stylmiddele.

Deur die aanvangsposisie van ταύτην en die ongewone plasing van καὶ οὐ in die sin word die geloof as voorwaarde vir Diognetos se blydschap (item 15) beklemtoon, spesifiek "hierdie" (ταύτην) geloof.

Die periodos skep spanning en afwagting by die leser en dra terselfdertyd by tot teksbinding en beklemtoon die begrippe blydschap en liefde.

Die kontras, soos aangedui deur μὲν en δέ, beklemtoon die onderskeid tussen die wil om kennis te verkry en dan daarna die verkryging daarvan.

Die herhaling van die stellings ἐπίγνωσιν (item 2), ἐπιγνούς (item 14), ἠγάπησε (item 3), ἀγαπήσασιν (item 13), en ἀγαπήσεις en προαγαπήσαντά (albei in item 17) beklemtoon die noodsaak daarvan om God as 'n liefdevolle Vader te leer ken. Die herhaling van hierdie stellings dra verder by tot teksbinding en die vasstelling van die perikoop se tema.

Die parentese waarop gewys is, bring afwisseling in sinstruktuur te weeg en verbreek eentonigheid. Dit beklemtoon ook God se liefde.

Die herhaling van die relatiewe voornaamwoorde οἷς en οὓς help om die teks te bind. Die verskil in naamvalle en die gebruik van twee verskillende preposisies (διὰ en πρὸς) by οὓς dra by tot afwisseling.

Die woordspel wat vermeld is, verhoog die aanskoulikheid van die perikoop en vestig die aandag op die semantiese inhoud van ἀγαπήσεις en προαγαπήσαντά (item 17).

Die retoriese vrae beklemtoon die reaksie van die leser op die kennis wat hy van God verkry het.

Perikoop 20 (Ad Diognetum X:4-6)

1. Analise op semantiese vlak.

1.1. Motivering vir die perikoopafbakening.

Die tema van die perikoop kom voor in kolon 1: deur lief te hê, word mens 'n nabootser van God. Hierop word in die res van die perikoop uitgebrei.

Die herhaaldelike voorkoms van μιμητής en 'n aanverwante μιμήσασθαι (items 2,4, 13 en 24) versterk die formulering van die tema en die afbakening van die perikoop. Die idee van "nabootsing" ontbreek in die voorafgaande perikoop, asook in die een wat volg op perikoop 20. Die herhaaldelike voorkoms van τότε en die asundetiese styl van perikoop 21 ontbreek in 20. Laasgenoemde perikoop behels in hoofsaak twee periodes (items 7-12 en 15-24) wat kontrastief tot mekaar staan.

1.2. Die inhoud van die kola.

Perikoop 20 bestaan uit sewe kola:

1. Deur lief te hê, word mens 'n nabootser van God.
2. Die moontlikheid om 'n nabootser van God te word, behoeft geen verbasing nie.
3. Die mens kan, as God wil.
4. Geluk behels nie die benadeling van ander, of rykdom nie.

5. Hierdeur kan niemand God naboots nie.
6. Hierdie dinge val buite sy majesteit.
7. 'n Nabootser van God staan ander by.

1.3. Die relasies tussen die kola.

Kolon 2 is additief-verskillend van 1. Kolon 3 is additief-ekwivalent aan 2. Kolon 4 is die rede vir 3. Kolon 5 is kontrastief tot 3 en kolon 6 is additief-verskillend van 5. Kolon 7 staan in kontras tot 6.

1.4. Die relasies tussen die nukleêre eenhede.

Item 1 is die voorwaarde (of instrument) vir 2. Item 3 is additief-verskillend van 1-2. Item 4 (vergelyk εἰ) is die voorwaarde vir 3. Item 6 is die voorwaarde vir 5. Items 7 - 12 is die rede vir 1-6. Items 8 en 9 is additief-verskillend van 7 en item 9 is die inhoud van 8. Item 10 is additief-verskillend van 7-9 en van 11. Items 7, 8-9, 10 en 11 is almal spesifikasies van die generiese εὐδαμονεῖν ἐστίν in item 12. Item 13 is ook generies met 7-12 spesifikasies van τοῦτοις in 13. Item 14 is kontrastief tot 13. Items 16 en 20 spesifiseer die ὅστις van item 15 en item 18 is die inhoud van 16. Item 17 is die middel van 18. Item 19 karakteriseer ἕτερον in 18. Items 21-23 staan in 'n tydsrelasie tot item 20: hy wat 'n god word (item 20) nadat hy wat hy het van God ontvang het aan die behoeftiges gegee het (items 21-23) Item 21 is die karakterisering van 'n veronderstelde antesedent (byvoorbeeld ταῦτα) in item 22. Item 24 is 'n karakterisering van ὅστις (item 15), ὅς (item 16) en ὅς (item 20).

2. Analise op semiotiese vlak.

2.1. Die stylmiddele.

In perikoop 20 word ἀγαπήσας, waarvan daar vier verwante vorms in perikoop 19 voorkom, in die aanvangsposisie geplaas. In item 4 is μιμητής se plasing voor ἄνθρωπος ongewoon. Die verwagte posisie daarvan is na γενέσθαι. Die woord μιμητής en die verwante μιμήσασθαι kom vier keer in die perikoop voor (in items 2, 4, 13 en 24).

In die perikoop kom twee periodes voor, naamlik items 7-12 en 15-24.

In die eerste figuur die ou klank sterk en kom voor aan die begin van items 7, 8 en 10. In hierdie periodos kom die lidwoord τό drie keer met die infinitief voor en moet ook by βιάζεσθαι (item 11) veronderstel word. Ter wille van afwisseling word dié drie konstruksies verskillend uitgewerk. In item 7 word τὸ καταδυναστεύειν uitgebrei met ἡ lidwoord in die genitief en ἡ bywoord πλησίον. In items 8-9 word τό van die infinitief βούλεσθαι geskei deur ἡ infinitief (ἔχειν) met ἡ bywoord (πλέον). In items 10-11 volg πλουτεῖν en βιάζεσθαι op ἡ enkele lidwoord en βιάζεσθαι word met ἡ komparatiewe byvoeglike naamwoord in die akkusatief (ὑποδεεστέρους) uitgebrei. Die afloop van die eerste periodos (item 12) geskied deur ἐστίν met ἡ infinitief (εὐδαιμονεῖν).

Twee kola met ongeveer dieselfde lengte (kola 5 en 6) skei die tweede periodos van die eerste.

In die tweede periodos is daar ook drie uitbreidings soos in die eerste. Dit geskied egter deur middel van betreklike bysinne, ingelui deur ὅστις (item 15) en ὅς (items 16 en 20).

In albei die periodes word twee items ingelui met dieselfde woord: In die eerste is dit οὐ (item 7), οὐδέ (item 8), οὐδέ (item 10). In die tweede is dit ὅστις (item 15), ὅς (item 16), ὅς (item 20). Dit is telkens die eerste item van die drie wat van die ander twee verskil.

Hoewel die onderskeid tussen die bepaalde relatief ὅς en die onbepaalde relatief ὅστις in koine-Grieks vervaag, is dit nie onmoontlik dat die skrywer hier 'n onderskeid maak nie, veral as die hoë literêre standaard van sy taalaanwending in gedagte gehou word. Dit sou beteken dat die algemene stelling, ingelui deur ὅστις, verder omskryf word deur twee relatiewe sinne, ingelui deur die bepaalde relatief ὅς. Dit sou soos volg weergegee kon word: maar wie ookal die las van sy naaste op hom neem, naamlik hy wat"¹.

Net soos die drie uitbreidings met die lidwoord en infinitief in die eerste periodos verskil, verskil ook die drie uitbreidings met die relatiewe voornaamwoord in die tweede periodos van mekaar. Kortliks; in item 15 word ὅστις en sy werkwoord ἀναδέχεται uitgebrei met 'n selfstandige naamwoord (βάρος) in die akkusatief. In items 16-18 word ὅς en sy werkwoord ἐθέλει uitgebrei met 'n infinitief (εὐεργετεῖν) waarop daar verdere

1. Vergelyk my vertaling op Bylae II, p.318 hieronder.

uitbreidings volg. In items 20-23 word ὅς gevolg deur twee werkwoorde in die indikatief, naamlik γίνεται en ἔχει waarop daar partisipiële uitbreidings volg. Die drie uitbreidings (elk ingelui deur 'n relatiewe voornaamwoord) word algaande langer.

Die afloop van hierdie tweede periodos in item 24 is anders as die eerste: ἐστὶν het naamlik 'n onderwerp (οὗτος) en 'n komplement (μιμητής).

Die voorkoms van die selfstandige naamwoord μιμητής aan die begin en einde van die perikoop verleen daaraan 'n ringsvorm.

2.2. Funksies van die stylmiddele.

Die aanvangsposisie van ἀγαπήσας (item 1), die ongewone plasing van μιμητής (item 2) en die herhaling van laasgenoemde verleen aan hierdie twee begrippe besondere klem (vergelyk die tema van die perikoop op p.256 hierbo). Eersgenoemde dien ook om perikoop 20 aan perikoop 19 te bind.

Die ringsvorm en die twee periodes dien om tekstkohesie te versterk. Laasgenoemde skep tegelyk spanning en afwagting by die leser met betrekking tot die teruggehoue gedagtes.

Binne die periodes word kohesie versterk deur die herhaling van enersluidende klanke en dieselfde sintaktiese konstruksies: τό met die infinitief in items 7-12 en die relatiewe bysinne ingelui deur ὅστις en ὅς in 15-24. Deur elke konstruksie grammatikaal verskillend uit te brei, word eentonigheid verbreek.

Die twee eenhede met gelyke sinslengte (kola 5 en 6) wat die twee periodes skei, verhoog die perikoop se aanskoulikheid.

PERIKOOP 21 (Ad Diognetum X:7-8)

1. Analise op semantiese vlak.

1.1. Motivering vir die perikoopafbakening.

Perikoop 21 beskryf wat dit inhou om 'n nabootser van God te word. Dit lei naamlik tot veranderde perspektiewe.

Die perikoop word as 'n eenheid afgebaken deur die herhaaldelike voorkoms van $\tau\acute{o}\tau\epsilon$ met die futurum indikatief, die talle kontraste in die perikoop en die asundetiese styl wat dwarsdeur die perikoop voorkom. Die asundetiese styl kontrasteer met die talle voegwoorde in perikoop 20 en die twee periodes wat die grootste gedeelte van hierdie perikoop vorm.

1.2. Die inhoud van die kola.

1. Die lesers, hoewel op aarde, sal sien dat God in die hemel woon.
2. Hy sal begin om oor die misteries van God te praat.
3. Hy sal diegene wat gestraf word omdat hulle God nie wil verloën nie, liefkry.
4. Hy sal hulle bewonder.
5. Hy sal die bedrog en die dwaling van die wêreld verag wanneer hy die hemelse lewe leer ken, die skynbare aardse dood verag en die werklike dood leer vrees.
6. Hy sal diegene wat die tydelike vuur ter wille van geregtigheid verduur, bewonder.

7. Hy sal hulle gelukkig ag, wanneer hy die ander vuur leer ken.

1.3. Die relasies tussen die kola.

Al die kola is additief-verskillend van mekaar.

1.4. Die relasies tussen die nukleêre eenhede.

Item 2 is die toewysing vir 1 en item 3 is die inhoud van 1. Item 4 is additief-verskillend van 1-3 en items 5-8 is additief-verskillend van 1-3 en 4. Die nuwe perspektiewe verskil almal van mekaar. Item 6 is additief-verskillend van 5 en items 7 en 8 is die rede vir 5 en 6. Item 8 is die inhoud van θέλειν in 7. Items 9-14 is additief-verskillend van 1-3, 4 en 5-8. Items 10-12 staan in 'n tydsrelasie tot 9 (vergelyk telkens die ὅταν). Item 13 is 'n beskrywing van θάνατον in 12. Net so is item 14 'n beskrywing van πῦρ in 13. Item 15 is additief-verskillend van 1-3, 4, 5-8 en 9-14. Net so is item 16 additief-verskillend van 15. Tussen items 16 en 17 is daar 'n tydsrelasie (vergelyk ὅταν).

2. Analise op semiotiese vlak.

2.1. Die stylmiddele.


Die styl van perikoop 21 is deurgaans asundeties van aard. Daar is geen voegwoorde tussen die sinne wat deur τότε ingelui word nie (vergelyk items 1, 4, 5, 9 en 15). Voegwoorde ontbreek ook tussen die onbepaalde bywoordelike bysinne van tyd, ingelui deur ὅταν (vergelyk items 10, 11, 12 en 17) en tussen die twee relatiewe bysinne, ingelui deur ὅς

en ὄ (vergelyk items 13 en 14).

In die onderhawige perikoop word τότε vyf keer gevolg deur die futurum indikatief.

In die eerste geval (vergelyk items 1-3) word die volgende woordorde aange-
getref: τότε plus futurum indikatief plus grammatikale uitbreidings.

ἡ Chiasme kom voor in items 2 en 3, vergelyk:



In die tweede geval (vergelyk item 4) is die woordorde soos volg:

τότε plus grammatikale uitbreidings (kort) plus futurum indikatief.

In die derde geval (vergelyk items 5-8) geld die volgende: τότε plus
grammatikale uitbreidings (lank) plus twee futurum indikatiewe.

In die vierde geval (vergelyk items 9-14) is dit: τότε plus grammati-
kale uitbreidings plus futurum indikatief plus verder grammatikale
uitbreidings. In item 9 kom ἡ zeugma voor waar sowel τῆς ἀπάτης as
τῆς πλάνης met τοῦ κόσμου gelees moet word.

In die vyfde en laaste geval (vergelyk items 15-17) word die volgende
woordorde gevind: τότε plus grammatikale uitbreidings plus futurum in-
dikatief plus grammatikale uitbreidings plus futurum indikatief plus ἡ
verdere grammatikale uitbreiding.

In perikoop 21 kom kontraste tussen woorde en woordgroepe verskillende
kere voor. Vergelyk slegs die volgende voorbeelde:

τυγχάνων ἐπὶ γῆς (item 2) / ἐν οὐρανοῖς πολιτεύεται (item 3)

θαυμάσεις (item 6) / καταγνώση (item 9)

τοῦ δοκοῦντος ... θανάτου (item 11) / τὸν ὄντως θάνατον (item 12)

τὸ πῦρ τὸ αἰώνιον (item 13) / τὸ πῦρ τὸ πρόσκαιρον (item 15)

Enkele woordpare kom ook in die perikoop voor. Vergelyk slegs:

ἀγαπήσεις (item 5) και θαυμάσεις (item 6)

θαυμάσεις (item 15) και μακαρίσεις (item 16)

Die bywoordelike bysinne, ingelui deur ὅταν (vergelyk items 10, 11, 12 en 17) loop parallel met mekaar. In al vier word die volgende sinstruktuur aangetref: ὅταν plus voorwerp plus subjunktief. Sekere variasies kom egter telkens by die voorwerp voor. In item 10 is die direkte voorwerp ἡ infinitief (ζῆν) met die lidwoord τὸ. In items 11, 12 en 17 is dit ἡ selfstandige naamwoord (vergelyk θανάτου, θάνατον en πῦρ).

In item 10 word daar op die direkte voorwerp τὸ ... ζῆν uitgebrei met ἡ bywoord ἀληθῶς en ἡ preposisionele frase ἐν οὐρανῷ. In item 11 word daar op die voorwerp τοῦ ... θανάτου (anders as in die ander drie gevalle in die genitief na καταφρονήσης) uitgebrei met ἡ partisipium δοκοῦντος en ἡ bywoord ἐνθάδε. In item 12 word daar op die direkte voorwerp τὸν ... θάνατον uitgebrei met ἡ bywoord ὄντως. In item 17 is dit ἡ demonstratiewe voornaamwoord ἐκεῖνο wat op die direkte voorwerp τὸ πῦρ uitbrei.

In kolon 5, waar drie van die ὅταν-konstruksies voorkom, is daar 'n geleidelike toename in lengte sodat die laaste een (items 12-14) die langste van die drie is. Die wyse waarop die derde konstruksie uitgebrei word, val op: item 13 brei met die relatief ὅς uit op θάνατον in item 12, terwyl die relatief ὅ in item 14 op dieselfde wyse uitbrei op πῦρ in item 13.

2.2. Funksies van die stylmiddele.

Teksbinding word deur verskillende stylmiddele bewerkstellig: die asundetiese styl wat dwarsdeur die perikoop voorkom; die herhaling van τότε met die futurum indikatief dwarsdeur die perikoop; die herhaaldelike voorkoms van ὅταν met die subjunktief in die tweede helfte van die perikoop en ἐπιγνώσῃ wat twee keer voorkom. Die asundetiese styl skep kontras met die voorafgaande perikoop waarvan die styl grootliks periodies is. Die herhaling van ἐπιγνώσῃ skep teksbinding op 'n wyer vlak, deur perikoop 21 met 19 te koppel waar die woord ook in gevarieerde vorm voorkom.

Teksbinding word ook bewerk deur die herhaaldelike voorkoms van woordpare, kontraste en deur die chiasme wat aangedui is.

Sekere stylmiddele, byvoorbeeld die herhaling van die τότε- en ὅταν-konstruksies en die veelvuldige voorkoms van kontraste en woordpare beklemtoon dat die leser 'n nuwe toekomspektief sal kry.

Die afwisselingstegnieke wat voorkom by die τότε- en ὅταν-konstruksies, die ongewone woordplasing en die toename in sinslengte dra by om eentonigheid in die perikoop te verbreek. Bondigheid is die gevolg van die zeugma waarop gewys is.

HOOFSTUK III

SLOT

Die slothoofstuk word soos volg saamgestel:

1. Die resultate van die detailanalise van die afsonderlike perikope.
2. Die gedagtegang van die *Ad Diognetum* en die samehang van die perikope.
 - 2.1. Die gedagtegang.
 - 2.2. Die samehang van die perikope.
3. 'n Saaklike evaluasie van die *Ad Diognetum*.

1. Die resultate van die detailanalise van elke perikoop.

In hierdie afdeling word aangetoon hoe die stylmiddele van elke perikoop meewerk om sekere semantiese inhoude te belig en hoe die gehalte van die perikoop daardeur beïnvloed word.

- 1.1. Perikoop 1.

Die periodos waarmee die geskrif 'n aanvang neem, dui op 'n verhewe begin soos die vereiste was in die klassieke stilistiek by die behandeling van 'n verhewe onderwerp. Die gedagte wat teruggehou word en gevolglik beklemtoon word, is die skrywer se goedkeuring van Diognetos se belangstelling in die Christene. Dié lang eerste kolon is ook effektief om heelwat informasie (vergelyk die vrae van Diognetos) in 'n afgeronde geheel weer te gee. Die netjiese omraming wat die periodos aan die vrae bied, vervul nie slegs 'n estetiese funksie nie, maar laat die lig skerp op die vrae val. Die

chiasme aan die begin van die vroeë plaas die klem op God.

Die tweede kolom, 'n netjiese gebalanseerde konstruksie-eenheid, laat met talle semantiese chiasmes die lig val op bepaalde persone en hulle handelinge. Dit geld in die besonder vir God wat eerste kom in die kolom. Dit is Hy wat die vermoë om te spreek en te luister verleen.

Benewens die laaste kolom, wat 'n gelyke hoeveelheid grammatiese uitbreidings aan weerskante van 'n sentrale item het, is daar ook ander stylmiddele in die perikoop wat wil versier: die parallelle sinstrukture; gelyke sinslengtes; woordspel; assonansie en ritme.

1.2. Perikoop 2.

Die skrywer se versoek aan Diognetos om die afgodsdienst objektief te betrag en weg te doen daarmee, word deur verskillende stylmiddele sterk beklemtoon: die gebruik van die imperatief; woordplasing; herhaling van semanties nou verwante begrippe; 'n hyperbaton; 'n metafoer; vergelykings en 'n antitese.

Soos die voorafgaande perikoop is ook hierdie een 'n inleidingsparagraaf. Noukeurige aandag word aan die vormgewing bestee soos blyk uit die ringsvorm waarin die perikoop gegiet is; die kleiner chiastiese patrone binne die perikoop; 'n spel met woorde en klanke; bondigheid; afwisseling by woordkeuses en 'n Attiese in plaas van Hellenistiese woordvorm.

1.3. Perikoop 3.

In hierdie perikoop word die materiale waarvan die gode gemaak is, gekritiseer.

Daar word aangetoon dat die gode diensbaar is aan die mens en dat hulle verganklik en hulpeloos is. Om sy kritiek baie skerp te maak, bedien die skrywer hom veral van retoriese vrae en vergelykings.

Die aanskoulikheid van die perikoop word verhoog deur klankeffekte; afwisselings by die vergelykings en doelkonstruksies; reëlmatige afwisseling tussen kort en lang items, en die rangskikking van die materiale in 'n ringsvorm.

Hoewel die perikoop semanties meerduidig is, kenmerk bondigheid die vorm.

Dit word verkry deurdat die skrywer die semiotaktiese verband van een kolon oor die ander laat heen strek en 'n lang lys van herhalings word uitgeskakel.

Die oordadige gebruikmaking van die retoriese vraag, wat in hierdie perikoop begin en die grootste deel van perikope 2-7 kenmerk, doen afbreuk aan die literêre gehalte van die perikoop en die gedeelte as geheel.

1.4. Perikoop 4.

In perikoop 4 werk verskeie stylmiddele mee om die vormveranderlikheid van die afgode mee te beklemtoon: die herhaling van 'n aantal stellings wat hierop dui; die voorkoms van hyperbata wat die veranderlike, nie-stabiele in die vormgewing van die gode suggereer; 'n kort vergelyking ingelui deur ὁμοία; die optatief wat by uitstek die modus van onsekerheid is en baie paslik gebruik word in 'n passasie waarin dit juis gaan om die onsekere lot van die gode met betrekking tot hulle vorm, en vyf retoriese vrae. Personifikasie kom in die eerste retoriese vraag voor en saam daarmee het dit 'n kragtige effek.

Die volgende stylmiddele dra by tot die aanskoulikheid van die perikoop: enerse klanke; woordspel; gelyke sinslengtes en -strukture; 'n chiastiese woordordening in kola 4 en 5, en die patroonmatige rangskikking van die kola van die perikoop, naamlik twee-een-twee.

1.5. Perikoop 5.

Die algehele verdorwenheid van die gode word in perikoop 5 sterk beklemtoon deur die kort kola (elk 'n retoriese vraag) en die litotes. Hierby kom die toename (klimaktiese opbou) op semantiese, fonologiese en sintaktiese vlakke. Soos die beskrywing van die gode se negatiewe eienskappe toeneem op semantiese vlak, so neem die lengte van die kolongroepe toe op sintaktiese vlak en die ooreenstemming op fonologiese vlak.

Die eenvormigheid van die gode se eienskappe word effektief beklemtoon deur die parallelismes. Dit staan in skerp kontras met die hyperbata van die voorafgaande perikoop waarmee die skrywer weer die onstabiliteit van die gode wou beklemtoon.

Stylmiddele waarmee die skrywer wil versier, sluit in: talle klankooreenstemminge (vergelyk die fonologiese ringskomposisie); gelyke sinslengtes; parallelismes en die ordening van die kola in groepies van twee-drie-twee. Bondigheid word verkry deurdat ἔστιν by elke kolon veronderstel moet word.

1.6. Perikoop 6.

Die skrywer se beskuldiging dat die aanbidders deur hulle met die gode te veenseelwig uiteindelik net soos hulle word, verkry klem deur die gebruik van

kort kola (soos by die vorige perikoop) waarvan twee retoriese vrae is. Die skrywer spreek ook die leser persoonlik aan (vergelyk die tweede persoon meervoudsuitgange by die werkwoorde). Die felheid waarmee die skrywer kritiek lewer, word verskerp deur 'n semantiese klimaktiese opbou, gesteun deur die gekose sinslengte. Die laaste kolon is die langste.

Die perikoop word versier met enersluitende klanke, gelyke sinslengtes en parallelismes.

1.7. Perikoop 7.

In perikoop 7 word een gedagte baie swaar beklemtoon, naamlik dat die sogenaamde eerbewyse nie werklik eer bewys nie, maar inderwaarheid die gode ontmasker: hulle word geminag, bespot en hulle gebrek aan waarneming word geopenbaar. Die stylmiddele wat almal meewerk om hierdie feit te beklemtoon, sluit in: fokustegnieke, soos die terughouding van die hoofgedagte; die herhaling van sleutelbegrippe en stellings; sarkasme; kontraste; retoriese vrae; ongewone woordplasing en twee gevolgtrekkings, telkens ingelui deur oŭv.

Van die stylmiddele waarmee die skrywer versier, sluit in enersluitende klanke en sinne met dieselfde lengte en struktuur.

1.8. Perikoop 8.

Dat die Jode fouteer met hulle offerdiens en daarin nie veel van die Grieke verskil nie, word met verskeie stylmiddele in die perikoop beklemtoon: die kontraste wat aangedui is; die laaste een van die drie periodes; woordspel; litotes; die twee moontlike konstruksies met, en betekenis van παρέχειν,

asook die uiteenplasing van woorde wat bymekaar hoort. Deur die balans tussen die twee sinsdele aan die einde van die perikoop wil die skrywer suggereer dat die twee godsdienste waarom dit gaan, gelyk is in waarde: albei fouteer ten opsigte van die offerdiens. Deur die langsame redenasietrant en omhaal van woorde werk die skrywer noukeurig uit wat verkeerd is in verband met die Joodse offerdiens.

Stylmiddele wat bydra tot die aanskoulikheid van die perikoop sluit in woordspel en sinne met enerse lengtes en strukture.

1.9. Perikoop 9.

Die skrywer lewer kritiek op verskillende Joodse gebruike, naamlik dié in verband met hulle voedsel, sabbat, besnydenis en kalenderverdeling. Hy maak sy kritiek so skerp as moontlik deur die aanwending van die volgende stylmiddele: tipering met behulp van vier woorde, elk met 'n negatiewe betekenisinhoud (kolon 1); periodes waarin die kritiek tot heel laaste teruggehou word; retoriese vrae; litotes; die grammatikale konstruksie $\omega\varsigma$ met die partisipium wat gebruik word in verband met die Jode se vergissings oor die godsdienstige gebruike, en die kontraste tussen kola 6 en 7, en tussen 1 en 7.

Die ordelike rangskikking van woorde in kola 1 en 6; enerse klanke, sinslengtes en sinskonstruksies, asook die chiastiese woordordeninge, verhoog die literêre gehalte van die perikoop.

1.10. Perikoop 10.

In perikoop 10 beklemtoon die skrywer die eie aard van die Christene. Laasgenoemde se optrede in die wêreld en die reaksie wat dit uitlok, is sonderling.

Hierdie feit word sterk beklemtoon deur die talle kontraste waaruit die perikoop saamgestel is. Die kontraste word soms versterk deur kort vergelykings, chiasmes, woordspel en twee gevalle van oxymoron. Die gedagte wat vir beklemtoning teruggehou word in kolon 7 (ἡ periodos) is weer die sonderlinge aard van die Christene se burgerskap.

Die herhaaldelike voorkoms van die aktief in items 8 - 32 beklemtoon die aktiewe rol wat die Christene in die wêreld speel. In items 33-59 waar die passief domineer, is dit veral die ervaring van die Christene in die wêreld wat klem verkry.

Met behulp van enersluidende klanke; gelyke sinslengtes; parallelismes en chiasmes; bundelings in getalle van twee en drie; verskillend uitgewerkte kontraste, en 'n staccato-effek (omdat voegwoorde tussen die kontraste ontbreek) verhoog die skrywer die literêre kwaliteit van die perikoop.

1.11. Perikoop 11.

Woorde wat met reëlmaat in die perikoop voorkom en dus uitstaan, is die volgende: Christene, siel, liggaam en wêreld. Stellings in verband hiermee word belig deur woordplasing aan die begin of end van 'n kolon; woordspel en kontraste, aangedui deur μέν en δέ. Die meeste stylmiddele werk egter mee om die motiewe van haat en liefde in die middel van die perikoop te beklemtoon. So word μισεῖ aan die begin van kola 12 en 14 geplaas. Dieselde stellings, μηδέν ἀδικουμένη (kolon 13) en μηδέν ἀδικούμενος (kolon 14) word herhaal om aan te toon dat die haat ongemotiveerd is. In die twee gevalle van oxymoron is dit haat en liefde wat bots, vergelyk μισοῦσαν ἀγαπᾷ

(kolon 15) en μισούντας ἀγαπᾶσιν (kolon 16). Daarby kom die twee begrippe in die middelpunt van 'n semantiese ringskomposisie voor. Die volle lig val dus op die nie-Christene se haat en die Christene se liefde as die prinsipes waarop die Christene se goeie invloed in die wêreld en die vervolging deur die nie-Christene berus.

